

**DIE INTEGRASIE VAN GERASDE SUBJEKTIWITEITE BINNE
DIE KONTEKS VAN 'N VOORGRAADSE DAMESKOSHUIS
AAN 'N HOËRONDERWYSINSTELLING: 'N
DELEUZE/GUATTARIAANSE PERSPEKTIEF**

deur

LIEZL DICK
(BA; BA Hons; MA)

PROEFSKRIF

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad
PHILOSOPHIAE DOCTOR

in

HOËRONDERWYSSTUDIE

in die

**SKOOL VIR HOËRONDERWYSSTUDIE
FAKULTEIT OPVOEDKUNDE**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
BLOEMFONTEIN**

Promotor: Dr. A. le Roux
Mede-promotors: Dr. F.J. Kruger
Dr. S.P. Van Tonder

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat hierdie proefskrif wat voorgelê word ter vervulling aan die vereistes vir die graad

PHILOSOFIAE DOCTOR (Ph.D.)

is oorspronklik en my eie werk, behalwe in gevalle waar bronne erken word. Ek verklaar ook hiermee dat die proefskrif nie voorheen by hierdie of enige ander fakulteit of instelling ingedien is nie.

Kopiereg word vir hierdie proefskrif word hiermee afgestaan aan die Universiteit van die Vrystaat.

.....

Liezl Dick

Bloemfontein

Julie 2016

ERKENNING

Dank aan die Akademie vir Wetenskap en Kuns vir hul finansiële ondersteuning en aan my werkgever, die afdeling Behuising en Koshuisaangeleenthede, vir die studieverlof en ondersteuning ten tyde van my studie.

Baie dankie aan my promotor Adré le Roux, vir jou volgehoue ondersteuning, advies, innemendheid en die wyse waarop jy my begelei het. Danksy jou was hierdie studie 'n wonderlike ontdekkingsreis!

Baie dankie aan Frans Kruger, sonder wie se insig en kennis ek nie hierdie navorsing sou kon afhandel nie.

Baie dankie aan Fanus van Tonder, wat deurlopend ondersteunend was, en danksy wie ek hierdie studie binne HO kon voltooi.

Dankie aan Willem Anker, wat *A Thousand Plateaus* vir my as 30ste verjaarsdaggeskenk gegee het.

Dankie aan al die Liefies, wat die afgelope vyf jaar in Madelief-koshuis gewoon het. Danksy julle is hierdie studie moontlik. Julle het my so baie geleer.

Dankie aan my Bloem-vriende, vir hulle deurlopende ondersteuning, al die kuiers, lag en trane wat ons gedeel het: Burnelene Kaars, Lerato Masapo, Pulane Malefane, Marguerite Muller, Chantal Kader, Angelo Mockie, Willy Nel, Johannes Deetlefs, Jako Olivier, Suzanne Strauss, Colette, Thys, Matthys, Marlene en Johannes du Plessis, Willem en Daleen van der Berg, Mateleko Paulina "Matapelo" Mokhatla, Sylvester Chacha, Kobus van Zyl, Edgard Sienaert en Rosa Williams.

Baie dankie aan my ouers, familie en skoonfamilie – julle is wonderlike mense. Spesiale dank aan my suster Jomarié Dick-Botha vir haar hulp.

Dankie aan al my vriende wat elders woon, en met wie ek gereeld virtueel in kontak is.

Ek dra hierdie proefskrif op aan Funanani Mudzungu (1992-2016), wat hopeloos te vroeg uit ons midde verwyder is. Funi was vir vier jaar 'n inwoner van Madelief. Ons harte is seer, maar ons sal nooit jou warmte, wysheid en glimlag vergeet nie.

OPSOMMING

Hierdie studie fokus op rasse-integrasie in 'n voorgraadse dameskoshuis aan 'n hoërondewysinstelling. Gilles Deleuze en Felix Guattari se andersoortige konsepte en denke, met 'n spesifieke fokus op hul andersoortige subjektiwiteitsbeskouing, word gebruik om na rasse-integrasie te kyk. Hulle andersoortige subjektiwiteitsbeskouing word dus gebruik as 'n alternatief vir die rasionele, gesentreerde Kartesiaanse subjek waar identiteit en rasionele denke vooropgestel word. Die argument word gemaak dat subjektiwiteit, as 'n nuwe-effek van 'n proses van koppeling en wording, kan help om op 'n diagnostiese wyse te verstaan hoe subjektiwiteite geras word, en hoe ras(sisme) werk en gebeur.

Deleuze/Guattari wil die positiwiteit van verskil aandui en voer aan dat geen subjektiwiteit werklik vas en staties is nie. Ras word dus nie as iets essensieel beskou nie, maar as 'n klewerige versameling van materiële en nie-materiële komponente wat kleef aan sekere fenotipes. Subjektiwiteite is terreine wat geterritorialiseer of gedeterritorialiseer word, wat impliseer dat 'n gerasde subjektiwiteit tot 'n mindere of meerdere mate ongedaan gemaak kan word. In hierdie studie word Deleuze/Guattari se konsepsuele gereedskapke uitgepak. Konsepte soos assemblage, die risoom, molêre en molekulêre, affek, deterritorialisering en wording word uiteengesit. Met behulp van hierdie konsepte word daar wegbeweeg van liniêre, boomagtige denke – eienskappe wat Deleuze met die tradisionele denkbeeld van filosofie assosieer. 'n Alternatiewe denkbeeld in die vorm van die risoom word voorgestel wat ons in staat stel om koppeling, stroming en die nie-liniêre te bedink. 'n Risoomagtige denkwys *is* wording en fokus die leser se aandag op wording eerder as op bestaan.

In die tweede gedeelte van hierdie studie word Deleuze/Guattari se konsepte gekoppel met empiriese gegewens wat bestaan uit transkripsies van gesprekke, asook koerantberigte en joernaalinskrywings. Konsepte soos vluglyne, deterritorialisering, assemblage en risoom word gekoppel met die stemme van studente wat in Madelief-koshuis woon. Deur middel van die operasionalisering van hul konsepte, word alternatiewe waarnemingswyses blootgelê om rasse-integrasie *anders* te verstaan. Hierdie gedeelte van die studie vorm dan 'n risoom en 'n assemblage – wording vind plaas weens die koppeling. Die koppeling tussen die konsepte en empiriese gegewens dui aan hoe die gerasde subjektiwiteite tussen territorialisering en deterritorialisering fluktueer. Die wyse waarop gerasde subjektiwiteite geterritorialiseer word, word deur middel van taal (ordeningswoorde) en ras-gewoontes uitgewys. Die materialiteit van ras word aangedui deur

te suggereer dat sekere materiële en onstoflike dinge aan sekere fenotipes kleef. Hierdie studie lewer dus 'n bydrae tot 'n *ander* verstaan van ras en gerasde subjektiwiteite; dus 'n ander verstaan van rasse-integrasie.

SUMMARY

This study focuses on racial integration in an undergraduate women's residence at a higher education institution. The radically unique concepts of Gilles Deleuze and Felix Guattari, with particular focus on their concept of subjectivity, are used to create a different perspective on racial integration. Their concept of subjectivity is used as an alternative to the rational centred Cartesian subject, where identity and rational thought are prioritised. The argument is made that subjectivity is a side effect of a process of connecting and becoming. By proceeding diagnostically, the process of subjectivity can help us understand how subjectivities become racialized and how racism operates.

Deleuze/Guattari contribute towards a positive understanding of difference, arguing that no subjectivity can ever really be fixed and static. Race is consequently not perceived as an essential attribute, but rather as a viscous collection of material and immaterial components that stick to certain phenotypes. Subjectivities are territories that become territorialized or deterritorialized; subsequently, racialized subjectivities can become undone to a greater or lesser extent. In this study the conceptual toolbox of Deleuze/Guattari is unpacked. Concepts such as assemblage, the rhizome, molar and molecular, affect, deterritorialization and becoming are discussed. These concepts enable us to move from linear and arboreal thinking, qualities that Deleuze associates with the traditional image of thought of philosophy. An alternative image of thought in the form of the rhizome is proposed which enables thinking to be conceptualised as non-linear and concerned with flow, flux, and connections. A rhizomatic way of thinking *is* becoming and the reader's attention is focused on becoming rather than being.

In the second part of this study the concepts of Deleuze/Guattari are plugged into the empirical materials that consist of transcripts of conversations, newspaper articles and journal entries. Concepts such as lines of flight, deterritorialization, assemblage and rhizome are connected with the voices of students who live in Madelief residence. The operationalisation of these concepts creates alternative ways of observation, enabling us to understand racial integration differently. These sections of the study form a rhizome and an assemblage – becoming happens when connections are made. The plugging-in of the concepts and empirical materials demonstrates how racialised subjectivities fluctuate between territorialization and deterritorialization. The territorialization of racialized subjectivities via language (order words) and race-habits are

demonstrated. The materiality of race is highlighted by indicating that certain material and immaterial components stick to certain phenotypes. This study contributes to a *different* understanding of race and racialized subjectivities, as well as an alternative perspective on racial integration.

If you don't admire something, if you don't love it, you have no reason to write a word about it. Spinoza or Nietzsche are philosophers whose critical and destructive powers are without equal, but this power always springs from affirmation, from joy, from a cult of affirmation and joy, from the exigency of life against those who would mutilate and mortify it. For me, that is philosophy itself.

Deleuze (2004a: 144)

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: ORIËNTERING	1
1.1 INLEIDING	1
1.2 REDES VIR DIE ONDERHAWIGE NAVORSING	6
1.3 NAVORSINGSVRAAG EN PROBLEEMVRAE	9
1.4 DOEL EN DOELWITTE.....	11
1.5 BENADERING TOT DIE NAVORSING.....	12
1.5.1 TEORETIESE LENS: KONSEPTE DÓÉN DINGE.....	12
1.5.1.1 Subjektiviteit.....	14
1.5.1.2 Assemblage.....	15
1.5.1.3 Risoom	15
1.5.1.4 Die molêre, molekulêre en vluglyne.....	16
1.5.1.5 Affek.....	17
1.5.1.6 Deterritorialisering	17
1.5.1.7 Wording	17
1.5.2 POST-KWALITATIEWE NAVORSING.....	18
1.5.3 METODOLOGIE: TEORIE AS PRAKTYK	20
1.5.3.1 Riso-analise	21
1.5.3.2 Koppeling	21
1.5.3.3 Drumpel	22
1.5.3.4 Transendentale empirisme.....	23
1.5.4 NAVORSINGSMETODES GEPAS VIR ASSEMBLAGES.....	24
1.5.4.1 Koppeling	25
1.5.4.2 Die bestudering van Deleuze/Guattari se teorie en konsepte	26
1.5.4.3 Generering van empiriese gegewens	26
a) Gesprekke	27
b) Joernaalinskrywings	28

c)	Kritiese gesprekke met vriende en kennisse	29
1.6	AFBAKENING VAN DIE STUDIE	30
1.6.1	WETENSKAPLIKE AFBAKENING	30
1.6.2	GEOGRAFIESE AFBAKENING.....	31
1.7	ETIESE OORWEGINGS.....	32
1.8	UITLEG VAN DIE STUDIE	32
HOOFSTUK 2: TEORETIESE LENS EN OPERASIONALISERING VAN KONSEPTE.....		34
2.1	INLEIDING	34
2.2	DELEUZE SE KRITIEK OP DIE TRADISIONELE DENKBEELD	34
2.3	'N ANDERSOORTIGE SUBJEKTIWITEITSBESKOUIING.....	38
2.3.1	DIE SUBJEKTIVERINGSPROSES.....	38
2.3.2	SUBJEKTIWITEIT EN WORDING	40
2.3.2	DIE MASJINISTIESE ONBEWUSTE	41
2.3.4	SUBJEKTIWITEIT AS VEELVOUDIGHEID	43
2.4	DELEUZE/GUATTARI, FANON EN RAS.....	44
2.4.1	RAS AS MASJINISTIESE ASSEMBLAGE; RAS AS ONTLUIKING.....	47
2.4.1.1	Assemblage.....	50
2.4.1.2	Risoom	52
2.4.1.3	Die molêre en molekulêre	53
2.4.1.4	Affek.....	54
2.4.1.5	Vluglyne	55
2.4.1.6	Deterritorialisering	57
2.4.1.7	Veelvoudighede	58
2.4.1.8	Wording	58
2.5	OPSOMMING.....	59
HOOFSTUK 3: METODOLOGIE – TEORIE AS PRAKTYK.....		61
3.1	INLEIDING: 'N EKSPERIMENTELE METODOLOGIE	61

3.2	'N POST-KWALITATIEWE BENADERING.....	61
3.2.1	STEM-SONDER-ORGANE	64
3.3	METODOLOGIE: TEORIE AS PRAKTYK.....	66
3.3.1	RISO-ANALISE: OPERASIONALISERING VAN DIE RISOOM.....	68
3.3.2	KOPPELING: OPERASIONALISERING VAN DIE ASSEMBLAGE	70
3.3.3	VINJET.....	71
3.3.4	DRUMPEL	72
3.3.5	TRANSENDENTALE EMPIRISME.....	73
3.4	OPSOMMING.....	76
HOOFSTUK 4:	TRANSFORMASIE VAN UV-KOSHUISE (1994 – 2015)	77
4.1	ASSEMBLAGE-IN-WORDING	77
4.2	TRANSFORMASIE VAN UV-KOSHUISE: 1989-2007	79
4.3	AANLOOP TOT DIE REITZ-INSIDENT: PLASINGSBELEID 2007	90
4.4	DIE REITZ-INSIDENT: 28 FEBRUARIE 2008	94
4.5	INTEGRASIE VAN GERASDE SUBJEKTIWITEITE IN KOSHUISE: 2008 – 2016.....	99
4.6	OPSOMMING.....	110
HOOFSTUK 5:	DIE MADELIEF-ASSEMBLAGE	111
5.1	RISOOM-IN-WORDING	111
5.1.1	RIGLYNE VIR DIE LESER.....	113
5.1.2	ORDENINGSWOORDE	115
5.1.3	TEKSRIGLYNE	117
5.2	'N MASJINISTIESE GEOGRAFIE: WAAROM VIND KOPPELING NIE BINNE DIE MADELIEF-ASSEMBLAGE PLAAS NIE?.....	117
5.3	'N MASJINISTIESE GEOGRAFIE: WAT MAAK KOPPELING BINNE DIE MADELIEF-ASSEMBLAGE MOONTLIK?	130
5.4	'N MASJINISTIESE GEOGRAFIE: WAT GEBEUR WANNEER GERASDE SUBJEKTIWITEITE DETERRITORIALISEER?.....	136

5.5	#FEESMUSTFALL 20-23 OKTOBER 2015: 'N GEBEURTENIS, 'N ONTMOETING, 'N BOTSING 140	
5.5.1	GESPREEKKE GEDURENDE #FEESMUSTFALL: NOMSA EN NTHABELENG	145
5.5.2	GESPREEKKE GEDURENDE #FEESMUSTFALL: MARYKE EN ZELDA	152
5.6	DIE SHIMLAPARK-INSIDENT, 22 FEBRUARIE 2016: DIE SEDIMENTERING VAN GERASDE SUBJEKTIVITEIT.....	160
HOOFSTUK 6:	'N VERTAKKING VAN DIE RISOOM	185
6.1	GEBOORTE VAN 'N SKISO	185
6.2	VEELVOUDIGHEID.....	187
6.3	'N IDIOTIESE NAVORSER.....	188
6.4	DIE IMMANENSIE VAN BESTAAN	190
6.5	WAT NOU?.....	191
VERWYSINGSLYS	193
BYLAE A:	ETIESE KLARING	202
BYLAE B:	TOESTEMMING DEUR STUDENTEDEKAAN	203
BYLAE C:	TOESTEMMINGSVORM – STUDENTE.....	204
BYLAE D:	TOESTEMMINGSVORM – PERSONEEL	206

HOOFSTUK 1: ORIËNTERING

For nothing can be said in advance, one cannot prejudge the outcome of research: it may be that some well-known faculties – too well known – turn out to have no proper limit, no verbal adjective, because they are imposed and have an exercise only under the form of common sense. It may turn out, on the other hand, that new faculties arise, faculties which were repressed by that form of common sense. For a doctrine in general, there is nothing regrettable in this uncertainty about the outcome of research, this complexity in the study of the particular case of each faculty: on the contrary, transcendental empiricism is the only way to avoid tracing the transcendental from the outlines of the empirical.

- Deleuze (2004b:180)

At the level of the group's phantasy structure, we no longer find language operating in this way, setting up an 'I' and an other through words and a system of significations. There is, to start with, a kind of solidification, a setting into a mass; *this is us*, and other people are different, and usually not worth bothering with – there is no communication possible. There is a territorialization of phantasy, an imagining of the group as a body, that absorbs subjectivity into itself. From this there flow all the phenomena of misunderstandings, racism, regionalism, nationalism and other archaisms that have utterly defeated the understanding of social theorists.

- Guattari (1984: 36)

1.1 INLEIDING

Nadat die ANC-regering in 1994 aan bewind gekom het en met die oorgang van 'n minderheidsregering na 'n demokrasie, was dit noodsaaklik om hoër onderwys (HO) in heroënskouing te neem. 'n Nuwe demokratiese bedeling het vereis dat HO as sodanig moet transformeer “to reflect the changes that are taking place in our society and to strengthen the values and practices of our new democracy” (DoE, 1997: Preamble). Alhoewel die *Extension of University Education Act of 1959* waarvolgens toegang tot universiteite op grond van ras bepaal is, in 1988 deur die *Tertiary Education Act* herroep is, dra Suid-Afrikaanse HO-instellings vandag nog swaar aan 'n erfenis van ongelykheid en onregverdigheid. Na 'n wye en in-diepte konsultasie-proses wat onder andere gelei het tot die samestelling van die *National Commission on Higher Education*¹ in 1995, die vrystelling van die *Green Paper on Higher Education* in 1996 en 'n voorlopige witskrif in 1997, is *White Paper 3: A Programme for the Transformation of Higher Education* (hierna *White Paper 3*) in Julie 1997 uitgereik. Binne die konteks van hoëronderwys is *White Paper 3* van besondere belang aangesien dit van die breë standpunt uitgaan dat die transformasie van HO sal meehelp

¹ Vir die doeleindes van hierdie studie sal daar deurgaans na die Engelse benaminge van kommissies en amptelike dokumente verwys word. Aangesien die oorspronklike skryftaal van amptelike dokumente Engels is, sal daar nie van Afrikaanse vertalings gebruik gemaak word nie.

to serve a new social order, to meet pressing national needs, and to respond to new realities and opportunities. It must lay the foundations for the development of a learning society which can stimulate, direct and mobilise the creative and intellectual energies of all the people towards meeting the challenge of reconstruction and development (DoE, 1997: Artikel 1.1).

In lyn met voorafgaande en met die oog op ekonomiese- en sosiale transformasie, stel *White Paper 3* (DoE, 1997: Artikel 1.3) die volgende ten doel: (i) die daarstelling van 'n gelyke kans vir die ontwikkeling van alle individue se intellektuele vermoëns; (ii) die opleiding van individue in gespesialiseerde beroepe ten einde deel te word van die arbeidsmark; (iii) die ontwikkeling van redeneringsvaardighede ten einde mee te werk aan die daarstelling van 'n kritiese verantwoordelike samelewing; en (iv) die daarstelling van die skep, deel en evaluering van kennis wat uniek aan Suid-Afrikaners is.

Terwyl *White Paper 3* die raamwerk vir die verandering van HO daarstel, is die doel van die *Higher Education Act 101 of 1997*

[t]o regulate higher education; to provide for the establishment, composition and functions of a Council on Higher Education; to provide for the establishment, governance and funding of public higher education institutions; to provide for the appointment and functions of an independent assessor; to provide for the registration of private higher education institutions; to provide for quality assurance and quality promotion in higher education; to provide for transitional arrangements and the repeal of certain laws; and to provide for matters connected therewith.

As sodanig is die *Council on Higher Education* in Mei 1998 kragtens die *Higher Education Act* saamgestel as 'n onafhanklike statutêre liggaam wat die Minister van Onderwys rakende alle HO-aangeleenthede adviseer, asook verantwoordelik is vir die bevordering en versekering van kwaliteit onderrig (RSA, 1997). Ten einde 'n strategiese raamwerk daar te stel vir die herontwerp van 'n HO-stelsel vir die 21ste eeu, is die *National Plan for Higher Education* in 2001 ter tafel gelê (Ministry of Education, 2001: Foreword).

Bogenoemde doelwitte en strategiese bepalings van HO-beleidsdokumente is op die oog af in lyn met die *Aanhef van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* (RSA, 1996) waarvolgens geregtigheid, vryheid, gelykheid en basiese menseregte moet meehelp in die totstandkoming van 'n demokratiese samelewing. Die transformasie van HO behels dus ook, by implikasie, 'n regstelling van diskriminerende praktyke en die daarstelling van praktyke wat moet verseker dat ongelykhede

en onregverdighe uitgeskakel word. Daar sou dus aangevoer kan word dat die transformasie van HO deur Artikel 9(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* (RSA, 1996) onderskryf word aangesien die staat nie-regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand mag

diskrimineer op een of meer gronde nie, met inbegrip van ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstatus, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte.

Aangesien HO deel vorm van die burgerlike samelewing, staan dit in 'n sterk en unieke posisie om te verseker dat diskriminering nie plaasvind nie. Vanuit hierdie posisie moet HO-instellings nie alleen sigself bemoei met die probleme wat in die breër samelewing voorkom nie, maar moet ook tot sosiale verantwoordbaarheid geroep word. Binne die konteks van HO sou daar dus verwag kon word dat die probleme wat die oorgang van 'n era van rassediskriminasie en onderdrukking na 'n demokratiese orde kenmerk, in die algemeen aan die hand van konstitusionele regte aangespreek moet word, en dat die verbintenis tot 'n demokratiese samelewing in die kursusinhoude en pedagogiek van HO-instellings gereflekteer behoort te word (Reddy, 2004: 36).

In hierdie studie argumenteer ek dat ten spyte van die feit dat Apartheid amptelik in 1994 geëindig het, Suid-Afrikaners steeds sterk identifiseer met die gerasde identiteite (*racialized identities*) wat met verloop van tyd tot stand gekom en aan hulle toegeskryf is. Die aangeleentheid van 'n gerasde identiteit, of eerder 'n gerasde subjektiwiteit², moet gesien word teen die agtergrond van 'n geskiedenis waar die bevolking van Suid-Afrika volgens sekere fisiese kenmerke, lewenstyl en herkoms in verskillende rasse-groepe ingedeel is (Posel, 2001: 90). Ek argumenteer dat ras nie 'n gegewe is nie: niemand "het" 'n ras nie. Ras is iets wat aan 'n liggaam toegeken word, liggame word *geras* (Saldanha, 2006: 18). Hierdie soliede, vaste gerasde subjektiwiteite bemoeilik geografiese integrasie, asook sosiale en rasse-integrasie in Suid-Afrika³: binne 'n konteks waar ras as 'n gegewe

²Rosi Braidotti maak die onderskeid tussen identiteit en subjektiwiteit. Identiteit word beskryf as 'n konsep vervuil met sosiale konvensies, wat belas is met 'n geskiedenis van mag. Identiteit is iets wat volgens die konvensies van 'n samelewing tot stand kom – dit is 'n fiskale noodwendigheid en het niks te doen met wat binne-in jou aangaan nie. Identiteit moet verwerp word, ten einde by die strukture van subjektiwiteit uit te kom; waar hierdie strukture affektief is, en nie kognitief nie. Subjektiwiteite-in-wording, noodsaak dus 'n kritiek op identiteit, ten einde te deterritorialiseer en te verander. Slegs dan kan ons krities kyk na die subjektiwiteite wat vir ons opgehou word deur die magstrukture rondom ons, en deur begeerte ander subjektiwiteite skep. Subjektiwiteit stel ons in staat om oor ons verbandhoudendheid te dink met mekaar, wat ook 'n etiese posisie is (persoonlike gesprek met Rosi Braidotti op 18 Augustus 2014 te Utrecht, Nederland).

³Vaste gerasde subjektiwiteite is natuurlik nie die enigste aspek wat in die pad staan van rasse-integrasie in Suid-Afrika nie. 'n Erg gestratifiseerde patriargale stelsel, as ook hiërargiese klasseverskille, is maar twee ander elemente wat in die pad staan hiervan. Hierdie studie fokus egter op 'n mikro-kosmos, die Madelief-koshuis, ten einde te verstaan hoe gerasde subjektiwiteite en rassisme werk en gebeur.

aanvaar word, is die sosiale dimensie van SA deurspek met vooropgestelde idees oor rasse. Onkunde en stereotipering lei tot wanpersepsies oor mekaar, wat uiteraard wantroue, diskriminasie en sosiale segregasie tot gevolg het. Die sosiale verantwoordbaarheid van HO-instellings strek dus verder as bloot institusionele ingryping wat diskriminasie op grond van ras met behulp van beleid teenwerk. Ten einde sosiaal verantwoordbaar te wees, moet HO-instellings ruimtes skep waar studente bewus word van hul gerasde subjektiwiteite sodat hulle, ongeag ras en ander verskille, kan saamleef, saam leer en demokratiese waardes aanleer ten einde 'n getransformeerde, demokratiese samelewing te help vestig (Reddy, 2004: 34, 42-43). In hierdie studie argumenteer ek dat om sosiaal verantwoordbaar te wees, daarop neerkom om binne hierdie ruimtes *anders waar te neem*, om *anders te sien* (later meer hieroor) ten einde bewus te word van hoe gerasde subjektiwiteite vorm. Ek werk derhalwe met die aanname dat HO-instellings moet meewerk om sosiale verantwoordbaarheid onder studente en personeel te ontwikkel deur subjektiwiteit en gerasde subjektiwiteit nie as 'n gegewe te aanvaar nie, en om bestaande, gevestigde persepsies en bestaanswyses uit te daag. Ten einde 'n geïntegreerde samelewing teweeg te bring, moet diegene verbonde aan HO-instellings dus hul eie subjektiwiteit waarvan gerasde subjektiwiteit een aspek is, problematiseer.

Subjektiwiteit word sedert die 1960's as 'n belangrike konsep binne akademiese navorsing beskou. Die mate waarin subjektiwiteit politieke en sosiale verander kan meebring is 'n debat wat steeds voortduur binne die sosiale wetenskappe (Blackman, Cromby, Hook, Papadopoulous, & Walkerdine, 2008: 1-2)⁴. Binne hierdie konteks is Gilles Deleuze en Felix Guattari twee denkers wat van besondere waarde vir hierdie studie is. Deleuze en Guattari se werk is belangrik om subjektiwiteit te verstaan binne die historiese sameloop van omstandighede onderhewig aan neo-liberale staatsbestuur (Blackman et al., 2008: 15). Hulle word ook as post-strukturele denkers bestempel. In die voorwoord van *Anti-Oedipus: Capitalism and Schizophrenia* skryf Foucault (2003: xi-xiv) dat Deleuze/Guattari deur hul werk die filosofie wil denazifiseer. Hulle doen dit deur die spoor van mag na te volg en te wys waar dit vloei – in ons liggame, in ons taal en in ons diskoers. Deleuze/Guattari⁵

⁴Blackman et. al. (2008) verskaf 'n historiese analise van die problematiek rondom die konsep van subjektiwiteit, wat die problematiek hiervan genoegsaam uiteensit en nuwe maniere van verstaan ondersoek. Die ruimte hier is egter te beperk om meer aandag daaraan te gee.

⁵ In die studie word "Deleuze/Guattari" gebruik wanneer ek verwys na die idees en konsepte van hierdie twee denkers. In geval van verwysings na werk wat slegs deur Deleuze of deur Guattari geskryf is, word daar na die individuele skrywers verwys. In gevalle waar hierdie denkers saamgeskryf het aan 'n teks of tesame vorendag gekom het met konsepte, word na Deleuze/Guattari verwys. Ek vra dat die leser geduldig sal wees met die verwarring wat die verwysing na Deleuze of Guattari en Deleuze/Guattari aanvanklik kan meebring. Ek gebruik dit op hierdie wyse, ten einde 'n beweging weg van identiteitsdenke aan te dui en om die veelvoudigheid van subjektiwiteite aan te dui. Die gebruik van Deleuze/Guattari

staan bekend as verskildenkens wat afwysend staan teenoor identiteitsdenke en voorkeur gee aan verskil. Hierdie denkers wil die positiwiteit van verskil uitwys. Hulle argumenteer teen dialektiek en dualisme. Verskil word egter nie beskou as 'n empiriese relasie tussen twee terme wat elk oor 'n voorafgaande eie identiteit beskik nie – dit word eerder 'n transendentale beginsel wat voldoende rede vir die bestaan van empiriese diversiteit konstitueer (Smith, 2010: 102). Verskil is ontologies eerste (meer hieroor later). Deleuze/Guattari se denke lewer skerp kritiek op tradisionele Westerse filosofie wat identiteit privilegieer. Deleuze probeer dan juis deur die skep van konsepte en kritiek op die tradisionele denkbeeld, 'n alternatiewe filosofiese perspektief daarstel wat breek met die tradisionele filosofiese perspektief; hy fokus vernameelik op wording, eerder as op die aangeleentheid van bestaan (May, 2003: 139-140). Volgens Deleuze/Guattari is die Westerse filosofie aandadig aan die totstandkoming van hiërargiese magstrukture waar binêre opposisies (lees: ras) geskep en in stand gehou is ten einde die illusie van vaste subjektiwiteit te laat voortbestaan. Massumi (2008: ix) stel hul houding teenoor Westerse filosofie soos volg, wanneer hy Deleuze aanhaal in die voorwoord van *A Thousand Plateaus*:

‘Philosophy, nothing but philosophy.’ Of a bastard line. The annals of official philosophy are populated by ‘bureaucrats of pure reason’ who speak in ‘the shadow of the despot’ and are in historical complicity with the State. They invent ‘a properly spiritual... absolute State that ... effectively functions in the mind.’ Theirs is the discourse of sovereign judgment, of stable subjectivity legislated by ‘good’ sense, of rocklike identity, ‘universal’ truth, and (white male) justice. ‘Thus the exercise of their thought is in conformity with the aims of the real State, with the dominant significations, and with the requirements of the established order.’

Vaste, gestratifiseerde subjektiwiteit is maklik om te beheer, onderdruk en oorheers. Hierdie denkers problematiseer egter subjektiwiteit. Hulle beskou subjektiwiteit hoofsaaklik as iets negatiefs en verwys in *A Thousand Plateaus* na “die swart gat van subjektiwiteit” (Deleuze & Guattari, 2008: 186, 202). Tog voorsien Deleuze/Guattari dat daar juis binne hierdie swart gat van subjektiwiteit die potensiaal bestaan om weg te breek en 'n alternatiewe subjektiwiteit tot stand te bring:

is in pas met hierdie skrywers se skryfstyl. *A Thousand Plateaus* se Inleiding, wat soos volg begin, is 'n goeie voorbeeld van hierdie styl: “The two of us wrote *Anti-Oedipus* together. Since each of us was several, there was already quite a crowd. Here we have made use of everything that came within range, what was closest as well as farthest away. We have assigned clever pseudonyms to prevent recognition. Why have we kept our own names? Out of habit, purely out of habit. To make ourselves unrecognizable in turn. To render imperceptible, not ourselves, but what makes us act, feel, and think. Also because it's nice to talk like everybody else, to say the sun rises, when everybody knows it's only a manner of speaking. To reach, not the point where one no longer says I, but the point where it is no longer of any importance whether one says I. We are no longer ourselves. Each will know his own. We have been aided, inspired, multiplied” (Deleuze & Guattari, 2004: 3).

Only in the black hole of subjective consciousness and passion do you discover the transformed, heated, captured particles you must relaunch for a nonsubjective, living love in which each party connects with unknown tracts in the other without entering or conquering them, in which the lines composed are broken lines (Deleuze & Guattari, 2008: 209).

Volgens Deleuze/Guattari is subjektiwiteit nooit 'n gegewe nie, maar 'n proses, en hulle gaan selfs sover as om die idee van die self 'n soort filosofiese fiksie te noem (Rajchman, 2001: 83). Subjektiwiteit word gedesentreer en vorm saam met verskeie ander komponente en affekte deel van 'n assemblage. Deleuze/Guattari beskou subjektiwiteit as 'n ontluikende, tydelike toestand, 'n verwikkelde ontplooiing van self-organiserende kragte en diverse materialiteite, wat met mekaar verweef is. Hierdie beskouing van subjektiwiteit maak dit moontlik om die konsep buite die subjek/objek verhouding te bedink, waar die subjek/objek-verhouding binne modernisme as teenstellings en binêre opposisies beskou is (Blackman et al., 2008: 15).

Deleuze/Guattari se andersoortige subjektiwiteitsbeskouing wat aansluit by 'n *ander* manier van waarneem, kyk, sien en dink ('n algehele ander ingesteldheid dus), kan myns insiens nuwe perspektiewe lewer op aangeleenthede soos identiteit, gerasde subjektiwiteit, subjektiwiteit en rasse-integrasie. In die lig van die ontwikkeling van sosiale verantwoordbaarheid, behoort die vorming en instandhouding van gerasde subjektiwiteite binne die konteks van HO geproblematiseer te word. Die wyse waarop studente en ek as navorser binne HO myself, asook ander en die wêreld in en om my waarneem en sien, behoort ook geproblematiseer te word. Die manier waarop studente gerasde subjektiwiteite uitdaag (deterritorialiseer) of moontlik instandhou (territorialiseer) op 'n mikro-politiese vlak binne 'n HO-koshuis, is die fokus van hierdie studie. Ten einde die leser te help verstaan waarom ek as navorser hierdie onderwerp gekies het, bespreek ek vervolgens die redes vir die uitvoering van my studie.

1.2 REDES VIR DIE ONDERHAWIGE NAVORSING

In April 2011 is ek as koshuishoof by Madelief, 'n voorgraadse dameskoshuis op die Bloemfontein-kampus van die Universiteit van die Vrystaat (UV) aangestel. Ek is spesifiek aangestel om die integrasie van inwonende studente van verskillende rasse in Madelief te bevorder, en dié opdrag is ook onomwonde aan my gestel tydens my werksonderhoud in Februarie 2011. My werk is dus nie slegs om die koshuis te bestuur nie, maar ook om die integrasieproses binne die konteks van 'n HO-koshuis te fasiliteer.

Sedert my aanstelling het ek in my hoedanigheid as koshuishoof verskeie interessante waarnemings gemaak rakende die interaksie tussen studente met verskillende gerasde subjektiwiteite; dus tussen onder andere swart, bruin, Indiër en wit⁶ studente, asook buitelandse studente. Dit was byvoorbeeld opmerklik dat sommige studente met hulle aankoms by die koshuis as eerstejaars vreesbevange is om 'n kamer met iemand van 'n ander ras te deel. In die geval waar 'n student wel gewillig was om ongeag ras 'n kamer te deel, het die ouers meestal ingryp en 'n kamermaat van dieselfde ras versoek. Die feit dat, en die wyse waarop, die studente hulself in gerasde groepe groepeer, het my laat wonder waarom ras, as een aspek van 'n mens se subjektiwiteit, so bepalend is. Die mate waarin gerasde subjektiwiteit gekoppel word aan gewoonte en as vanselfsprekend (*common sensical*) aangeneem word, is 'n aangeleentheid waarmee ek konstant worstel. Ek is derhalwe geïnteresseerd in die wyse waarop ek as koshuishoof, maar ook die studente in die koshuis, omgaan met komplekse post-apartheid (na 1994) aangeleenthede. Ter verduideliking kan ek byvoeg dat as wit Afrikaanssprekende middelklas Suid-Afrikaanse vrou, ek dus belangstel in my eie proses van deterritorialisering van my gerasde subjektiwiteit. Ek was 13 jaar oud toe die ANC-regering in 1994 aan bewind gekom het en het gedurende die afgelope 20 jaar besef dat ek tot 'n sekere mate 'n verantwoordelikheid het teenoor my mede-landgenote en hul welstand. Om wit en Afrikaans te wees, én in Suid-Afrika te woon, impliseer inderdaad dat om sosiale verantwoordbaarheid ernstig op te neem, moet ek onder andere die konstruering van my eie subjektiwiteit en gerasde subjektiwiteit ondersoek. Die manier waarop ek in Suid-Afrika gedefinieer word, asook die wyse waarop ek myself definieer, moet ek ondersoek. 'n Lewe wat nie hierdie implikasies ernstig opneem en daarmee werk nie, beskou ek as 'n onverantwoordelike lewe. Uit die aard van my werk blyk 'n studie oor koshuisintegrasie sin te maak – dit kan my help om rekord te hou van die werk wat ek verrig en ook die geleentheid skep vir voortdurende deterritorialisering en wording. My werk is derhalwe ook 'n voedingsbron vir my navorsing.

Teen die agtergrond van voorafgaande is ek in besonder geïnteresseerd in die denke van die Franse filosowe Gilles Deleuze (1925 – 1995) en Felix Guattari (1930 – 1992) en sou graag wou uitvind of my intuïtiewe aanvoeling dat hul alternatiewe verstaan van verskil en subjektiwiteit en hul

⁶ Die gebruik van hierdie kategorieë dateer uit die Apartheidsera en is sosiaal-gekonstrueer. Volgens die *Population Registration Act of 1950* is Suid-Afrikaanse burgers op grond van hul ras geklassifiseer. Regte en voordele is aan mense toegeken op grond van hul ras, waar witmense meestal bevoordeel is. Hierdie ras-klassifikasie word vandag steeds deur die Suid-Afrikaanse regering gebruik om die doelwitte van regstelling en gelykheid in terme van die *Employment Equity Act of 1998* na te streef.

eiesoortige subjektieweitsbeskouing, 'n nuwe perspektief kan verskaf op studente se realiteite wat nie alleen met verskille deurspek is nie, maar waar verskille gewoonlik as negatief beskou word. Soos genoem, word Deleuze/Guattari beskou as die sogenaamde verskildenkings vir wie verskil-in-sigself voorkeur bo die identiteitsdenke van die tradisionele Westerse filosofie geniet (Oosterling & Thissen, 1998: 8). In my studie kyk ek hoe Deleuze/Guattari se denke omtrent verskil en subjektieweiteit kan bydra tot 'n andersoortige verstaan van subjektieweiteit. Ek kyk verder of hul andersoortige subjektieweitsbeskouing en alternatiewe verstaan van hoe 'n sosiale realiteit gevorm word, kan lei tot 'n alternatiewe verstaan van gerasde subjektieweiteit; hoe dit tot stand kom en vorm; en die invloed van laasgenoemde op die proses van ras-integrasie in Madelief.

My studie is daarop gemik om die Deleuze/Guattariaanse denkwysse te koppel en in verbinding te bring met die sosiale dinamika tussen Madelief-studente van verskillende gerasde subjektieweiteite. Hoe gebeur dit dat gerasde subjektieweiteite in stand gehou word? Hoekom word dit nie deurbreek nie? Hoe werk gerasde subjektieweiteite? Hoe vorm dit? Deleuze/Guattari se konsepte kan my in staat stel om verby vaste gerasde subjektieweiteite te beweeg, en *anders* te kyk na die interaksie tussen studente.

My studie kan ook moontlik 'n bydrae lewer tot die verstaan van rassisme as fenomeen, en die wysse waarop gerasde subjektieweiteite binne 'n HO-koshuis gevorm en in stand gehou word, al dan nie. Ek wil met my studie aantoon dat Deleuze/Guattari se konsepte en andersoortige subjektieweitsbenadering my as navorser in staat stel om die instandhouding of aftakeling van gerasde subjektieweiteite waar te neem; om *anders* waar te neem en die aftakeling aan te moedig. Die resultate van hierdie waarneming sal bepaal of verdere intervensies uitgevoer kan word ten einde die deterritorialisering van gerasde subjektieweiteite teweeg te bring. Met my studie wil ek op 'n dieper vlak 'n bydrae lewer tot die wysse waarop subjektieweiteit verstaan word en vorm. Ek is ook van mening dat my navorsing kan meehelp om aan te dui wat dit beteken om sosiaal verantwoordbaar te wees – in die konteks van my studie wil ek aandui dat sosiale verantwoordbaarheid gepaard gaan met 'n andersoortige subjektieweitsbeskouing. Ek sou graag wou argumenteer dat die vermoë om *anders* na subjektieweitsvorming te kyk aan die studente in die koshuis oorgedra moet word. Dit is egter 'n ambisieuse plan en vir nou fokus ek slegs op my sosiale verantwoordbaarheid as navorser en koshuishoof binne 'n HO-instelling.

1.3 NAVORSINGSVRAAG EN PROBLEEMVRAE

Alvorens ek my navorsingsvraag aan die orde stel, dink ek dit is noodsaaklik om my voorgenome studie binne die konteks van die UV se reaksie op die oproep tot sosiale verantwoordbaarheid te raam.

In 2005 het die UV 'n transformasie-taakspan aangewys om 'n sogenaamde *best practice transformation* plan op te stel. Die opdrag was om ondersoek in te stel na die wyse waarop die UV “'n ware Suid-Afrikaanse universiteit van uitnemendheid, billikheid en innovering; en 'n hoë-gehalte, billike, nie-rassige, nie-seksistiese, multikulturele, meertalige universiteit en plek van wetenskapsbeoefening en geleerdheid vir Suid-Afrika en Afrika” kan word (UV, 2005). Die aanvaarding van die uitgebreide transformasieplan is in Junie 2007 deur die destydse rektor, Prof. Frederik Fourie, beskryf as “'n omvattende padkaart vir transformasie wat duidelik uitspel wat gedoen moet word, wanneer dit afgehandel moet word, en wie verantwoordelik is vir die implementering”. Die transformasieplan is saamgestel in lyn met *White Paper 3* (DoE, 1997: Artikel 1.27) waarvolgens HO 'n wye spektrum geleenthede vir die Suid-Afrikaanse bevolking moet verskaf, ongeag ras, geslag, ouderdom, klas of ander vorme van diskriminasie. Volgens Artikel 1.7 van *White Paper 3* moet die transformasie van HO deel vorm van die wyer proses van ekonomiese transformasie en politieke demokratisering wat na 1994 'n aanvang geneem het. Hierdie transformasie-proses moes in pas wees met die nasionale agenda wat wil verseker dat Suid-Afrika die nasionale verpligtinge en verantwoordelikhede nakom, maar tergelykertyd ook internasionaal ekonomies en polities kompetend kon word (DoE, 1997: Artikels 1.7, 1.8).

Van belang vir hierdie studie is die UV Raad se goedkeuring van nuwe beleidsriglyne rakende koshuisintegrasie ten einde “die rassesseiding van die verlede te oorbrug en koshuis-studente toe te rus met die kennis en vaardighede om mense van ander kulture te leer ken, mekaar se tale te waardeer, en om verskille te respekteer, hetsy religieus van aard, of weens verskillende ekonomiese agtergronde” (UV Nuusargief, 2007). Die aanname was dus dat die vaardighede en kennis wat koshuis-studente danksy integrasie sou aanleer, hulle 'n voorsprong sal gee in die professionele wêreld wat hulle as mense van verskillende agtergronde en kulture sal betree. Daar is beklemtoon dat die integrasie-proses versigtig bestuur sou word “met die oog daarop om 'n nie-rassige karakter by die koshuise te laat posvat, wat in lyn staan met die Grondwet en die etos van 'n demokratiese Suid-Afrika” (UV Nuusargief, 2007). Die voorstel dat die plasing van eerstejaars vanaf 2008 daarop gemik sal wees om 'n minimum diversiteitsvlak van 30% in elke voorgraadse koshuis te bereik, is met

groot ongelukkigheid onder studente begroet. Die Vryheidsfront Plus het 'n memorandum ingedien om hul beswaar aan te teken, en op 20 Februarie 2008 gaan die studente oor tot vandalistiese optrede op die kampus (UV Nuusargief, 2008(b)). Terwyl die UV dié optrede ten sterkste veroordeel het en kommer uitgespreek is “oor wat op die oog af lyk soos 'n georkestreerde veldtog wat beoog om die implementering van die nuwe koshuisbeleid rakende diversiteit, in die wiele te ry” (UV Nuusargief, 2008(b)), is daar met die implementering van die beleid op koshuisintegrasie voortgegaan.

Op 27 Februarie 2008 veroorsaak die plasing van die nou berugte Reitz 4-video op *You Tube* egter 'n ernstige probleem vir die UV-bestuur. Uit protes teen die koshuisintegrasie-beleid maak vier wit manstudente van 'n wit koshuis 'n 10-minute video waarin vyf swart werkers tydens 'n inisiasie-tipe oriëntering verneder word (UV Nuusargief, 2008(c); Marais & De Wet, 2009; Lazenby & Radebe, 2011). Binne die konteks van HO is dié insident nie alleen gesien as “the symptom of the long existing problem of racism within the University” (Portfolio Committee on Education, 2008) nie, maar dit lei tot die Soudien-verslag (Soudien, 2008) wat sonder omhaal aanvoer dat rassisme en diskriminasie steeds hoogty in hoërsonderwysinstellings vier. Die UV het die Reitz-manskoshuis gesluit, 'n instituut vir diversiteit in die lewe geroep (UV Nuusargief, 2008(d)), en die iGubu Leierskapsagentskap aangestel het om met die integrasiebeleid te help (UV Nuusargief, 2008(e)). Binne die konteks van HO is verskeie kritiese vrae rondom die effektiwiteit van integrasie en transformasie aan universiteite gevra. Terwyl die Reitz-insident weereens die klem op die belang van institusionele transformasie en sosiale integrasie aan die UV geplaas het, dui dit egter ook daarop dat transformasie en rasse-integrasie 'n komplekse proses is wat weldeurdag bestuur moet word. Soos Lazenby en Radebe (2011: 5767) tereg opmerk, is die houdings van die sogenaamde “agente van verandering”, dus diegene wat die transformasiebeleid moet implementeer en laat werk, bepalend vir die mate waarin transformasie aan die UV sal slaag. Verskeie aangeleenthede kom hier na vore soos o.a. dat studente en personeel die rede vir transformasie moet begryp en die waarde wat dit vir hul professionele en persoonlike lewens inhou moet insien; dat daar gekyk moet word na studente se persepsies van transformasie; die emosionele impak van transformasie; asook 'n ondersoek na die faktore wat weerstand teen transformasie veroorsaak.

Van besondere belang vir hierdie studie is dat die reaksies op die Reitz-insident – in die media en in die literatuur – daarop dui dat die meeste Suid-Afrikaners steeds hul subjektiwiteit hoofsaaklik aan ras koppel. Volgens Marais en De Wet (2009: 31-33) word “ras-subjektiwiteit” van geslag tot geslag

deur tradisie en kultuur oorgedra. In dié opsig is dit interessant om op te merk dat die Reitz-video juis vir 'n kultuuraand-kompetisie verfilm is. Volgens Marais en De Wet (2009: 33-34) en Soudien (2010(b): 3-4), moet studente ten einde 'n alternatiewe subjektiwiteit te konstrueer, doelbewus aannames rondom die konstruering van gerasde subjektiwiteit, bevraagteken. Indien stereotipes rakende ras bly voortbestaan en as diskriminasie soos gesien in die Reitz-video, herhaaldelik die reaksie gaan wees op pogings tot transformasie en sosiale integrasie, dan kan daar aangevoer word dat die nodige skuif in die beskouing van die self en self-identiteit nie plaasgevind het nie (Soudien, 2010(b): 4). Terwyl die Reitz-insident 'n direkte reaksie was op 'n poging om koshuise sosiaal te integreer, hou die insident self egter ook direkte implikasies vir die UV se koshuis-integrasiebeleid in. Die wyse waarop die UV sy beleid bestuur en implementeer, asook die mate waarin koshuishoofde as agente van verandering integrasie in die universiteitskoshuise dryf, gaan derhalwe sterk reflekteer op die manier waarop die UV sosiaal verantwoordbaar is ten opsigte van sy transformasie-taak. Gegewe my posisie as koshuishoof en in die lig van die UV se sosiale verantwoordbaarheid met betrekking tot koshuistransformasie en samelopend hiermee rasse-integrasie in koshuise, is my navorsingsvraag:

Hoe kan die integrasie van gerasde subjektiwiteite binne die konteks van 'n HO-koshuis anders benader (waargeneem) word?

Spesifieke vrae, wat uit hierdie navorsingsvraag vloei en wat my studie uiteraard rig, is die volgende:

- 1.3.1 Wat behels Deleuze en Guattari se andersoortige subjektiwiteitsbeskouing vir die benadering (waarneming) van die integrasie van gerasde subjektiwiteite in 'n HO-koshuis aan die UV? (Teorie)
- 1.3.2 Hoe kan die toepassing/operasionalisering van hierdie subjektiwiteitsbeskouing help om die integrasie van gerasde subjektiwiteite in die koshuis *anders* te verstaan? (Metodiek)
- 1.3.3 Wat is die konteks en huidige stand van sake met betrekking tot die integrasie van gerasde subjektiwiteite in 'n HO-koshuis aan die UV?

1.4 DOEL EN DOELWITTE

In aansluiting by my navorsingsvraag, naamlik *Hoe kan die integrasie van gerasde subjektiwiteite binne die konteks van 'n HO-koshuis anders benader (waargeneem) word?*, is die doel van hierdie navorsing om as navorser én koshuishoof, *anders* te kyk na en te dink oor gerasde subjektiwiteite, en *anders* te kyk na die integrasie van gerasde subjektiwiteite binne 'n HO-koshuis.

Voortvloeiend uit bogenoemde navorsingsvraag en gemik op die uiteindelijke beantwoording daarvan, stel ek die volgende spesifieke doelwitte:

- 1.4.1 om die mate waarin Deleuze/Guattari se andersoortige subjektiwiteitsbeskouing as 'n teoretiese lens om ras-integrasie te benader, aan die orde te stel;
- 1.4.2 om Deleuze/Guattari se andersoortige subjektiwiteitsbeskouing en -vorming as metodologie te gebruik in my navorsing oor ras-integrasie in 'n HO-koshuis; en
- 1.4.3 om die huidige stand van sake met betrekking tot ras-integrasie aan 'n HO-koshuis by die UV te kontekstualiseer en uit te stip.

1.5 BENADERING TOT DIE NAVORSING

'n Navorsingsontwerp bestaan tradisioneel uit 'n teoretiese lens, navorsingmetodologie en navorsingmetodes. Die teoretiese lens is 'n stel samehangende konsepte wat nie net die navorsingproses rig nie, maar wat tradisioneel deur sekere ontologiese en epistemologiese aannames onderlê word. Die navorsingmetodologie is 'n aksieplan waarvolgens die navorsing uitgevoer word deur 'n brug te vorm tussen teorie en metode, terwyl die navorsingmetodes neerkom op die strategieë of gereedskap waarvolgens "data"⁷ ingesamel word (Berg, 2001: 15, 28, 275; Hesse-Biber & Leavy, 2006: 17-19). Vir die doeleindes van hierdie studie word die rigiede onderskeid tussen die teoretiese lens (teorie), navorsingmetodologie (praktyk) en metodes verslap, en die verhouding tussen hierdie velde word *anders* as tradisioneel gelees en verstaan. Teorie en praktyk, asook die metodes wat gebruik gaan word, vervloei met mekaar. Ter verduideliking sit ek my teoretiese lens uiteen.

1.5.1 TEORETIESE LENS: KONSEPTE DÓÉN DINGE

As verskildenkens bevrageken Deleuze/Guattari die voorkeur wat tradisionele Westerse filosofie aan identiteit gee. Die waarde van Deleuze se ontologie van verskil⁸ lê grootliks in die feit dat dit

⁷ Vir die doeleindes van hierdie studie, word die woord "data" met "empiriese gegewens" vervang. In die aanloop tot die argumentering hiervan, gaan die woord "data" dus hier in aanhalingstekens geskryf word, aangesien dit 'n sterk positivistiese konnotasie het en 'n problematiese term is binne 'n post-kwalitatiewe metodologie. Later meer hieroor.

⁸ Ontologie of Bestaansleer kan beskryf word as 'n vertakking van metafisika en is die wetenskap van bestaan-in-die-algemeen. Die aard van bestaan en die kategorieë struktuur van realiteit is ontologiese aangeleenthede (*Oxford Companion of Philosophy*, 1995: 634). Deleuze/Guattari staan krities teenoor die hiërargiese, kategorieë aard van ontologie: "It is odd how the tree has dominated Western reality and all of Western thought, from botany to biology and anatomy, but also gnosiology, theology, ontology, all of philosophy ..: the root-foundation, *Grund*, *racine*, *fondement*" (Deleuze & Guattari, 2008: 20); Deleuze se ontologie van verskil, bied dus 'n alternatiewe verstaan van ontologie. Deleuze/Guattari stel die risoom voor ten einde anders te dink oor ontologie, wording en denke. "... they [die risoomagtige] know how to move between things, establish a logic of the AND, overthrow ontology, do away with foundations, nullify endings and beginnings" (Deleuze & Guattari, 2008: 28). Later meer hieroor.

wegbeweeg van die filosofiese modernistiese tradisie wat 'n vaste identiteit met 'n oorsprong en 'n teleologiese einde as 'n gegewe beskou. Deleuze/Guattari se filosofie dissekter hierdie identiteitsdenke en wys die vooroordeel, magsverhoudings, onderdrukking en uitbuiting uit wat wééns hierdie denke in die samelewing manifesteer (Saldanha, 2013: 7, 9).

Volgens Deleuze/Guattari ondersteun kapitalisme en die nasie-staat die agenda van identiteitsdenke. Die argument is dat enige stelsel wat deur die dogma van identiteitsdenke onderlê word, in sy funksionering die identiese vooropstel. Mettertyd ontstaan 'n samelewing waar mense in kategorieë van "dit wat dieselfde is", gegroepeer word (Nesbitt, 2013: 3). Hierdie kategorisering, ook genoem stratifisering of territorialisering, maak dit derhalwe makliker vir diegene met mag om mense, individue of subjekte te beheer en te onderdruk. Die uitkoms hiervan is geterritorialiseerde subjektiwiteite wat vasgevang is 'n rigiede bestaan en hiërargiese bestel waar hulle gereduseer word tot verbruikers en lede van 'n nasie-staat. Deleuze/Guattari wys egter daarop dat die subjek hierdie afgeforseerde subjektiwiteit kan deurbreek en omverwerp deur uit dit te breek en kreatief selfskeppend te werk met haar eie wording en subjektiwiteit. Die rasonale en statiese Kartesiaanse subjek transformeer tot die Deleuze/Guattariaanse subjek wat 'n masjiniestiese veelvoudigheid is, en wat vorm binne 'n dinamiese proses van wording (Semetsky, 2003: 221)⁹. Hierdie proses van wording impliseer die de-identifisering met 'n groep en die deterritorialisering van die subjek. Die subjek word as't ware verskil-in-sigself as gevolg van 'n oneindige proses van wording waar verskil-in-sigself uitbuiting en onderdrukking ondermyn (May, 2003: 149 -151).

Hierdie eiesoortige subjektiwiteitsbeskouing van Deleuze/Guattari staan sentraal tot hul filosofie, maar ook in hierdie studie. Ten einde hul filosofie te verstaan, asook die wyse waarop hul denke en konsepte metodologies in hierdie studie geoperasionaliseer word, is dit belangrik om eerstens te verstaan wat hulle beskou as subjektiwiteit. Konsepte samelopend met subjektiwiteit wat bespreek gaan word, is assemblage, risoom, die molêre en molekulêre, vluglyne, affek, deterritorialisering en wording. Deur die bespreking van hierdie konsepte wil ek aandui dat terwyl teorie vir Deleuze/Guattari 'n gereedskap is, konsepte neerkom op die gereedskap. Teorie moet dus *gebruik* word en dit moet *werk*. Deleuze (2004a: 208) haal vir Marcel Proust aan wanneer hy sê dat sy boeke soos brille is wat gebruik moet word om na die buitewêreld te kyk. As jy nie daarvan hou nie, vind 'n ander paar, of maak jou eie. Indien daar niemand is wat die teorie gebruik nie, is die teorie totaal

⁹ "The subject of the Cartesian Cogito does not think: it only has the possibility of thinking, and remains stupid at the heart of that possibility" (Deleuze, 2004b: 346).

nutteloos, of dalk die tyd vooruit. 'n Teorie word nie getotaliseer nie en moet ook nie totaliseer nie. Dit moet 'n veelvoudigheid word en veelvoudigheid moontlik maak.

Volgens Deleuze/Guattari is filosofie die skep van konsepte op 'n immanensievlak (May, 2003: 141), waar 'n immanensievlak 'n niehiërargiese vlak is waarop konsepte met mekaar gekoppel word om 'n nuwe filosofiese perspektief te vorm. Subjektivering vind ook plaas op die immanensievlak, aangesien eksperimentering en wording slegs immanent kán plaasvind (Surin, 2010a: 161). Hul filosofie wil denke wat as vanselfsprekend aangeneem word, deurbreek en versteur deur 'n filosofie daar te stel wat deur toepassing en koppeling met praktyk, betekenis verkry. Ek pak vervolgens die gereedskapkis kortliks uit en verduidelik die funksie van die instrumente. Daar moet egter in gedagte gehou word dat Deleuze/Guattari se konsepte eers sin maak wanneer die onderlinge verbandhoudendheid tussen mekaar begryp word (Coleman & Ringrose, 2014: 13). Hierdie verbandhoudendheid kan slegs gedemonstreer word wanneer die konsepte toegepas word. Rajchman (2001: 21-22) stel dat

[w]e might then imagine Deleuze's philosophy as built up in a way such as this: there are different conceptual 'bits,' each initially introduced in relation to a particular problem, then reintroduced into new contexts, seen from new perspectives. The coherence among the various bits shifts from one work to the next as new concepts are added, fresh problems addressed; it is not given by 'logical consistency' among propositions, but rather by the 'series' or 'plateaus' into which the conceptual pieces enter or settle along the web of their interrelations ... The bits thus don't work together like parts in a well-formed organism or a purposeful mechanism or a well-formed narrative — the whole is not given, and things are always starting up again in the middle, falling together in another looser way. As one thus passes from one zone or 'plateau' to another and back again, one thus has nothing of the sense of a well-planned itinerary; on the contrary, **one is taken on a sort of conceptual trip for which there preexists no map—a voyage for which one must leave one's usual discourse behind and never be quite sure where one will land** [my beklemtoning].

1.5.1.1 Subjektiviteit

Subjektiviteit is vir Deleuze/Guattari iets wat *gedoen* word en is die resultaat van subjektivering. 'n Subjek is dus nie vanselfsprekend 'n gegewe subjek nie, maar word 'n subjek deur die beoefening van subjektiviteit. Subjektivering vind plaas wanneer subjekte met mekaar in verbinding tree binne 'n komplekse, affektiewe assemblage (Renold & Mellor, 2014: 24). Tydens hierdie koppeling vind die vloeï van affek, intensiteite en begeerte plaas. Deleuze/Guattari fokus op hierdie vloeï, m.a.w. op dit wat tussen die vertakpunte van die risoom gebeur eerder as op die vertakpunte self. Hul subjektiviteitsbeskouing oorskry dus die individu (Renold & Mellor, 2014: 25). Subjektiviteit is 'n kontingente, veranderende sentrum en sosiale interaksies is hibried, vermeng, ontsluitend en

verbandhoudend en word altyd gekonstitueer saam met die sosiale assemblage waarin die subjek sigself bevind (Taylor, 2014: 53-54).

1.5.1.2 *Assemblage*

Die konsep assemblage (oorspronklike Frans: *agencement*; Engels: *assemblage*; Nederlands: *be-werking*) is vir Deleuze/Guattari weer eens iets wat gebeur, vorm en vervorm, en dus dinamies is. As 'n sleutelbegrip binne die denke van Deleuze/Guattari is 'n assemblage beskrywend van veelvoudigheid en wording. 'n Gemeenskap vorm byvoorbeeld 'n assemblage waar die materiële en nie-materiële met mekaar koppel. Assemblages koppel altyd met ander assemblages. Dit kan gedefinieer word as 'n tentatiewe en huiwerige ontvouing wat bykans geensins enige vorm van eksterne beheer het nie (Coleman & Ringrose, 2014: 5). Assemblages beweeg op die grens tussen stratifikasie en deterritorialisering. Dit is dus 'n dinamiese veelvoudigheid wat ingetrek word tot op 'n immanensievlak (ook genoem 'n konsistensievlak) en slaag daarin om sigself te handhaaf sonder om gereduseer te word tot die een of die ander kant van 'n dualistiese verhouding (Bell, 2010: 19). Affek, intensiteit en begeerte vloei binne 'n assemblage wat op 'n immanensievlak koppel met ander assemblages. Begeerte is 'n positiewe, eksperimentele krag wat koppelings moontlik maak en die vermoë van liggame om te koppel binne assemblages, versterk (Ross, 2010: 66). Elemente koppel op 'n masjiniestiese wyse met mekaar. "Masjiniesties" verwys hier nie na die tegnologiese nie, maar is eerder 'n verwysing na die manier waarop komponente binne 'n assemblage by mekaar inskakel en inkoppel (Genosko, 2010: 123). Assemblages word dan ook masjiniestiese assemblages genoem, waar koppeling op 'n immanensievlak masjiniesties plaasvind (Deleuze & Guattari, 2008: 4-5).

1.5.1.3 *Risoom*

Volgens Deleuze/Guattari moet 'n assemblage wat 'n veelvoudigheid vorm, geskep word. Veelvoudigheid word dan nie geskep deur ekstra dimensies by te voeg nie, maar om eenvoudig gebruik te maak van die dimensies alreeds tot beskikking op die immanensievlak. Hierdie stelsel waar veelvoudigheid geskep word, word dan 'n risoom genoem (Deleuze & Guattari, 2008: 7). In *A Thousand Plateaus* (2008) word risoom en assemblage beide gebruik om veelvoudigheid, wat binêre teenstellings deurbreek, te bedink. Deleuze/Guattari gebruik dus die risoom om 'n ander manier van dink moontlik te maak. Hul beweeg weg van die boomagtige en heersende manier van dink waaronder Westerse filosofie gebuk gaan, na die risoom as 'n wortelagtige, divergerende groeisel wat voorkeur gee aan 'n manier van dink wat verskil-in-sigself vooropstel. 'n Risoom het horisontale vertakings wat in onvoorspelbare rigtings groei; dit het geen begin en geen einde nie en groei

vanuit die middel. Vir Deleuze/Guattari funksioneer die risoom hoofsaaklik om te versteur sodat verandering en wording moontlik gemaak word. Enige punt van die risoom kan met enige iets anders koppel (Deleuze & Guattari, 2008: 6-7). Koppeling binne en tussen assemblages vorm 'n risoom (Masny, 2013b: 339-340; 344). Aangesien risoom en assemblage beide gebruik word om verskil-in-sigself en dus 'n alternatiewe denkbeeld te bedink, moet dié konsepte samelopend gelees word. Belangrik ook om hier te noem is dat alhoewel Deleuze/Guattari aanvoer dat ons daarteen moet waak om “[n]ever send down roots, or plant them, however difficult it may be to avoid reverting to the old procedures” (Deleuze & Guattari, 2008: 25), hulle tog melding maak van die onvermydelikheid dat die risoom en die boom soms sal verstrengel:

There exist tree or root structures in rhizomes; conversely, a tree branch or root division may begin to burgeon into a rhizome. The coordinates are determined not by theoretical analyses implying universals but by a pragmatics composing multiplicities or aggregates of intensities. A new rhizome may form in the heart of a tree, the hollow of a root, the crook of a branch. Or else it is a microscopic element of the root-tree, a radicle, that gets rhizome production going.

Die implikasie hiervan is dat die risoomagtige manier van dink soms verstrengel gaan raak met die boomagtige, tradisionele denkbeeld. Binne-in hierdie studie gaan dit inderdaad ook soms gebeur.

1.5.1.4 Die molêre, molekulêre en vluglyne

Volgens Deleuze/Guattari bestaan 'n assemblage en dus 'n risoom uit drie soorte lyne. Eerstens is daar molêre lyne wat met rigiede segmentering geassosieer word. Burokratiese en hiërgargiese instellings asook identiteitskategorieë wat boomagtig (eerder as risoomagtig) en binêr is, is voorbeelde hiervan. Die molêre is strukture wat gebaseer is op rigiede stratifikasies of koderings wat geen ruimte laat vir dit wat soepel of kontingent is nie. Tweedens bestaan assemblages uit molekulêre lyne wat meer vloeiend, maar steeds gesegmenteerd is. Molekulêre lyne vorm 'n basis vir die mikro-politiese wat met persepsie en affek gepaardgaan. Die vluglyn is die derde lyn wat verandering teweeg bring en waardeur assemblages tot iets anders transformeer. Die soepel gesegmenteerdheid van die molekulêre lyn maak gedeterritorialiseerdheid moontlik, wat dan weer kan reterritorialiseer na 'n gesegmenteerde lyn. Hierteenoor beskik die vluglyn oor die vermoë om 'n kreatiewe metamorfose teweeg te bring wat dan die assemblage en ander assemblages kan affekteer (Lorraine, 2010: 147; Patton, 2010b: 117-118; Surin, 2010b: 164).

1.5.1.5 *Affek*

Deleuze/Guattari ondersoek (deur Spinoza) maniere waarop die liggaam bedink kan word as 'n veranderende assemblage wat hoogs reaktief is tot die konteks waarbinne dit sigself bevind (Hickey-Moody, 2014: 81). Vir hierdie denkers verwys affek na die veranderinge in 'n liggaam se kapasiteit. Liggaam word hier nie noodwendig verstaan as 'n menslike liggaam nie en verwys dit eerder na die aard en hoeveelheid mag wat teenwoordig is in 'n assemblage. Affekte verruim of verklein die beperkinge van wat 'n liggaam/assemblage kan doen. 'n Affek is in hierdie opsig die grens van regulering wat in werking gesit word deur die verandering in kapasiteit (Hickey-Moody, 2014: 80). Dit kan ook beskryf word as die resultaat van liggame wat interaktief is en dus die resultaat is van 'n assemblage.

1.5.1.6 *Deterritorialisering*

Vluglyne en deterritorialisering loop hand aan hand. 'n Vluglyn is 'n pad van mutasie wat ontketen word deur die aktualisering van koppeling tussen liggame wat voorheen slegs implisiet en virtueel was. Hierdie konneksies tussen liggame laat nuwe kragte vry wat nuwe kapasiteite laat ontstaan om te reageer en tot aksie oor te gaan (Lorraine, 2010: 147). Deterritorialisering kan ten beste verstaan word as 'n beweging wat verandering (lees transformasie) moontlik maak. In soverre dit as 'n vluglyn funksioneer, dui deterritorialisering die kreatiewe potensiaal van 'n assemblage aan. Indien 'n vluglyn dus suksesvol is, bring dit die deterritorialisering van 'n assemblage teweeg. Wanneer iets dus gedeterritorialiseer word, word die vaste verbindingse waaroor 'n liggaam beskik deurbreek en vrygestel, en word dan blootgestel aan nuwe organiseringswyses. Aangesien Deleuze/Guattari probeer wegbeweeg van binêre teenoorgesteldes en die dualistiese raamwerk wat Westerse filosofie voorveronderstel, is dit belangrik om by te voeg dat deterritorialisering en territorialisering nie teenoorgesteldes van mekaar is nie. Die wyse waarop Deleuze/Guattari die konsep verduidelik en gebruik, maak dit duidelik dat deterritorialisering binne-in 'n terrein as 'n transformatiewe vektor gevestig is. Deterritorialisering is dus die moontlikheid van verandering wat in 'n gegewe terrein immanent teenwoordig is (Parr, 2010: 71).

1.5.1.7 *Wording*

Wording is 'n konstante, vloeibare proses van veranderinge, interaksies en transformasies. Molêre verhoudings en molêre vorms word deur wording gedestabiliseer (Jackson, 2014: 117). Wording vind dus plaas wanneer elemente binne 'n assemblage met mekaar koppel. Die vloei van affek, begeerte en intensiteite wat plaasvind tussen die gekoppelde elemente, bring 'n veranderende

toestand in die assemblage en elemente mee, wat dan wording genoem word. Aangesien subjektiwiteit 'n newe-effek van wording is, is die subjektiveringsproses dus 'n wordingsproses.

In hierdie afdeling het ek probeer om Deleuze/Guattari se gereedskapkis uit te pak en die funksie van hul instrumente uit te lê. Dit is uitdagend aangesien hul filosofie nie liniêr is nie en eerder op die affektiewe as op die rasonale fokus. Van belang is om te verstaan dat die menslike subjek – ook gemeenskappe en instellings – vir Deleuze/Guattari 'n assemblage van kragte en veelvoudigheid is wat voortdurend deur vluglyne verander en gedeterritorialiseer word wat dan affek produseer (Stagoll, 2010: 27). Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat genoemde konsepte dinge *doen*.

Dit is verder ook belangrik om daarop te let dat Deleuze/Guattari hierdie andersoortige subjektiwiteitsbeskouing aan ons probeer oordra deur taal en die moontlikhede van taal te verbreed deur woorde *anders* te gebruik ten einde *ander* konnotasies te maak as die betekenis van woorde waaraan ons gewoond is. Dit word gedoen om ons gewone en gewoontevormende manier van dink te onderbreek en 'n veelvoudigheid van verskil oop te skeur. Deleuze/Guattari doen dit deur konsepte te skep wat verby die subjektiwiteite strek wat die wêreld vir ons aanbied, ten einde die wêreld van verskil aan te raak wat hierdie subjektiwiteite beide konstitueer en omverwerp (Mazzei, 2014: 97,98). Deleuze/Guattari beywer hulle vir 'n subjektiwiteitsbeskouing wat in verbinding met die wêreld is waar die woord "ek" minder gereeld en minder prominent gebruik word. Dit is 'n subjektiwiteitsbeskouing wat in verbinding gebring word met verskil, waar verskil ontologies eerste en produktief-skeppend is. Die uitdaging is om hierdie anderste benadering tot subjektiwiteit en die wêreld onder die knie te kry "voordat die bril van 'n gesentraliseerde ego oor jou oë getrek" word (Anker, 2007: 29).

1.5.2 POST-KWALITATIEWE NAVORSING

For me, trying to think conventional humanist qualitative methodology with those futural concepts [Deleuze/Guattari se konsepte] is nigh impossible given that it [kwalitatiewe metodologie] is grounded in the limited capacities of the epistemological desires of the cogito, that Cartesian concept that slowed us down centuries ago and sent us toward a new order of things whose distribution favors hierarchies and binaries like mind/body, man/nature, and knower/known ... (St.Pierre, 2014: 14).

Wat Deleuze/Guattari se andersoortige subjektiwiteitsbeskouing egter metodologies uitdagend maak, is dat tradisionele navorsingmetodes wat algemeen in die sosiale wetenskappe gebruik word,

ingestel is om met Kartesiaanse subjekte te werk wat in interaksie is met ander vaste, Kartesiaanse subjekte. Deur voor te stel dat subjekte egter vloeiend is, het dit nie slegs 'n invloed op die wyse waarop subjekte met mekaar verband hou nie, maar strek dieper en wek vrae rondom die ontologie van hierdie subjekte (Renold & Mellor, 2014: 26). St.Pierre (2014: 2) is van mening dat die konvensionele humanistiese kwalitatiewe metodologiese benadering onversoenbaar is met Deleuze/Guattari se ontologie wat direk verband hou met hul alternatiewe subjektiwiteitsbeskouing. Binne 'n Deleuze/Guattariaanse benadering word ontologie en epistemologie¹⁰ as onafskeidbare komponente beskou wat met mekaar verweef is (Johansson, 2015: 2).

Ten einde verby kwalitatiewe navorsing te beweeg en om in pas te kom met die materiële omwenteling, die affektiewe omwenteling en posthumanistiese omwenteling, kom St. Pierre (2011: 611-625) vorendag met die term “post-kwalitatiewe navorsing” of “post-kwalitatiewe ondersoek” vorendag. Dit word gesien as 'n meer werkbare benadering tot navorsing waar subjektiwiteit as assemblage en die navorsing as assemblage ernstig opgeneem word. Metodologie, voer St.Pierre (2014: 3) aan, kan nooit geskei word van ontologie en epistemologie nie. Indien dit wel gebeur, word metodologie gewoonlik instrumentalisties en gemeganiseerd, en word dit gereduseer tot metodes, tegnieke en prosesse. Ten einde te waak teen bogenoemde, moet Deleuze/Guattari se konsepte gebruik word as metodes:

Indeed ... their concepts (e.g., assemblage, rhizome, bodies-without-organs) can be *methods* that enable new research practices that can neither be described in advance of a study nor easily described at the end (St. Pierre, 2014: 14).

Post-kwalitatiewe navorsing beweeg dus weg van die subjek/objek hiërargie waar die stabiele, koherente, rasonale subjek voorkeur geniet en objekte slegs in ag geneem word indien dit deur die subjek waargeneem en ervaar word. Aangesien Deleuze 'n ontologie van immanensie voorstel, is dit onmoontlik is om dit wat geleer word, te skei van die een wat besig is om te leer (Johansson, 2015: 6-7) – die onderskeid tussen ontologie en epistemologie word dus deurbreek.

¹⁰ Epistemologie of Kennisleer kan beskryf word as die teorie van kennis. Dit is 'n vertakking van filosofie wat sigself besig hou met die aard van kennis – die moontlikheid van kennis, reikwydte en algemene basis daarvan (*The Oxford Companion to Philosophy*, 1995: 243). Deleuze/Guattari se alternatiewe subjektiwiteitsbeskouing impliseer dat die wyse waarop kennis gevorm word deur die subjek, aansienlik verskil van die wyse waarop die denkende, humanistiese subjek die ontstaan van kennis verstaan.

’n Post-kwalitatiewe metodologie sal kennisverwerwing dus ook anders benader. Ten einde “data” anders te bedink en te verstaan, voer Denzin (2013: 353) aan dat ons heeltemal moet wegbeweeg van die gebruik van die woord “data” omdat die positivistiese onderrok van ’n metodologie wat hierdie woord gebruik, uithang. “Data” kan volgens Denzin (2013: 353-356) nie gekoppel word nie, nie praat nie en “data” is in der waarheid dood. Hy stel voor dat die uitdrukking “empiriese gegewens” eerder gebruik word wanneer daar verwys word na dit wat ons as “data” ken. Ten einde op ’n ander wyse te dink oor dit waarmee ek as navorser besig is, sal die woord “data” vervolgens met “empiriese gegewens” vervang word. Dit is ook belangrik om te noem dat empiriese gegewens binne die raamwerk van post-kwalitatiewe navorsing geproduseer word – die navorser koppel met die navorsingsdeelnemers en in hierdie interaksie word empiriese gegewens geskep. Empiriese gegewens is dus nie iets wat vooraf bestaan en deur die navorser “ontdek” moet word nie (Jackson & Mazzei, 2013: 262-264).

Deleuze/Guattari se denke wat die bestaande vorme van denke en kennisverwerwing versteur, kan slegs ’n realiteit affekteer indien nuwe tekens en beelde tot stand kom wat nog nooit voorheen op dieselfde wyse in ’n proses van wording bestaan het nie. Deleuze/Guattari verskaf dus ’n nuwe taal en nuwe konsepte waarmee ek as navorser op ’n *andersoortige* wyse empiriese gegewens, subjekte en verhoudinge binne post-kwalitatiewe navorsing kan ondersoek (Mazzei, 2014: 98), en ook anders na navorsingsmetodes en metodologie kan kyk.

In die volgende afdeling waarin ek die metodologie van my studie bespreek, sit ek die wyse waarop konsepte, dus die gereedskap in Deleuze/Guattari se gereedskapskis, geoperasionaliseer word, uiteen. Die teoretiese lens en die metodologie van hierdie studie versmelt dus en ’n rigiede onderskeid vervaag. Ten einde meer helderheid te verkry oor presies *wat* die operasionalisering van konsepte beteken (koppeling), *waar* dit gaan plaasvind binne hierdie betrokke studie (die drumpel), en *hoe* die waarneming van hierdie koppeling binne die drumpel moontlik is (transendentale empirisme), bespreek ek vervolgens Deleuze/Guattari se teorie as praktyk.

1.5.3 METODOLOGIE: TEORIE AS PRAKTYK

Deleuze/Guattari se werk is van besondere waarde wanneer daar gedink word oor metodologie, aangesien een van die belangrikste aspekte van hul werk, die afbreek van die sogenaamde vals onderskeid tussen teorie en praktyk is. Volgens Deleuze (2004a: 206-213) is teorie ’n ondersoek en ’n praktyk van die oënskynlik fiktiewe wêreld wat deur empirisme beskryf word, en ’n studie van die

geldigheidsvoorwaardes van ons praktyke. Dit spoor navorsers aan om die navorsingsproses te herbedink en om vrae te vra oor die verhouding tussen teorie en metodologie; die kondisies waaronder empiriese navorsing uitgevoer word; en die effekte en affekte hiervan (Coleman & Ringrose, 2014: 2). 'n Belangrike metodologiese implikasie van Deleuze/Guattari se werk is dat die navorser aangespoor word om konsepte en metodologieë te ontwikkel wat spesifiek, relevant en gepas is vir die navorsingsvraag (Coleman & Ringrose, 2014: 3). Vir die navorser kan dit 'n bemagtigende, maar ook vreesaanjaende stap wees, aangesien die navorsingsprojek nie vooruit presies bepaal kan word nie en dus 'n projek is wat op onsekerheid gebaseer is (St.Pierre, 2014: 14).

Deleuze/Guattari deurbreek ook die onderskeid tussen teorie en praktyk/metodologie deur die wyse waarop *konsepte* verstaan word: konsepte ontstaan deur die ontologie van wording waar wording nooit nabootsing, afbeelding of die konformering tot 'n model beteken nie. Dit beteken 'n konsep is nie 'n voorafgegewe teoretiese raamwerk waarin empiriese gegewens inpas en geïnterpreteer word nie, en ook nie iets wat ontspring uit empiriese navorsing nie. Konsepte *doen* dinge. Om konsepte te verstaan as iets wat beoefen word, is om konsepte te verstaan as wording. Om te dink oor metodologie is dus om sosiale verandering te bedink (Coleman & Ringrose, 2014: 7, 8). Deleuze/Guattari se denke en konsepte wat as teoretiese lens funksioneer, word dan metodologies ontwikkel en *word* sodoende my metodologie. Vervolgens bespreek ek kortliks die konsepte wat hoofsaaklik in Hoofstukke 4 en 5 geoperasionaliseer word.

1.5.3.1 Riso-analise

Riso-analise is die operasionalisering van die risoom, maar ook meer as net dit. Riso-analise is die deterritorialisering van die tradisionele verstaan van metodologie. Navorsing is volgens riso-analise 'n gebeurtenis waar elemente binne 'n assemblage koppel, en assemblages met mekaar koppel. Riso-analise word gerig deur transendentale empirisme en stel immanensie voorop aangesien werklike eksperimentele navorsing slegs immanent kan plaasvind. Riso-analise stel die navorser in staat om met oorskrydende empiriese gegewens te werk soos drome en emosies, asook met empiriese gegewens wat nie gekategoriseer kan word nie (Masny, 2013b: 340-341).

1.5.3.2 Koppeling

Volgens 'n Deleuze/Guattariaanse ontologie bestaan alles op 'n immanensievlak (Johansson, 2015: 13). 'n Immanensievlak is 'n vlak waar daar geen hiërargieë of voorafbepaalde ordes is nie. Dit is ook waar assemblages vorm en koppeling plaasvind:

... there is a pure plane of immanence, univocity, composition, upon which everything is given, upon which unformed elements and materials dance that are distinguished from one another only by their speed and that enter into this or that individuated assemblage depending on their connections, their relations of movement. A fixed plane of life upon which everything stirs, slows down or accelerates (Deleuze & Guattari, 2008: 281).

Die immanensievlak staan in kontras met die transendente, die stabiele en definitiewe, deurdat hierdie vlak die oopheid, gebrek aan struktuur en onsekerheid van wording en koppeling bevestig. Die immanensievlak bestaan uit assemblages, stromings en affekte, waar hierdie komponente oor die vermoë beskik om met mekaar te koppel (Johansson, 2015: 13).

Koppeling is 'n assemblage-in-wording; dus die operasionalisering van 'n assemblage. 'n Assemblage is tydelik en die resultaat van koppeling. Empiriese gegewens word geskep deur koppeling. Koppeling is dus 'n proses waar nuwe verbindings geskep en ander verbreek word (Jackson & Mazzei, 2013: 262). Koppeling of inskakeling kan gesien word as die wyse waarop *die nuwe* geskep word – 'n masjiniestiese assemblage vorm dus deur middel van koppeling.

'n Oomblik van koppeling vind ook plaas wanneer die empiriese gegewens samelopend met die teorie bedink en gelees word. 'n Assemblage ontstaan en nuwe verbindings word gemaak. Koppeling skep 'n ander, 'n nuwe verhouding tussen tekste: tekste begin *mekaar* konstitueer en sodoende word iets nuuts geskep. Teorie en empiriese gegewens konstitueer mekaar in die koppelingsaksie. Artikulasie gaan oor die skep van nuwe kombinasies ten einde nuwe subjektiwiteite te skep (Jackson & Mazzei, 2013: 264).

1.5.3.3 *Drumpel*

Metodologies is die konsep van die drumpel besonder behulpsaam. Die drumpel kan beskou word as die ruimte waar empiriese gegewens en teorie inmekaar gekoppel word om nuwe analitiese vrae te laat ontstaan. In die ruimte van die drumpel konstitueer teorie en empiriese gegewens mekaar, en hoe die onderskeid tussen en definisies van teorie en empiriese gegewens tradisioneel met mekaar verband hou, tuimel binne hierdie ruimte ineen. Teorie en praktyk bots, kontamineer en affekteer mekaar binne die drumpel (Jackson, 2014: 116). In my studie vorm die Madelief-koshuisgebou en die Madelief-studentegemeenskap binne-in die gebou die drumpel. Die assemblage wat binne die drumpel van die Madelief-koshuis ontstaan, word onder andere deur die koppeling van teorie, studentegesprekke, emosies, geproduseerde affekte en tekste gevorm. Dit is

hiër waar die veelvoudigheid wat die assemblage vorm en bestudeer word. Dit is ook hiër waar die verandering plaasvind, waar die vloei van affek en begeerte gekarteer word en waar vluglyne ontstaan.

1.5.3.4 *Transendentale empirisme*

Deleuze postuleer transendentale empirisme ten einde sy perspektief van lewe as wording en die rol wat ervaring daarin speel, weer te gee. Ervaring is nie gegrond in die individu nie; ervaring is nie 'n gebeurtenis wat slegs aan 'n outonome denkende subjek toegeskryf kan word nie. Ervaring is iets wat ontluikend en gesamentlik met ander subjekte en nie-materiële entiteite binne 'n assemblage gebeur (Masny, 2013b: 341). Deleuze (Voorwoord van Deleuze & Parnet, 2007: vii) stel voor dat 'n vorm van empirisme nodig is om hierdie verhoudinge wat 'n veelvoudigheid, 'n assemblage vorm, te bestudeer. Dit is 'n empirisme waar die abstrakte nie verduidelik nie, maar waar dit verduidelik moet word. Hy stel empirisme voorop teenoor die rasionalistiese filosofieë waar die abstrakte gebruik word om die konkrete te verduidelik en waar die abstrakte in die konkrete gerealiseer word. Die doel met transendentale empirisme is egter nie om die ewige of die universele te vind nie, maar om eerder die kondisies te vind waaronder iets nuuts geproduseer kan word, m.a.w. waaronder kreatiwiteit ontstaan. Deleuze is 'n voorstaander vir 'n empirisme wat deur immanensie word. Transendentale empirisme is dus 'n manier waarop die veelvoudigheid van 'n assemblage bestudeer kan word (en die verbandhoudendheid daarvan) deur by die immanensie van die ding te begin, en dit uit te lig. Immanensie verwys na die spesifiekheid of enkelvoudigheid van 'n ding. Deleuze stop egter nie by die ding-insig-self nie, maar fokus op die verhoudinge of relasies tussen dinge. Dit ondersoek die lyne tussen immanensie en word daarom 'n transendentale empirisme genoem (Coleman & Ringrose, 2014: 10).

In hierdie afdeling is die *operasionalisering* van konsepte (koppeling) bespreek; *waar* dit gaan plaasvind binne hierdie betrokke studie (die drumpel); en *hoe* die waarneming van hierdie koppeling binne die drumpel moontlik is (transendentale empirisme). Hierdie operasionalisering van teorie is verduidelik binne die konteks van wat Deleuze/Guattari bedoel wanneer hulle skryf oor teorie *as* praktyk.

Transendentale empirisme stel my dus in staat om te begin met die enkelvoudige ervarings van en tussen studente. Dit stel my in staat om koppeling van die teorie en konsepte met die sosiale konteks van Madelief-koshuis as die drumpel waar veranderinge en vloeiinge/stromings plaasvind, waar te

neem. Transendentale empirisme gaan dus as't ware die metodes wat ek gebruik om empiriese gegewens in te samel, vooraf. Transendentale empirisme bepaal dus die wyse, die *hoe* waarop ek my metodes gaan implementeer. In Deleuze/Guattariaanse terme is transendentale empirisme dus die drumpel waar teorie en praktyk vervloei. Die metodes wat ek kies, gaan tot 'n mate die sosiale realiteit skep wat ek bestudeer. In metodologiese terme beteken dit dat ek aandag moet skenk aan die wyses waarop sosiale realiteite deur metodes gemaak word; meer spesifiek, hoe dit *anders* gemaak kan word (Coleman & Ringrose, 2014: 11). Aangesien teorie praktyk *is*, is dit belangrik om die metodes én die manier waarop ek die metodes gebruik te bespreek.

1.5.4 NAVORSINGSMETODES GEPAS VIR ASSEMBLAGES

In hierdie studie word die tradisionele en rigiede onderskeid tussen 'n teoretiese lens (teorie), navorsingsmetodologie (praktyk) en metodes nie net vloeibaar nie, maar word die verhouding tussen hierdie velde *anders* gelees en verstaan. Teorie en praktyk, asook die metodes wat gebruik gaan word, oorvleuel met mekaar – die een *is* en *word* die ander; die teorie *is* die metodologie *is* die metode. Hierdie studie is dus 'n assemblage waar teorie, metodologie en metodes met mekaar koppel, asook met my die navorser en die studente wat deel vorm van die Madelief-assemblage.

Deleuze/Guattari se konsepte en idees is egter onversoenbaar met konvensionele navorsingsmetodes wat dikwels in die sosiale wetenskappe gebruik word, aangesien metodes soos bv. in-diepte onderhoude en fokusgroepgesprekke binne 'n humanistiese kwalitatiewe metodologie waar die rasionele subjek sentraal staan, ontstaan het (Johansson, 2015: 1-2; St.Pierre, 2014: 1-3). Deleuze/Guattari se alternatiewe subjektiwiteitsbeskouing waarvolgens subjektiwiteit ontluikend ontstaan as 'n newe-effek weens die verbandhoudendheid met ander subjekte en objekte, noodsaak egter ander navorsingsmetodes wat hierdie stroming, koppeling en immanensie in ag neem (Coleman & Ringrose, 2014: 7-10). Binne post-kwalitatiewe navorsing word daar dus geëksperimenteer met navorsingsmetodes en aanbiedingswyses van navorsing wat gepas is vir 'n spesifieke studie (Honan, 2014: 1). Metodes wat geskep word moet in lyn wees met die teorie wat gebruik word (St. Pierre, 2011: 611-625). Vindingryke metodes, wat geskep word om met spesifieke sosiale aangeleenthede binne 'n spesifieke studie om te gaan, is dus daarop gemik om 'n werklike verskil te maak. In metodologiese terme is dit in ieder geval onmoontlik om metodes te herhaal, aangesien herhaling altyd verskil impliseer. Konsepte is vir Deleuze nie voorstellend, reflektief of beskrywend nie, maar altyd alreeds kreatief van aard. 'n Deleuze/Guattariaanse metodologie is dus altyd vindingryk, en die metodes wat binne 'n Deleuze/Guattariaanse studie gebruik word, is

kreatiewe nuutskeppings – dit *is* wordings (Coleman & Ringrose, 2014: 5-6). Deleuze/Guattari se denke is van onskatbare waarde vir hierdie studie, aangesien hulle verskeie nuwe konsepte, wat nie in die humanistiese epistemologieë en ontologieë ingebed is nie, verskaf wat kreatief gebruik kan word (St.Pierre, 2014: 16). Binne hierdie studie word navorsingsmetodes en die generering van empiriese gegewens dus ontwikkel wat binne 'n post-kwalitatiewe, Deleuze/Guattariaanse raamwerk pas, en ook die spesifieke konteks van die Madelief-assemblage in ag neem.

Vervolgens bespreek ek die metodes, asook die wyse waarop empiriese gegewens in hierdie studie gegenerer is.

1.5.4.1 Koppeling

'n Risoomagtige koppeling as metode gaan 'n sambreel vorm oor al die ander metodes wat gebruik word in hierdie studie. Soos reeds genoem, is koppeling dit wat gebeur binne die assemblage, en is dit dus die operasionalisering van die assemblage. In hierdie studie word Deleuze/Guattari se teorie en konsepte met my as navorser én met my as leser gekoppel¹¹. Die Madelief-gemeenskap vorm veelvoudighede wanneer die studente se realiteite deur middel van gesprekke en nieverbale interaksie aan mekaar gekoppel word. Wanneer ek 'n gesprek met 'n student voer, koppel die een subjektiwiteit met 'n ander binne die Madelief-koshuis as drumpel. Alles koppel op 'n masjiniestiese wyse in by mekaar en so word 'n tydelike assemblage geskep waar affek en begeerte die assemblage vorm en deur die assemblage gevorm word. Alles gebeur dus teen die agtergrond van koppeling as aksies binne 'n dinamiese komplekse stelsel-in-wording.

Belangrik om ook te noem is dat hierdie studie 'n risoom is. Die risoom/studie het dus strenggesproke nie 'n begin of einde, mikpunte of doelwitte nie. Alhoewel ek dus hier-bo in afdeling 1.4 doelwitte gelys het, kan hierdie doelwitte nie bepaal dat die navorsing presies so verloop nie. Die risoom/studie word dus gedefinieer deur die inherente moontlikhede waaroor dit beskik om nuwe en onvoorsiene terreine te skep. Om die onsekerhede van die risoom/studie dus te erken, is om eerlik te wees oor die navorsing – daar is geen waarborg of sekerheid wat wording betref nie (Johansson, 2015: 1-2).

¹¹Jy as leser moet in gedagte te hou dat ek my eie subjektiwiteit, as navorser en koshuishoof en dus as veelheid, binne hierdie studie problematiseer. Nou is dus die tyd om die bril van die gesentraliseerde ego af te haal, en subjektiwiteit as veelvoudigheid te sien.

1.5.4.2 *Die bestudering van Deleuze/Guattari se teorie en konsepte*

Om te lees is vir Deleuze 'n proses waarin daar gevra word wat 'n teks doen, hoe dit werk en wat die teks skep en produseer. Wanneer 'n literatuurstudie gedoen word, koppel die navorser met die teks en 'n assemblage vorm. Hierdie intensiewe, immanente proses waar navorser en teks koppel het 'n deterritorialiserende effek waar die assemblage transformeer en die komponente binne die assemblage verander. Hierdie deterritorialisering bring dan mee dat die navorser die teks en die self anders lees en verstaan (Masny, 2013b: 342). Deur die bestudering van Deleuze/Guattari se primêre en sekondêre tekste het ek 'n assemblage gevorm. Uit hierdie leesproses het ander navorsingsidees gespruit. Die volgende uittreksel uit 'n onderhoud met Elizabeth St. Pierre, is 'n goeie aanduiding van hoe ek hierdie navorsingsproses benader het:

So I ask my students what they are already doing that they're interested in thinking more about, in reading about, in studying. In effect, they've already begun. The first thing I want them to do is read, read, read and then "do" the next thing that makes sense and to keep doing the next things and then all that doing is a methodology—that is, if they still must cling to the idea of methodology (Guttorm, 2015: 16).

Ek het gedurende hierdie studie (en selfs voor dit) myself verdiep in die primêre en sekondêre tekste van Deleuze/Guattari. Vir die doeleindes van hierdie studie is hul teorie en konsepte met die oog op hul operasionalisering, bestudeer en bedink. Hierdie operasionalisering vind plaas binne die Madelief-assemblage. Hierdie metode is gepas vir my studie, aangesien ek nuuskierig is en wil sien tot watter mate Deleuze/Guattari se konsepte en idees prakties toegepas kan word om anders te kyk na gerasde subjektiwiteite. Konsepte kan nie geoperasionaliseer word indien ek as navorser nie hierdie konsepte begryp nie. Die beste manier om hierdie konsepte te begryp is om daarvoor te lees, om daarvoor na te dink, en om weer te lees. Binne hierdie assemblage skep die teks die navorser en die navorser die teks. Hierdie uittreksel uit 'n onderhoud met Elizabeth St. Pierre verduidelik presies hoe hierdie navorsingmetode binne hierdie studie werk:

But the writing I most enjoy is when I've decided to write about a topic I don't know very well. The challenge then is to do the reading, to commit to finding the time to read about the topic so I can write about it. And then I'm really trying to learn something, and I read and read and read (Guttorm, 2015: 20).

1.5.4.3 *Generering van empiriese gegewens*

Ten einde empiriese gegewens binne hierdie navorsings-assemblage te genereer, het ek gesprekke met studente en personeel gevoer, joernaalinskrywings gemaak en kritiese gesprekke met vriende en kennisse gevoer. Hierdie post-kwalitatiewe metodes is spesifiek geskep vir hierdie studie en is in lyn met die teorie en konsepte van Deleuze/Guattari.

a) Gesprekke

Binne 'n post-kwalitatiewe benadering beweeg ek weg van die humanistiese subjek as rasionele, denkende individu. 'n Post-humanistiese verstaan van subjektiwiteit waar die subjek 'n masjiniestiese assemblage is wat deur koppeling met ander subjektiwiteite en entiteite ontplooi, word binne hierdie studie aangehang. Hierdie skuif het implikasies vir die wyse waarop onderhoude of gesprekke met studente en personeel verstaan word. Ten einde empiriese gegewens te genereer vir hierdie studie, voer ek gesprekke met studente en personeel. Hierdie gesprekke is informeel, losweg gestruktureer en vorm assemblages. Binne die assemblages koppel die studente met mekaar en met my as navorser. Ander heterogene komponente soos die kamer waarin ons ons bevind, vorm ook deel van die gesprek-assemblage (Honan, 2014: 2). Ek as navorser word gedentraliseer binne die gesprek-assemblage. Die fokus is nie die intensionele betekenis van *dit* wat die studente en personeel uiter nie, maar eerder om te sien wat gebeur binne die gesprek assemblage; wat word geproduseer.

Mazzei (2013: 732-734) help ons om anders te dink oor gesprekke, onderhoude en stemme binne post-kwalitatiewe navorsing. Sy voer aan dat 'n post-humanistiese subjek nie 'n rasionele, individuele wese is wat met een koherente stem praat waar die woorde vaste betekenis het nie. Die post-humanistiese subjek is 'n drumpel waardeur affekte en intensiteite vloei, waar dit deur begeerte aangedryf word. 'n Enkele, koherente stem kan dus nie aan hierdie soort subjektiwiteit toegeskryf word nie. 'n Deleuze/Guattariaanse subjek kan oor meer as een stem beskik. Deleuze/Guattari verwys selfs na hulself as veelhede:

The two of us wrote *Anti-Oedipus* together. Since each of us was several, there was already quite a crowd (Deleuze & Guattari, 2008: 3).

Mazzei (2013) verwys na Deleuze/Guattari se konsep "liggaam-sonder-organe" om haar punt oor te dra. Liggaam-sonder-organe is 'n konsep wat Deleuze/Guattari gebruik om denke sonder die (denkende) subjek te bedink. Ten einde 'n stem los te maak van die intensionele humanistiese subjek, skep sy die konsep "stem-sonder-organe". Stem-sonder-organe stel ons dan in staat om die stem as deel van die assemblage te beskou waar dit koppel met verskeie menslike en nie-menslike komponente. Dit beteken dat al die kragte wat binne die navorsings-assemblage ontmoet – studente, personeel, navorser, wordings, stemme, transkripsies, empiriese gegewens – met mekaar gekoppel word om met die stem-sonder-organe te koppel (Mazzei, 2013: 734-738).

In hierdie studie moet die stem-sonder-organe voortdurend in gedagte gehou word, aangesien dit help om Deleuze/Guattari se alternatiewe subjektiwiteitsbeskouing te bedink. Die implikasies hiervan is dat 'n verskeidenheid van stemme gehoor kan word, selfs al is daar slegs twee persone wat aan 'n gesprek deelneem. In die gesprekke word dit duidelik dat een individu oor verskeie stemme beskik. Metodologies verskuif die fokus dus weg van die individu en aandag word gegee aan die stemme. Hierdie skuif maak dit moontlik om aandag te gee aan hoe stemme met mekaar koppel en wat geproduseer word. 'n Ander implikasie van die stem-sonder-organe is dat dit onsinnig is om te onderskei tussen groeps gesprekke en individuele gesprekke, of hoeveel "deelnemers" aan 'n gesprek daar is, aangesien 'n subjek oor meer as een stem beskik (Johansson, 2015, 10).

Die voer van gesprekke is gepas vir my studie, aangesien dit die koppeling tussen Deleuze/Guattari se konsepte, my as navorser, die UV personeel en die Madelief-studente moontlik maak. Deur middel van gesprekke kan ek sensitiewe onderwerpe soos gerasde subjektiwiteit, groeps subjektiwiteit, persepsies en vooroordeel karteer. Dit stel my in staat om te verstaan hoe 'n affektiewe assemblage van gerasde subjektiwiteit tot stand kom. Hierdie gesprekke is 'n metode wat ek binne 'n post-kwalitatiewe navorsingsmetodologie ontwikkel. Dit is gepas is vir hierdie spesifieke studie, aangesien dit my in staat stel om Deleuze/Guattari se teorie en 'n sosiale konteks met mekaar te koppel. Ek verkry sodoende insig in die wyse waarop 'n Deleuze/Guattariaanse subjektiwiteit tot stand kom, wat weer lig werp op die wyse waarop gerasde subjektiwiteite binne die Madelief-koshuis vorm.

b) Joernaalinskrywings

To write is perhaps to bring this assemblage of the unconscious to the light of day, to select the whispering voices, to gather the tribes and secret idioms from which I extract something I call my Self (*Moi*). I is an order-word. A schizophrenic said: 'I heard voices say: *he is conscious of life*'¹² (Deleuze & Guattari, 2008: 93).

Joernaalinskrywings behels tradisioneel die neerskryf of opskryf van 'n navorser se gedagtes, idees, waarnemings, verwagtinge en gesprekke op 'n daaglikse of weeklikse basis. Hierdie inskrywings is

¹² Deleuze/Guattari wil wegbeweeg van psigoanalise, wat sigself besig hou met die rasonele, gesentreerde subjek. Hulle stel dan 'n alternatiewe metode, skisoanalise, voor wat sigself besig hou met die skisofreen. Die idee van die skisofreen is dan 'n wyse waarop Deleuze/Guattari se alternatiewe subjektiwiteitsbeskouing bedink kan word. Met skisoanalise vang hulle die teenstrydige, skiso-agtige (schizoid) toestande vas wat ons in "laat kapitalistiese moderniteit" omring, maar wat ons verplig is om te ontken weens die verwagting dat ons ondubbelsinnige, gesentreerde en rasonele subjekte moet wees. Skisoanalise is dus 'n metode wat komplekse beliggaamde, relasionele, ruimtelike, affektiewe energieë karteer (Ringrose, 2011: 599)

reflektief van aard en dui onder andere die navorser se denkproses aan, asook die wyse waarop die navorsing geanaliseer, herbedink en gekritiseer word (Janesick, 2011: 161).

In hierdie studie is dit egter problematies om joernaalinskrywings as iets apart te beskou van dit wat in die proefskrif geskryf word, juis omdat hierdie teks koppel met die joernaalinskrywings binne die navorsings-assemblage. Verskeie gedeeltes van die proefskrif het ontstaan as joernaalinskrywings. Tegnies is die onderskeid tussen die proefskrif en joernaalinskrywings onsinnig. Die skryfproses in geheel is 'n wyse waarop ek sin maak van empiriese gegewens, van Deleuze/Guattari se konsepte en van verskillende stemme in transkripsies. Skryf is die wyse waarop teorie en praktyk met mekaar koppel. Skryf is ook 'n wordingsproses waartydens ek deterritorialiseer en territorialiseer. Ek koppel met empiriese gegewens en teorie, wat my weer transformeer. Volgens Deleuze/Guattari (Mazzei, 2016: 158) is dit wat ek as skrywer produseer, altyd 'n produk van 'n kollektiewe assemblage van uitdrukking. 'n Veelvoudigheid word dus geskryf en ek as skrywer is die drumpel waar dit plaasvind. Om te skryf is ook soos wat Elizabeth St. Pierre hier verduidelik, om te analiseer en te dink:

Of course, you can read forever. But it's when I have to use what I've been reading that I learn, when I have to write. It's when I actually have to put one word after another and one sentence after another that I understand what I don't know—that I don't know enough to write the next sentence. Or it can be as simple as not knowing the transition to use to connect sentences that indicates I'm at a loss. It's that combination of reading and writing that I just love, and I can't write without reading, so, to me, they work together. And analysis, I'd say thinking is analysis for me. It's in the thinking that writing produces that analysis occurs. I don't limit analysis to the way it's generally described in methodology texts (Guttorm, 2015: 21).

c) Kritiese gesprekke met vriende en kennisse

Nog 'n "metode" wat ek gebruik binne hierdie navorsings-assemblage, is kritiese gesprekke met vriende en kennisse. Hierdie metode is wyd toegepas. Gesprekke oor die empiriese gegewens, Deleuze/Guattari se konsepte, die Madelief-assemblage, die Suid-Afrikaanse politiese landskap en dies meer is met verskeie vriende en kennisse gevoer. Die navorsings-assemblage het dus gekoppel met mense, plekke en onderwerpe wat verder as die UV-kampus strek – as sodanig het dit die persoonlike, professionele en politiese deurbreek. Hierdie navorsings-assemblage ontstaan op 'n immanensievlak. Indien ons transendentale empirisme ernstig opneem, moet alle gesprekke en interaksies wat gedurende die navorsingsproses plaasgevind het (en selfs dit wat die proses voorafgaan), ernstig opgeneem word as deel van die wyse waarop empiriese gegewens gegenereer is. Die navorsingsproses en -assemblage is 'n wordingsproses waarbinne ek koppel met verskeie ander subjektiwiteite en nie-materiële entiteite.

Die waarde van hierdie metode vir my navorsing is dat die veelvoudigheid van die navorser lewendig word; ek is 'n veelvoudigheid van stemme en entiteite wat koppel en in kritiese gesprekke met ander subjektiwiteite word ek daarvan bewus. Ek as navorser word dan die drumpel waar al hierdie stemme kan koppel. Rajchman (2001: 6, 80) skryf dat ons moet dink in terme van veelvoudighede, eerder as identiteite en rasonele, individuele subjekte. Hierdie veelvoudighede en koppelings moet egter gemaak word (Deleuze & Guattari, 2008: 7) en ons kan slegs leer hoe om te koppel deur dit te *doen*; deur te eksperimenteer en veelvoudighede te maak. Die voer van kritiese gesprekke met vriende en kennisse is een wyse waarop hierdie veelvoudigheid en koppelings geskep word. Ons moet dit doen, want dit gebeur nie vanself nie:

We must always *make* connections, since they are not already given. Such is the principle Deleuze finds already in Hume's associations, understood as 'relations external to their terms,' and the way they eventually lead to a jurisprudence of 'conventions' prior to the violence of social 'partialities' (Rajchman, 2001: 6).

1.6 AFBAKENING VAN DIE STUDIE

1.6.1 WETENSKAPLIKE AFBAKENING

Hierdie studie vind binne die terrein van hoër onderwys (HO) plaas. Hoëronderwysstudie is nie 'n dissipline nie, maar eerder 'n breë studieveld wat dikwels interdissiplinêre en multidissiplinêre werksywes verg. Volgens Bitzer en Wilkinson (2009: 370) het HO en aanverwante navorsingsbelangstelling die afgelope twee dekades aansienlik uitgebrei. Hierdie toenemende navorsingsbelangstelling het verreikende gevolge, aangesien die karakter en funksionering van HO-sisteme en -instellings daadwerklike implikasies inhou vir alle lede van die Suid-Afrikaanse samelewing, ongeag of hulle direk met HO in kontak is al dan nie (soos wat ons gesien het met #RhodesMustFall, #FeesMustFall en ander protesoptredes gedurende 2015/2016 teen uitkontraktering van werkers by verskeie HO-instellings).

Soos reeds vroeër in die studie genoem, is die transformasie van HO na 1994 ononderhandelbaar. Beleide wat egter na 1994 in plek gebring is om transformasie en gelykheid te implementeer, het eers teen 2000 impak begin maak. Hierdie veranderinge soos onder andere groter studentetoegang, meer diverse studentegroep en die vraag na meer studentebefondsing, stel 'n uitdaging aan HO, insluitend diegene wat binne die veld werk. Binne HO was daar egter 'n tekort aan akademiëci wat navorsingservaring het, asook praktiese ervaring, ten einde voldoende met hierdie uitdagings en problematiek wat transformasie teweeg bring, om te gaan. Die verhouding tussen kontemporêre sosiale en ekonomiese veranderinge, die transformasie van HO, en die rol wat akademiëci hierin

speel, is nie meer vanselfsprekend nie en open verskeie nuwe navorsingsmoontlikhede. Veranderinge binne HO lei tot navorsingsvrae wat nuwe vorme van sosiale wetenskap metodologieë benodig (Bitzer & Wilkinson, 2009: 370, 377-378). My studie aangaande gerasde subjektiwiteite binne 'n voorgraadse HO-koshuis is derhalwe 'n poging om die problematiek rondom HO-transformasie aan te spreek. Deur middel van 'n andersoortige metodologie, wat binne post-kwalitatiewe navorsing geïmplementeer word, gebruik ek Deleuze/Guattari se konsepte om anders oor gerasde subjektiwiteite te dink.

Hierdie studie vind aansluiting by twee van Tight (2012: 7) se navorsingskategorieë binne HO. Hierdie temas is 1) die studente-ervaring en 2) institusionele bestuur. Ten einde die transformasie van HO binne die navorsingskategorieë van HO te vestig en bevestig en die navorsingsveld te verbreed sodat dit in pas is met wat op grondvlak in Suid-Afrika aangaan, stel Wilkinson en Van Jaarsveld (2009, in Bitzer & Wilkinson, 2009: 391-394) twee bykomende kategorieë voor wat gevoeg moet word by Tight (2003, in Bitzer & Wilkinson, 2009: 387) se klassifisering van navorsingsaangeleenthede en onderwerpe binne HO. Hierdie kategorieë is: 1) HO-transformasie in Suid-Afrika en 2) HO en sosio-kulturele verhoudinge, koppelings en verantwoordelikhede (Bitzer & Wilkinson, 2009: 391- 393). My studie vind dus inderdaad aansluiting by hierdie kategorieë.

1.6.2 GEOGRAFIESE AFBAKENING

Madelief-koshuis is in 1971 gebou toe die UV se studentetalle aansienlik begin toeneem het en daar nie genoeg verblyf op die kampus was nie. Die koshuisinwoners was aanvanklik mans en dames, en aangesien die universiteit gedurende daardie jare slegs wit studente ingeneem het, was al die inwoners wit (UV, 2006: 71). In Augustus 1990 het die UV se topbestuur besluit om dié beperking op koshuistoelating vir nagraadse swart studente op te hef. Swart studente se aansoek om koshuisverblyf het in 1992 skerp toegeneem en vanaf 1992 tot 1995 het die meeste swart damesstudente by die koshuise NJ van der Merwe en Madelief ingetrek. Madelief-inwoners was studente uit goeie huise en gemengde skole wat meer gematig was en min in politiek belang gestel het (UV, 2006: 432-433). Na die studente-onluste in 1997 wat weens 'n poging om koshuise te integreer ontstaan het, het studente uit verskillende groepe daarop aangedring dat afsonderlike koshuise vir verskillende kultuurgroepe aangewys moet word. 'n Beleid van vrye assosiasie is aanvaar en studente kon kies of hulle in wit, gemengde of swart koshuise wou woon (UV, 2006: 435). Madelief het in 2011 (die jaar wat ek as koshuishoof aangestel is) 12 wit inwoners gehad.

Madelief is een van elf voorgraadse dameskoshuise geleë op die hoofkampus van die UV. Soos reeds genoem, vind my navorsing in Madelief-koshuis plaas. Die koshuis kan 179 studente, waarvan min of meer 63 eerstejaarstudente is, huisves. Die studente van bykans alle studierigtings bly gemiddeld twee tot vier jaar in die koshuis. Die studente is meestal voorgraadse studente, alhoewel honneursstudente soms aanbly. Aangesien die Madelief-assemblage gevorm word deur al die studente in Madelief, maak *al* die inwoners deel uit van hierdie studie. Studente se toestemming is verkry en aangesien hulle deel vorm van die studie, is hulle gereeld oor my studie ingelig.

1.7 ETIESE OORWEGINGS

’n Uitleg van hierdie studie, die etiese oorwegings en implikasies van die studie is aan die Komitee vir Titelregistrasie en die Etiese Komitee van die UV se Fakulteit Opvoedkunde voorgelê. Etiese klaring vir die onderneming van die studie is verleen (cf. Bylae A; HSD2015/0298) en ek het ook toestemming verkry van die waarnemende Studentedekaan, Me. Cornelia Faasen, om hierdie studie uit te voer (cf. Bylae B). Die deelnemers aan die studie het vrywaringsvorme (cf. Bylae C en D) onderteken, ten einde te verseker dat hulle teen uitbuiting, onnodige blootstelling en skade beskerm word. Ten spyte van die feit dat sommige studente geen probleem gehad het dat hul regte name in hierdie verslag gebruik word nie, het ek wel besluit om eerder van skuilname te gebruik om hul privaatheid te beskerm. Studente het hulle eie skuilname gekies. Personeel wie se regte name wel gebruik is, het skriftelike toestemming daartoe verleen. Ek het alles in my vermoë gedoen om te verseker dat niemand skade lei weens die uitvoer van hierdie studie nie.

1.8 UITLEG VAN DIE STUDIE

Tot sover dan wat Hoofstuk 1 betref. Hierdie studie bestaan uit ses hoofstukke. In Hoofstuk 2 pak ek Deleuze/Guattari se konsepte en idees uit. Deleuze se kritiek op die tradisionele denkbeeld word ook bespreek, waarna Deleuze/Guattari se alternatiewe subjektiwiteitsbeskouing uiteengesit word. Die impak wat Deleuze/Guattari se denke op ons beskouing van ras het word daarna bespreek. In Hoofstuk 3 word die metodologie van die studie – teorie as praktyk – bespreek. Hierdie eksperimentele metodologie word binne ’n post-kwalitatiewe navorsingsbenadering gekontekstualiseer. In Hoofstuk 4 wat ’n assemblage vorm, word ’n oorsig gegee van die transformasie van UV-koshuise tussen 1994 en 2015. In Hoofstuk 5, wat ’n risoom vorm, word die empiriese gegewens gekoppel met Deleuze/Guattari se konsepte. Ter voorlopige “afsluiting”, dien Hoofstuk 6 as ’n verdere vertakking van die proefskrif-risoom.

Jy as leser sal oplet dat Deleuze/Guattari se konsepte wat kortliks hierbo bespreek is (Afdeling 1.5), voortdurend weer en weer in die proefskrif opduik. Die herhaling van die konsepte is egter nie ondeurdag nie. Dit 'n manier om Deleuze/Guattari se andersoortige konsepte toeganklik te maak, sodat die operasionalisering van die konsepte in Hoofstukke 4 tot 6 waargeneem en begryp kan word. Dit is belangrik om te noem dat suiwer herhaling, soos wat ons die woord tradisioneel ken, volgens Deleuze nie bestaan nie, omdat elke herhaling *verskil* van dit wat dit herhaal, met ander woorde verskil van dit wat herhaal word. Elke herhaling word gekenmerk deur verskil. Om te leer, voer Deleuze (2004b: 25-26) aan, is om te herhaal, waar herhaling 'n aktiewe deelname noodsaak:

The movement of the swimmer does not resemble that of the wave, in particular, the movements of the swimming instructor which we reproduce on the sand bear no relation to the movements of the wave, which we learn to deal with only by grasping the former in practice as signs. That is why it is so difficult to say how someone learns: there is an innate or acquired practical familiarity with signs, which means that there is something amorous – but also something fatal – about all education. We learn nothing from those who say: 'Do as I do'. Our only teachers are those who tell us to 'do with me', and are able to emit signs to be developed in heterogeneity rather than propose gestures for us to reproduce. In other words, there is no ideo-motivity, only sensory-motivity. When a body combines some of its own distinctive points with those of a wave, it espouses the principle of a repetition which is no longer that of the Same, but involves the Other – involves difference, from one wave and one gesture to another, and carries that difference through the repetitive space thereby constituted. To learn is indeed to constitute this space of an encounter with signs, in which the distinctive points renew themselves in each other, and repetition takes shape while disguising itself.

As leser word jy dus aangemoedig om elke keer *anders* met Deleuze/Guattari se konsepte te koppel, sodat hierdie leerproses herhaaldelik 'n wordingsproses word. Voel vry om self te eksperimenteer met die koppeling van die konsepte en empiriese gegewens. Dit is immers deur die konsepte toe te pas, deur die *doen-aksie*, dat leer en wording plaasvind.

HOOFSTUK 2: TEORETIESE LENS EN OPERASIONALISERING VAN KONSEPTE

A concept is a brick. It can be used to build the courthouse of reason. Or it can be thrown through the window

- Brian Massumi (2008: xii)

2.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk is die teoretiese en operasionele ruggraat van die proefskrif en verduidelik die teoretiese lens, asook die wyse waarop teorie en konsepte kan koppel met die leefwêreld waarin ek en die studente onself bevind. Die doel van hierdie hoofstuk is om te verduidelik a) waarom Deleuze se teorie gepas is vir die studie; b) waarom 'n Deleuze/Guattariaanse verstaan van gerasde subjektiwiteit gepas is vir die studie; en c) te wys hoe die konsepte geoperasionaliseer gaan word. Hierdie operasionalisering sluit die wyse in waarop teorie as praktyk beskou word, asook die wyse waarop konsepte nie slegs idees is nie, maar ook dinge kan *doen*. Die operasionalisering van die konsepte is dus die metodologie van die studie.

2.2 DELEUZE SE KRITIEK OP DIE TRADISIONELE DENKBEELD

Om te verstaan waarom Deleuze/Guattari se denke in hierdie studie gebruik word, is dit belangrik om meer onvattend te besin oor Deleuze se kritiek op die tradisionele denkbeeld. Volgens Deleuze het elke filosofie 'n denkbeeld; 'n stille, onuitgesproke vanselfsprekende voorveronderstelling wat die konsepte en hul verbandhoudendheid voorafgaan (Rajchman, 2001: 32). In *Difference and Repetition* (2004b) werk Deleuze met die denke van Plato, Hume, Bergson, Nietzsche en Kant ten einde 'n fisika en metafisika van verskil aanmekaar te weef. Hier kritiseer hy die filosofie wat gekenmerk word deur voorstelling (representation) wat reeds sedert Plato Europese denke domineer. Deleuze poog om 'n alternatief aan te bied. Met behulp van die verskillende soorte veelvoudigheid van Bergson, die ontologie van ewige wederkoms (Nietzsche) en 'n transendentale empirisme sit Deleuze 'n sistematiese filosofie van verskil aanmekaar (Vertaler se Voorwoord: *Difference and Repetition*, 2004b: vii).

Volgens Deleuze het die meeste filosowe *verskil* onderdanig gestel aan die identiese, dit wat dus dieselfde is, die teenoorgestelde of die gelyksoortige. Verskil is *in* die konsep self geplaas en alhoewel dit konsepsuele verskil moontlik gemaak het, het dit nie 'n konsep van verskil geproduseer

nie. Deleuze argumenteer dus dat ons in ons denke neig om verskil ondergeskik te stel aan identiteit, soortgelykheid, teenstelling en analogie:

We tend to subordinate difference to identity in order to think it (from the point of view of the concept or the subject: for example, specific difference presupposes an identical concept in the form of a genus). We also have a tendency to subordinate it to resemblance (from the point of view of perception), to opposition (from the point of view of predicates), and to analogy (from the point of view of judgement). In other words, we do not think difference in itself. With Aristotle, Philosophy was able to provide itself with an organic representation of difference, with Leibniz and Hegel an organic representation: it has not, for all that, reached difference in itself (Deleuze, 2004b: xiii).

Alvorens die kragte van verskil en herhaling tot volle wasdom kan kom, moet hierdie tradisionele en dogmatiese denkbeeld eers volgens Deleuze, bevraagteken word. Deleuze meen dat die tradisionele denkbeeld nie net veroorsaak dat ons volgens 'n sekere metode dink nie, maar ook dat daar iets implisiet in hierdie denkbeeld is wat vooraf veronderstel word: die tradisionele denkbeeld bepaal ons doelstellings wanneer ons probeer dink. Deleuze wil hierdie illusies as deel van die dogmatiese denkbeeld uitwys ten einde die dogmatisme te ontbloot. So word daar byvoorbeeld veronderstel dat denke goed van aard (*good natured*) is, en dat die denker oor 'n goeie aard beskik of goed van nature is (lees: die denker wil die "waarheid" uitvind, waar "waarheid" beskou word as die edele einddoel van denke¹³). Deleuze gebruik die proses van die herkenning van 'n objek om te wys hoe "gesonde verstand" (*common sense*) toegepas word om toegeskrewe eienskappe van die objek te herken. Foutiewe denke word as die groot vyand binne die tradisionele denkbeeld beskou. Ons neem aan dat die waarheid te doen het met oplossings, met ander woorde dat proposisies

¹³ 'n Pragtige aanhaling uit *Difference and Repetition* waar Deleuze uitwys dat Nietzsche "die waarheid" op 'n sarkastiese wyse as 'n skadelose wese beskryf, wat in die pad staan van die nuwe: "In so far as the practical finality of recognition lies in the 'established values', then on this model the whole image of thought as *Cogitatio natura* bears witness to a disturbing complacency. As Nietzsche says, Truth may well seem to be 'a more modest being from which no disorder and nothing extraordinary is to be feared: a self-contented and happy creature which is continually assuring all the powers that be that no one needs to be the least concerned on its account; for it is, after all, only 'pure knowledge' ... 'What is a thought which harms no one, neither thinkers nor anyone else? Recognition is a sign of the celebration of monstrous nuptials, in which thought 'rediscovers' the State, rediscovers 'the Church' and rediscovers all the current values that it subtly presented in the pure form of an eternally blessed unspecified eternal object. Nietzsche's distinction between the creation of new values and the recognition of established values should not be understood in a historically relative manner, as though the established values were new in their time and the new values simply needed time to become established. In fact it concerns a difference which is both formal and in kind. The new, with its power of beginning and beginning again, remains forever new, just as the established was always established from the outset, even if a certain amount of empirical time was necessary for this to be recognised. What becomes established with the new is precisely not the new. For the new – in other words, difference – calls forth forces in thought which are not the forces of recognition, today or tomorrow, but the powers of a completely other model, from an unrecognised and unrecognisable *terra incognita*" (Deleuze, 2004b: 171-172).

bestaan wat dien as antwoorde (Deleuze, 2004b: xiv-xv). Die volgende aanhaling sit die probleem uiteen:

Postulates in philosophy are not propositions the acceptance of which the philosopher demands; but, on the contrary, propositional themes which remain implicit and are understood in a pre-philosophical manner. In this sense, conceptual philosophical thought has as its implicit presupposition a pre-philosophical and natural Image of thought, borrowed from the pure element of common sense. According to this image, thought has an affinity with the true; it formally possesses the true and materially wants the true. It is *in terms of* this image that everybody knows and is presumed to know what it means to think. Thereafter it matters little whether philosophy begins with the object or the subject, with Being or beings, as long as thought remains subject to this Image which already prejudges everything: the distribution of the object and the subject as well as that of Being and beings (Deleuze, 2004b: 167).

Deleuze voer aan dat die hart van hierdie denkbeeld ontmasker en gekritiseer moet word, sodat denke *meer* kan wees as blote oplossing van probleme wat dit (die denkbeeld) kan herken. 'n Nuwe denkbeeld wat ons forseer om te dink, moet bedink word. Die vraag wat Deleuze dan vra, is hoe begin mens nie-dogmaties filosofer? (Rajchman, 2001: 36). Ten einde ons denke te bevry van die beelde van gesonde verstand wat ons gevange hou, postuleer Deleuze so 'n denkbeeld in *Difference and Repetition* (2004b). Saam met Guattari ontwikkel hy 'n plantaardige modus van denke; die risoom in teensteensstelling met 'n boom; dus risoomagtige denke eerder as boomagtige denke (Deleuze, 2004b: xv).

Die risoom stel ons ook in staat om anders te dink oor menslike subjektiwiteit, denke en wording. Denke bestaan uit intensiteite en affekte wat vloei. Die waarde van idees word nie bepaal deur 'n voorafbepaalde normatiewe model nie, maar deur die mate waarin dit met intensiteite en kragte gelaai is en die mate waarin dit nuwe moontlikhede vir lewensaksies oopmaak. Idees kan dus nie "regverdig" of "vals" wees nie. So 'n beskouing van filosofie as kritiek op die negatiewe en reaktiewe is ook kritiek op die dogmatiese denkbeeld wat dit onderhou. Die denkproses word eerder beskou as die tipologie van kragte (Nietzsche) en 'n gedragstudie van passies (Spinoza). Deleuze se risoomagtige styl bring dus die affektiewe "fondamente" van hierdie alternatiewe denkproses na vore (Braidotti, 2011: 282).

Vir die doeleindes van hierdie studie argumenteer ek dat indien ons nie ons gewoontevormende (gebaseer op sogenaamde gesonde verstand) manier van dink ondersoek en kritiseer nie, ons nie in staat sal wees om verskil-in-sigself te bedink nie. Wanneer die denkende subjek verskil onderdanig stel aan identiteit, verdwyn verskil in denke. Die fraktuur, die oopklouing van denke, verdwyn dus

(Deleuze, 2004b: 334). Hierdie onvermoë om werklik te dink het wesentlike en materiële gevolge vir ons bestaan in die wêreld. Indien ons nie verskil-in-sigself kan bedink nie, hoe kan ons leef met verskil in die wêreld? Indien die identiese vooropgestel word, hoe kan ons saamleef met liggame wat verskillend as ons eie liggame lyk, en denke wat verskil van ons eie?

Die rol en impak van denke gerig deur gesonde verstand moet dus nie gering geskat word nie. Posel (2001: 87) dui die verband tussen rasse-klassifikasie gedurende die Apartheidstyd en gewoontevormende denke aan wanneer sy 'n analise verskaf van staatspraktyke rakende rasse-klassifikasie en die epistemologiese onderbou daarvan. Posel (2001: 102-109) argumenteer dat die *Bevolkingsregistrasiewet* (1950) gebruik is om ras te koppel aan konvensie en gewoontevormende, gesonde verstanddenke. In die motivering vir die *Bevolkingsregistrasiewet*, het die Minister van Binnelandse Sake dit duidelik gemaak dat ras-klassifikasies gegrond is op voorkoms en leefstyl. Die *Wet op Gemengde Huwelike van 1949* wat huwelike tussen verskillende gerasde groeperinge verbied het, het aangedui dat (ge)ras(de)-voorkoms en sosiale gewoontes en nie 'n geboortesertifikaat nie, die bepalende faktor moes wees vir ras-tipering. Daar is destyds tydens debatte oor die *Bevolkingsregistrasiewet* geargumenteer dat die klassifikasie van rasse 'n oordeel was van 'n persoon se sosiale status wat gemaak is in oorleg met die persoon se tydsgenote. Die intensie van die wetgewer tydens Apartheid was dat 'n persoon geklassifiseer moet word na gelang van die siening van die mense van die gemeenskap. Die oriëntering van ras-gebaseerde beleide op ras-kategorieë as konstruksie eerder as beskrywing van iets essensieels, het die burokratisering van ras as "gesonde verstand" moontlik gemaak. 'n Persoon se voorkoms of sosiale assosiasie sou dan die bepalende faktor in hierdie klassifikasie wees. Die toets, soos uiteengesit deur die wet, was dus die opinie van 'n persoon se mede-landgenote. Ras is dus bepaal deur die oordeel van die samelewing en is gebaseer op konvensies wat oor jare heen ontstaan het. Rasse-klassifikasie het dus op 'n gesonde verstand berus; op 'n gewoontevormende manier van dink waar die definisie van 'n wit mens die norm was, en bruin en swart as afwykings van die norm beskou is. Die negatiwiteit van verskil, tekenend van die dogmatiese denkbeeld, kom hier sterk na vore.

Deleuze se kritiek op die tradisionele denkbeeld dien dan as inspirasie vir my studie oor gerasde subjektiwiteite, en meer spesifiek, die mate waarin studente in die Madelief-assemblage in staat is om verskil te bedink en met andersheid te leef, al dan nie. Die oorsprong van die illusie wat verskil onderdanig stel aan die valse mag van die negatiewe, moet in die mens gesoek word:

The origin of the illusion which subjects difference to the false power of the negative must therefore be sought, not in the sensible world itself, but in that which acts in depth and is incarnated in the sensible world (Deleuze, 2004b: 337).

Deleuze/Guattari se konsepte en denke is daarop gerig om die gewoontevormende manier van dink, die verstaan van die wêreld gebaseer op gesonde verstand te versteur. Die mate waarin rassisme 'n simptoom van die tradisionele denkbeeld is; waar verskil onderdanig gestel word aan identiteit; en gesonde verstanddenke voorkeur bo werklike, rou denke geniet, vorm dus deel van hierdie studie. Deleuze beveel aan dat die navorser en filosoof sonder aannames deur die lewe moet gaan, amper as 'n tipe idioot, om te kan ontsnap van die dogma van denke gerig deur gesonde verstand:

In Difference and Repetition Deleuze says in effect that the only way to 'start without presuppositions' in philosophy is to become some sort of Russian Idiot, giving up the presumptions of common sense, throwing away one's 'hermeneutic compass' and instead trying to turn one's 'idiocy' into the 'idiosyncrasies' of a style of thinking 'in other ways' ... Such Idiots help dramatize, in other words, what is 'pragmatically supposed' by a philosophy that no longer even purports to be derived from fixed methods or prior forms, that is instead content to work out its peculiar problems, at first given by intuition (Rajchman, 2001: 38).

Hierdie eiesoortige benadering tot denke en filosofie het 'n daadwerklike impak op die wyse waarop 'n Deleuze/Guattariaanse subjek verstaan word.

2.3 'N ANDERSOORTIGE SUBJEKTIWITEITSBESKOUIING

Deur hul andersoortige subjektiwiteitsbeskouing maak Deleuze/Guattari 'n radikale ontologiese aanspraak, aangesien die wyse waarop die subjek 'n subjek *word*, radikaal verskil van die tradisionele Westerse filosofiese beskouing. Hierdie aanspraak het dan ook epistemologiese implikasies, omdat Deleuze/Guattari se subjek *anders* waargeneem moet word, en by implikasie ook anders *waarneem*. Vervolgens word Deleuze/Guattari se beskouing van die subjektiveringsproses bespreek.

2.3.1 DIE SUBJEKTIVERINGSPROSES

Deleuze en Guattari plaas klem op die prosesmatige aard van die produksie van subjektiwiteit. Hulle verwys na subjektiwiteit as 'n praktyk van subjektivering. Subjektiwiteit moet dus anders geformuleer word: "voorbij de klassieke oppositie tussen individueel subject en maatschappij" (Oosterling & Thissen, 1998: 22). Subjektiwiteit is dus nooit 'n gegewe nie en Deleuze en Guattari gaan selfs so ver as om die idee van die self 'n soort van filosofiese fiksie te noem wat deur gewoonte gevorm word (Rajchman, 2001: 83). Hierdie "slenter" of beweging waarin die self gevorm word,

word dan versterk in die werke van Immanuel Kant waar die “ek dink” vooraf bepaal word met ’n oorspronklike verbintenis tot temporaliteit (Rajchman, 2001: 17). Subjektiviteit is egter nie iets wat vooraf bestaan nie, want dit word geproduseer. Deleuze/Guattari beskou die produsering van subjektiviteit as ’n kreatiewe, artistieke proses waarin affek, wat slegs immanent tot sigself is, ’n bepalende faktor is (Semetsky, 2003: 214). In sy boek *Chaosmosis* (1995) praat Guattari nie van ’n subjek nie, maar van subjektivering. Subjektivering dui op ’n proses wat slegs na die tyd en refleksief as subjektiviteit gesien kan word (Oosterling & Thissen, 1998: 22).

Die produsering van subjektiviteit vind plaas binne ’n komplekse, affektiewe assemblage bestaande uit ander liggame, subjekte en objekte (Renold & Mellor, 2014: 24). Vanuit ’n performatiewe perspektief stel die prosesmatigheid of wording van subjektiviteit ons in staat om die alledaagse vorming van subjektiviteit, soos dit plaasvind deur die herhaling van aaneenlopende bewuste en onbewuste aksies, te verstaan (Renold & Mellor, 2014: 25). Gerasde subjektiviteite sal byvoorbeeld ook by wyse van herhaling neerslag vind op die liggaam van ’n individu. Deleuze/Guattari se subjektiviteitsbeskouing gaan egter verder – die individu word gevorm deur ’n gekonnekteerde en kollektiewe, affektiewe assemblage bestaande uit ander liggame en dinge. Hul subjektiviteitsbeskouing oorskry dus die individu (Renold & Mellor, 2014: 25). Volgens hierdie beskouing beskik die individu nie oor ’n *self* wat bestaan as ’n aparte entiteit met ’n stabiele ego nie. Mense kan nie verdeel word in interne en eksterne komponente nie, en beskik ook nie oor interne wil of agentskap wat eksterne aksie motiveer nie. Om so te dink, is ’n illusie wat spruit uit Verligtingsrasionaliteit (Taylor, 2014: 46).

Hierteenoor stel Deleuze/Guattari voor dat subjektiviteite veelvoudighede is wat gekenmerk word deur die vloei van kragte, intensiteite en begeertes, en dat individue voortdurend deur ’n proses van dinamiese individuasie gevorm word (Taylor, 2014: 46). Die veranderende *self* word weens koppeling binne ’n assemblage ’n gekonnekteerde, gekoppelde veelvoudigheid (Taylor, 2014: 46). Sodra ons onself losmaak van ’n ego waar enkelvoudigheid en kollektiwiteit nie meer mekaar weerspreek nie, word dit moontlik om te de-normaliseer en te de-individualiseer. ’n Veelvoudigheid van nuwe, kollektiewe ordeninge teen mag word dan gevorm (Mazzei, 2014: 99). Die veelvoudighede wat ons skep gaan ons as individue en ons gegewe sosiale groepe vooraf. Subjektiviteit word geskep binne ’n multidimensionele veld en individualiteit (so teenstrydig soos wat dit klink) is altyd kollektief en meervoudig, en kom vanuit ’n veelvoudigheid tot stand (Semetsky, 2003: 213). Die idee van veelvoudigheid moet dus voorgestel word en in ons verstaan van onself,

ons wêreld en die verskillende groepe wat ons vorm geïnkorporeer word. Om te dink in terme van veelvoudighede eerder as identiteite – om veelvoudighede te bou en konstrueer – noodsaak ons om ’n reeks konsepte soos onder andere persoon, aksie en oortuiging te herbedink (Rajchman, 2001: 80).

2.3.2 SUBJEKTIWITEIT EN WORDING

Subjektiviteit is dus ’n veranderingsafhanklike (contingent) sentrum. Sosiale interaksies is hibried, ontluikend en verbandhoudend van aard; en word altyd gekonstitueer saam met die sosiale assemblage waarin die subjek sigself bevind (Taylor, 2014: 53-54). Deleuze gebruik die term *wording* om na dinamiese individuasie¹⁴ te verwys. Wording is eerstens ’n materiële, waarneembare, intensiewe en liggaamlike proses wat ons in staat stel om lewe te ervaar as ’n radikale immanente beliggaamde bestaan, gemotiveer deur begeertes en vloeiinge/stromings (Taylor, 2014: 47). Deleuze/Guattari (2008: 7-10) beskryf wording ook as ’n risoomagtige proses met horisontale uitgroeisels wat in onvoorspelbare rigtings groei. Volgens Deleuze/Guattari is die risoom se funksie om te ontwig sodat verandering en wording teweeg gebring kan word.

Deleuze beskou wording as immanent aan alle lewe, as menslik en as nie-menslike lewe. Wording, verskil, verandering en variasie is die waarborgmerke van lewe. Om te word, beteken om altyd *anders* te word as wat jy tans is:

Subjectivation, as *becoming*, always takes place between two multiplicities, and becoming does not mean becoming the other, but *becoming-other* (Semetsky, 2003: 214).

In die proses van die wordende-ander is die Deleuze/Guattariaanse subjek nie sosiaal geïsoleerd nie, maar altyd oop vir die invloed van materiële kragte wat dit konstrueer deur dit in verbinding te bring met die Buitekant¹⁵. Dit is dan juis hierdie oopheid tot die Buitekant wat die produsering van

¹⁴ Deleuze ontwikkel ’n robuuste teorie van individuasie wat te doen het met kreatiewe evolusie (Boundas, 2010: 132). Dit is ’n term wat hy in die konteks van wording en differensiasie gebruik om ’n beeld te skep van wording as proses, waar die subjek nie die middelpunt van wording is nie. Dinamiese individuasie verwys dus vir die doeleindes van hierdie studie na ’n wordingsproses wat deur differensiasie *word*; dus waar verskil-in-sigself sentraal staan (Protevi, 2010: 161-163).

¹⁵ Alhoewel ek nie Deleuze se konsep van Die Vou toepas in my navorsing nie, is dit ’n interessante idee wat die andersoortige verstaan tussen “binnekant” en “buitekant” baie goed uiteensit: “The Deleuzian Outside does not mean the rejection of interiority; just the opposite, the outside and the inside or, in psychological terms, the deep layer of the internal world, exist in a dynamic and differential, albeit not strictly dialectical – that is, not conceptualized by means of the Hegelian synthesis, rejected by Deleuze, – relationship to each other. The outside is never a fixed limit ‘but a moving matter animated by ... movements, folds and foldings that together make up an inside: they are not something other than the outside but precisely the inside of the outside’, the inside always being the doubling of the outside, that is, the fold” (Semetsky, 2003: 216).

subjektiwiteit moontlik maak (Semetsky, 2003: 216). Belangrik om dus te verstaan dat vir Deleuze is materie en bewussyn nie apart van mekaar nie, maar op 'n produktiewe aard verweef met mekaar (Taylor, 2014: 47). Hierdie siening kan as 'n uitvloeisel beskou word van Deleuze se monistiese ontologie (Braidotti, 2011: 305). Deleuze/Guattari se subjek is dus altyd alreeds in vloeiing (flow) en word 'n subjek deur koppeling aan ander mense of dinge.

Dit is belangrik om daarop te let dat Deleuze/Guattari hierdie andersoortige subjektiwiteitsbeskouing aan ons probeer oordra deur taal, veral deur woorde *anders* te gebruik om ander konnotasies moontlik te maak as die betekenis van woorde waaraan ons gewoond is. Dit word gedoen om ons gewone, gewoontevormende manier van dink te onderbreek en te versteur. Deleuze/Guattari skep konsepte wat verby die subjektiwiteite strek wat die wêreld vir ons aanbied, ten einde die wêreld van verskil aan te raak wat hierdie subjektiwiteite beide konstitueer en omverwerp (Mazzei, 2014: 97, 98). Wat sal die implikasie wees van taal waar die voornaamwoord "ek" nie meer primêr gebruik word om denke uit te druk nie? Dit is die rigting waarheen Deleuze/Guattari ons lei.

'n Belangrike implikasie van subjektiwiteitprodusering is dat die subjek 'n nuwe-effek is. Subjektiwiteit of subjektiwiteit is dus nie meer 'n gegewe is nie, en die fundamentele onderskeid tussen die individu en sy of haar sosiale en natuurlike milieu verval. Hierdie vervaging van die lyne staan sentraal tot Guattari (2000) se werk en lei tot 'n ingrypende kritiek op Freud (en Marx).

2.3.2 DIE MASJINISTIESE ONBEWUSTE

Volgens Semetsky (2006: 18) sluit die produsering van subjektiwiteit altyd alreeds die onbewuste in. Aangesien 'n Deleuze/Guattariaanse subjektiwiteitsbeskouing die bewuste, rasionele Kartesiaanse subjek kritiseer, moet die onbewuste ernstig opgeneem word wanneer hul subjektiveringsproses bespreek word. Die onbewuste van Deleuze/Guattari se subjek verskil aansienlik van die psigoanalise se rasionele, gesentreerde subjek se onbewuste. Volgens Freud is die onbewuste 'n innerlike, individuele en narsistiese proses. Die onbewuste word beheer deur die spanning tussen lewensdrang en doodsdrang, en die onbewuste staan buite die wêreld. Freud se individuasië-sielkunde begrond sosiale prosesse. Marx se insigte word omgekeer: volgens hom produseer sosiaal-ekonomiese prosesse die individuele bewussyn en dus ook Freud se onbewuste. Freud gebruik dan die Griekse tragedie (Oedipus) en Shakespeare (Hamlet) om hierdie prosesse denkbaar te maak (Oosterling & Thissen, 1998: 23).

Deleuze/Guattari lewer kritiek op hierdie Freudiaans-Marxistiese siening van die onbewuste:

Freud tried to approach crowd phenomena from the point of view of the unconscious, but he did not see clearly, he did not see that the unconscious itself was fundamentally a crowd. He was myopic and hard of hearing; he mistook crowds for a single person. Schizos, on the other hand, have sharp eyes and ears. They don't mistake the buzz and shove of the crowd for daddy's voice (Deleuze & Guattari, 2008: 33).

Die Onbewuste word radikaal anders gesitueer en bedink; dit word bedink vanuit die delirium van die skisofreen. Die delirium, skryf hulle, ontstaan nie weens 'n traumatiese verhouding met die ouers nie, maar getuig van die besetting van die innerlike deur verhoudings met die buitewêreld, geskiedenis en natuur. Skisoanalise, wat hulle opstel teenoor psigoanalise, beskou die onbewuste as 'n degesentreerde stelsel, 'n masjinistiese netwerk en dus as 'n risoom:

For both statements and desires, the issue is never to reduce the unconscious or to interpret it or to make it signify according to a tree model. *The issue is to produce the unconscious*, and with it new statements, different desires: the rhizome is precisely this production of the unconscious (Deleuze & Guattari, 2008: 19-20).

Die onbewuste is dus nie innerlik nie en ook nie gerig op die verlede nie. Die skiso-onbewuste is in die aktuele hier-en-nou verbind met die buitewêreld (Oosterling & Thissen, 1998: 23). Dit gaan nie nou om lewens- of doodsdrang nie. Die onbewuste streef na verandering en metamorfose, en moet geproduseer word. Die skiso-onbewuste is nie 'n teater nie, maar 'n fabriek. Dit werk masjinisties en produseer aaneenhoudende strome van begeerte, wat die proses van wordende-anders dryf. As 'n prosesmatige subjektivering verteenwoordig dit nie individuele belange nie, maar groepsverlange word vooropgestel. Die skiso-onbewuste is dus 'n prototipe subjektiwiteit waar die self in onmiddellike verbinding met die wêreld is. Hierdie wordende-self maak dan teenstellings soos subjek/objek, self/ander en manlik/vroulik ongedaan (Oosterling & Thissen, 1998: 24).

Die masjinistiese onbewuste – wat binne 'n assemblage van komponente werk – werk nie letterlik soos 'n masjien nie, maar impliseer eerder dat 'n masjien iets is wat ingekoppel en ingeskakel word by iets anders. Eers wanneer hierdie koppeling gemaak is, kan dit werk en kan dit iets produseer¹⁶:

¹⁶ Die wyse waarop die Na'vi in die film *Avatar* met hul drake koppel, kan vir die doeleindes van hierdie beskrywing beskou word as masjinisties. Die Na'vi se sentrale senuweestelsel verleng vanuit die kop, en word dan met hare omring. Met hierdie orgaan koppel die Na'vi dan as't ware met die sentrale senuweestelsels van ander spesies, ander Na'vi asook met die omgewing. Gedagtes en herinneringe word dus deur koppeling, in hierdie wetenskapfiksie film, oorgedra (Delaney & Madigan, 2014: 170).

Reminiscent of the Jungian collective unconscious, it is “a productive machine, ... at once social and desiring” (Semetsky, 2003: 217).

In hierdie sin is organe en liggame masjiene en die subjek is hoogstens ’n nuwe-effek; ’n agterna-gekonstrueerde samehang om hierdie masjiniestiese strome op te dam, te reguleer en van betekenis te voorsien. Subjekte en objekte is as’t ware die pragmatiese resultate van begeerte-masjiene. Met die term “masjien” en “masjiniestiese” word ’n andersoortige konseptualisering bekendgestel: die term “representasie” of “voorstelling” en “struktuur” word vervang ten einde in lyn te wees met ’n begeerte-dinamiek wat sonder ’n rasionele, rigtinggewende entiteit en sonder hiërargieë bestaan. Volgens hierdie masjiniestiese opvatting van die onbewuste kan die individu nie meer ontkoppel word van haar omgewing nie. Daar is geen vaste subjek nie; slegs subjektiwiteit wat voortdurend verander. Boonop is die onbewuste ingevou in subjektiwiteit, en kan subjektiwiteit dus nie geïnterpreteer word in terme van ’n stabiele entiteit van die rasionele en intensionele subjek nie. Aangesien die onbewuste altyd produktief en konstruktief is, verander subjektiwiteit voortdurend. Dit is ’n nomadiese subjek sonder vaste identiteit. Subjektivering is dus individueringswyses wat voortdurend in komplekse kollektiewe interaksies geproduseer word (Oosterling & Thissen, 1998: 24; Semetsky, 2003: 218).

2.3.4 SUBJEKTIWITEIT AS VEELVOUDIGHEID

Om aan onself en ander te dink as veelvoudighede of as saamgestel uit veelvoudighede, beteken nie ons moet ons verbeel ons het verskeie identiteite of selwe (persoonlikhede) nie. Intendeel, dit help om ons weg te beweeg van die idee van onself in terme van identiteit en identifisering, of as afsonderlike persone of selwe. Dit beteken ons kan nooit werklik opgedeel word in enige suiwer ras, spesie of selfs gender nie; ons lewens kan basies nooit tot die individualisering van enige sogenaamde suiwer klas of tipe gereduseer word nie. Voordat ons geklassifiseer word in onderskeie spesies, strata of klasse, vorm ons ’n soort onbepaalde, vae massa van veelvoudigheid. Netso beskik ons, voordat enige vaste, gevestigde (majeur) standaard van identifikasie of herkenning aan ons toegeken word, elkeen ons eie wordinge (mineur). *Veelvoudigheid is nie diversiteit nie* en onder ons persoonlikhede en identiteite is daar ’n laag van voorafgaande potensiële lewe wat die vermoë het om ons byeen te bring sonder om dit wat ons enkelvoudig maak, te vernietig (Rajchman, 2001: 81). Die uitdaging sê Rajchman (2001:82), is om ordeninge, samestellings, troppe, assemblages te skep in tyd en ruimte waar ons verband hou met onself en mekaar op ’n manier wat nie onderdanig is aan identiteit en identifikasie is nie.

Deleuze en Guattari se andersoortige subjektiwiteitsbeskouing sluit aan by 'n *ander* manier van waarneem, kyk, en sien. Aangesien ons subjektiwiteit die beliggaamde akkumulاسie van ons aksies is (Hickey-Moody, 2014: 82), kan dit my insiens nuwe perspektiewe bring op aangeleenthede soos identiteit, gerasde subjektiwiteit en rasse-integrasie.

2.4 DELEUZE/GUATTARI, FANON EN RAS

Arun Saldanha (2004; 2010, 2013) ontwikkel met behulp van Deleuze/Guattari en Franz Fanon, 'n benadering tot gerasde subjektivering wat materialiteit ernstig opneem. Fanon (in Saldanha, 2010: 3) se skerp analise van die wyse waarop andersheid en swartheid deur wittes gedefinieer is, en die gepaardgaande argwaan rakende self-identiteit, berus volgens Saldanha op 'n gerasde epidermiese skema. Fanon se teorie van rassisme (rassifisering) is van besondere belang, aangesien dit die eerste teorie van rassisme is wat die liggaam en velkleur, en die rol daarvan in rassisme, identifiseer het. Weens 'n koloniale ekonomie en op 'n totaal kontingente wyse, is sekere dinge of aspekte (seksuele begeerte, geleenthede, moraliteit, vaardigheid, idees van meerderwaardigheid) per velkleur aan die liggaam toegeskryf:

The singularity of the colonial context lies in the fact that economic reality, inequality, and enormous disparities in lifestyles never manage to mask the human reality. Looking at the immediacies of the colonial context, it is clear that what divides this world is first and foremost what species, race one belongs to. In the colonies the economic infrastructure is also a superstructure. The cause is effect: You are rich because you are white, you are white because you are rich (Fanon, 2004: 5).

Fanon het die oppervlakkigheid van die epidermiese skema van rassisme uitgewys; rassisme maak ongefundeerde aannames en verbindings tussen bv. velkleur en intelligensie. Volgens die epidermiese skema is dit genoeg om te weet 'n man is swart, ten einde afleidings te maak oor 'n wye verskeidenheid morele en sielkundige besonderhede. Die feit dat 'n gegewe liggaam 'n PhD behaal het, verskeie tale praat, wel berese is, graag poësie en literatuur lees, word byvoorbeeld blatant geïgnoreer. Die individuele beliggaming is irrelevant vir die rassistiese persepsie. 'n Belangrike element van Fanon se argument is dat die skema histories kontingent en ook patologies is. Rassisme is 'n sosiale patologie wat ontstaan weens kapitalistiese ongelykhede (Saldanha, 2010: 13). Die skema is diep ingebed in die onbewuste:

Sinking quickly into the unconscious, it keeps both native and colonizer anxiously preoccupied with the impossibilities of their position towards each other. The former is doomed to incompleteness and envy – the latter to self-destructive decadence and paranoia (Saldanha, 2010: 4).

So 'n gerasde koloniale situasie vind volgens Fanon, stadig maar seker neerslag op die psige van die gekoloniseerde en die koloniseerder. Dit gebeur egter nie slegs deur gerasde koloniale taal nie, maar ook deur die bou van paaie, afsonderlike woonbuurte, argitektuur, tegnologie en toegang tot hospitaalgeriewe en onderwys. Sekere materiële dinge soos byvoorbeeld motors en eiendom word dan beskouing van "verlengings van die wit liggaam". Affekte akkumuleer en word toenemend voorspelbaar en ingebed in die onbewuste van die gerasde populasies (Saldanha, 2010: 2).

Volgens Saldanha is dit dus van kardinale belang om ras as iets materiëls/materies te beskou wat neerslag vind op die liggaam van 'n mens en 'n daadwerklike impak het op die alledaagse lewe. Volgens hom (Saldanha, 2013: 8) is ras 'n essensiële aspek van die bestaan en voortbestaan van nasie-state en gevorderde kapitalisme en is dit daarom belangrik om 'n immanente-materiële benadering tot die verstaan én ontstaan van rassisme te volg ten einde te verstaan wat ras werklik is. 'n Transendente benadering tot ras waar ras slegs as konstruk gesien word dra volgens Saldanha nie by tot die anti-rassisme projek nie. Dit het niks te sê oor die alledaagse, onmiddellike impak van ras op die lewe van mense nie. Hy argumenteer dat daar eerder gefokus moet word op die materialiteit van ras en dat die ontstaan daarvan eerder *begryp* moet word ten einde rassisme teen te werk. Rassisme funksioneer eerstens deur die materialiteit van begeerte op 'n landskap ver benede die rasonele en taligheid. Danksy Deleuze, skryf Saldanha (2013: 7), word dit nou moontlik om die verteenwoordigende en dialektiese logika wat die anti-rassisme program tot dusver gelei het, opsy te skuif. Saldanha (2004: 9) beweer dat hierdie program en sy volgelinge (waarvan die kultuur-studies kenner Paul Gilroy deel is)¹⁷ aanspraak maak op die transendensie van ras, maar terselfdertyd besig is om wit-bevoorregting aan te help, eerder as om rassisme te beveg:

More often than not, the imagination of a transcendent realm beyond human difference betrays the material privileges and epistemological biases of those who are doing the imagining (male, healthy, mobile, English-speaking, access to Internet, and usually white). It is the very invocation of transcendence that sets some apart from others. By not explicitly distinguishing postracial humanism from naïver versions of universalism (such as 'under the skin we're all the same'), it is unclear how Gilroy can escape the criticism that as a privileged academic he forgets the real barriers that stand in the way of transcending race. In conclusion, Gilroy asserts the possibility and even burgeoning existence of racial transcendence without first seriously addressing

¹⁷ Die post-strukturele denkers wat sigself besig hou met rassisme, het alreeds 'n groot bydra gelewer tot kritiek op die idee dat die rasonele subjek onafhanklik kan optree van uitbuiting in die wêreld. Hierdie denkers (o.a. Giorgio Agamben, Alain Badiou, Seyla Benhabib, Judith Butler, Jacques Derrida, Paul Gilroy, Charles Taylor, Slavoj Žižek) se radikale kragte word egter ingeperk, aangesien hulle by implikasie deel is van die post-Kantiaanse/Hegeliaanse paradigma wat universalisme op bewussyn en representasie baseer en waar hierdie twee aspekte na bewering heeltemal kontingent staan in verhouding met materialiteit. Slegs 'n handvol anti-rassisme teoretici vind hul inspirasie in Nietzsche, eerder as Hegel, se morele filosofie (Saldanha, 2013: 7, 30), waarvan Saldanha (via Deleuze) dan deel vorm.

the question of *what* needs to be transcended. ‘Racial’ oppression, for sure: but if an ontology of race has to be abandoned altogether, how do we specify what needs to be fought against? Gillroy would probably argue that this question is redundant. What needs to be fought is the categorisation of humans into races; fighting oppression is fighting mental categories. Race, it’s all in the mind: Gilroy’s conception of race tends to the purely ideological. The project of deontologising race requires a disavowal of matter as such, as in Butler’s feminism. But sadly, the structures of racism and sexism encompass much more than just mental categories (Saldanha, 2004: 15).

Saldanha voer aan dat ras ’n beliggaamde en materiële gebeurtenis is, ’n masjiniestiese assemblage wat beskik oor ’n ander ruimtelikheid as die Hegeliaanse self/ander skema. Danksy Fanon se nalatenskap, word die binêre verbinding van wit en swart in post-koloniale teorie skerp gekritiseer en gedekonstrueer, juis vanweë die feit dat hierdie twee teenoorgesteldes mekaar in plek hou deur mekaar te negeer. Die probleem is dat die terme wat van mekaar verskil, bv. “wit” en “swart”, binne die Hegeliaanse logika steeds gedefinieer word deur die mate waarin dit met mekaar verband hou – met ander woorde deur ’n hoër-orde identiteit. Deleuze gee egter voorkeur aan interne verskille wat deur probleme gegenerer word (Saldanha, 2013: 10). Volgens hom is identiteit nie ’n sintese van teenoorgesteldes soos by Hegel nie, maar die koherensie (*co+haedere = to stick*) van ’n aktuele veelvoudigheid. Deur herhaling ontstaan ’n positiewe terugkoppelingsaksie en dit kies dan vanuit die omgewing elemente wat die veelvoudigheid homogeniseer en homeostasioneer. Sodoende word dit wat alreeds bestaan, bevestig, en stabiliteit word bereik. Saldanha (2013: 10) noem dit ’n ontologie van ontluikende klewerigheid wat impliseer dat verskil enkelvoudig is. Volgens Deleuze gaan ’n individuele organisme se realiteit die realiteit van die spesie waaraan dit behoort, vooraf. Individuasie is die onvoltooibare trajek wat ’n organisme volg. Die menslike liggaam is uniek in morfologie, kleurskakering, affekte en herinneringe en individueer sigself voortdurend deur te voed op allerhande nie-menslike elemente (DNS, boeke, geld) wat dit meestal met ander liggame deel. Slegs hierna word ’n liggaam gegroep saam met ander liggame en sodoende kom bevolkingsgroepe wat op grond van waarneembare ooreenkomste en nabyheid gedefinieer word, tot stand (Saldanha, 2013: 10). Residensiële segregasie is ’n voorbeeld van so ’n bondeling.

Ras, voer Saldanha, (2013: 10) aan, bestaan nie as ’n Aristoteliaanse essensie of kategorie nie, maar as ’n vae, klewerige versameling van biologiese, sosiale en politieke probleme, ’n obskure magneet met ’n aantrekkingskrag wat op verskillende wyses geaktualiseer word, en daarom voortdurend verander. Wat, vra hy, moet ons doen met hierdie klewerige lui subjektiwiteite waarin ons vasgevang is? In antwoord hierop wend hy hom na Deleuze se ontologie wat voorkeur gee aan

wording teenoor bestaan. 'n Goeie vertrekpunt sal dus wees om te probeer verstaan hoe gerasde subjektiwiteit/ras tot stand kom. Deleuze en Guattari sou vra: “hoe werk/ontstaan gerasde subjektiwiteit”, eerder as “wat is ras/gerasde subjektiwiteit?”

2.4.1 RAS AS MASJINISTIESE ASSEMBLAGE; RAS AS ONTLUIKING

Saldanha (2004: 18) voer aan dat ruimte geïmpliseer word in enige gegewe ontologie. Binne sy ontologie van ontluikende klewerigheid word ruimte nie beskou as iets staties soos wat die modernisme graag argumenteer nie. 'n Begrip van ruimte word gepostuleer waar duursame stewigheid onder bepaalde omstandighede uit vloeiing kan ontwikkel. Ten einde hierdie aaneenlopende dog beperkende dinamiek van ruimte te voorskyn te roep, gebruik Saldanha (2004: 18) die konsep van klewerigheid of taaiheid. 'n Klewerige substans is nie heeltemal vloeibaar nie, maar tog ook nie heeltemal solied nie, wat veroorsaak dat dit nie sommer gemeng of versteur kan word nie. Klewerigheid impliseer dat die fisiese eienskappe van 'n substans die unieke bewegings daarvan verduidelik. Weens hul klewerige aard, trek hierdie liggame ander soortgelyke klewerige liggame na hulle toe aan. Die interaksie tussen hierdie liggame wat aan mekaar kleef veroorsaak dat plaaslike en tydelike verdikkings ontstaan. Saldanha (2004: 17) vergelyk hierdie verskynsels met dié van 'n ontluikende slymswam (soortgelyk aan muf en fungi), ten einde die ontluikende aard van ruimte wat gekenmerk word deur klewerigheid, uit te lig. Die slymswam se vele eensellige eenhede kan onafhanklik leef, maar onder die regte omstandighede beweeg die onafhanklike eensellige wesens na mekaar en vorm 'n enkele, groter organisme wat oor die vloer van die oerwoud kan beweeg en vrot blare verorber. Na gelang van omstandighede is 'n slymswam dus *dan* 'n swerm en *dan* 'n enkele organisme – konstant weifelend iewers tussenin (Saldanha, 2004: 17).

Ten einde nog 'n beter idee te verskaf van ontluiking, haal Saldanha (2004: 18) vir Michel Serres aan waar hy verduidelik hoe 'n eenheid te voorskyn kan kom teen die agtergrond van veelvoudigheid.

Serres (1995: 71 in Saldanha, 2004: 18) skryf oor 'n ketting van toevalligheid:

No, the contingent chain does not break, its links slide over one another, as though viscous. They touch because they are adjacent, they touch like sailor's hitches or the loops of motorway cloverleaves are stacked upon one another. It is not a linkage, but a local pull, by way of little frictions. The local pull induces global movement very seldom, although it can happen. This is not a solid chain, it is simply a liquid movement, a viscosity, a propagation that wagers its age in each locality.

Volgens Saldanha (2004: 18-19) moet ras beskou word as 'n ketting van toevalligheid waar die verbindings tussen die samestellende dele nie 'n gegewe is nie, maar waar dit klewerig word weens

plaaslike aantrekkings. Witheid gaan byvoorbeeld oor die klewerige verbindings tussen eiendom, bevoorregting en 'n ligte vel. Witheid beskik nie oor 'n essensie nie, maar daar bestaan tog 'n redelike samehang wat eie is aan die aangetrokkenheid en klewerigheid van wat ons as witheid ken; bevoorregting kleef aan 'n ligte vel, wat weer aan eiendom kleef. In die taal van Deleuze/Guattari kan ras beskou word as 'n masjiniestiese assemblage waar die komponente onder meer bestaan uit DNS, fenotipiese variasie, redeneringspraktyke (wetgewing, media, wetenskap), artefakte soos klere en kos, asook die verspreiding van welvaart. Die wyse waarop hierdie komponente met mekaar verbind, is heeltemal immanent aan die wyse waarop sekere liggame binne sekere omstandighede optree. 'n Masjiniestiese geografie van liggame wil dus die bewegings wat tussen liggame, dinge en die veranderende omgewing plaasvind, verstaan. Dit wil verstaan *hoe* liggame immanente verbindings skep met dinge en plekke; *hoe* die liggame werk, reis, baklei, skryf en liefhet. Hoe word hierdie liggame klewerig, hoe word die liggame stadiger, en onderhewig aan sekere gewoontes, deel van sekere kollektiewe, soos 'n stad, sosiale sfeer of rassegroep? Hoe gebeur dit dat sekere liggame bly vaskleef aan sekere ruimtes wat gekenmerk word deur armoede, honger, koue, donkerte, modder, geweld en misdaad? (Saldanha, 2004: 19). Aangesien subjektiwiteit en die uitdrukking daarvan deur middel van taal nie ontologies geskei kan word van die liggaam nie, moet ons kyk na hierdie verwikkelde beliggaamde interaksie (wat soms deur emosies, gedagtes of woorde tot uiting kom) wat hierdie diskriminering gebaseer op velkleur, in stand hou (Saldanha, 2010: 8).

Die belangrike punt wat hier gemaak word, is dat ons die meganika van ras, die werking en totstandkoming daarvan moet verstaan, ten einde vaste gerasde subjektiwiteite te verstaan. Ras en die vorming van gerasde subjektiwiteite moet gekarteer word. Niemand "het" 'n ras nie, liggame *word* geras. Hoe gebeur dit? Hoe vorm 'n ras-assemblage? Die rol wat fenotipe in die totstandkoming van ras speel, moet ernstig opgeneem word. Indien ras beskou word as iets wat deur 'n toevallige, dog immanente en materiële proses wat nie arbitrêr is nie tot stand kom, kan ras (en fenotipe) nie getransendeer word nie (Saldanha, 2004: 9) en moet ons verstaan hoe ras werk en vorm om dit *anders* te kan laat werk en vorm:

With racism enduring every well-meant attack (it's arbitrary! It's arbitrary!), it seems crucial for the humanities and social sciences to start engaging with the reality of phenotype – phenotype itself, unmediated, in all of its connective glory. Following recent turns towards embodiment and materiality, the mediation model as endorsed by Butler and many in race and ethnic studies becomes inadequate to understand processes of racialisation. Race is not only a problem of how people think about skin colour. We need to know what race really *is*, that is, what it can be. Deontologising race, as Gilroy wishes to do, even if possible, seems a bad option if all the ontological

questions are left to reductionist sociobiologists and far-right politicians to answer (Saldanha, 2004: 22).

In my studie gee ek aandag aan die mikro-fascismes wat ingebed is in ons gewoontes, ons liggame, ons taal en optredes. Ras-gewoontes of ras-konvensies berus op die aanname dat ras 'n gegewe is en dat subjekte finaal gevorm is en altyd alreeds in plek is. Die prosesmatige, klewerige aard van die ontstaan van ras word nie ernstig opgeneem nie. In hierdie opsig versmoor rassisme dus denke:

Race is not just a value system but a limit to thought itself. To life. To the world (Opondo, 2013: 265).

Vaste gerasde subjektiwiteite funksioneer as 'n wyse waarop orde geskep word om 'n wêreld waarin ons gewoontes in stand gehou word, te beskerm. Juis daarom is dit belangrik om ras(sisme) te karteer en om die gewoontevormende manier van dink oor ras te ondersoek. Ten einde rassisme teen te werk, moet die wyse waarop affek binne die assemblage vloei, gekarteer word. Wanneer affek in patrone van gewoonte beland, word gerasde subjektiwiteite versterk (Opondo, 2013: 247-265). Die vloei van affek binne die ras-assemblage moet egter eers verstaan word vóórdit aktief teengewerk kan word. Die ontstaan van vluglyne wat die deterritorialisering van die gerasde subjek tot gevolg het, moet waargeneem en gevolg word. Die wyse waarop ras-assemblages vorm en werk, moet ondersoek word.

Deleuze se filosofie van immanensie vind aansluiting by hierdie benadering van gerasde subjektiwiteite, aangesien die materialiteit van die totstandkoming van ras ernstig opgeneem word. Gerasde subjektiwiteite is volgens Saldanha (2010: 9) nooit 'n individuele keuse nie, maar tog ook nie iets wat 'n gegewe is tydens geboorte nie. Gerasde subjektiwiteite – “swart”, “wit”, “bruin” – is die sistemativering van affekte. Hierdie gesistematiseerde affekte kom tot stand weens die interaksie tussen miljoene soortgelyke en nie-soortgelyke fenotipes waardeur ras ontstaan. Ras moet dus verstaan word binne 'n groepsdinamika.

Vervolgens kyk ek na die konsepte wat my help om *anders* te dink oor ras en subjektiwiteit, aangesien dit 'n binêre (*of dit of dat*) logika verwerp en 'n logika van verbinding en koppeling (dit *en* dit *en* dat *en* dat) aanhang. Die Deleuze/Guattariaanse konsep *assemblage* is byvoorbeeld besonder behulpsaam wanneer verbindings en koppeling eerder as teenstelling, beweging eerder as kategorisering, wording eerder as bestaan, bedink moet word (St. Pierre, 2013: 226). Ek verwys vervolgens, in aansluiting by Hoofstuk 1, na die wyse waarop ek die konsepte in my navorsing

gebruik. Dit is egter van belang om die wyse waarop Deleuze na konsepte kyk in gedagte te hou soos wat die navorsing ontvou:

A book of philosophy should be in part a very particular species of detective novel, in part a kind of science fiction. By detective novel we mean that concepts, with their zones of presence, should intervene to resolve local situations. They themselves change along with the problems. They have spheres of influence where, as we shall see, they operate in relation to 'dramas' and by means of a certain 'cruelty'. They must have a coherence among themselves, but that coherence must not come from themselves. They must receive their coherence from elsewhere. This is the secret of empiricism (Deleuze, 2004b: xix).

2.4.1.1 *Assemblage*

Die konsep *assemblage* is vir Deleuze/Guattari iets wat gebeur, iets wat vorm en vervorm en dus iets wat dinamies is. Wat belangrik is omtrent 'n *assemblage* is nie die elemente wat die *assemblage* vorm nie, maar eerder die verhoudinge of relasies tussen die elemente; die tussenin (Coleman & Ringrose, 2014: 9). Essensie is nie belangrik binne 'n *assemblage* nie; daar word gefokus op *interaksie* eerder as op essensie. As sleutelbegrip binne die denke van Deleuze/Guattari is *assemblage* beskrywend van veelvoudigheid, verandering en wording, en is dus prosesmatig. Dit kan gedefinieer word as 'n tentatiewe en huiwerige ontvouing wat bykans geensins onder enige vorm van eksterne beheer is nie. Dit moet verstaan word as 'n werkwoord én 'n selfstandige naamwoord (Coleman & Ringrose, 2014: 5). 'n *Assemblage* is die samevoeging of proses van samevoeging, organisering en koppeling van dinge (Livesey, 2010: 18). Volgens Deleuze/Guattari (2008: 98) beskik *assemblages* oor horisontale en vertikale asse. Die horisontale as het te doen met masjiniestiese *assemblages* van liggame, aksies en passies. 'n Masjiniestiese *assemblage* is die koppeling van die materiële. 'n Kollektiewe *assemblage* van mededeling/uitdrukking funksioneer ook op die horisontale as. Hierdie soort *assemblage* is die koppeling van stellings, taal en nie-liggaamlike transformasies. Die vertikale as het beide territoriale kante of gedeterritorialiseerde kante wat dit stabiliseer, asook snykante van deterritorialisering wat dit wegdra. Weens die veelvoudigheid van die *assemblage*, word dit gevorm deur en reageer dit op 'n groot verskeidenheid strominge.

Assemblages kan ook beskryf word as komplekse samestellings van objekte, liggame, uitdrukkings, kwaliteite, en terreine wat vir verskillende tydsdure vermeng om ideaal gesproke, nuwe funksioneringswyses te skep. *Assemblages* funksioneer deur middel van begeerte as abstrakte masjiene, of ordeninge wat produktief is en funksie(s) het; begeerte is die sirkulerende energie wat verbindings produseer (Livesey, 2010: 18). Nog 'n belangrike eienskap van 'n *assemblage* is die feit dat dit wegbeweeg van dualisme (Bell, 2010: 19) – dit beweeg op die grens tussen stratifikasie en

deterritorialisering. Dit is dus 'n dinamiese veelvoudigheid wat ingetrek word tot op 'n konsistensievlak/immanensievlak, en slaag daarin om sigself te handhaaf sonder om tot die een of die ander kant van 'n dualistiese verhouding gereduseer te word (Bell, 2010: 19).

Die konsep van *assemblage* is van toepassing op alle strukture; op alles van die gedragspatrone van 'n individu, die organisering van instellings, die ordening van ruimtes tot die funksionering van ekologieë. Assemblages ontstaan wanneer heterogene elemente saamgevoeg word en 'n produktiewe, masjiniestiese entiteit vorm wat tydelik diagrammaties voorgestel kan word. Die diagram definieer die verhoudinge tussen die spesifieke stel kragte; 'n diagram is volgens Deleuze die kaart van 'n lotsbestemming (Livesey, 2010: 18). Prakties gesproke is die diagram die kode of rangskikking waarvolgens die assemblage funksioneer; dit is 'n kaart van die funksie van die assemblage. Die masjiniestiese dimensie bevestig dit wat fundamenteel is aan die assemblage, naamlik objektiwiteit, gebrek aan spesifieke ligging en die primêre rol van produktief wees. 'n Assemblage ontstaan dus wanneer 'n funksie ontstaan en ideaal gesproke, is dit innoverend en produktief. Die resultaat van 'n produktiewe, masjiniestiese assemblage is 'n nuwe manier van uitdrukking; 'n nuwe territoriale organisasie; 'n nuwe instelling; 'n nuwe gedrag(spatroon); en 'n nuwe verwesenliking. Die lot van 'n assemblage is om deur die verskeie en dikwels onverwagte verbindings wat gemaak word, 'n nuwe realiteit te skep (Livesey, 2010: 19).

In my studie gebruik ek die konsep *assemblage* om waar te neem *hoe* my studente binne die Madelief-assemblage met mekaar in verbinding tree en *wat* gebeur wanneer hulle by mekaar inskakel. Die wyse waarop ras-assemblages vorm word dus waargeneem, asook die vloei van begeerte binne die assemblage en die affekte wat geproduseer word. Ten einde te begryp hoe vaste gerasde subjektiwiteite binne die Madelief-assemblage in stand gehou of uitgedaag word, fokus ek op aspekte soos die koppeling van liggame binne 'n masjiniestiese assemblage, asook taal of uitdrukkings (kollektiewe assemblage van uitdrukking). Volgens Kruger (2015: 123-125) word realiteit geskep deur die interaksie tussen materialiteit (masjiniestiese assemblages), diskoers en taal (kollektiewe assemblages van uitdrukking) en die beoefening van gewoonte. Die implikasie hiervan is dat taal nie slegs verteenwoordigend (representatief) is nie maar die werklikheid *skep*: taal beskryf nie 'n transendente realiteit nie, maar vorm deel van die immanente wêreld. Hieruit kan ons aflei dat taal 'n werklike, transformatiewe impak het wat op 'n affektiewe wyse die liggaam en die realiteit van die liggaam beïnvloed.

Stengers (2008: 45) is van mening dat sommige subjektieweitsproduserende koppeling gevaarlik kan wees en gebruik dan Nazisme as 'n voorbeeld hiervan. Hieruit kan afgelei word dat sekere ras-assemblages gevaarlik kan wees. Tog is Stengers (2008: 45) van mening dat 'n mens steeds met hierdie gebeurtenisse moet koppel, want

learning means connection with such events. We learn when we indeed connect and are put to the test by the connection. What is this connection demanding from us? For instance, is it demanding betrayal, making perceptible the possibility of a jump we can and may make? Or is it demanding surrender – surrendering our own attachments in the name of a demand that would then transcend them?

Vir my navorsing hou ek dus die wyse waarop studente sin maak van of worstel met ras-assemblages en geraste subjektieweit wat verskil van hulle eie, fyn dop. Hoofstuk 4, waar die metodologiese operasionalisering van die konsep uitgebeeld word, is 'n assemblage-in-wording.

2.4.1.2 *Risoom*

Deleuze/Guattari kritiseer die tradisionele denkbeeld wat die Westerse filosofie vir meer as 2000 jaar aangehang het. Volgens hulle stel hierdie denkbeeld ons nie in staat om verskil-in-sigself te bedink nie. In *A Thousand Plateaus* (2008: 3-28) stel hulle die risoom as alternatief voor vir die tradisionele en boomagtige denkbeeld. Die risoom het nie 'n penwortel nie, dit groei vanuit die middel in enige rigting, is nie-hiërargies en maak 'n manier van dink moontlik wat eksperimenteel is:

Thinking in things, among things – this is producing a rhizome and not a root, producing the line and not the point. Producing population in a desert and not species and genres in a forest. Populating without ever specifying (Deleuze & Parnet, 2007: 26).

Die risoom is 'n kaart en nie 'n natrekking nie. Die kaart en die natrekking word onderskei deur die feit dat die kaart gerig is op eksperimentering. Die kaart reproduseer nie die onbewuste nie, maar *skep* die onbewuste. Die kaart vorm verbindings tussen velde en is deel van die risoom. Die kaart is oop, verbindbaar in alle dimensies, kan ontkoppel en omgedraai word, en verander voortdurend. Jy kan dit skeur, aanpas en dit kan deur enige groep, individu of sosiale formasie aangepas word. Een van die belangrikste eienskappe van die risoom is dat dit veelvuldige koppeling kan maak (Deleuze & Guattari, 2008: 13).

Die risoom word dus 'n manier om wording aan te dui, waar hierdie wordingsproses onvoorspelbaar is met geen begin- of eindpunt nie. Dit loop oor in die middel. Die risoom funksioneer om te versteur en om wording wat verandering is, te skep (Masny, 2013b: 339). Hierdie alternatiewe denkbeeld

van Deleuze/Guattari stel ons in staat om verskil-in-sigself, wat wording is, te bedink, ten einde anders en nuut te dink:

To be rhizomorphous is to produce stems and filaments that seem to be roots, or better yet connect with them by penetrating the trunk, but put them to strange new uses. We're tired of trees. We should stop believing in trees, roots, and radicles (Deleuze & Guattari, 2008: 17).

Hoofstuk 5, waar Deleuze/Guattari se konsepte geoperasionaliseer gaan word ten einde anders na gerasde subjektiwiteite te kyk, vorm 'n risoom.

2.4.1.3 Die molêre en molekulêre

Soos genoem in Hoofstuk 1, bestaan 'n risoom (en assemblage) uit molekulêre-, molêre- en vluglyne. In *A Thousand Plateaus* (2008) pas Deleuze/Guattari die molêre en molekulêre op politieke liggame toe. Molêre liggame behoort aan die staat of die burgerlike wêreld en is goed gedefinieerd, dikwels massief en geaffilieerd met 'n regerende apparatus (Conley, 2010: 176). Identiteitskategorieë is byvoorbeeld ook molêre van aard (Jackson, 2014: 117). Hierteenoor is die molekulêre mikro-entiteite wat plaasvind in areas waar hulle nouliks waargeneem word. Dit gebeur in die persepsie van affektiwiteit waar wesens onnoemlike sensasies deel; in hoekies en draaitjies van gesprekke wat niks te make het met die stand van die wêreld in geheel nie. So 'n oomblik vind plaas wanneer 'n voetganger in 'n park in die stad sien hoe die blare van 'n bloekomboom in die namiddaglig flonker (Conley, 2010: 176).

Deleuze/Guattari stel mikropolitiek op teenoor die politiek van molarisering. Die molêre (of boomagtige) verwys na strukture en beginsels wat gebaseer is op rigiede stratifikasies of koderings wat geen ruimte laat vir die kontingente of vloeibare nie. Die molekulêre, wat die basis vorm van mikropolitiek, laat koppeling toe wat plaaslik en enkelvoudig is. 'n Molekulêre logika van produksie is self-organisering en outopoiëties¹⁸ (*autopoietic*). By 'n molêre logika van produksie is die genereringsbeginsel egter geleë in 'n entiteit ekstern tot dit wat geproduseer word (Surin, 2010b: 164).

¹⁸ Volgens Semetsky (2006: 53) is masjiniestiese assemblages organiseringswyses wat nie onderhewig is aan meganiese wette nie, maar organies funksioneer. Masjiniestiese assemblages kan beskryf word as outopoiëtiese sisteme, waar hierdie oop, lewende sisteme oor geen sentrale sentrum beskik nie en sigself produseer. Varela (in Semetsky, 2006: 54) verskaf die klassieke definisie van 'n outopoiëtiese stelsel: "An autopoietic system is organized (defined as a unity) as a network of processes of production (transformation and destruction) of components that produces the components that: (1) through their interactions and transformations continuously regenerate and realize the network of processes (relations) that produced them; and (2) constitute it (the machine) as a concrete unity in the space in which they exist by specifying the topological domain of its realization as such a network."

Deleuze gaan haal die onderskeid tussen molêr/molekulêr by die atomistiese filosofie en biologie, vanaf Lucretius tot Gabriel Tarde. Hy bestudeer objekte as dinamiese massas bestaande uit molekules en nie as objekte soos ons dit met die blote oog waarneem nie. Hierdie chemiese definisie word dan ook op subjektiwiteit toegepas. Deleuze gebruik die molekulêre om 'n alternatief te verskaf tot die Kartesiaanse filosofie, ten einde deur Leibniz te arriveer by 'n gevoeligheid wat raak aan die chemiese animisme van alle dinge (Conley, 2010: 177).

Wording moet saamgelees word met die molekulêre en molêre. Wording is molekulêr en nie intensioneel nie, en gebeur in die middel van molêre strukture waar teenstellings wat liggame, ervarings en instellings apart hou, opgebreek word. Die molekulêre is die effek van hierdie deurbreking. Die molekulêre is die deterritorialisering van die molêre en het te doen met enkelvoudige, individuele wordings. Die molekulêre prosesse van wording deterritorialiseer die molêre ruimte waarin die subjek sigself bevind (Jackson, 2014: 121). In hierdie studie is ek geïnteresseerd in die mate waarin gerasde subjektiwiteite binne die Madelief-assemblage fluktueer tussen die molekulêre en die molêre. In Hoofstuk 5 kyk ek of gerasde subjektiwiteite deterritorialiseer of territorialiseer. Indien gerasde subjektiwiteite nie deterritorialiseer nie, vra ek waarom dit nie gebeur nie.

2.4.1.4 *Affek*

Die vermoë om te affekteer en geaffekteer te word speel 'n belangrike rol in die produksie van subjektiwiteit. Soos Semetsky (2003: 213) dit stel:

The production of subjectivity includes an encounter with pure affect as if it were an autonomous and real being. The powerful intensity of such an encounter marks the passage between the experiential states of the body and accordingly affects the body's capacity to act. The body, for Deleuze (borrowing from Spinoza), is both physical and mental; the affect is not just a feeling or emotion but a force influencing the body's mode of existence or its power. The latter is defined as a capacity to multiply and intensify connections so as producing a complicated rhizome and not planting a single root.

Wanneer Deleuze/Guattari oor affek skryf, kan dit verstaan word as 'n filosofiese konsep wat dui op die resultaat van liggame wat interaktief is. Massumi (2002: 27) tref onderskeid tussen *affek* en die oënskynlike sinoniem *emosie* en dui aan dat die assosiasie tussen emosie en affek onvanpas is aangesien affek (wat hier beskou word as intensiteit) en emosie tot verskillende ordes behoort en nie dieselfde logika volg nie. Deleuze neem Spinoza en Nietzsche se filosofiese konsep van affek en rek en strek dit om die proses van wording en transformasie, soos dit deur middel van beweging en

oor tyd(s)(duur) plaasvind, uit te beeld. Deleuze/Guattari verwerp die filosofiese tradisie van passiewe besinning en die waarde-belaaide assosiasie waar emosies geassosieer word met subjektiewe ervaringe en persepsies. Vir Deleuze is affek iets wat 'n sensoriese of abstrakte resultaat kan produseer en is derhalwe fisies en tydelik van aard. Volgens Deleuze/Guattari is affekte *wording*. Affek is 'n ervaringskrag of magsbron wat deur middel van ontmoetings tussen ander liggame omsluit word deur geaffekteerdheid en wat dan daarna neig om 'n idee te word. Affek kan dus op sisteme van kennis, geskiedenis, herinneringe en magsiklusse impak hê (Colman, 2010: 12; Semetsky, 2003: 214).

In hierdie studie kyk ek na wat die affekte is wat deur verskillende ras-assemblages geproduseer word, asook hoe die vloei van begeerte en intensiteite sekere bepaalde affek-roetes binne 'n vaste ras subjektiwiteit volg. Die wyse waarop affekte *nie* voorafbepaalde roetes volg nie, word ook dopgehou.

2.4.1.5 *Vluglyne*

The Deleuzian lines of flight then acquire the meaning of an escape from some old habit, or frame of reference, within which the flight is yet a sort of immaterial vanishing through some imaginary event-horizon. Habit, as described by Dewey, is a mode of organization and is indeed autoreferential; it both commands an action but also has "a hold upon us because we are the habit" (Semetsky, 2006: 64).

In *A Thousand Plateaus* (2008) ontwikkel Deleuze/Guattari 'n woordeskat wat fokus op hoe dinge *werk* en by mekaar aansluiting vind, eerder as op die aard van dinge, wat dinge *is*. Die klem is eerder op tendense wat kan ontwikkel in kreatiewe mutasies. Deleuze/Guattari beskou dinge nie as substansies nie, maar as prosesmatige assemblages of veelvoudighede, waar die ontplooiing van kragte die fokus is (liggame en hul vermoë om te affekteer en geaffekteer te word), eerder as die statiese kerns van dinge. 'n Vluglyn is 'n pad van mutasie wat ontketen word deur die aktualisering van koppeling tussen liggame, waar hierdie koppeling voorheen slegs implisiet of virtueel was. Die aktualisering van hierdie koppeling tussen liggame laat nuwe kragte vry, wat nuwe kapasiteite om te reageer en tot aksie oor te gaan, laat ontstaan (Lorraine, 2010: 147).

Elke assemblage is territoriaal van aard, aangesien dit koppeling handhaaf wat dit definieer. Assemblages bestaan egter ook uit deterritorialiserende lyne wat deur dit loop en die assemblage verder wegneem van die huidige vorm (Lorraine, 2010: 147). Volgens Deleuze/Guattari het assemblages drie kenmerkende soorte lyne wat hul interaksie met die wêreld bepaal. Die molêre

lyn wat 'n binêre, boomagtige, gesegmenteerde stelsel vorm, die molekulêre lyn wat meer vloeibaar, dog steeds gesegmenteerd is, en die vluglyn wat deterritorialisering moontlik maak. Die soepel segmentering van die molekulêre lyn funksioneer deur deterritorialiserings wat moontlik reterritorialiserings kan laat plaasvind, wat weer rigiede lyne kan word:

Everything, for Deleuze, has 'its geography, its cartography, its diagram. What's interesting, even in a person, are the lines that make them up, or they make up, or take, or create ... [A] 'map', or ... a 'diagram' is a set of various interacting lines' (Semetsky, 2003: 220).

Die vluglyn kan dus evolueer in 'n kreatiewe metamorfose van assemblage en die assemblages wat dit affekteer. Die drie lyne kan in enige van die ander lyne verander (Lorraine, 2010: 147). Vluglyne kenmerk nuwe maniere van dink en wees, en kan ook vernietiging tot gevolg hê.

'n Belangrike aspek van vluglyne wat in ag geneem moet word vir die deterritorialisering van gerasde subjektiwiteit, is dat 'n vluglyn nie die terrein wat dit deurbreek, afkeur of veroordeel nie, maar juis dié spesiale kragte van die terrein waarneembaar en begryplik maak. 'n Vluglyn onthul hierdie aspek van die terrein, en bring die terrein terselfdertyd in kontak met die Buitekant, dít waarteen die terrein sigself probeer beskerm ten einde behoue te bly. Die wyse waarop 'n terrein behoue bly, kan vergelyk word met die neurie van 'n refrein (*ritournelle*); soos 'n kind wat bang is vir die donker, en oor en oor dieselfde deuntjie neurie, so funksioneer 'n refrein as die instandhouding van 'n spesifieke terrein/subjektiwiteit. So word die terrein, asook dit wat binne-in die terrein is, geskep. 'n Vluglyn deurbreek dan hierdie refrein/terrein, deur die terrein nie noodwendig eerstens te koppel met dit wat buitekant die terrein is nie, maar deur die terrein in kontak te bring met die empiriese gebeurtenis van koppeling sigself: die empiriese gebeurtenis van koppeling vind eerste plaas, en nie die terme wat gekoppel word nie. 'n Belangrike punt om hier te maak, is dat daar nie een korrekte vluglyn is wat eens en vir altyd effektief werk nie. 'n Vluglyn is nie 'n resep of model wat nagevolg kan word nie. Elke vluglyn moet uniek in die spesifieke omstandige ontstaan en 'n terrein deurbreek (Stengers, 2008: 39-42).

In hierdie studie kyk ek hoe en of die Madelief-studente vluglyne volg ten einde weg te breek van 'n vaste gerasde subjektiwiteit. Om 'n vluglyn te volg is soos om op 'n bewegende trein te spring – dit is die beweging van 'n lyn wat lynreg verby jou snel (Anker, 2007: 462). Tot watter mate kan die studente ontsnap van hul gerasde subjektiwiteit; dus verby dit beweeg en deur die volg van 'n vluglyn nuwe moontlikhede van bestaan ondersoek om 'n ander tipe subjektiwiteit te vorm? Ek kyk

tot watter mate 'n ras-assemblage en gerasde subjektiwiteit in plek gehou word deur refreine – watter aannames en vooropgestelde idees word herhaaldelik in onderhoude met studente gehoor? En watter vluglyne deurbreek hierdie refreine?

2.4.1.6 *Deterritorialisering*

Die proses(se) van deterritorialisering is die bewegings wat 'n gegewe assemblage vorm, aangesien dit die teenwoordigheid en kwaliteit van vluglyne bepaal. Op hul beurt bepaal vluglyne die vorm wat kreatiwiteit gaan aanneem in daardie spesifieke assemblage en die spesifieke wyses waarop dit transformasie kan meebring insigself of in ander assemblages (Patton, 2010: 72). Vanuit die perspektief van politieke en sosiale verandering, hang alles af van die tipes deterritorialisering wat teenwoordig is. Deleuze/Guattari in Patton (2010: 71-72) definieer deterritorialisering as die beweging deur middel waarvan iets ontsnap vanaf 'n gegewe terrein. Die prosesse van terreinvorming, deterritorialisering en reterritoralisering is onlosmaaklik verbind aan enige sosiale konteks of veld. Deterritorialisering is altyd 'n komplekse proses wat 'n deterritorialiserende element en 'n terrein insluit.

Deterritorialisering en reterritoralisering loop altyd hand aan hand. Laasgenoemde impliseer nie dat daar terugkeer word na die oorspronklike terrein nie, maar eerder dat die gedeterritorialiseerde elemente herkombineer in nuwe verbindings. Reterritorialisering is self 'n komplekse proses wat verskeie vorme kan aanneem, afhangende van die aard van die proses(se) van deterritorialisering waarin dit ontstaan. Deleuze/Guattari onderskei tussen die verbinding en samesmelting van gedeterritorialiseerde strominge, waar verbinding verwys na die wyses waarop verskeie deterritorialiseringe in interaksie kan wees ten einde mekaar te laat versnel, en samesmelting van verskillende strominge verwys na die wyses waarop strome/stromings mekaar kan inkorporeer of insluk, oorkodifiseer, wat 'n blokkasie in beweging teweeg bring (Patton, 2010: 73).

Wanneer Deleuze/Guattari suggereer dat samelewings gedefinieer word deur hul vluglyne of hul deterritorialiseringe, bedoel die skrywers dat fundamentele sosiale verandering voortdurend plaasvind, selfs al wil dit voorkom asof die samelewing sigself onveranderlik reproduseer op sekere vlakke. Verandering vind soms op 'n mikro-skaal plaas. 'n Voorbeeld hiervan is die oënskynlik kwynende mite rakende geslagsverskille en die verskillende rolle wat mans en vroue in politieke en sosiale instellings moet speel. Soms vind verandering op 'n groter skaal plaas deur middel van 'n

opspraakwekkende geleentheid wat 'n deurbraak teweegbring. 'n Geleentheid soos bv. die einde van Apartheid breek met die verlede en 'n nuwe veld van sosiale, politieke en wetlike moontlike ontstaan. Die wyse waarop Deleuze/Guattari die konsep verduidelik en gebruik, maak dit duidelik dat deterritorialisering gevestig is binne-in 'n terrein as 'n transformatiewe vektor. Dit is dus die moontlikheid van verandering wat immanent binne-in 'n gegewe terrein teenwoordig is (Parr, 2010: 71-73).

In hierdie studie kyk ek tot watter mate die vaste gerasde subjektiwiteite van die Madelief-studente gedeterritorialiseer word al dan nie. Laat die studente deterritorialisering toe? Moedig hulle dit aan? Of klou hulle vas aan hul geterritorialiseerde, afgebakende subjektiwiteite? Indien verandering onafwendbaar is binne 'n assemblage, wat gebeur met studente wat aan uitgediende subjektiwiteite vasklou? Waarom eksperimenteer studente nie met die deterritorialiserende potensiaal binne die Madelief-assemblage nie?

2.4.1.7 *Veelvoudighede*

Groepe en situasies is nooit totaliteite of eenhede nie, maar veelvoudighede. Die selfstandige naamwoord "veelvoudigheid" is vanuit 'n empiristiese oogpunt, baie belangrik. 'n Veelvoudigheid is 'n stel lyne of dimensies wat onverminderbaar of onherleibaar is tot mekaar. Alles is so aan mekaar gesit (Coleman & Ringrose, 2014: 9). Assemblages is veelvoudighede wat deur begeerte aan mekaar gekoppel is.

Die idee van veelvoudigheid is 'n idee wat ek gedurende die uitvoer van my studie konstant in teenwoordigheid wil bring om verby identiteit te dink en subjektiwiteit te kan bedink as 'n veelvoudigheid wat binne 'n masjiniestiese assemblage tot stand kom en voortdurend verander. Sodoende kan gerasde subjektiwiteite en ras-assemblages anders benader word ten einde te verstaan hoe dit werk.

2.4.1.8 *Wording*

Wording is die verhouding tussen die perdeby en die orgidee. Die wording is die iets anders, die nuwe, wat geskep word. Deleuze/Guattari (2008: 293) gee hierdie beskrywing van wording wanneer die interaksie tussen die perdeby en die orgidee en hul gesamentlike wording, beskryf word:

A line of becoming is not defined by points it connects ... on the contrary, it passes *between* points, it comes up through the middle ... The line of becoming that unites the wasp and the orchid produces a shared deterritorialization: of the wasp, in that

it becomes a liberated piece of the orchid's reproductive system, but also of the orchid, in that it becomes the object of an orgasm in the wasp, also liberated from its own reproduction.

Wording produseer niks anders as sigself nie. Die oënskynlik vaste punte (van subjektiwiteit) waardeur wording beweeg, is nie wording nie. Wording is dit wat *deur* hierdie punte beweeg, dit wat *word* (Deleuze & Guattari, 2008: 262).

Wording is nooit finaal klaar en afgehandel nie. Die koppeling en mikro-gebeurtenisse skep klein ontploffings wat nuwe skeppings aan die beweeg kry en momentum laat behou. Die doel is die strewe na 'n limiet wat nooit bereik word nie. Dit is die *proses* wat belangrik is. 'n Deleuze/Guattariaanse wording wat fokus op dit wat in die middel is, verskaf nuwe wyses van dink oor verskil, transformasie en sosiale strukture. Deleuziaanse wording plaas klem op die konkrete, die spesifieke en die enkelvoudige, en leer ons dat daar radikale moontlikhede is in dit wat onafgehandel gelaat word (Jackson, 2014: 122).

Wording, wat verskil-in-sigself is, is wat gebeur wanneer die risoom koppel en groei. Hierdie koppeling met die buitekant, maak dit moontlik om te affekteer en geaffekteer te word. Deur hierdie vloeï van affek, gebeur vluglyne wat deterritorialisering meebring, wat weer die proses van wording aan die gang hou. Die wordingsproses van die Madelief-studente binne die Madelief-assemblage is wat waargeneem word in hierdie studie.

2.5 OPSOMMING

In hierdie afdeling het ek Deleuze/Guattari se gereedskapkis uitgepak en die funksie van hul instrumente uitgelê. Ek dui aan watter konsepte deur Deleuze/Guattari se andersoortige subjektiwiteitsbeskouing geïmpliseer word, asook Saldanha (2004) se idee van 'n klewerige ontologie van gerasde subjektiwiteit.

Van belang vir die volgende afdeling waarin die metodologie van hierdie studie uiteengesit gaan word, is om te verstaan dat subjektiwiteit (en ook groep-subjektiwiteit) vir Deleuze/Guattari 'n assemblage van kragte en veelvoudigheid is wat voortdurend deur vluglyne verander en gedeterritorialiseer word, en wat dan affek produseer (Stagoll, 2010: 27). Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat bogenoemde konsepte dinge *doen*.

Dit is verder ook belangrik om te onthou (soos reeds genoem) dat Deleuze/Guattari hierdie andersoortige subjektieweitsbeskouing aan ons probeer oordra deur taal en die moontlikhede van taal te verbreed deur woorde *anders* te gebruik ten einde ander konnotasies te maak as die betekenis van woorde waaraan ons gewoond is. Dit word gedoen om ons gewone, gewoontevormende manier van dink te onderbreek en 'n veelvoudigheid van verskil oop te skeur. Deleuze/Guattari doen dit deur konsepte te skep wat “verby die subjektieweite strek wat die wêreld vir ons aanbied, ten einde die wêreld van verskil aan te raak wat hierdie subjektieweite beide konstitueer en omverwerp” (Mazzei, 2014: 97,98).

HOOFSTUK 3: METODOLOGIE – TEORIE AS PRAKTYK

3.1 INLEIDING: 'N EKSPERIMENTELE METODOLOGIE

Deleuze se filosofie is een van eksperimentering waar die subjek-in-die-wêreld nie 'n gegewe is nie, maar geskep word. Veelvoudigheid is iets wat ons moet *maak* en dit *leer* doen in die proses van eksperimentering. Hierdie benadering wat die maak van verbindings (koppeling) vooropstel, is empiristies of pragmaties van aard. Ontologie word hier ondergeskik gestel aan eksperimentering en 'n denksstyl van veelvoudigheid en koppeling; “en ... en”, kry voorkeur bo 'n denksstyl van definiëring, van “dit is”. Hierdie eksperimentele benadering van Deleuze dui op 'n tipe vertroue in die wêreld: om te koppel beteken om te werk met ander moontlikhede wat nog nie gegewe is nie. Meer as optimisties of pessimisties is hierdie 'n realistiese benadering tot die nuwe kragte wat nog nie in ons projekte, programme, in ons bekende wêreld en denkwyses opgeneem is nie. Dit beteken dat om te kan koppel het ons nie soseer kennis, sekerheid of selfs ontologie nodig nie, maar eerder 'n vertroue dat iets daaruit sal ontspring, al weet ons nie presies wat hierdie koppeling gaan produseer nie (Rajchman, 2001: 7). Hierdie eksperimentele filosofie van Deleuze, waar daar geëksperimenteer word deur te koppel en nuwe verbindings te skep, is bevestigend van aard. Om te bevestig is om te koppel. En om te koppel, is om te bevestig:

... the principle of affirmation and selection, which says: ‘keep only what increases connections’. For to affirm is not to assert or assume, but to lighten, to unground, to release the fresh air of other possibilities, to combat stupidity and cliché. From the start Deleuze was a philosopher not of negation but of affirmation – not of mourning and absence, not of sad, tired ironies, but of humor and life (Rajchman, 2001: 13).

Waar Kant die filosofie verander het in 'n hof wat sigself bemoei met die voorwaardes vir die moontlikheid van ware oordele, stel Deleuze 'n filosofie van eksperimentering bekend. Hierdie transendentale empirisme wat deur eksperimentering gekenmerk word, fokus nie op die voorwaardes van moontlike ervarings nie, maar soek eerder vir die voorwaardes waaronder iets nuuts vorendag kan kom. Hierdie studie ontplooi dus soos wat die studie uitgevoer word, en slegs deur die koppeling wat ek hier maak, kan iets nuuts tot stand kom (cf. St. Pierre, 2013: 226). Eksperimentering staan dus sentraal tot die metodologie van hierdie studie.

3.2 'N POST-KWALITATIEWE BENADERING

Deleuze/Guattari se andersoortige subjektiwiteitsbeskouing noodsaak 'n alternatiewe metodologiese benadering. Tradisionele navorsingmetodes wat algemeen in die sosiale

wetenskappe gebruik word, is ingestel om met vaste subjekte te werk wat in interaksie met ander vaste subjekte is. Kwalitatiewe navorsing werk tradisioneel met die Kartesiaanse, denkende subjek, waar hierdie subjek beskou word as 'n rasionele en statiese subjek (Semetsky, 2003: 221). Masny (2013a: 241) wys daarop dat

Regarding the subject, most research studies within modernity are based on the assumption of the autonomous thinking subject. The grounding of language, thought, and representation originates with a rational human being who is often referred to as the centered subject in a world that can be subjectively constructed. Deleuze moves away from the foundation of the subject who thinks and represents. Rather, it is the subject who is the product of events in life.

Soos genoem in Hoofstuk 1, gebruik St. Pierre (2011: 611-625) die term post-kwalitatiewe navorsing om die skuif weg van 'n Kartesiaanse subjek na 'n vloeibare en nie-vaste Deleuze/Guattariaanse subjek aan te dui. Die humanistiese Kartesiaanse subjek is nie meer die middelpunt nie, maar is 'n assemblage opsigself en vorm ook 'n assemblage saam met ander elemente. Die subjek is nie meer of minder belangrik as die ander elemente van die assemblage nie. Verbindinge kom tot stand binne die assemblage sodra koppeling plaasvind en geen voorafbepaalde verhoudings of verbindinge tussen elemente bestaan nie (Masny, 2013b: 339, 341). Die navorsing in hierdie studie word dus gekwalifiseer as post-kwalitatief, waar laasgenoemde gebaseer is op 'n andersoortige verstaan van subjektiwiteit as wat tradisioneel die geval in kwalitatiewe navorsing is (Johansson, 2015: 2). Binne post-kwalitatiewe navorsing poog navorsers om ander kennis te produseer en om kennis *anders* te produseer.

Hierdie post-kwalitatiewe skuif beïnvloed ook die wyse waarop die navorsing in hierdie tesis weergegee gaan word. St. Pierre (2011: 613) kritiseer kwalitatiewe navorsing vir die feit dat dit te gedissiplineerd, genormaliseerd en gesentreerd geword het. Die gevolg hiervan is dat navorsing wat konvensioneel en reduksionisties is, soms onderdrukkend kan wees en geen ruimte laat vir radikale moontlikhede nie. Binne kwalitatiewe navorsing is daar spesifieke metodes en skryfwyses wat as konvensioneel en aanvaarbaar beskou word. Honan en Bright (2016: 2) is egter van mening dat sommige van hierdie voorskrifte vir die wyse waarop navorsing gedoen moet word (hulle verwys spesifiek na die skryf van 'n tesis deur 'n doktorsale student), herinner aan dit waarvan Deleuze van wil wegbeweeg, naamlik die tradisionele denkbeeld, dus goeie en gewoontevormende denke. Alhoewel uitstekende navorsing wel danksy konvensionele, kwalitatiewe navorsingsmetodes tot stand kom, kan daar aangevoer word dat hierdie voorskriftelike advies kreatiewe denke kan strem. Sodoende word die doktorsale student weggestuur van die moontlikheid om *anders* te dink en

anders te skryf. Volgens Honan en Bright (2016: 3) is dit egter juis belangrik dat die doktrale student nie moet aanpas by die denke en skryfwyse wat konvensioneel van haar verwag word nie – om werklik te *dink* is volgens Deleuze 'n ware kreatiewe aksie¹⁹:

The writermachine, becoming-researcher, doctoral student working with post-structural theory in educational research creates a text where new understandings about language, power, identity and subjectivities are purportedly explored. Yet, at the same time, these explorations and the mappings of new understandings that contribute to thinking knowledge differently may be limited by their containment within a major vehicular language that denies its own politics, claiming value in discourses of lucidity, directness, clarity and precision incommensurable with post-structural and post-qualitative understandings of what language is and what language can do. What is needed instead is a writing in the middle, a construction of the multiple, an assemblage of discourses-languages-writing-methods that provides the spaces for 'texts of bliss to be created' (Honan & Bright, 2016: 7).

Deleuze/Guattari se denke en konsepte help dan juis om bogenoemde moontlik te maak. Hul denke breek weg van 'n tradisionele verstaan van denke en kennisverwerwing. Hul eiesoortige konsepte maak nuwe verstaanwyses en bestaanswyses moontlik. Ek as navorser word dus in staat gestel om te eksperimenteer wanneer ek met empiriese gegewens, subjekte en koppeling tussen subjekte werk (Mazzei, 2014: 98; St. Pierre, 2013: 226). Sodoende kan kennis geproduseer word wat 'n impak kan maak op die konteks waarin ek myself bevind.

Soos genoem, dwing post-kwalitatiewe navorsing ons om anders te dink oor die konsep "data". Die grensverskuiwende begrip van "data" baseer St. Pierre (1997: 175) op die argument dat indien "data" die fondament is waarop kennis berus, dit belangrik is om die algemeen aanvaarde betekenis van hierdie betekenaar (*signifier*) te problematiseer. 'n Andersoortige verstaan van die begrip sal ander kennis produseer en impliseer dat kennis ook anders geproduseer word. Die epistemologiese vertrekpunt van filosofie het onvoldoende geword. Kennis is kontingent en het meer met mag te doen as met waarheid. Dit impliseer dat ons dringend ons verstaan van kennis en die wyse waarop dit geproduseer word, moet herbedink.

Denzin (2013: 354) neem die problematiek rondom empiriese gegewens nog verder deur aan te voer dat die gebruik van die woorde soos "data" en "bewyse" nooit moreel en eties neutraal is nie. Hy argumenteer verder dat die politiek rondom bewyse, wat op empiriese gegewens gebaseer word,

¹⁹ "For to think is to experiment and not, in the first place, to judge" (Rajchman, 2001: 5).

meer te doen het met wie oor die mag beskik om die definisie van bewyse te definieer – wie besluit wat is “goeie” bewyse en watter metodes produseer die beste bewyse:

The politics of data, the politics of evidence cannot be separated from the ethics of evidence (Denzin, 2013: 354).

Denzin is van mening dat ’n wêreld sonder empiriese gegewens verbeel moet word; dus ’n wêreld waar metodologie en die heersende politiek van bewyse nie bestaan nie. Ook, voer Denzin (2013: 353) aan dat ons heeltemal moet wegbeweeg van die gebruik van die woord “data” omdat die positivistiese en post-positivistiese onderrok van ’n metodologie wat hierdie woord gebruik, uithang:

Poststructuralism took away positivism’s claim to a God’s eye view of the world and its happenings into things that could be turned into data ... in a single gesture, doubt replaced certainty, no theory, method, discourse, genre or tradition has ‘a universal and general claim as the ‘right’ or privileged form of authoritative knowledge’. Indeed all claims to universal truth ‘mask particular interests in local, cultural, and political struggles’ (Denzin, 2013: 353).

“Data” kan volgens Denzin (2013: 353-356) nie gekoppel word nie, nie praat nie en is in der waarheid dood. Hy stel voor, soos reeds in 1.5.2 genoem, dat die uitdrukking “empiriese gegewens” eerder gebruik word wanneer daar verwys word na dít wat ons as “data” ken. Hierdie skuif help my om op ’n ander wyse te dink oor waarmee ek as navorser besig is wanneer ek binne die raamwerk van post-kwalitatiewe navorsing gesprekke voer met studente en personeel.

3.2.1 STEM-SONDER-ORGANE

Ten einde nie oorvereenvoudigde kennisaansprake omtrent empiriese gegewens te maak nie, is dit belangrik om die stemme van navorsings-deelnemers anders te benader. Binne kwalitatiewe navorsing word daar aangeneem dat ’n individu oor een bewuste en koherente stem beskik wat die waarheid van die ervarings van hierdie individu weergee. Volgens hierdie metafisiese aanname is die stem stabiel, outentiek, self-reflekterend en teenwoordig – basies getrou aan die hier en nou (Mazzei & Jackson, 2012: 745-746; Mazzei, 2016: 152). Hierdie beskouing van die stem pas egter nie in die post-kwalitatiewe raamwerk nie en is uit pas met Deleuze/Guattari se alternatiewe subjektiwiteitsbeskouing.

Mazzei en Jackson (2012: 750) gebruik Deleuze/Guattari se konsep van die liggaam-sonder-organe en kom vorendag met ’n stem-sonder-organe, ten einde anders oor stem te kan dink. Die liggaam-sonder-organe word geskep, ten einde die denke sonder die subjek te bedink. Die liggaam-sonder-organe is ’n organisme wat ’n assemblage bestaande uit kragte, begeertes en intensiteite vorm. Die

vyand is nie organe nie, maar 'n organisme wat stratifikasie, sedimentering en hiërargiese ordeninge afdwing, ten einde 'n afgeforseerde subjektiwiteit teweeg te bring. As die liggaam-sonder-organe dan 'n assemblage van kragte, begeertes en intensiteite is, dan kan die stem-sonder-subjek of stem-sonder-organe op 'n soortgelyke manier bedink word. Die stem-sonder-organe is nie van die menslike individu as ontologiese eenheid van ondersoek afhanklik nie. Die stem-sonder-organe is 'n assemblage van verknopings, vlakke en drumpels (Mazzei, 2016: 153).

'n Ander verstaan van stem word moontlik gemaak, aangesien daar anders oor subjektiwiteit, teenwoordigheid en tyd gedink word. Die subjek is nou nie meer 'n humanistiese rasionele individu nie en ontstaan nie binne chronologiese tyd nie. Deleuze/Guattari se subjek is die newe-effek van affekte en intensiteite wat vloei. Hierdie andersoortige verstaan van subjektiwiteit impliseer dat tyd en die tyd waarbinne die subjek bestaan ook anders verstaan moet word; om te praat van die teenwoordigheid of afwesigheid van die subjek raak problematies, omdat daar nie meer 'n vaste, rasionele subjek is om vas te pen in tyd nie. Dus word stem as iets verstaan wat a) nie noodwendig aan een persoon behoort nie- een individu beskik oor verskeie stemme en b) nie slegs in die hier en die nou bestaan en dan verdwyn nie. Stemme talm in tyd en ruimte, koppel met ander stemme en klanke en kan nie tot chronologiese tyd gereduseer word nie (Mazzei, 2016: 152).

Stem-sonder-organe help ons dus ook om klank as 'n kontinuum te bedink. Wanneer alle stemme en klanke koppel op 'n immanensievlak, ontstaan daar 'n kontinuum van klank, waar alle klanke op dieselfde vlak bestaan. Wanneer onderhoude met navorsingsdeelnemers gevoer word, moet die agtergrondklanke van die opname dus ook as deel van die onderhoud beskou word (Mazzei & Jackson, 2012: 749). Die waarde hiervan sal in Hoofstuk 5 duidelik word.

In die volgende bespreking van die metodologie van my studie trek ek weer eens Deleuze/Guattari se gereedskapskis nader en gaan ek voort om die wyse waarop hul konsepte in hierdie studie geoperasionaliseer word, aan te dui. Ten einde meer helderheid te verkry oor presies *wat* operasionalisering van konsepte beteken (koppeling, riso-analise), *waar* dit gaan plaasvind binne hierdie betrokke studie (die drumpel), en *hoe* die waarneming van hierdie koppeling binne die drumpel moontlik is (transendentale empirisme), bespreek ek eers Deleuze/Guattari se teorie *as* praktyk.

3.3 METODOLOGIE: TEORIE AS PRAKTYK

Vir Deleuze moet die verhouding tussen teorie en praktyk op 'n nuwe wyse benader en geleef word. Praktyk word gewoonlik beskou as die toepassing of gevolge van teorie. Tradisioneel word daar aanvaar dat die praktyk teorie gaan inspireer en gaan aanleiding gee tot 'n nuwe soort teorie. Volgens Deleuze (2004a: 206) het die tradisionele verhouding tussen teorie en praktyk 'n totaliserende aard, aangesien nie teorie of praktyk toegelaat word of die ruimte gegun word om van voorskriftelike rolle af te wyk nie. Stengers (2008: 52) is van mening dat die probleem met teoretici is dat hul verwys na hul teorieë as konstruksie, maar dat hulle nie oor die ambag of vernuf beskik om hierdie konstruksie te laat werk en te operasionaliseer nie. Deleuze (2004a: 206) vra dan eerder die vraag na dít wat teorie en praktyk moet wees, op 'n *ander* manier; hy sien die verhouding tussen teorie en praktyk as meer gefragmenteerd, as wat dit tradisioneel beskou word.

Eerstens is teorie altyd plaaslik en verwant aan 'n beperkte gebied of terrein, alhoewel dit van toepassing kan wees op 'n ander gebied. Die voorwaarde van toepassing het egter niks met soortgelykheid te doen nie. Anders gestel, die toepassingsreël is nie gegrond op soortgelykheid nie en die domeine waarop die teorie toegepas word, hoef dus nie soortgelyk aan mekaar te wees nie. Tweedens, sodra 'n teorie vastrapplek binne 'n domein kry, word dit gekonfronteer met struikelblokke, mure en botsings. Hierdie hindernisse skep dan die behoefte by teorie om deur 'n ander tipe diskoers herlei te word. Dit is hierdie "ander diskoers" wat meebring dat die teorie mettertyd na 'n ander domein migreer. Praktyk is 'n netwerk of assemblage waar een teoretiese punt 'n ander teoretiese punt aflos, terwyl teorie weer een praktyk na 'n ander praktyk herlei. Vir 'n teorie om te ontwikkel moet dit 'n muur tref, terwyl praktyk nodig is om deur die muur te breek (Deleuze, 2004a: 206). Semetsky (2003: 219) stel die verband tussen teorie en praktyk soos volg:

Theory and practice are interrelated: theory itself performs a practical and pragmatic function, and 'theoretical tools must unsettle and disturb those who would use them in order to bring new objects and events within range of thought' in a process of inventing and creating new concepts.

Deleuze/Guattari se werk is dus van besondere waarde wanneer daar gedink word oor metodologie, aangesien een van die belangrikste aspekte van hul werk die afbreek van die sogenaamde vals onderskeid tussen teorie en praktyk is:

It is something else entirely: a system of relays in an assemblage, in a multiplicity of bits and pieces both theoretical and practical. For us, the intellectual and theorist have ceased to be a subject, a consciousness, that represents or is representative ... Who speaks and who acts? It's always a multiplicity, even in the person that speaks or acts. We are all groupuscles. There is no more representation. There is only action,

the action of theory, the action of praxis, in the relations of relays and networks (Deleuze, 2004a: 207).

Volgens Deleuze is teorie die ondersoeking en beoefening van die oënskynlik fiktiewe wêreld wat deur empirisme beskryf word, asook 'n studie van die geldigheidsvoorwaardes van ons praktyke. Dit spoor navorsers aan om die navorsingsproses te herbedink en om vrae te vra oor die verhouding tussen teorie en metodologie; die kondisies waaronder empiriese navorsing uitgevoer word; en die effekte/afekte hiervan. 'n Belangrike metodologiese implikasie van Deleuze/Guattari se werk is dat dit die navorser aanspoor om konsepte en metodologieë te ontwikkel wat spesifiek, ter sake en gepas is vir 'n navorsingsvraag (Coleman & Ringrose, 2014: 2-3).

Deleuze se eksperimentele ontologie laat boonop ook nie ruimte vir die subjek-objek onderskeid nie (St. Pierre, 2013: 226). Die onderskeid tussen die navorser en dit wat sy navors of wie sy navors, word dus deurbreek. Die subjek word ook binne Deleuze se ontologie gedesentraliseer en vorm dan deel van die navorsing-assemblage. Die navorser staan dus nie sentraal tot die navorsingsproses nie, maar is slegs een komponent van vele wat binne die assemblage koppel ten einde nuwe formasies teweeg te bring. Hierdie is 'n belangrike punt, aangesien dit bepalend is vir die eksperimentele wyse wat my navorsing aanneem. Vir etiese doeleindes moet 'n Deleuze/Guattariaanse metodologie dus in ag neem dat die realiteit/navorsingskonteks nie bloot vasgevang word nie, maar *gemaak* word soos wat die navorsingsmetodes en waarneming toegepas word. Hierdie metodologie het dus epistemologiese en ontologiese implikasies (Coleman & Ringrose, 2014: 6) vir die navorsing wat ek doen, aangesien die navorsingsproses 'n wordings- en skeppingsproses is.

Deur Deleuze/Guattari se idees oor die wêreld en die manier waarop kennis verkry word in te span en te operasionaliseer, kan daar dus lig gewerp word op *ander* maniere van weet en waarneem. Ons verwantskap met die wêreld word in 'n ander lig geplaas en die feit *dat* ons die wêreld wat ons ken ook help skep en dus *anders* kan skep, word 'n werklikheid wanneer Deleuze/Guattari se idees ernstig opgeneem word (St. Pierre, 1997: 176-178). Een van die belangrikste metodologiese implikasies van hul werk vir my navorsing is die feit dat hul idees en konsepte dit vir my moontlik maak om op 'n *ander* wyse waar te neem en *anders* te dink; om *anders* waar te neem; om *anders* op te let (Coleman & Ringrose, 2014: 4). Konsepte soos vluglyne, deterritorialisering, assemblage, die drumpel, liggaam-sonder-organe, die risoom en affek help my as navorser om ontologies anders oor die wêreld te dink; om eksperimenteel te dink (St. Pierre, 2013: 226). Ek argumenteer dat om sosiaal verantwoordbaar te wees, gegewe ons komplekse geskiedenis rakende ras, impliseer dat ons *anders*

moet waarneem en dink oor ras. Indien ek as navorser dus sosiaal verantwoordbaar wil wees, moet ek myself leer om anders waar te neem en ras anders te bedink. Wat presies hierdie andersoortige manier van waarneem en dink impliseer, sal met verloop van die studie duidelik word.

Deleuze/Guattari deurbreek ook die onderskeid tussen teorie en praktyk/metodologie deur die wyse waarop *konsepte* verstaan word: konsepte ontstaan deur 'n ontologie van wording, waar wording nooit nabootsing, afbeelding of die konformering tot 'n model beteken nie. Dit beteken 'n konsep is nie 'n voorafgegewe teoretiese raamwerk waarin empiriese gegewens inpas en geïnterpreteer word nie, en ook nie iets wat ontspring uit empiriese navorsing nie. Konsepte *doen* dinge. Om konsepte te verstaan as iets wat beoefen word, is om konsepte te verstaan as wording. Om te dink oor metodologie is dus om sosiale verandering te bedink (Coleman & Ringrose, 2014: 7, 8). Deleuze/Guattari se denke en konsepte, wat as teoretiese lens funksioneer, *word* dan metodologies ontwikkel en word sodoende my metodologie. Guattari (2009: 22) verwoord hierdie proses as volg:

Theoretical expressions should function as tools, as machines ... and this is true in every field ... The most desirable effect that can be anticipated in the conceptual field is not in the order of comprehension but in the form of a certain efficiency. 'It works or it doesn't work'.

Kreatiewe weerstand teen identiteitsdenke (en die tradisionele denkebeeld) staan sentraal binne die denke van Deleuze/Guattari en hierdie skeppende omverwerping het 'n tegniese element wat ernstig opgeneem word. Soos Stengers (2008: 58) dit stel wanneer sy Deleuze/Guattari aanhaal:

And to resist not reflexively, but creatively, that is also technically – 'it is, should be, a question of technique, exclusively a question of technique'.

Vir Deleuze/Guattari is hierdie logika van effektiwiteit 'n metodologiese manier van dink en as deel van hul projek van transendentale empirisme, moet empiriese navorsing nuwe maniere vind om die sosiale waar te neem en te verander (Ringrose & Coleman, 2014: 127). Hulle lê ook klem op die tegniese aspekte van skryf, denke en navorsing. Hierdie is 'n belangrike insig, aangesien dit die wyse waarop my navorsing vorm aanneem en weergegee word, ten sterkste beïnvloed.

3.3.1 RISO-ANALISE: OPERASIONALISERING VAN DIE RISOOM

The rhizome is altogether different, *a map and not a tracing*. Make a map, not a tracing. The orchid does not reproduce the tracing of the wasp; it forms a map with the wasp, in a rhizome. What distinguishes the map from the tracing is that it is entirely oriented toward an experimentation in contact with the real. The map does

not reproduce an unconscious closed in upon itself; *it constructs the unconscious* [my beklemtoning]. It fosters connections between fields, the removal of blockages on bodies without organs, the maximum opening of bodies without organs onto a plane of consistency. It is itself a part of the rhizome. The map is open and connectable in all of its dimensions; it is detachable, reversible, susceptible to constant modification. It can be torn, reversed, adapted to any kind of mounting, reworked by an individual, group, or social formation. It can be drawn on a wall, conceived of as a work of art, constructed as a political action or as a meditation. Perhaps one of the most important characteristics of the rhizome is that it always has multiple entryways ... (Deleuze & Guattari, 2008: 13-14).

Deleuze/Guattari se konsepte (wat gelees moet word as prosesse, iets wat beoefen word) soos die risoom en assemblage, is besonder behulpsaam wanneer verbindings en koppeling bedink moet word, eerder as teenstellings. Hierdie konsepte fokus ook op beweging eerder as kategorisering; wording eerder as bestaan (St. Pierre, 2013: 226). Wording is 'n risoomagtige proses met horisontale groeisels in onvoorspelbare rigtings. Dit loop uit in die middel en funksioneer om te versteur en om verandering te skep (Masny, 2013b: 339).

In hierdie studie neem die operasionalisering van die risoom die vorm van 'n riso-analise aan. Ten einde weg te beweeg van uitgediende metodologiese gebruike wat herinner aan die tradisionele denkbeeld en die rasionele subjek, moet daar anders oor empiriese gegewens gedink word en moet dit anders weergegee word. Dit impliseer dat 'n ongemak manifesteer weens die gebrek aan sekerheid, deursigtigheid en vaste beelde. Riso-analise verskaf hierdie *ander* manier van dink en *doen* met behulp van risomatiese verbindings, vluglyne en 'n samelopende gebrek aan stabiliteit. Riso-analise deterritorialiseer tradisionele metodologie en met behulp van transendentale empirisme word daar ander maniere geskep van dink oor navorsing. Immanensie speel 'n belangrike rol in hierdie proses, aangesien immanente prosesse van wording gebeur wanneer die assemblage versteur word (Masny, 2013b: 342-345).

Riso-analise is voorts 'n navorsingsgebeurtenis wat nuwe vrae vra en laat ontstaan. Net soos wat die risoom 'n alternatief bied tot die boomagtige denkwysse wat aan ons oorbekend is, bied riso-analise ons die geleentheid om nomadies, anders en in terme van veelvoudighede te dink. Riso-analise fokus ook op die wyse waarop die navorsingsproses gebeur en wat deur die navorsingsproses geproduseer word. Dit skep geleenthede om verder te dink as die bekende. Eksperimentering speel dus 'n belangrike rol, aangesien ek as navorser nie weet *wat* die uitkomst van die studie gaan wees nie en ook nie presies seker is van wat dit *moet* wees nie. Riso-analise maak dit vir my moontlik om

binne 'n post-kwalitatiewe raamwerk en deur middel van eksperimentering nuwe verbindings te skep en vrylik met affek, assemblages en ge(de)territorialiseerde ruimtes te werk (Masny, 2013b: 345).

Dit is ook belangrik om te noem dat alles alreeds gebeur binne riso-analise. Dit beteken nie dat die skryfproses van hierdie proefskrif dit wat hier bestaan net produseer nie. Dit beteken eerder dat die skryfproses die moontlikhede wat altyd alreeds bestaan en waargeneem kan word, oopmaak en oopskryf. Binne hierdie riso-metodologiese benadering word die skryfproses waartydens navorsing opgeskryf word, deel van die ondersoek; daar word nie onderskei tussen die onderwerp van riso-analise en dit wat riso-analise skep nie. Riso-analise is dus die navorsingsproses *en* die produk wat in die proses tot stand kom (Sellers, 2015: 6, 10).

3.3.2 KOPPELING: OPERASIONALISERING VAN DIE ASSEMBLAGE

In *A Thousand Plateaus* skryf Deleuze/Guattari (2008: 5)

[w]hen one writes, the only question is which other machine the literary machine can be plugged into, *must* be plugged into, in order to work.

Tydens die navorsingsproses word die navorser met 'n verskeidenheid van tekste of literêre masjiene gekonfronteer. Voorbeelde hiervan is Deleuze/Guattari se teorie, transkripsies van gesprekke (kritiese gesprekke met vriende en kennisse, asook gesprekke met studente en personeel), joernaalinskrywings, metodologiese tekste en akademiese boeke en artikels. Hierdie tekste word lewendig wanneer idees, fragmente van tekste, teorie, subjekte en sensasies by mekaar ingekoppel word. Die navorsingsproses *is* dan 'n assemblage²⁰ (wat bestaan op 'n immanensievlak) waar intensiteite, begeerte en affek deur hierdie komponente van die assemblage vloei (Masny, 2013b: 340). Dit is die *proses* eerder as die *konsep* van *koppeling* wat vir die doeleindes van hierdie studie interessant is. Om te dink oor die konsep is taamlik eenvoudig; om die konsep te operasionaliseer is die werklike uitdaging. Wanneer dinge bymekaar ingekoppel word, word daar iets nuuts geskep – dit is 'n konstante, aaneenlopende masjiniestiese proses van inskakel, aanskakel en affekteer. 'n Assemblage is in hierdie opsig nie 'n ding nie, maar 'n proses waar nuwe verbindings geskep en ander verbreek word. Dit is 'n proses van rangskikking, organisering en dinge by mekaar voeg. Om oor die werking van 'n assemblage te dink, moet ons dus nie slegs vra *hoe* dinge gekoppel word nie, maar

²⁰ Dit is belangrik om daarop te let dat die navorsingsproses nie "soos" 'n assemblage is nie; dit *is* 'n assemblage, en *word* 'n assemblage wat voortdurend geaffekteer word deur ander assemblages (Masny, 2013a: 226).

ook op watter terrein daar hierdeur aanspraak gemaak word (Jackson & Mazzei, 2013: 262) en wat die impak op die betrokke terrein is.

Koppeling of inskakeling kan dan gesien word as die wyse waarop die nuwe geskep word. 'n Assemblage vorm deur middel van koppeling. Koppeling is 'n assemblage-in-wording; dus die operasionalisering van 'n assemblage. Koppeling is die produsering van kennis. 'n Assemblage is tydelik en die resultaat van koppeling. 'n Assemblage is aaneenlopende, self-vibrerende intensiteite wat in die woorde van Deleuze/Guattari (2008: 25), ontslae moet raak van

[the] tripartite division between a field of reality (the world) and a field of representation (the book) and a field of subjectivity (the author). Rather, an assemblage establishes connections between certain multiplicities drawn from each of these orders, so that a book has no sequel nor the world its object nor one or several authors as its subject.

'n Oomblik van koppeling vind dus plaas wanneer die empiriese gegewens samelopend met die teorie wat bedink word, gelees word. 'n Assemblage ontstaan en nuwe verbindings word gemaak. Koppeling skep 'n ander, 'n nuwe verhouding tussen tekste: hulle begin *mekaar* konstitueer en sodoende word iets nuuts geskep. Teorie en empiriese gegewens konstitueer mekaar in die koppelingsaksie. Artikulasie gaan oor die skep van nuwe kombinasies ten einde nuwe subjektiwiteite te skep (Jackson & Mazzei, 2013: 264). In hierdie studie word die mate waarin nuwe subjektiwiteite in die Madelief-koshuis tot stand kom, ondersoek. Die mate waarin die subjektiwiteite die wit/swart onderskeid deurbreek of nie, word ondersoek.

In my studie word die empiriese gegewens wat ek deur middel van verskeie navorsingsmetodes genereer, saam met Deleuze/Guattari se teorie en konsepte gelees. Die teorie word saam met die empiriese gegewens bedink en nie net toegepas nie. Die empiriese gegewens en die teorie word op 'n masjiniestiese wyse bymekaar ingekoppel/ingeskakel, sodat dit mekaar kan affekteer, en geaffekteer kan word. Die assemblage word gevorm danksy koppeling. Die Madelief-assemblage is dus die navorsingsmateriaal van my studie en ek as navorser vorm ook deel van die assemblage.

3.3.3 VINJET

Om bogenoemde operasionalisering van die assemblage beter te begryp, is dit belangrik om die gebruik van vinjette te verduidelik. Masny (2013b: 339-348) maak van vinjette binne haar navorsing oor veelvuldige-geletterdheidsteorie gebruik. Sy gebruik vinjette tesame met die konsep van riso-

analise om haar navorsing te versteur. Ek gebruik vinjette in die vorm van **vet-lettertipe gedeeltes** om my navorsingsgegewens anders te bedink en anders te beoefen. In my navorsings-assemblage koppel ek verskeie vinjette met mekaar. Hierdie vinjette sluit onder andere getranskribeerde uittreksels uit gesprekke, koerantberigte, beleidsdokumente, verslae, joernaalinskrywings in, asook die stemme van navorsings-deelnemers en die Madelief-koshuis-konteks. Die vinjette word gebruik op grond van die mate waarin dit die assemblage kan affekteer en die mate waarin die assemblage deur die vignette geaffekteer kan word. In plaas daarvan om dus die teks te interpreteer en betekenis te soek, word die vinjette met mekaar en ander komponente binne die assemblage gekoppel. Jy as leser moet oplet na wat die vinjette *doen* en hoe dit *werk*. Die “analise” word deur middel van ’n indirekte diskoers “gerapporteer”. Die subjek is gedesentreerd en interpreteer dus nie meer nie. Die empiriese gegewens word dan oorskreidend en deurbrekend wanneer die **vet lettertipe-gedeeltes** die navorsings-assemblage versteur en affekteer. Sodoende word virtuele, onderliggende gedagtes **na vore gebring** wat die analise affekteer en nuwe **verbindinge skep** (Masny, 2013b: 343). In die proses word **vinjette** en die **virtuele gedagtes van die navorser** wat deur **immanensie** geproduseer word, **met mekaar gekoppel**. Die koppeling vind plaas soos wat die **navorsing ontvou** en **nuwe verbindinge vorm**. Dit gebeur dus binne ’n ruimte van eksperimentering waarbinne ek geen voorafbepaalde idee het van hoe die navorsing moet uitspeel nie. Die navorsingsruimte word dus ’n kreatiewe ruimte waar verbindinge deur koppeling gebeur en dus moontlik gemaak word deur immanensie (Masny, 2013b: 345).

Tot sover dan wat die metodologie behels. Daar is egter ook ’n ruimtelike element betrokke by koppeling en die operasionalisering van die assemblage, naamlik waar vind dit plaas.

3.3.4 DRUMPEL

Die drumpel is ’n belangrike tussenin ruimte in die Deleuziaanse wordingsproses. In argitektuur bestaan die drumpel tussen twee vertrekke, in-die-middel-van-dinge dus. Dit bestaan as ’n deurgang, ’n deurloop. ’n Drumpel het geen funksie, betekenis of doel voor dit gekoppel word met ander ruimtes nie. Met ander woorde, ’n drumpel word slegs ’n deurgang wanneer dit gekoppel word met dinge wat *anders* as ditself is. Die drumpel is derhalwe ’n uitgang en ’n ingang; dit is ’n “en-en” ruimte – die struktuur van die drumpel is dus nie-lineêr. ’n Drumpel kan oorvloed of oormaat aandui, soos ’n pyndrumpel. Die oormaat in/van die drumpel is die ruimte waar iets ander te voorskyn kom: ’n reaksie, ’n effek. Wanneer die drumpel oorgesteek word, gebeur daar iets nuuts (Jackson, 2014: 116).

Metodologies is die konsep van die drumpel besonder behulpsaam. Die drumpel kan beskou word as die ruimte waar empiriese gegewens en teorie in mekaar gekoppel word om *nuwe analitiese vrae* te laat ontstaan. In die ruimte van die drumpel kan post-kwalitatiewe navorsers bewus word van die wyse waarop teorie en empiriese gegewens mekaar konstitueer of vorm, en hoe die onderskeid tussen (en definisies van) teorie en empiriese gegewens ineens stort. Teorie en praktyk bots, kontamineer en affekteer mekaar binne hierdie ruimte (Jackson, 2014: 116). Die subjek kan beskou word as 'n drumpel waar tydelike subjektiwiteit vorm weens die vloei van affek en intensiteit.

In my studie word die Madelief-koshuisgebou en die Madelief-studentegemeenskap binne-in die gebou die drumpel. Die assemblage wat hier ontstaan word onder andere gevorm deur die koppeling van teorie, studentegesprekke, emosies, affekte en tekste – hierdie koppeling vind dus plaas binne die drumpel van die Madelief-koshuis. Dit is hiér waar die veelvoudigheid wat die assemblage vorm bestudeer word. Dit is ook hiér waar die verandering plaasvind, waar die vloei van affek en begeerte gekarteer word, asook waar vluglyne ontstaan. Die vrae is velerlei: *Wat gebeur met gerasde subjektiwiteit binne so 'n assemblage? Hoe deurbreek die vloei van begeerte en affek vaste gerasde subjektiwiteit? Hoe hou die vloei van begeerte en affek hierdie subjektiwiteit in stand? Hoe word gerasde subjektiwiteit geproduseer? Wat kan gedoen word om vluglyne lewendig te hou?*

Die Deleuze/Guattariaanse-vraag sal dus nie wees wat is gerasde subjektiwiteit nie, maar eerder: hoe *werk* gerasde subjektiwiteit en vir *wie* werk dit? Hoe *vorm* dit? As navorsers sal ek dus verby teoretisering wil beweeg en sal ek nie fokus op die feit *dat* gerasde subjektiwiteit bestaan nie, maar eerder vra *hoe* word gerasde subjektiwiteit geproduseer? (Mazzei, 2014: 99).

In die lig van die voorafgaande vrae sal my navorsingsmetodes by uitstek gerig word deur die vraag: *Hoe gaan hierdie veelvoudigheid bestudeer word?* Transendentale empirisme bied 'n wyse waarop veelvoudigheid bestudeer kan word.

3.3.5 TRANSENDENTALE EMPIRISME

Dit is baie belangrik om daarna op te let dat hierdie navorsingsproses gelei word deur transendentale empirisme. Transendentale empirisme is Deleuze se skepping en staan sentraal tot sy perspektief van lewe as iets wat wordend is. Ervaring is ook 'n kardinale begrip binne transendentale empirisme – vir Deleuze is ervaring nie gegrond in die outonome denkende subjek nie en kan dus nie uitsluitlik

aan die individu toegeskryf word nie. Ervaring is iets wat bedink moet word binne die virtuele gedagte van 'n ervaring. Masny (2013b: 341) gebruik die volgende voorbeeld om transendentale empirisme te verduidelik:

You are walking down a corridor at work. The reading of the smell of coffee has disrupted. What could happen next? The clock on the wall says it is 4 o'clock: a visual and printed reading. There is a rhizomatic rupture; whatever has been going on has been disrupted/deterritorialized. The rupture brings on the virtual thought of a break, a going home or potentially the thought of a next vacation. Where the smell of coffee could lead is unpredictable. Transcendental empiricism is not interested in the autonomous thinking subject that grounds experience through explanation. In transcendental empiricism, the subject is decentered in that the subject becomes part of an assemblage.

Deleuze neem nie aan dat daar 'n wese of 'n subjek moet wees *wat* ervaar nie. Volgens hom verwys die "ek" slegs na toevallige effekte van interaksies tussen onder meer geleentheid, reaksies, herinneringe, sosiale kragte, toeval, geloofstelsels en ekonomiese kondisies – tesame vorm dit 'n *lewe*. Deur 'n andersoortige benadering in te neem teenoor transendentale filosofie, en deur verby 'n empirisme te beweeg wat slegs gebou is op die epistemologiese verband tussen idees en sintuiglike indrukke, skuif Deleuze die filosofiese fokus weg van die bepaling van 'n fondament van dit wat dieselfde is tussen mense. Hier is eerder 'n beweging na 'n viering van die onvoorspelbare/tydelikheid, verskil/andersheid en verskeidenheid van elke individuele lewe ter sprake (Stagoll, 2010b: 288-289).

Met transendentale empirisme beweeg Deleuze ook weg van representasie (wat geassosieer word met identiteitsdenke en 'n denkrigting wat voorkeur gee aan dit wat dieselfde is, bo dit wat verskil) en interpretasie. Representasie beperk ervaring tot die wêreld soos dit nou is en baan nie 'n weg na die wêreld soos dit *kan* wees nie. Representasie veronderstel ook dat 'n objek wat teenwoordig is, eintlik 'n ander, geborge betekenis het, en hierdie betekenis kan binne die konteks van representasie slegs deur interpretasie uitgelig word. Representasie en interpretasie loop dus nou saam en het Westerse denke vir 'n wyle gedomineer. Deleuze/Guattari (2008: 127) verwys egter na interpretasie as 'n siekte, as interpretosis. Hierteenoor gee hulle eerder voorkeur aan 'n assemblage (waarin representasie kwyn) en pragmatiese eksperimentering waarin sinsontplooiing plaasvind deur die krag van affek. Die "analise" van empiriese gegewens word dus gelei deur transendentale empirisme, waarin die gedesentreerde subjek funksioneer in 'n nie-verteenvoerdigende omgewing (Masny, 2013b: 342).

Deleuze is 'n voorstaander van 'n empirisme wat deur inherente geblewenheid of immanensie (immanence) word. Empirisme is dan 'n manier waarop assemblages en die verbandhoudendheid daarvan bestudeer kan word deur by die inherente geblewenheid van die ding te begin en dit uit te lig. Inherente geblewenheid verwys na die spesifiekheid of enkelvoudigheid van 'n ding. Deleuze fokus op die verhoudinge tussen dinge. Sy werk fokus op die lyne *tussen* inherente geblewenheid en word daarom 'n transendentale empirisme genoem (Coleman & Ringrose, 2014: 10).

In my studie word Deleuze/Guattari se konseptuele apparaat gebruik om empiriese navorsing uit te voer soos wat vele navorsers in die sosiale wetenskappe voor my al gedoen het (Ringrose, 2011: 598). My navorsing(sproes), wat 'n assemblage is, word deur transendentale empirisme gelei. Die wyse waarop die assemblage benader word, word dus deur transendentale empirisme bepaal. Transendentale empirisme stel my as navorser in staat om met behulp van konsepte soos territorialisering en gestratifiseerde ruimtes die behoudende, gevestigde modaliteite van bestaan binne die konteks van Madelief-koshuis, te beskryf. Dit stel my ook in staat om met behulp van idees soos deterritorialisering en vluglyne die moontlikhede van transformasie/verandering/wording raak te sien (Ringrose, 2011: 599). Deleuze/Guattari se werk ontwikkel onder leiding van Gabriel Tardé uit die mikro-sosiologiese tradisie en gebruik geografiese konsepte om 'n geo-filosofie te ontwikkel, wat 'n nuwe woordeskat insluit om die kartering van die komplekse en weersprekende aard van sosiale transformasie moontlik te maak (Ringrose, 2011: 599).

Vanuit 'n metodologiese oogpunt, dwing Deleuze/Guattari my om te fokus op 'n spesifieke, wilde tipe empirisme wat die onstabiliteit van die alledaagse lewe kan sien en die veelvoudigheid kan vasvang. Dit beteken dat 'n navorsingsruimte geskep kan word wat die nuwe kondisies vir dit wat moontlik is karteer. So 'n navorsingsruimte sluit in 'n komplekse mengsel van affekte, re- en deterritorialisering gedryf deur begeerte. Begeerte is 'n dryfkrag, dit is produktief en maak verbindings tussen liggame en materiële objekte (Renold & Mellor, 2014: 28). Transendentale empirisme stel my dus in staat om die strominge en affekte wat gerasde subjektiwiteite in stand hou of ondermyn, te karteer en so sosiale transformasie anders te benader.

Transendentale empirisme stel my ook in staat om te begin met die enkelvoudige ervarings van en tussen studente. Dit stel my in staat om koppeling van die teorie en konsepte met die sosiale konteks van Madelief-koshuis as drumpel waar veranderinge en stromings plaasvind, waar te neem. Verder stel hierdie benadering my in staat om my navorsing op 'n eksperimentele wyse uit te voer deurdat

die navorsing nie bloot vasgevang word nie, maar eerder geskep en gemaak word soos wat die navorsingsproses ontplooi (Coleman & Ringrose, 2014: 6).

Transendentale empirisme gaan dan as't ware die metodes wat ek gaan gebruik om empiriese gegewens in te samel, vooraf. Transendentale empirisme bepaal die wyse waarop ek my metodes gaan implementeer; die *hoe*. In Deleuze/Guattariaanse terme is transendentale empirisme dus die drumpel waar teorie en praktyk vervloei. Die metodes wat ek gebruik, gaan tot 'n mate die sosiale realiteit skep wat ek bestudeer. In metodologiese terme beteken dit dat ek aandag moet gee aan die wyses waarop sosiale realiteite deur metodes *gemaak* word. Aangesien teorie praktyk *is*, is dit belangrik om die *manier* waarop ek die metodes implementeer, asook die metodes self, fyn dop te hou.

3.4 OPSOMMING

In hierdie afdeling het ek die eksperimentele metodologie wat in hierdie studie gebruik word, uiteengesit. Post-kwalitatiewe navorsing wat deel vorm van hierdie eksperimentele metodologie, is bespreek. Deleuze/Guattari se alternatiewe subjektiwiteitsbeskouing noodsaak 'n alternatiewe epistemologie. Die wyse waarop empiriese gegewens verstaan word, met spesifieke verwysing na die stem binne gesprekke of onderhoude, het aandag geniet. 'n Metodologie waar teorie as praktyk beoefen word, is uitgepak. Riso-analise en koppeling, wat die operasionalisering van die assemblage is, is uitgelê. Riso-analise en koppeling moet saam gelees word, en is die wyse waarop Deleuze/Guattari se konsepte geoperasionaliseer word binne hierdie studie. Vinjette is bespreek as 'n manier om empiriese gegewens as't ware te laat praat met mekaar. Die drumpel as veeldoelige konsep vir die vervloeiing van affekte en intensiteite is daarna uiteengesit, waarna die belang van transendentale empirisme bespreek is.

HOOFSTUK 4: TRANSFORMASIE VAN UV-KOSHUISE (1994 – 2015)

You know, when *we* grew up, it was a completely different time. It was a *draconic* time. If you were black, doesn't matter where you lived, you had to go and study at Fort Hare. If you were Indian, you had to go to Salisbury Island, close to Durban. There was a college for Indians. You couldn't go anywhere else. If you were coloured, you had to go to University of the Western Cape. And there were only certain courses you could take. You could become a teacher. Your choices were limited. If you were non-white, you mostly ended up as a teacher or on the railways. And if you wanted to study a course that was not taught at that university, you had to get special permission from the Department of Education. Now, these days, the kids have so many options and opportunities. And as a parent, you want to give your child everything that you didn't have. Even if it will cost me a fortune.

– Gesprek met Mnr. Moos op 17 Oktober 2015, vader van 'n 2016-eerstejaar in Madelief

4.1 ASSEMBLAGE-IN-WORDING

Hierdie hoofstuk is 'n eksperiment in koppeling, en die hoofstuk self is 'n assemblage. Soos reeds genoem, is die assemblage beskrywend van veelvoudigheid, verandering, wording en prosesmatigheid (Coleman & Ringrose, 2014: 5). 'n Assemblage-in-wording is die samevoeging, organisering en koppeling van dinge, waar dit dan 'n assemblage vorm bestaande uit heterogene elemente (Livesey, 2010: 18). In hierdie hoofstuk word die geskiedenis van rasse-integrasie by die UV-koshuise en die huidige stand van sake, uiteengesit. In hierdie hoofstuk word onder andere koerantartikels, uittreksels uit gesprek-transkripsies, akademiese tekste en beleidsverslae met mekaar gekoppel. Hierdie navorsingsproses *is* dan 'n assemblage waar intensiteite, begeerte en affek deur hierdie komponente van die assemblage vloei (Masny, 2013b: 340). Wanneer hierdie dinge bymekaar ingekoppel word, word daar iets nuuts geskep; dit is 'n konstante, aaneenlopende masjiniestiese proses van inskakel, aanskakel en affekteer. Koppeling is dan die operasionalisering van die assemblage en skep 'n ander, 'n nuwe verhouding tussen tekste: hulle begin *mekaar* konstitueer/vorm en sodoende word iets nuuts geskep (Jackson & Mazzei, 2013: 264). As die gedesentreerde subjek is ek as navorser deel van die assemblage; as een van die komponente wat koppel, is ek nie meer of minder belangrik is as die ander komponente nie.

In hierdie assemblage-hoofstuk gebruik ek **vinjette** wat die gelaaide, intense affektiewe gedeeltes binne die tekste aandui. Ek lig spesifiek hierdie dele uit, omdat dit verbindings vorm met ander komponente van die assemblage – dus daardie gedeeltes wat gedagtes en denke by my losmaak en

laat ontstaan. Die vinjette word gebruik op grond van die mate waarin dit die assemblage kan affekteer en die mate waarin die assemblage deur die vignette geaffekteer kan word. Vinjette word binne die assemblage met mekaar gekoppel. Wanneer koppeling plaasvind, vind 'n proses van sinsontplooiing plaas binne die navorsings-assemblage. Sinsontplooiing kulmineer in gewaarwording, waar gewaarwording denke voorafgaan. Sodoende word virtuele, onderliggende gedagtes na vore gebring wat die analise affekteer en nuwe verbindings skep. Dit gebeur binne 'n ruimte van eksperimentering waar ek nie weet wat die resultate gaan wees nie en waar ek ook geen voorafbepaalde idee het van hoe die navorsing moet uitspeel nie. Die navorsingsruimte word dus 'n kreatiewe ruimte waar verbindings deur koppeling gebeur en dus moontlik gemaak word deur immanensie (Masny, 2013b: 343-345). In die navorsings-assemblage maak ek van [Arial in vierkantige hakies] gebruik om Deleuze/Guattari se konsepte en idees met die (vinjette in die) teks te koppel.

Hoofstuk 4 is dan 'n oefening in en operasionalisering van Deleuze/Guattari se konsepte. Verskillende lettertipes word gebruik om 'n gevoel van variasie te skep en ook om verskillende gespreksgedeeltes aan te dui. Vrae wat in gedagte gehou moet word terwyl die hoofstuk gelees word, is: *Watter affekte word geproduseer? Hoe koppel die vinjette, wat affektief gelaai is, met ander vinjette? Watter afleidings kan die leser hieruit maak? Wat word tussen die lyne gelees? Hoe werk die koppeling van hierdie komponente?* Hierdie hoofstuk is die verwewing van affektiewe drade ten einde 'n oorsig te skep van die transformasie van koshuise by die UV sedert 1994.

Wees asseblief as leser daarop bedag dat hierdie studie die voorstelling van navorsing problematiseer ten einde kennis *anders* te produseer, *andersoortige* kennis te produseer en metodologie dus te deterritorialiseer. Die hoofstuk stel sigself op teen die boomagtige, liniêre aard waarvolgens navorsing tradisioneel weergegee word, en neem 'n risoomagtige vorm aan as 'n assemblage. Dit word geskryf vanuit die middel en 'n veelvoudigheid neem hier vorm aan. Dit is 'n assemblage van diskoers-, taal- en skryfmetodes (Honan & Bright, 2016: 1-5). Die hoofstuk is basies 'n oefening waarin historiese vertellings met mekaar koppel; verskeie stemme koppel dus hier. Hier pas ek dus 'n alternatiewe geskiedskrywing toe waar stemme met mekaar gekoppel word. Op so 'n wyse probeer ek ook wegbeweeg van 'n objektiewe geskiedskrywing wat in ieder geval 'n metafisiese aanname is. Hier is geen voorafbepaalde kaart wat betekenis lei nie en dit is 'n eksperiment en toepassingsoefening. Hierdie hoofstuk is 'n drumpel waar teorie en praktyk vervloei en is geskryf om die leser deel te laat voel van die assemblage waarvan hy of sy eintlik altyd alreeds deel is. Ek skep

doelbewus 'n spesifieke soort teks hier wat die tradisionele denkbeeld omverwerp. Denke-aswording en veelvoudigheid word hier deur die beoefening van 'n assemblage uitgebeeld. Die soort teks waarmee die leser hier gekonfronteer word, is

[a] text that imposes a state of loss, the text that discomforts (perhaps to the point of a certain boredom), unsettles the reader's historical, cultural, psychological assumptions, the consistency of his tastes, values, memories, brings to a crisis his relation with language (Barthes, 1975: 14).

Die teks bestaan uit 'n veelvoudigheid van kleur en lettertipe om die verskillende dokumente tipes aan te dui:

- – tydslyn

[My kommentaar]

... – koppeling tussen gesprekke

* – skuilnaam

The Mapping of Reitz (2014) – Teuns Verschoor

Koerantberigte/rubrieke/persverklarings uit UV Nuusargief

Account of the transformation process at the University of the Free State (2014) – Billyboy Ramahlele

Beleidsdokumente

4.2 TRANSFORMASIE VAN UV-KOSHUISE: 1989-2007

- **Julie 1989 – Minister van Onderwys kondig aan dat die Groepsgebiedewet nie meer van toepassing is op universiteitskoshuise nie.**

The Mapping of Reitz – Teuns Verschoor

“In July 1989, the Minister of Education and Culture announced that the Group Areas Act would no longer be strictly applied at universities. The Group Areas Act prohibited, inter alia, co-habitation of persons of various races – also in university residences. Universities were allowed, as from then, to deal with the admission of all races to their hostels as they deemed fit. On 5 September 1989, a group of about 30 black and coloured students held a **protest march on the campus** (of the University of the Orange Free State). **[Leser: neem kennis van die funksie en teenwoordigheid van die protesoptog hier. Hierdie informasie is belangrik om ingedagte te hou, met die lees**

van Hoofstuk 5.] One of their complaints was that they were **not allowed to stay in hostels**. On 25 September 1989 the Council lifted the restriction on hostel accommodation for coloured and black students... A committee opposed to opening all hostels to all races submitted a memorandum – signed by 6 230 “Friends of the University”, parents, students and former students – **expressing fears regarding the irrevocable changes it would entail to the nature and character of the University”** [Let op na die vrees vir verandering wat hier manifesteer. Waarom word verandering (lees: wording) as negatief beskou hier?] (Verschoor, 2014: 12).

- **1994 – Die UV akkommodeer swart studente in Emily Hobhouse-koshuis op die kampus.**

Account of the transformation process at the University of the Free State – Billyboy Ramahlele

In 1994, the University of the Free State, like all other universities in South Africa, was allowed to change its admittance policy to admit black undergraduate students for the first time. All black students were accommodated in Emily Hobhouse Residence. At the end of 1994, this arrangement was changed so that students could decide for themselves in which hostel they wanted to stay. Students who did not indicate any preference were placed in residences where there were few black students, so that a small black minority was accommodated in every residence. **No conflict was experienced, but the situation was not viewed as ideal since black students could not form a majority in any hostel.** Of all the residences on campus, House Kiepersol housed the fewest white students. **Black students moved into that hostel in great numbers. In the beginning of 1996, House Kiepersol experienced a "white flight" as all the white students moved into either House Karee or obtained private accommodation.** [Let op na die tendense wat in koshuise plaasgevind het, veral die konsep van “white flight”. Hierdie tendense is steeds sigbaar in 2016 (sien Hoofstuk 5)]. House Kiepersol thus became the first predominantly black residence on campus on **the principle of free association and dissociation** (Ramahlele, 2014: 22).

On the sidelines, Irawa-rubriek deur Sello More. 17 Maart 1997

On the first day the UFS decided to accommodate all the students of race on the campus, it automatically meant that students with different traditions, cultures, languages, values etc. will be **living, sleeping and studying together.**

In short that meant that it was the end of the old traditions and the beginning of the new traditions of multi-culturalism. Meaning university traditions from the top structures to the lecture room, as parts of the university should by then start reflecting the good intent of the university. **But it seems as if the hostels did not take heed of that!**

In ignorance of the fact that the university have accommodated the **so-called “non traditional students”**, the hostels are still clinging to the so-called “traditions” of the university, despite the fact that they largely contribute to student divisions. **Time is overdue for hostels to wake up to reality and to stop ignoring what is going on in the campus and immediately follow it. What the top structures in the university are trying to achieve will be decreased to nothing if the other potential role players like hostels don’t follow in** (*Irawa*, 17 Maart 1997: 3).

The Mapping of Reitz – Teuns Verschoor

“Another complicating factor in the men’s residences was that a considerable percentage of **white residents had gone through compulsory military training** – with some of them having been deployed at the border in the war between the then South West Africa (Namibia) and Angola. **They experienced genuine warfare** – chasing the enemy deeper into Angola, blowing up bridges and **shooting to kill the black soldiers in the enemy lines**. In those years television news bulletins would, on a daily basis, broadcast the names of South African soldiers killed in the border war. These students had suffered the most terrifying war experiences; some lost their best friends who were shot dead next to them by black soldiers on the other side of the river. And they had never been properly debriefed... At the same time that the white students served on the Angola border, **conflict and murder was also evident in the black townships, where police and military forces tried to squash political riots**. **Some black first year students who entered university, had witnessed neck-lacing** i.e. publicly, putting a burning tyre around the neck of a “mpimpi” (a black person suspected of collaboration with the white police and/or state intelligence services) and letting him burn to death. They also were not debriefed before entering university. **These frightful experiences of black and white students were not taken into account by the University**. Students from both sides would enter the same residence, and the University ignorantly expected them to get along with each other” (Verschoor, 2014: 16). **[Geterritorialiseerde gerasde subjektiwiteite is deur die Staat geproduseer.]**

The determined efforts to restructure HE in South Africa are best understood in relation to the type of transition from Apartheid, the macroeconomic framework set out by the ANC government and the nature of state-civil society relations. Higher education institutions are located in the sphere of civil society and due to the nature of the transition **were left in relatively strong positions in relation to the state to either help reproduce inherited social relations or to help change them**, perhaps somewhat more **slowly** than the state and the majority of **South Africans who participated in the struggle against Apartheid** [my beklemtoning] wished (Reddy, 2004: 34).

Education White Paper 3 (1997)

Institutional culture

3.41 The Ministry is seriously concerned by **evidence of institutionalised forms of racism and sexism as well as the incidence of violent behaviour on many campuses of higher education institutions**. It is essential to promote the development of institutional cultures which will embody values and facilitate behaviour aimed at peaceful assembly, reconciliation, **respect for difference** and the promotion of the common good.

3.42 The Ministry proposes that all institutions of higher education should develop mechanisms which will:

- promote a campus environment that is sensitive to racial and cultural diversity, through extracurricular activities that **expose students to cultures and traditions other than their own**, and scholarly activities that work towards this goal.

- **assign competent personnel** to monitor progress in the above mentioned areas. (DoE, 1997) **[My aanstelling as koshuishoof by Madelief sou as 'n direkte uitvloeisel hiervan beskou kan word]**.

Gesprek met Prof. Teuns Verschoor, voormalige koshuishoof by Verwoerd (nou Armentum), dosent by Regte en voormalige Studentedekaan, 1 September 2015

Teuns Verschoor: Khayalami [voorheen Olienhout] was nog altyd ... as jy gaan lees die skade wat daar aangerig is [gedurende die onrus op kampus, 1997/1998] deur die studente wat daar uitgetrek het, die wit studente wat daar uitgetrek het ... **en hulle het in die leë Reitz ingetrek. En dit was die studente wat nie saam met die swart studente wou saamleef nie.** Hulle het iets soos R62 000 se skade aangerig voor hulle uitgetrek het. Goed afgebreek, die swembad toegegooi en die pype vol droë sement gegooi ... groot potplante van die trappe af gegooi ...

Liezl Dick: Hoekom?

Teuns Verschoor: Woede! Want dit het so opgebou, opgebou, opgebou. Hulle het naderhand 'n wit HK en 'n swart HK gehad, en 'n wit prime en 'n swart prime. En dan het die swart outjies deur die wit gange getoi-toi jy weet. **[Wat kleef aan swartwees?]** Nou kan jy dink hoe provokerend dit nou moet wees. En dan hou die swart outjies partytjies in hul gange en skree: "Die boere moet gemoer word! Die boere moet doodgemaak word!" En dat van die wit studente openlik met vuurwapens daar rondgeloopt het in die koshuis. Ter selfverdediging. En toe een aand [19 Mei 1996] word hulle karre se wiele afgeblaas en daar is van die derde verdieping sulke klippe [beduie met arms] op die

karre se dakke gegooi, **want 'n kar is 'n wit teiken.** [Wat kleef aan witwees?] En dit is toe nou die laaste strooi. En toe word ek daai aand uitgeroep, toe staan hulle en huff en puff daar voor Kiepersol [nou Tswelopele], en seker so 60 na 'n 100 aan 'n kant. En jy sien net aan die wit kant hoe blink die golfstokke en krieket bats en so aan en aan die swart studente se kant kon jy nie mooi sien nie. Hulle het ook takke en goed gehad wat hulle afgebreek het wat hulle daar mee gestaan het, **maar daar was ook messe en dolke en daai tipe goed wat hulle het en so.** Ek is al 'n paar keer ingeroep in soortgelyke situasies, en ek het nou al geweet dis eintlik veilig om soontoe te gaan en goed dat 'n ou gaan, want dis nou tipes mans nè; hulle staan nou teenoormekaar opgetrek en het lankal nou mekaar beledig en bedreig, maar hulle is slim genoeg om te weet as een ou slaan, as daar een hou val, dan gaan 'n klomp ouens seerkry. So dan moet iemand gebel word wat 'n bietjie hoër gesag as hulle het wat kom en sê: “Man, nonsens met julle, julle gaan só om, jy gaan só om terug koshuis toe, ek soek van almal 'n verslag more oor waaroor julle gekla het en so aan, en daar gáát julle!” [Geterritorialiseerde gerasde subjektiwiteit word na die aanvang van demokrasie in dieselfde leefruimtes geplaas. Die geweld van die territorialisering wat toegepas is deur die staat, het hier in interpersoonlike ruimtes uitgespeel waar die deterritorialisering van 'n gerasde subjektiwiteit blykbaar nie eens 'n opsie was nie.]

Kovsies on the sidelines, Irawa-rubriek deur Sello More. 4 Augustus 1998

If there was any particular place in our institution that could be the vital tool in uniting the masses on the campus, that particular place would be hostels. These are the places where the students share so much, i.e. **the living vicinity and all that it encompasses.** This alone can serve as the basis for integration in Kovsieland. But is that the case? A big “No” for that. **Instead we see hostels turning into “Bantustans” and “Volkstads”.** Yes, some hostels do have students of different colours living in them [Let op hoe verskil as 'n negatief beskou word. Let ook op na die rol wat fenotipe hier speel.], but it goes without saying that it's **more a situation of tolerance than integration.** This is made evident by the hostility in them (*Irawa*, 4 Augustus 1998: 2).

Gesprek met JC van der Merwe, voormalige koshuishoof by Karee. 3 September 2015

JC van der Merwe: Ja, Teuns was in *charge* van daai besluit van vrye assosiasie, na die '98 onrus op kampus. En dat die studente self besluit het dat hulle apart wil bly. Hy het daai hele ding oorsien.

Liezl Dick: Wat in retrospek 'n terugslag was.

JC van der Merwe: *Exactly.* Want dis waar hulle vir die studente moes gesê het: Nee. Hier's nou stront. Ons moet dit uitsort. Want dis die nuwe Suid-Afrika. Ons gaan nie terug. Maar wat doen die universiteit? Nee ... Maar dié ouens nê ... **feit dat jy vir Nelson Mandela 'n eredoktorsgraad gee in 2001, en jy sit met *segregated* koshuise.** Die feit dat dit niemand gepla het nie, gaan my verstand te bowe. En my ander pyn met koshuise hier, en met die teenstand teen transformasie...dis nou minder, maar dit was in die verlede soveel te meer, is dat, hulle gee te veel *power* aan die studente. Hulle laat die studente die kitaar slaan. En Persoon X (’n voormalige Studentedekaan) het dit baie gelike, want die studente het in elk geval sy ideologie gedra, so nou is hy nie die *baddy* nie. Hy is teen integrasie, maar hy hoef dit nie te sê nie. En die ouens by die *Volksblad* is teen integrasie, so hulle *side* met die studente. So hulle het half die studente al hoe meer *power* gegee, want hulle het geweet, okay, maar **ons as grootmense kan nie hierdie goed sê nie, maar gelukkig het ons nou hierdie jong laities wat dit kan sê.**

...

Teuns Verschoor: Dit het toe later Armentum geword, maar toe was dit nog Verwoerd. En om wit en swart daai tyd saam in 'n kamer te bring, **en dan verloor jy al twee.** En toe het ek gesê nee, dit is vrywillige assosiasie. Maar ons moet werk daartoe dat ons mekaar aanvaar. En dit het ek toe gedoen, en toe begin daar so enkelinge wat saamwoon, en die ander ouens het gesê, ja, kafferboetie, en hulle was vrydenkend genoeg om hulle nie daaraan te steur nie. En toe het die vriendskappe so oor en weer begin ontstaan. **En die groot ding het gekom toe hulle begin rugby speel.** Die swart studente, hulle speel toe wragtag beter as wat die wit outjies ooit gedink het hulle sou kon, en toe begin die aanvaarding kom.

National plan for Higher Education in South Africa, 2001

3.1.2 Race equity: students

There has been significant movement in achieving the White Paper's goal of "ensuring that the composition of the student body progressively reflects the realities of the broader society" (White Paper: 2.24). **The change in the racial composition of the student body has been striking.** The enrolments of black students increased by 61% between 1993 and 1999, i.e. from 249 000 (or 53%) to 414 000 (or 71%) of the total head count enrolments. The change is even more dramatic in the case of African student enrolments. African student enrolments increased from 191 000 to 343 000 between 1993 and 1999, i.e. by 152 000 (or 80%). **Thus in 1999, African students**

constituted 59% of the total head count enrolments in higher education... The major growth of African students has clearly been in the historically white Afrikaans-medium universities..." (Ministry of Education, 2001).

Onderhoud met Dr. Choice Makheta, 21 September 2015

Liezl Dick: So the things that went down during 1997/1998, you were still a student [then].

Choice Makheta: Yes I was still a student. They took us out of exams.

Liezl Dick: Why?

Choice Makheta: You know what, it was issues on integration as well. I think from the time I came to UFS in 1996, there was a cry for integration. Students had too much power, at that time. We actually reduced the power with time. But for the fact that students had more power to decide who comes to stay in a res and who not, delayed integration. So the 1997/1998 disruptions, it was disruptions of black students feeling like too much of a minority and struggling to get things going the way they should every time. It was dangerous at night to go to the cafeteria. You would be beaten up, and you would not be able to say who beat you up and stuff like that. **So I think it was a lot of small things that annoyed students here and there, and not knowing how to express these annoyances in a way that they would get *real* attention.** Prof. Verschoor was the dean of students at that time. We were trying to integrate Karee, because then the front part of Karee became filled with white students, and the back part with black students, and an own entrance was created at the back. And there was this meeting with the students in Karee, **and students saying they are not prepared to live together, and they would rather kill one another. So management decided, okay fine, if the students say they will kill each other, let's maybe just separate them in the residence!**

Liezl Dick: So that is where the free association-thing comes from?

Choice Makheta: Yes. It came from there, and mainly because the university did not have a clear strategy on how integration was suppose to happen. There was never a real discussion of saying: how do we integrate the university? So we were doing it piecemeal. We were only doing it when there's a problem, and then we attend to that problem. At that time, management just did not know what to do.

Progress at the University of the Free State to combat racism and advance transformation –**April 2015**

The third period (of four periods of UFS) started off in the late 1990s and was marked by growth in student numbers subsequent to **the adoption of a parallel-medium language policy in 1993** and the introduction of a new university statute in 1999. In February 2001 the institution was renamed the University of the Free State. On the recommendations of the National Working Group on Higher Education, the Qwaqwa Campus of the then University of the North was incorporated into the UFS on 1 January 2003 while the Vista (Bloemfontein) campus was incorporated in January 2004, which further increased student headcount. The period up to 2004 was marked by the implementation of the University Turnaround Strategy and by a number of measures aimed at **dealing with the demands that an increasingly diverse student body posed to the university as a whole, while at the same time the university was trying to define transformation for itself** (UFS, 2015: 68).

Gesprek met Melody Michaels*, koshuishoof by voorgraadse dameskoshuis. 3 September 2015

Melody Michaels: Ek het Kowsies toe gekom in 2000, en ek het in Huis Koos [N.J. van der Merwe] gebly. It was a completely black residence. Daar was no integration, en dit het half gevoel dit was die **accepted norm**, dat dit so moet wees. **If you're black you go to a black res, if you're white you go to a white res.** [Let op na die gesonde verstanddenke, met betrekking tot rasse-verdeling in koshuise op die UV-kampus.] As 'n student was dit maar net so. And we intered only with the black residences, Twelopele, Kayalami, Villa [Bravado]. Jy sal nie eens dink om met Armentum, wat was dit toe ... Verwoerd ... en as ons gejoel het, het ons met swart koshuise gejoel. Daar was nie 'n joolplaas nie. Ons het vlot gebou in die parking lots. **So jy sou nie eens daaraan dink om na 'n wit koshuis toe te gaan nie.** Dit was crazy. Vir my was dit 'n culture shock toe ek hierheen gekom het. Dit was 'n terrible culture shock. Want vriende wat ek mee saam vriende was op skool wat by my oorgeslaap het, white girls, hulle het in die koshuise gebly, en het nou nuwe maatjies gemaak in die koshuis, en hulle sal jou nie groet nie. En hulle sal verby jou loop as hulle in 'n groep is [Vaste gerasde subjektiwiteite word versterk binne 'n ras-assemblage.] I will never forget this one girl, Sam. **She and I were friends at school. Ons het saam op toer gegaan en whatever. Sy't oorgeslaap by my huis, ons het saam geparty. En eendag stap ons op kampus en sy loop verby my, en sy is met 'n groep mense, en sy kyk na my. En ek groet haar, en sy kyk net weg en sy stap verby sonder om my te groet.** En dit was nie 'n maand later nie, loop sy verby my en sy's alleen. En sy loop na my toe, arms oop: "Hi

Mel!” And I just said to her, and now Sam, what’s going on. **The other day you didn’t even greet me.** En jy kon sien sy was baie ongemaklik.

Liezl Dick: En wat het sy daaroor gesê?

Melody Michaels: Sy het maar net gesê: “Oh I didn’t see you”. And I didn’t make a big deal out of it, maar dit was maar net die geval. **And it is so strange that those girls were not your friends anymore.** [Wat sê hierdie insident van die (gebrek aan) moontlikhede vir wording wat op kampus bestaan het? Wat sê dit oor die institusionele kultuur van die UV?]

Karee Split imminent. Irawa-berig deur Thinus Ferreira. 11 Mei 1999.

A long festering feud between the Afrikaans and English residents of Karee men’s hostel in campus finally resulted in both parties opting for a racially segregated hostel. No definite implementation date for the hostel separation exists, although IRAWA learned that the passing of the decision by the University Council is now “only a formality”.

A spokesperson for Karee’s Afrikaans group calls the current situation “unbearable”, saying that **“white and black students are extremely sensitive and agitated towards each other.** A very aggressive atmosphere is noticeable. Groups taunt each other and there’s not even a semblance of an academic atmosphere”. According to him **“it has become obvious that neither black nor white will ever serve under the other and that cultural differences will never be overcome”.** [Vaste gerasde subjektiwiteit.]

Concerned parties feel that the decision to split Karee might sound the death knell for multiculturalism on campus. “We cannot support such a controversial decision”, a spokesperson from SASCO (South African Students’ Congress) said. “We will not support racial segregation or the use of funds for this purpose”.

Here XVII president, Steyn Strauss, on the other hand said that, in the light of events in the past, the separation of the hostel is the best solution. In this regard, Dr. Natie Luyt, Director: Student Affairs, told IRAWA that “extreme tension has existed in the hostel for the past three years” and that “since 1995 Karee was in fact no more than two different hostels forced to live in one building”. Luyt feels that the decision to split the hostel with both a legitimate English and Afrikaans house committee (HC) does not herald in a new-age Apartheid. **“Groups forced to live together under stressful circumstances is also not democratic.** Democracy means the right to free association and right now that is what both groups in Karee want”.

Luyt says the financial implications of the separation will be minimal. “The costs of dividing the hostel will not be extreme, but we are still investigating the exact nature of how the division is to be

implemented. Both HC's will function with legitimate support, but remuneration will depend on the amount of support". Prof. Teuns Verschoor, Dean: Student Services, said that the separation will cost **R70 000**, should an alternative staircase be built to accommodate the two groups.

Dallas Newton, SRC: Men's Internal Liaison, says he is satisfied with the procedure followed, but is afraid that it might set a precedent for other hostels on campus deciding to follow a road of "separate development". Newton says the decision is "a slap in the face of transformation, but the only way to end the ongoing conflict."

Despite there not being consensus on the Karee issue in the Student Transformation Forum (STF), the SRC has accepted a proposal drawn up by this body, which states that: "...the hostel be divided into two completely separate hostels in one building on condition that at least 90% of the residents agree to this. Each part must form its own identity as any other hostel on campus and any present member of Karee must be able to associate himself with whatever part he prefers" **[Let op na die sterk teenwoordigheid van identiteitsdenke hier waar verskil onderdanig gestel word aan identiteit, en verskil as 'n negatief beskou word. Die nalatenskap van Apartheid is ook duidelik sigbaar.]** (*Irawa*, 11 Mei 1999: 1).

Liezl Dick: Do you think the free association decision was the right one at that time?

Choice Makhetha: No not necessarily. As a university we did not have a strategy for integration. When Codessa 1 and 2 were sitting, we were seeing where the country is going. The Constitution was finalised in 1996. So I think we distanced ourselves from the real change that was happening. Even when you go back to how the university in 1993, 1994 started, allowing blacks into the Residences. Into Emily Hobhouse, and then not knowing how to deal with this group of blacks, you know. It was just difficult to say, how we're going to do this. So, we waited for pressure to come, and when pressure came, **even the decision we made, was because we were under pressure.** And I think the university was still scared that they would lose the kind of support that they had, especially from the Afrikaans communities around. **And with the influence of parents, because on campus you push this agenda of integration, and then people go home for holidays and when they come back you start from scratch again.**

Separate development alive at Karee. Irawa-berig deur David Molatuli. Irawa 3 Aug. 1999

Anton van den Berg, prime of the Afrikaans group, said that since the two groups split, the atmosphere is tranquil. He added that **racial conflicts are a thing of the past**. “The guys are happy and everything is well, since we split,” he said. When asked whether the situation at Karee would not perpetuate racism on campus, his answer was a firm “no”. One of his fellow residents who agreed to speak to IRAWA said the situation at Karee would not besmirch the image of the institution. **“Different cultures cannot co-exist and therefore our split was certainly inevitable. [Let op na die aanname wat hier as vanselfsprekend beskou word: Omdat kulture verskil, kan verskillende kulture nie saam leef nie. Hierdie aanname is ’n voorbeeld van gewoontevormende denke (common sense).]** And this will not affect the image of the University,” he said (*Irawa*, 3 Augustus 1999: 2).

Liezl Dick: So '98/'99 was the uprising and the free association and then there's a silent period until 2005 when Prof. Moraka said, well, things need to change. What happened during that period [1999-2005]?

Choice Makheta: **It was a stage of apathy.** Especially from black students. To say, we tried this, we tried that, it's not working. **Just focus on your studies and get your degree and get out of here.** It became silent, but it was not necessarily silent, because slowly here and there people became impatient. And Prof. [Stef] Coetzee came, and then the communities were challenging him, and that is eventually why he decided to leave, because he said his health was affected. **But whenever you try to do anything about transformation, if you are Afrikaans and you are NG, you get threatened and attacked beyond campus.** Although he didn't want to say, that was the reason for leaving, it was happening. **Your life become endangered because of what you stand for. And when you are real about transformation, you realise that the pressure against it, is so much that you can't just move too fast.** So I think more than anything, it was apathy. **And when black students were not pushing for transformation, then it becomes quiet and life goes on.**

4.3 AANLOOP TOT DIE REITZ-INSIDENT: PLASINGSBELEID 2007

Mapping of Reitz – Teuns Verschoor

“The current residence placement policy is the result of important negotiations with students in the transition phase of 1997/98. It was the consensus outcome of deliberations by black and white students, and based on the principle of voluntary association. **Although never a policy intention of the UFS the result has been a gradual gravitation to residences that are mainly black or mainly white.** After 8 years, the time has come to review the policy. The situation that obtains now is very different from those years. Both white and black students come from a different environment as in 1997, many are used to mixed schools and school residences. When they **arrive on this campus they suddenly have to choose, effectively, between mainly white or mainly black residences.** **An intensive consultation and discussion process will be launched shortly on campus about the residence placement policy.** Students and student leaders will necessarily be directly and intensively involved in this process. In fact students should take the lead in this review of the policy, with student leadership structures and governance structures. **Residence wardens are an equally important group that should be able to come up with innovative ideas.**” – Prof. Frederick Fourie Opening speech 2005

This policy statement followed an Exco “bosberaad” in November 2004, at which the Vice-Rector: Student Affairs, Dr. Ezekiel Moraka presented a proposal for a process to increase diversity in residences at the UFS. **His view that the current residence placement policy and diversity situation of predominantly mono-racial residences – especially the so-called junior residences – were matters of concern that needed to be addressed,** was accepted by the Exco (Verschoor, 2014: 29).

The new residences placement and diversity policy (**that would stimulate the production of the Reitz-video** as well as the “camping initiative” of the House Committees), was an extensive and detailed document aiming at an overall diversity balance of 50:50 for all the residences within a 40 – 60 interval (Verschoor, 2014: 32).

New guidelines to increase diversity in student residences at the UFS – UFS PRESS RELEASE – 8 June 2007

As from 2008, the University of the Free State (UFS) **will implement new policy guidelines for student residences so as to increase diversity** on the Main Campus of the UFS in Bloemfontein. According to a statement by the Chairperson of the UFS Council, Judge Faan Hancke, and the Rector and Vice-Chancellor of the UFS, Prof. Frederick Fourie, the guidelines are based on **an educational rationale** with a definite educational objective.

“What the UFS seeks to do with these new policy guidelines, is to **overcome the racial divides** of the past and **equip students in residences with the knowledge and skills** to understand people from

other cultures, appreciate other languages and to **respect differences** in religion but also economic background,” Judge Hancke and Prof. Fourie said in their statement.

“This will give students in UFS residences a distinct advantage over many other work seekers in South Africa, because the **workplace today is a very diverse place with people of many backgrounds,**” Judge Hancke and Prof. Fourie said in their statement.

They said the UFS wanted to establish a new model of residence life in which students **will voluntarily embrace diversity and learn about diversity** so as to add value to their educational experience in a residence (UV Nuusargief, 2007). **[Kan ons hieruit aflei dat die Koshuisplasingsbeleid van 2007, gelees deur 'n Deleuze/Guattariaanse bril, wil wegbeweeg van 'n denkwyse wat die identiese vooropstel, na 'n denkwyse wat verskil omarm?]**

Liezl Dick: Ek het nou deur die dokumente gegaan, en gekyk na die 2007 plasingsbeleid dokument, wat die voorloper was van die plasingsbeleid, en dit het vir my gelyk asof die Universiteit se Bestuur doen wat hulle moes met betrekking tot transformasie.

JC van der Merwe: Ja, maar kyk, dit is die groot ding van die Universiteit van die Vrystaat. Op papier, lyk alles baie goed. ... Maar, hulle kon die goed nie implementeer nie. Die polities was solid. Ek bedoel, as jy kyk wat Soudien in sy report, hoeveel keer verwys hy en quote hy goed van die universiteit van die Vrystaat as 'n voorbeeld van hoe goed moet wees. So as jy Soudien se ding lees, dan dink jy by jouself: jirre maar ek bedoel, dis die universiteit wat die meeste aangehaal word, wat se goed die meeste in plek was. **En dit was maar die groot ding met Fourie se tydperk, is dat die polities was daar. Hulle het die Transformation Charter, die Transformation Plan, al daai goed gehad. Maar die groot ding was, dis goed wat in 'n kantoor uitgedink is. En op skrif gestel is. En die university community het nooit ingekoop in daai goed nie.**

Liezl Dick: Okay. Dit maak baie sin. Want ek het gewonder hoekom dit so lank gevat het vir daai plasingsbeleid om actually geïmplementeer te word. So dan het dit maar te doen met institutional culture, nè?

JC van der Merwe: En onthou, wat jy dan gekry het, is hier's hierdie policy wat so mooi is, nou die rektor kan nie hierdie ding implementeer nie, so wat doen hy? Hy gee dit vir die vise-rektor: studentesake. Persoon Y. Persoon Y is 'n sitting duck, hy't niks power nie want Persoon X wat die dekaan is, het die power. Persoon X like nie hierdie ding nie, hy werk teen hierdie ding. Hulle praat van die white primes. Hy vergader met die white primes, en dis al die mans. Hulle werk strategie uit hoe hulle die ding gaan teëwerk. En dan sit jy met die Vryheidsfront Plus aan die buitekant. Jy sit met die *Volksblad* en hulle

besluit, okay maar ons gaan nie hierdie ding kan stop nie, maar kom ons try delaying tactics. En dit is wat hulle die hele 2007 gedoen het. Om te sê, okay, nou gaan ons 2008 begin met hierdie beleid, die studente gaan nie reg wees nie, en dan gaan ons die universiteit kap en vir hulle sê, maar kyk wat doen julle.

Liezl Dick: So in dáái opsig was Reitz eintlik 'n goeie ding.

JC van der Merwe: Ja, 'n baie goeie ding.

Liezl Dick: En dit het die transformasie-proses versnel, nè?

JC van der Merwe: Verseker. Verseker. Nee die ouens het groot geskrik.

As indicated before, it was this residence placement and diversity policy that incited the Reitz students to produce the Reitz video, and motivated the House Committees to leave their residences and pitch their tents in front of the Main Building, and actuated the hostel students to cause havoc on campus. ...the policy document was an ambitious and a very comprehensive one – going into a lot of detail – and covering all possible areas to be addressed but was probably also an intimidating document to the average student and house committee member (Verschoor, 2014: 46).

Liezl Dick: ... ek probeer uitfigure waarom dit so lank geneem het voor die 2007-weergawe van die plasingsbeleid geïmplementeer is. Want apparently was Reitz 'n reaksie op die plasingsbeleid wat sê integrasie moet nou gebeur, nè?

Melody Michaels: Yes

Liezl Dick: Toe versnel Reitz daai hele plasingsbeleidproses, maar 2015 was die eerste jaar wat die voornemende eerstejaarstudente nie kon kies na watter koshuis hulle toe kon gaan nie, maar lukraak geplaas is. So dit is nou sewe jaar later?

Melody Michaels: Want kyk, hulle het mos eerste begin toe sê hulle die plasing moet wees 30/70; dit sal wees 30% your minority group en 70% of the majority group. En so moes dit nou gewees het, die volgende jaar 40/60, en van daar af 50/50 onwards. **Maar dit het nie so gebeur nie.** Dit was baie moeilik. Ek het deur 'n baie moeilike tyd gegaan, daai eerste jaar (2008) toe dit die 30/70 was. En die wit girls het gekom en hulle het gesien, 'ons is in die minderheid'. En hulle het na Persoon X toe gegaan en ek sal nooit vergeet nie, ek het nog lunch gaan koop op die brug, en hy roep my. Hy sê vir my hy wil my *nou* sien. Ek beter *nou* na sy kantoor toe gaan. Toe was hy nog die Dean of Students. En ek gaan toe, en hy vra wat gaan aan in jou koshuis. Toe sê ek vir hom: Doktor sal vir my moet sê, want ek weet nie waarvan praat jy nou nie. Toe sê hy, well, **hier's die wit girls,**

hulle sê hulle is net vyf in die koshuis, en dit is nie lekker vir hulle nie en hulle ... they are being discriminated against, en en en. En dit was rérig nie so nie ...Toe sê ek vir hom: we are doing *everything* we can to accommodate these girls and make them feel welcome. En toe sê hy, nee dis okay, dankie. Hy gaan met die girls praat. Die middag toe het ek 'n vergadering. Toe ek van die vergadering af kom, hier staan outjies van Karee met hulle bakkies en pak die girls se goed. Toe het hy hulle geskuif na 'n wit koshuis. En toe bel hy vir my en **toe sê hy vir my hy het die HK van Karee gevra om die meisies te skuif, want dit gáán net nie werk nie**. Daai kinders is baie ongelukkig. Toe sê ek, hulle is nog nie eers vir 'n week hier nie. Hoe weet hulle en hoe weet Dr. hulle gaan ongelukkig wees. Toe sê hy net: nee dit werk nie. En ek sal dit nóóit vergeet nie, toe sê hy: Oh well, hulle kan maar hulle koshuisklere hou as souvenirs. **And it 's like you have no, no power. There's nothing you can do. Maar dit was vir my nogal báie terrible. Om daar te kom en te sien, hier staan die vyf bakkies hier buite en die kinders trek nou net, en daar's niks wat jy kan doen daaraan nie.**

Diversity targets in most residences reached, says UFS Rector 1 February 2008

[26 dae voor die Reitz-video aan die lig gekom het]

The integration of student residences at the University of the Free State (UFS) is proceeding smoothly and the diversity targets in most of the formerly white residences, except one, have been reached. This is according to the Rector and Vice-Chancellor of the UFS, Prof. Frederick Fourie, who was speaking today during the official opening of the University. However, he did acknowledge that the diversity target for **white male students who should be living in formerly black male residences** has been very difficult to attain (UV Nuusargief, 2008a).

Gesprek met Renier Verhoef*, voormalige koshuishoof van 'n voorgraadse manskoshuis, en plasingbeampte by Behuising en Koshuisaangeleenthede

Liezl Dick: Dink jy Reitz het die transformasieproses versnel?

Renier Verhoef: Die vorige jaar is die 2007-[plasingbeleid]dokument uitgereik, wat vir daardie tyd baanbrekerswerk was, want dit wat ons gehad het was nie meer aanvaarbaar nie, en ons moet beweeg in 'n ander rigting, in 'n nuwe rigting. Ek weet nie hoeveel mense buite die raad het toe al in soveel detail kennis gehad van wat in daai dokument was nie. **Maar as ek nou maar net dink hoe die manne gedink het in daai stadium, en ek het die prime van Reitz goed geken, watter gevoelens dit in die ouens**

wakker gemaak het as jy nou geweet het jy was altyd 'n redelike veilige omgewing gewees. Jy was verseker van die mense rondom jou. Hiér is nou iets wat nader aan ons begin kom, in die toekoms. Volgende jaar, 2008, moet ons 30% swart outjies invat. Hoe reageer jong wit mans daai tyd? Want jy voel absoluut, ek wil beskerm. Ek moet absoluut beskerm wat ek het, ten alle koste. [Wat presies is dit wat die identiteitsdenke wil beskerm? Waarom so hardnekkig vasklou aan die illusie van visuele soortgelykheid?] So ek kan dink, spesifiek in Karee, JBM, Armentum, Reitz, kon dit redelik warm kwessie al gewees het. Hier's goed om die draai wat ons gaan byt, wat ons nie van hou nie. Ons gaan dit nie vat nie. [Let op na die soliede vaste, gerasde subjektiwiteite hier. Ras-assemblage in werking, wat die resultaat is van ras-gewoontes wat gekoester word.] Jy weet, so daar was bietjie van 'n aanloop gewees. Ek onthou, die ouens was geweldig angstig. Want weer eens, daar was goed wat jy in jou comfort zone gehad het, wat jy oor beheer gehad het. Jy was omring deur jou mense, en nou kom daar 'n nuwe element in. So ek dink dit was amper 'n ... die kwessie was net gewees, wánnere gebeur iets?

4.4 DIE REITZ-INSIDENT: 28 FEBRUARIE 2008

Oorlog tussen wit en swart – Rassespanning bereik breekpunt op UV-kampus ná walgvideo Volksblad-berig deur Henry Cloete, 28 Februarie 2008

Dit is nou oorlog tussen swart en wit studente op die kampus van die Universiteit van die Vrystaat (UV) in Bloemfontein. Dít is die gedeelte sentiment van verskeie swart studente wat gister aan 'n optog deur honderde studente en lede van Nehawu en die UV se personeelvakbond, UVPersu, op die UV-kampus deelgeneem het.

Die optog het gevolg op die skokgolwe wat gister deur die land getrek het oor 'n video, gemaak deur wit studente van die Reitz-kamerwonings vir mans, waarin vyf skoonmakers in dié koshuis “ingelyf” word. In die video drink die skoonmakers 'n brousel waarin die studente sonder hul medewete geürineer het. Die woorde: “dit is wat ons regtig van integrasie dink”, verskyn aan die einde van die video. “Hierdie is net die punt van die ysberg. Rassespanning op hierdie kampus gaan nou al heeltemal te lank aan”, het me. Ntombenhle Buthelezi, 'n student wat aan die optog deelgeneem het, gesê. 'n Ander student in die optog, wat verkies om anoniem te bly, het gesê die video is een van die vernederendste wat hy nog gesien het. “Dit is nou oorlog tussen die wittes en die swartes. Sedert ek hier begin studeer het, was ek nog altyd bang en het gevoel daar is onderdrukking.”

Wit studente het hulle oor die algemeen skaars gehou op die kampus. Die Reitz-studente het hul koshuis met meubels **afgebaken**. Verskeie ander studente wat in koshuise woon, het hulself in hul

koshuise toegeluit “uit vrees vir ons lewens”. Mnr. Cornus Botha, ’n teologiestudent, sê hulle het kort nadat hul 10:00 klas in die C.R. Swart-gebou begin het ’n “harde slag” gehoor. Die gebou was glo kort daarna vol studente wat “kom uit, kom uit!” geskree het. “Ons het nie geweet wat om te doen nie en het maar uitgehardloop. Die ouens het my so half bespring. Ek is ’n klomp keer in die rug en sy geskop.” Die onluste het kort voor middagete tot bedaring gekom. **Gemoedere was egter ver van bedees, met vrees, woede en bowenal onsekerheid wat studente, wit en swart, nog die hele dag rasend gehad het** (*Volksblad*, 28 Februarie 2008: 1).

Liezl Dick: Maar sal mens kan sê dat die Reitz-insident die transformasieproses versnel het, want daarna het baie dinge gebeur. Die Soudien verslag het uitgekome ...

Teuns Verschoor: Kyk, klomp goed het gebeur. Daar was ’n ontsettende groot internasionale reaksie op daai video. Die video is gemaak in Reitz, en dit was ’n item op die kultuuraand, en hulle het die prys gewen, en dit was in Augustus van die een jaar [2007] en toe ses maande in die volgende jaar in [2008] ... en toe het ’n outjie in Olienhout, want hulle het hierdie intranet tussen die koshuise, maar jy moes eers iets opsit, iets entertaining, dan word al die ander goed vir jou oopgemaak. Gewoonlik video clips en goed. En toe stuur iemand nou die video clip van daai item wat nou gewen het, deur vanaf Olienhout, of nou Kayalami. En daai aand 23h, het een van die outjies dit vir sy meisie of vriendin in een van die dameskoshuise deurgestuur. **En die volgende oggend voor ons op kantoor was, voor 8h, toe het al die ambassades dit gehad, die parlamentslede het dit gehad, dit was by die parlement gewees dit was orals, orals gesplash.** So dit het onmiddellik internasionaal opslae gemaak en van daar af het hy gehardloop. Dit het seker op ’n manier vinnig gegaan toe, want daar was druk internasionaal op die universiteit om te perform. Jissie, ons het besonderhoude gehad. Dan staan hulle daai kamer 43 daar in die hoofgebou vol. Dan is daar 16, 17 internasionale joernaliste. En dan vra hulle nou die een kritiese vraag na die ander een, jy weet. En ek en Frederick moet nou daai goed antwoord antwoord antwoord so ver as wat jy kan [klap vingers]. So onmiddellik met wat jy daar sê, bind jy jouself internasionaal en sê hiervandaan gaan ons moet stappe doen. Dit was rêrig ’n terrible tyd. En .. en .. ja .. toe nou die hele ding van wat doen ons hiermee, en **die raad gaan oortuig om te sê ons het nie ’n keuse nie, ons sal Reitz moet sluit, want dit moet ’n token wees wat vir die hele wêreld sê daai koshuis is nou toe, en hy gaan nie weer oopmaak as ’n koshuis nie.** En een van die eerste dinge wat ek gaan doen het: ek het

by al vier daai ouens se ouers gaan kuier op die plase die naweke om te sê: hier kom 'n ding. Reitz gaan sluit. Jou kind gaan dalk skuldig voel en sê dis sy skuld. Dit *is* nie sy skuld nie. Hierdie ding gebeur in 'n baie groter konteks. **Hulle het 'n ding gedoen ter goeder trou wat hulle rérig gedink het is 'n oulike ding. Die skoonmaakpersoneel het ook saamgewerk en vrywillig saamgedoen aan daai film en bietjie gekke van hulleself gemaak maar dis deel van die sports. En láter, toe die vakbonde hulle beetkry, en hulle insigte omgeswaai het, dis toe wat die moeilikheid en die sake verder gekom het.** So dit was druk tye gewees. **Maar die beleid was eintlik al klaar geskryf. Reitz het in opstand gekom teen daardie beleid.** En daardie beleid, wel met 'n paar veranderings, is toe later toegepas.

...

Liezl Dick: Reitz. Jy was hier gewees toe Reitz gebeur het. Kan jy onthou daai oggend toe die storie gebreek het? Jy was nog by [Voorgraadse manskoshuis op kampus]?

Renier Verhoef: Ek dink die vinnigste reaksie op wat 'n ou opgetel het, was hoe vinnig die Reitz-ouens die koshuis gebarricade het. Om dit toe te maak. Onthou, dit was oop daai tyd, daar was nie 'n heining daai tyd nie. Jy kon tussen die huisies deurloop. Hoe vinnig ouens gazellie stoele, hulle het sulke blou en wit stoele gehad, die stoele dakhoogte, geuthoogte gepak het. En tussen dit ... onthou daar is baie gaps tussen die huise. Daar was nie genoeg stoele gewees om alles toe te maak nie. Dat hulle doringtakke iewers gekry het of iewers afgesny het, ek praat nou van hierdie pendorings. **En dit tussen die huisies gesit het en dit letterlik soos 'n ossewa laer te sluit van die res om hulle te beskerm. Want dit was toe oorlog!** Nee dit was net ongelooflik hoe vinnig dit gebeur het nadat die video die vorige aand uitgekam het en bitter vinnig versprei het, het die Reitz-ouens net besef...**ons is in die sop.** En onmiddellik het die skanse opgegaan. Jy weet. Toegemaak. **En toe is die kampus vol polisie, en Casspirs en Njala's en daai goeters. Joh, dit was wárm atmosfeer gewees, in die sin van, jy was self bang. Ek was self bang.** Jy kan as 'n onskuldige buitestaander daar verbyloop, en jy gaan of deur die wit outjies of die swart outjies, wat kwáád was, aangeval word, of betrek word of beskree word of wat ookal. Die opdrag van dr. Luyt in daai stadium was, gaan na julle koshuise toe, hou die mense *in* die koshuise, niemand kom uit nie, jy weet. En toe in die aand toe ek deur die gange loop in die koshuis, toe is dit op elke rekenaar. Soos 'n veldbrand, woeps.

Gesprek met Kondisile Mokoena*, voormalige Madelief-primaria (2008/2009).

Liezl Dick: Kondi, you were on campus during the Reitz incident?

Kondisile Mokoena: Yes, I was a first year student.

Liezl Dick: And what was the reaction of the black students, when it happened?

Kondisile Mokoena: And I am telling you Liezl, it was bad. **The girls from Vergeet-my-nie were gone. We know them with (by) their cars mos. They've got many cars, they use even our parking. And that night the parking lot was empty. Vanished. Okay, the next day, I am telling you ... for a very long time, black students on this campus started walking with pride. Because for the first time we felt that we had ownership. We owned this place, you know. Because white girls were scared of us, they were so vulnerable and scared, it was not even funny, you know.** And other people, you know, would take advantage of that being nasty and scaring them. And black students felt a sense of pride and ownership [for the first time] in a very long time, you know. Even in the classrooms it was like that. I think in the history, post 1994, **2008 was a year that black students felt they own the campus.**

- **27 Mei 2008 – Die Uitvoerende Bestuur van die UV kondig aan dat Reitz-koshuis gaan sluit, en 'n nuwe instituut gemik op diversiteit, op dieselfde terrein in die lewe geroep gaan word.**
- **8 September 2008 – Prof. Frederick Fourie bedank as rektor van die UV.**

The Reitz issue was indeed sound proof of the UFS not having successfully dealt with the intricacies and challenges of mending the divisions and wrongs of the past – that in a certain sense the UFS failed its students in not educating them sufficiently in the fields of human compassion and respect for the dignity of fellow human beings (Verschoor, 2014: 47).

Liezl Dick: Dink jy mens moet [wag] vir die regte politieke klimaat vir sekere dinge om te gebeur?

JC van der Merwe: Ja. Maar, jy kan ook daai politieke klimaat create. Want dis wat 'n universiteit, dis daai ding wat ons die heelyd maar moet doen. Ek bedoel, kyk nou, hiërdie jaar is dinge rég vir die taalbeleid, nè. Dis eintlik reg vir die standbeelde en al daai goed ook. **Maar Reitz het vir ons 'n moerse opportunity gegee, verstaan jy, wat daar nie was. En persoonlik dink ek nie ons het genoeg gebruik gemaak daarvan nie.**

Liezl Dick: JC, en mense wat sê dat die Reitz-video nie so erg was nie, en dat dit onskuldig was, en dat die werkers vrywillig deelgeneem het. Wat sê jy daarvoor?

JC van der Merwe: Daai ou ding van, it was a storm in a teacup. Dis nonsens. **Daai ouens het presies geweet wat hulle doen. Hulle het dit in 'n baie kort tydjie gemaak, maar hulle het presies geweet wat hulle wil doen en wat hulle wil sê. Hulle maak dit duidelik in die video. Daai stuk waar hulle aandui: dit is wat ons van integrasie dink. So nee, dit was baie doelbewus gedoen.** Die werkers het **vrywilliglik deelgeneem**, hulle is nie geforce om aan die ding deel te neem nie. Hulle het nie geweet wat **die bedoeling agter die video was nie**, die werkers. So die studente het nie oop kaarte met hulle gespeel en vir hulle gesê: luister hier, ons wil nou 'n video maak, en dis waaroor die video gaan en ons wil hê julle moet graag hieraan deel, nie. Hulle het hulle heeltemal mislei, in terme van 'nee man, ons gaan sommer net iets prets maak'. En soos die scenes geskiet is ook, was dit nie in sequence nie. So die werkers het glad nie geweet nie. Daar is maar 'n ding van ... hierdie mense was ongeskoold gewees, daar was 'n **power relation**. Hulle het **geen power gehad as 'n werker nie, daai studente het die power gehad**. So sure, hulle is nie gedwing om deel te neem nie, maar dan moet jy hierdie ander goed in ag neem. Maar die studente het presies geweet wat hulle doen. **Wat my altyd fascinate, is dat ... as jy kyk wat in die koerante ook geskryf is nè. Baie ouens wat sê, ja, maar hulle moes geweet het hulle kan dit nie met swart werkers doen wat ouer as hulle is nie. En wat hulle daarmee sê, is dat, as hulle dit met (soos wat hulle elke jaar gedoen het), met 18-jarige wit Afrikaner mans gedoen het, dieselle goed, that's fine. En dit is wat die studente tot vandag toe, daai vier, nie click nie. Dáái degrading goed, wat jy aan 'n 18-jarige mede-Afrikaner gedoen het, was ook verkeerd. Maar in die publiek ook, sê mense jy kan dit nie aan swart vrouens doen nie. Jy kan dit aan niemand doen nie! Maar hulle click dit nie! Want dit is mos nou die tradisie.** En dit is hoekom soveel mense uitgekome het om hulle te ondersteun. En die ding van 'n Schuster-movie, waar hulle sê dit was soos 'n Leon Schuster movie, 'want Leon Schuster doen ook baie pranks met swartmense', nè, dit was mos ook een van die goed gewees. Maar hierdie was nie pranks wat hulle gedoen het, om swartmense uit te vang, of te laat lag, of net mense uit te vang nie. **Hierdie ding was gemaak om te wys ons wil nie saam met swartmense bly nie.** Dis waarom daai hele video gemaak is. En niks daarvan is pranks nie, want dit is alles goed wat met ander eerstejaars gedoen is. Dis deel van 'n tradisie. So daai prank-ding is ook nie 'n geldige argument nie. **[Die**

Reitz-video, gelees deur 'n Deleuze/Guattariaanse bril, kan beskou word as 'n boodskap van die Reitz-studente wat dit duidelik stel dat hulle nie wil koppel met of gekoppel wees met swart studente nie. Die boodskap wat uitgestuur word, is dat die studente nie geaffekteer wil word deur swart studente nie en ook nie die swart studente wil affekteer nie. Dit is belangrik om in ag te neem dat koppeling, wat die vloeï van affekte en intensiteite tussen heterogene komponente binne 'n assemblage moontlik maak, wording moontlik maak. Gebrek aan koppeling het dus 'n direkte impak op die wordingspotensiaal binne 'n assemblage. Gebrek aan koppeling laat ruimte vir vaste gerasde subjektiwiteite om geterritorialiseer te bly. Die volhoubaarheid van 'n geslote stelsel – 'n assemblage wat slegs koppel met heterogene komponente – is 'n navorsingsprobleem wat ontspring weens die immanensie van die koppeling van Deleuze/Guattari se konsepte met die gesprek oor die Reitz-insident.]

4.5 INTEGRASIE VAN GERASDE SUBJEKTIWITEITE IN KOSHUISE: 2008 – 2016

Report of the Ministerial committee on transformation and social cohesion and the elimination of discrimination in Public Higher education institutions.

The distinct identity, culture and tradition that characterise each residence is built over time and handed down from 'year-to-year as new residents enter the residence' (Klopper, ibid.). Indeed, it is **handed down from generation to generation** and is a **source of pride** amongst students who, more often than not, live in the same residences as their parents did before them. In this sense, **the bond is much deeper than that between the students themselves and it extends to the family and broader community.** And **alumni** play an important role in **maintaining the identity, culture** and tradition of the residences. Thus Reitz, which had been closed once before because of its anti-social behaviour in relation to other white students, was taken over and run by the alumni. Similarly, there are also alumni-owned residences at UP, which do not comply with the University's policies. **In this context, i.e. the role of the residences in building and reinforcing identity and social and cultural bonds, the introduction of integration policies that are perceived as constituting a threat to the 'unity of the group', are not likely to be popular with the students, parents, alumni and the broader community in general.** A white student at UFS indicated that what was most **feared about integration** was the **loss** of 'their hostel culture' – long-standing traditions going back to their '**forefathers**'. **The significance of this is major in a context where**

the Afrikaner community has lost political power and has come to perceive racial integration as but the first step in an inexorable process leading to the eventual loss of culture, language and access to economic resources. Given the responses of white students, **one needs to be aware of how black students are responding to the changes that are taking place in residences.** As the demographics of higher education institutions change, black students perceive the responses of their counterparts as a defence of past and continued white privilege, and an attempt to keep black students on the periphery of the institution. As a black student at UFS asked: **What is hostel culture? Who decides? Whose tradition?** (UFS meeting with students) The relevance of the question **is wider than the marginalisation that black students experience.** It has equal relevance for, and could be asked by white students who do not 'fit' in either because they do not accept the narrow privileging of particular cultures and traditions and/or because they are perceived to be **'deviant'**, that is, gay or lesbian, etc. In this regard, it should be noted that although participation in social and cultural activities in the residences is voluntary, **those individuals who choose not to participate may be isolated, ostracised and 'treated as outcasts'.**

Though the impression is given that some of these traditions and/or rituals are a matter of choice, the choice made determines the degree in which one is a member of the house or not. (UJ, 2008a: 78-79) The pressure to 'fit-in' is common in situations where the idea of the 'group' is determinative. Therefore, it is not surprising that, when black students were in a minority in Afrikaans-medium institutions and a handful were staying in residences, they accepted the dominant culture and traditions to 'fit-in'. **However, at UFS, and presumably at other institutions as well, as their numbers increased, they began to challenge the dominant culture and tradition and to push for their rights, including demanding English-language newspapers and changes to the language of communication in residence meetings [Koppeling tussen verskillende gerasde identiteite vind dus plaas], etc. (UFS meeting with management). This challenge has resulted in changes such as the banning of initiation ceremonies and associated activities that could be construed as an infringement of the individual's rights. This, in turn, directly challenges the senior-junior hierarchy in residences"** (Soudien, 2008:82-83).

- **1 Julie 2009 – Prof. Jonathan Jansen begin werk as Rektor van die UV**

Liezl Dick: Tell me about your experience of the transformation process

Kondisile Mokoena: In 2009/2010, the year I was prime of Madelief, was the year that integration was aggressively introduced at the university. Yes it was always there, but the actual implementation happened when we came into office. We were 9 girls in the RC committee, and we were forced to have one more, because there were only one white girl, who was Mary-Ann Normann, out of all the others, who were myself, Nkagiseng, Happiness, etc. We received training from Igubu. And the impression that we got from Housing and Residence Affairs, is that they won't help us. **And I defined transformation and integration differently from what they prescribed for us.** We had to have a **balanced number of black and white RC's, to seem integrated.** And my main problem back then was: they said we should be transformed and integrated, but Madelief as a house was integrated in the sense that internally we had a number of girls from different backgrounds. We had Sjangaan, we had Venda-speaking, Xhosa speaking, Sotho, Tswana, Zulu. Ethnically speaking, that was what integration was to me. We were one of the residence that were struggling with tribalism, as other black residences had trouble with. And we said, let we first master this [diversity], and then we can go externally, and then be able to accommodate and be able to live with white girls who are English and Afrikaans who have their own politics. **So you guys can't force us to be black and white. It doesn't work like that. But anyway, eventually we were forced to do that.**

Liezl Dick: Do you understand why they forced it? Was it after the Reitz incident?

Kondisile Mokoena: It was after Reitz. Reitz happened in 2008. I was running [for prime] in 2009/2010, so the reason why it was done, was to push transformation of the university, because that was one of the main mandates of Prof. Jansen. **So we were under the impression that we will be assisted in the process of getting these white girls into the res to be part of the RC group, which didn't happen. We had to do it on our own. We had to go from residence to residence, every night. To the meetings in Wag-'n-bietjie, Soetdoring. And we hoped to get candidates from Wag-'n-bietjie, which was our sister residence at the time. But it didn't happen. We only got one girl, who was a problem, because firstly she didn't live in Madelief, she was never here, and the fact that she was not elected by the house, was a big problem. Because**

people believe in a democratic system where somebody has been voted in. And only if you've been democratically placed, will people respond to you. And she was appointed, not placed by the house. And she had more privileges than us. Her rent was for example paid for. And she came with a different mind-set, which was a problem. And eventually she didn't even finish her term, because it just didn't work out. So we had a *very, very* difficult time.

Liezl Dick: Especially because you had to go and do this by yourself?

Kondisile Mokoena: We had to. And I remember, I will never forget the day. There was a girl who was a first year who was coming [into the residence]. And there was this beautiful wall with the RC's pictures. And you can see those pictures as you enter. **And the father and mother came in with the daughter, and the father see this wall of beautiful woman. But the problem was that there was only one white girl. And he said in Afrikaans "Hoekom is daar net een wit meisie?"** And I could see the shock in his face. **And I could understand why he felt like that [GETERRITORIALISEERDE SUBJEKTIWITEITE].** You know, how do I take my child into a house that is so black. How is she going to be able to relate? Look, integration is about a lot of things, which includes issues of identity; you need to be able to identify and relate. Look, Mary-Ann survived. Mary-Ann lived with all of us, all 178 of us. And she was able to live with us, because she came from a different background. She lived with black people all her life. But it didn't mean that all the [white] girls who came into residences in a small number, were able to live with this huge population, which was too much. It's **overpowering, you know.** And that was the main problem. I think everything was rushed.

...

Liezl Dick: Mel, dink jy die koshuishoofde speel 'n belangrike rol in die transformasie van koshuise?

Melody Michaels: Ek dink so Liezl, want as jy nie daar is nie, is daar niemand to drive the process and to manage the process, en sou dit rêrig nie gewerk het nie. **Ek dink net die manier hoe dit aan ons gekommunikeer was, wasn't always accurate enough, what they want, or clear enough.** You know, about the policy and how to drive it. They communicated: **this is what we want to do, but there was never the support or the tools to tell you how we're gonna do this.** And especially in terms of placement, the fact that people could choose to which residence they wanna go. There was no

support when you as a residence head were driving [the process] and trying your best. Someone could just come and say, soos Persoon X, ek vat hierdie 10 girls en daar gaan hulle.

Beleid lok vele vrae uit – Plasings in koshuise groot knelpunt. Volksblad-berig deur Marzanne Lombard, 26 Mei 2009

In 'n poging om op voetsoolvlak met studente te kommunikeer het lede van die Universiteit van die Vrystaat (UV) se topbestuur koshuise se teekanne bygewoon. Op die gesamentlike teekan van Huis Soetdoring en Huis Wag-'n-Bietjie het studente baie op die hart gehad. Prof. Herman van Schalkwyk, dekaan van die fakulteit natuur- en landbouwetenskappe, was verstom om soveel klagtes te hoor, aangesien die inligting iewers in “middelbestuur” verlore geraak het. Soos hy dit self gestel het: “Daar is 'n padda in die pyleiding.”

Kampus-Volksblad het gaan uitvind wat die kern van al die ontevredenheid is. Die iGubu-agentskap, wat deur die UV-raad aangestel is, het 'n verslag uitgereik wat aanbevelings bevat van hoe diversiteit in koshuise bewerkstellig gaan word. Dié aanbevelings beïnvloed hoofsaaklik die huidige plasingsbeleid, omdat iGubu beweer dat die vorige beleid onsuksesvol was om integrasie in werking te stel.

Elke koshuis se huiskomitee kan nou 'n persentasie eerstejaars plaas. Dit het verseker dat elke koshuis sy eie unieke karakter behou het. Die res van die jaargroep is deur verblyfdienste geplaas. iGubu se aanbeveling is dat huiskomitees slegs 10% van die eerstejaars gaan plaas, verblyfdienste 80% en 10% sal deur die studentedekaan en/of die vise-reaktor: studente-aangeleenthede geplaas word.

iGubu beplan om keuringskriteria hiervoor in te stel. Volgens hulle is die hoofkriteria “akademiese kwalifikasies”. Die doel hiermee is om aan koshuise 'n meer akademiese atmosfeer te gee. 'n Betroubare ingeligte uit die studenteraadsgebou het egter gesê dat die akademiese plasing op grond van 'n M-telling gaan plaasvind en nie volgens akademiese gemiddeldes nie.

Die iGubu-verslag bepaal ook dat die eerstejaarsgroep 40% van die koshuisinwoners moet uitmaak, omdat dit só by die Universiteit van Pretoria gedoen word. Dit beteken dat daar elke jaar 40% van die seniors uit die koshuis moet gaan. iGubu se aanbeveling is dat 40% van elke koshuis se inwoners, wat akademies die swakste presteer, nie herplasing kry nie. Die veranderings in die plasingsbeleid is volgens iGubu ook met die doel om die 50-50-beleid te bewerkstellig. Hiervolgens sal geen minderheidsgroep in 'n koshuis wees nie, wat integrasie vlot sal laat verloop.” (Volksblad, 26 Mei 2009)

Liezl Dick: So die **ewekansige plasing** [waarvolgens studente nie kan kies in watter koshuis hulle wil woon nie. Plasings word op 'n ewekansige basis, deur die plasingskantoor gedoen], wat eintlik maar van hierdie jaar af geïmplementeer is. Hoekom het dit so lank geneem?

Teuns Verschoor: **Maar ons is nou eers regtig ryp daarvoor, dat dit nie ondergronds ondergrawe word sodat dit misluk nie. Kyk, daar was teenkanting. Ons was nie lus vir saambly nie.** So dit moes regtig eers 'n **algemene aanvaarde ding** word. Ook van die ouerhuise se kant af en orals. En jy werk daaraan saam om die ding te verander, maar jy kan dit ook net so bietjies bietjies bietjies doen.

...

Renier Verhoef: Ek loop groot risiko's, want ek werk op projeksies. Daar is nie 'n resep vir hierdie ding nie, **omdat mense keuses het, jy kan 'n keuse uitoefen of jy koshuisplasing wil aanvaar en of jy nie jou koshuisplasing wil aanvaar nie.**

Liezl Dick: En wat gebeur as jy nie die koshuisplasing aanvaar nie?

Renier Verhoef: Tans maak die beleid nog voorsiening dat jy 'n versoek kan rig vir oorweging by 'n ander koshuis. Indien daar plek beskikbaar is by die ander koshuis, binne die toegelate persentasie beddens, dan kan ek daai versoek toestaan.²¹

Liezl Dick: Waar staan dit Renier?

Renier Verhoef: Daar is addisionele dokumentasie saam met hierdie [huidige plasingsdokument], nè, wat ons noem frequently asked questions. Ek sal dit vir jou stuur. Waar daai proses uitgespel word.

Liezl Dick: Maar is dit nie besig om die hele beleid omver te werp nie? Want dit ondermyn dan die ewekansige plasings.

Renier Verhoef: **Ja, jy kan so sê.** Dit is tans nog die beleid. Dieselfde vraag is nou die dag in die Placement oversight committee vergadering gevra. En toe was die antwoord gewees dit is nog die beleid, dit het nog nie verander nie.

Liezl Dick: Ek verstaan nie. Hoekom is dit dan nie op die beleidsdokument nie?

Renier Verhoef: Dit is addisionele dokumentasie. Dis hoekom ek sê ek gaan dit vir jou stuur. Dit is addendums tot die plasingsbeleid. So dit maak voorsiening...sê nou maar 'n meisie word plek aangebied in Akasia, maar sy wil eintlik in Roosmaryn wees, het sy die vryheid om so 'n versoek te rig. Die toestaan van die versoek is onderhewig aan

²¹ Leser: let op dat die ewekansige plasing dus steeds nie ten volle geïmplementeer word nie.

plek in Roosmaryn binne die persentasie beddens van wit studente. So wanneer dit toegestaan kan word is sê nou maar, ons het by Roosmaryn ook 20 wit meisies plek aangebied met daai eerste rondte seleksie. 15 het plek aanvaar, 5 het nie. Daar is dan nog plek vir 5 meisies. So ek kan die meisie wat by Akasia plek gekry het, wat vra vir Roosmaryn, mag ek by Roosmaryn plaas. Dis binne die beleid. Dis nie oorplasing nie. Dis binne daai venster op grond van die persentasies wat jy toeken, het jy nog daai ruimte om dit te doen. **Ons beweeg in die rigting wat dit gaan wegval. Die eerste groot ding wat gebeur het, is die keuses het weggeval op die aansoekvorm. Toe sê hulle...om dit sag te maak, om die aanvanklike impak sag te maak, bou ons daai opsie in.**

Liezl Dick: Wie was dit [wat die frequently asked questions aangeheg het].

Renier Verhoef: Dit was bestuur gewees.

Liezl Dick: Van Behuising?

Renier Verhoef: Ja. Met die medewete van senior bestuur van die universiteit. Die volgende stap gaan nou wees dat daai opsie wegval, en dit gaan heel moontlik vir 2017 so wees dat jy 'n enkele aanbod gaan kry. Jy gaan nie meer kan vra vir 'oorweeg my elders' nie. Die enigste uitsondering is as daar alreeds 'n sussie of 'n broer in 'n koshuis is, en daar is logistieke redes waarom hulle bymekaar moet wees. Dit sal die uitsondering wees. Maar daardie opsie wat tans in die aanbodbrief ook bestaan, gaan wegval. Daar is baie warm gesprekke rondom dit al gewees... dit [is] steeds die beleid en dit word steeds so toegepas.

Liezl Dick: So tans is daar nog 'n keuse?

Renier Verhoef: 'n Keuse om te vra vir iets anders [’n ander koshuis om in te bly], ja.

...

Gesprek met Steven Pijoo*, dosent en koshuishoof op kampus, 9 September 2015

Liezl Dick: ... een van die dinge wat ek optel in die interviews met voormalige studente en koshuishoofde, is dat hulle sê dat daar niemand was wat hulle kon begelei in die transformasieproses en die integrasieproses nie.

Steven Pijoo: Wat bedoel hulle?

Liezl Dick: Met ander woorde, daar is vir hulle gesê jou koshuis moet 50/50 geïntegreerd wees, en daar is druk op hulle geplaas om antwoorde te gee hoekom die wit girls nie in hulle koshuise wil bly nie, daai tipe van ding. Maar daar is nie noodwendig ondersteuning gegee nie.

Steven Pijoes: It's the shifting of blame. Die persone wat vir ons die plasinge stuur, is die plasingkantoor. *Hulle* ontvang die rou aansoeke met name en vorms waarop racial demographics aangedui is. En hulle stuur vir ons *nie* 50/50 cohorts van eerstejaars nie. Hulle stuur vir ons cohorts wat ... by my byvoorbeeld. My cohort is konstant 60/40 en dalk nog slegter, 60% wit, 40% swart. Ten spyte van direkte aanvrae vir 'n omgekeerde cohort, 60% swart, 40% wit sodat ons van onder af kan engineer sodat die koshuis oor 'n paar jaar by 50/50 kan uitkom.

Liezl Dick: **Hoekom dink jy gebeur dit nog?**

Steven Pijoes: Ek dink omdat die mense in beheer hiervan eintlik bang is vir transformasie. Dit is vir hulle makliker om met 'n groot sweep hier bo-oor ons almal te staan, en ons bang te maak oor, as julle nie *dit* doen nie gaan *dat* gebeur met julle. Jy weet, just a managerial kind of thing. **En [hulle] wil [hulle] nie inlaat om die intricacies van transformation-in-proximity te verstaan nie.** As Tswelopele 99% swart is en daar is 1% witmense, dan draai jy dit om en jy stuur vir hulle 99% wit eerstejaars en 1% swart eerstejaars. En dit is nie goed wat ek nou hier praat omdat ek die vryheid het om in confidence te praat nie. Dis goed wat ek vir ...enige iemand wat ore het om te hoor het ek al die alternatiewe deurgegee. In onse res heads meetings het ek al van dieselfde goeters vertel maar dis makliker vir managers om van bo-af te preek, maar hulle sit met die means in hulle hande om die verskille te maak.

Gesprek met Patrick Hendricks*, koshuishoof op kampus. 15 November 2015

Liezl Dick: Maar mens sou tog dink dat as jy 'n non-white rektor het, sou dit tog meer transformasie meebring?

Patrick Hendricks: Maar daar is die ander level of management waarvan ek praat: Jy het jou top management wat constantly in die public eye is, en dan het jy die students wat min of meer in dieselfde situasie is. **Maar die probleem lê in die middel. Middle-management. Because those two sections are constantly in the public eye, but this one is not.** En hy't vir my baie meer power, want daai is die link tussen die twee. Top management kan communicate soos hulle wil, en sê 'This is what needs to happen and this is how we think our students needs to be treated'.

Liezl Dick: **En middle-management is waar die implementation lê.**

Patrick Hendricks: Exactly. **And that is where we failed. Because in that middle section is where race matters, where how you look matters.** And having worked in so many

departments on campus, dis hoekom ek kan sê, based on my personal experience, **dis waar die probleem lê, grootendeels.**

...

Liezl Dick: Was the Igubu training [diversity training] sufficient?

Kondisile Mokoena: Look the training from Igubu was excellent. They taught us a lot, we grew a lot as individuals, as leaders, in terms of understanding ‘the other’ and to live with ‘the other’. But now, when the actual implementation [of integration] came, it couldn’t happen, because we had a **legacy of the apartheid system that still exists even today within the university – institutionalised racism.** You can’t replace that with one or two trainings, you can’t do that.

...

Melody Michaels: ... sê dit altyd vir my, It’s amazing the transformation that he sees in Akasia. And I said, well, myself as well. And I am not going to take credit for it, it’s the student leaders [who should get the credit]. Vanaf Rebecca* se jaar, she mos studies political science. Sy het daai koshuis omgedraai, en van daai jaar af, the RC’s ran with it.

Liezl Dick: Mel ek kan dit ook pinpoint. Daai één girl wat die koshuis [se transformasieproses] omgedraai het. Jennifer*. Ek is April 2011 aangestel, en sy het Januarie 2012 ingekom [as eerstejaar]. En voor dit was die koshuis glad nie integrated nie. Jennifer was ’n wit girl wat van Port Elizabeth gekom het. Engels. En sy het net nie gehou van die wit girls in die koshuis nie, en het vriende met swart girls gemaak. En dit was amper asof sy ’n wave [van transformasie] begin het.

Madelief ras-getalle (2005-2016)

ACAD_YEAR	Black	Coloured	Indian	NA	White	Grand Total
2005	157	15		4		176
2006	166	11				177
2007	167	10	1			178
2008	151	11	2		1	165
2009	149	9	2		2	162
2010	165	6	3		2	176
2011	153	11	2		12	178
2012	146	10	2		20	178
2013	143	9			23	175
2014	133	15	1		30	179
2015	124	18	2		34	178
2016	92	19	1		64	176

BRON: Plasingskantoor, Behuising en Koshuisaangeleenthede.

Liezl Dick: Kondi, and why is it so difficult for us to deal with difference?

Kondisile Mokoena: I think because **we were divided**. I think the worst crimes of the colonial system and the apartheid system, was to divide us as people. Male, female, even in terms of colour, black and white. **They deprived everyone of the opportunity to understand the other.**

...

Liezl Dick: **Our current situation regarding transformation and integration, are we foreseeing another crisis to take us forward, or do you think we are hands on and we are plugged in?**²²

Choice Makhetha: **Are we plugged in? You know what, for me, particularly in residences...I don't think we are changing the things that should change. I think when students keep quiet about something, we relax. And we say it's fine.** And I can tell you, if we didn't have Reitz, even some of the things we had to change, would not have changed. **I think we only listen when students protest, unfortunately. So, students are going to challenge a lot of things, especially whenever we approach election years. Next year [2016] is an election year, so students will raise issues** and use their chance knowing that it's easy to get the attention of political parties.

Transformation report in "Progress at the University of the Free State to combat racism and advance transformation." – April 2015, p. 117

In the last five years the UFS has made important inroads in defining, reviewing and realising a complex process of transformation. There is still much work to be done to embed further what has been achieved and to keep on redefining the object, purpose and modalities of transformation as the institutional and national contexts change. But the UFS counts on the commitment and ingenuity of its staff and students as well as on the support of its South African and international friends to succeed in a task that is important beyond our university (UFS, 2015: 117) .

Liezl Dick: En hoekom is dit so moeilik om mekaar se difference te embrace?

²² Hierdie onderhoud is 'n maand voor #FeesMustFall gevoer.

Patrick Hendricks: Fear. En die vrees om irrelevant te word. As jy gaan kyk na die Afrikaner kultuur, en die trots en die inheritance waarmee hulle grootgemaak word. **Dit is asof net dit belangrik is**, and nothing else matters. **There is no other in the equation.** Dit is ons, en net ons.

Liezl Dick: En wat maak hulle dan van **the other**?

Patrick Hendricks: That's the thing! **It's almost like they don't exist!** It doesn't even register in the mindset. En dis hoekom ek dink hulle by tye so onsensitief kan wees. Dat jy net blatantly kan opstaan en in jou moedertaal praat without giving a shit! **Because you don't know how to consider the other!** It's never been a topic of discussion. Dis nog nooit vir jou geleer of even gemention nie. **The other doesn't matter.** En die sad thing is, en dis wat ek vir my swart studente gesê het, and I am not justifying it. Maar julle moet **slightly considerate** wees met die outjies wat so is, because it's more than just in their mind. **It's in their DNA.** Dis in hulle *fibre*. And for you to convince them otherwise, it's gonna take something else. Because it's literally telling a young white student who worships his dad, 'Listen dude, your dad is a liar'. He's not gonna take that very well. **You have to find different ways of telling him that, selfs al is dit die waarheid.** Jy kan nie net blatantly vir hom sê 'Dude, jou pa lieg' nie. Hy gaan jou doodmaak! Want sy pa is sy alfa en sy omega. Hy is *daai* man in sy lewe. **So die conclusion wat ek draw is, the other was just never considered, so vir baie van hulle is dit 'n vreemde konsep. Dis 'n vreemde konsep, to now consider somebody else.**

Liezl Dick: En jy sien dit uitsluitlik by jou wit studente, en nie by jou swart studente nie.

Patrick Hendricks: Nee. My swart studente is baie considerate. Vir twee redes. Een, **they crave the acceptance, from people who are not black.** Kyk bietjie op kampus, black students who are friends with white people, how they treat other black people. It's very demeaning. It's ridiculous. In die meeste gevalle is dit so. 'Cause I picked it up last year at Gateway, and I asked the students who were working with me, if this was like a thing? En toe sê hulle ja. Because now I have white friends, **and I speak with a twang,** I am better than the student who doesn't come from a Model C school. **So we have all these layers of prejudice.**

From the viewpoint of racism, there is no exterior, there are no people on the outside. **There are only people who should be like us and whose crime it is not to be** [my beklemtoning]. The dividing line is not between inside and outside but rather is internal to simultaneous signifying chains and successive subjective choices. **Racism**

never detects the particles of the other; it propagates waves of sameness [my beklemtoning] until those who resist identification have been wiped out (or those who only allow themselves to be identified at a given degree of divergence). Its cruelty is equaled only by its incompetence and naïveté” (Deleuze & Guattari, 2008 197).

4.6 OPSOMMING

In hierdie hoofstuk is onder andere koerantartikels, uittreksels uit gesprek-transkripsies, akademiese tekste en beleidsverslae met mekaar gekoppel. Die integrasie van UV-koshuise sedert 1989 tot 2007 is weergegee, waarna die aanloop tot die Reitz-insident, die Reitz-insident self en die integrasie van gerasde subjektiwiteite in koshuise van 2008 tot 2016 uitgelig word. In hierdie hoofstuk het ek stemme met mekaar laat koppel wat ’n assemblage van uitdrukking vorm om ’n alternatiewe geskiedskrywing toe te pas. Hoofstuk 5, wat ’n risoom vorm, koppel masjiniesties in by Hoofstuk 4. Vervolgens word in Hoofstuk 5 die “layers of prejudice” waarvan Patrick hier-bo praat, gekoppel met Deleuze/Guattari se konsepte, ten einde die konsepte te operasionaliseer. Hoe lyk hierdie “branders van soortgelykheid” wat rassisme maak?

HOOFSTUK 5: DIE MADELIEF-ASSEMBLAGE

Always follow the rhizome by rupture; lengthen, prolong, and relay the line of flight; make it vary, until you have produced the most abstract and tortuous of lines of n dimensions and broken directions. Conjugate deterritorialized flows. Follow the plants: you start by delimiting a first line consisting of circles of convergence around successive singularities; then you see whether inside that line new circles of convergence establish themselves, with new points located outside the limits and in other directions. **Write, form a rhizome, increase your territory by deterritorialization, extend the line of flight to the point where it becomes an abstract machine covering the entire plane of consistency** [my beklemtoning]. 'Go first to your old plant and watch carefully the watercourse made by the rain. By now the rain must have carried the seeds far away. Watch the crevices made by the runoff, and from them determine the direction of the flow. Then find the plant that is growing at the farthest point from your plant. All the devil's weed plants that are growing in between are yours. Later ... you can extend the size of your territory by following the watercourse from each point along the way?'"

– Deleuze & Guattari (2008: 12)

The black man is not. No more than the white man. Both have to move away from the inhuman voices of their respective ancestors so that a genuine communication can be born. Before embarking on a positive voice, freedom needs to make an effort at disalienation...It is through self-consciousness and renunciation, through a permanent tension of his freedom, that man can create the ideal conditions of existence for a human world. **Superiority? Inferiority? Why not simply try to touch the other, feel the other, discover each other?** [my beklemtoning] – Fanon (1986: 206)

5.1 RISOOM-IN-WORDING

Hierdie hoofstuk is 'n risoom waarin teorie en praktyk vervloei. Op hierdie bladsye gaan die subjektivering en wording van Madelief-studente soos wat dit plaasvind binne die drumpel van Madelief-koshuis (wat deel vorm van die wyer kampusomgewing), gekarteer word. Hul wording vind plaas weens koppeling met mekaar (terwyl hulle in dieselfde ruimte beweeg), met die materiële (motors, taxi's) en met die nie-materiële (taal, idees, klank). Hierdie verbinding met mekaar vind plaas as deel van die werking van assemblage(s) en is ook die wyse waarop realiteit geskep word. Affek en begeerte vloei binne hierdie assemblages wat vorm deur koppeling. 'n Assemblage is nie liniêr nie; wording is nie 'n liniêre lyn nie. Daar is nie 'n begin en einde nie, maar slegs die middel, tekenend van Deleuze/Guattari (2008: 323) se risoomdenke:

A line of becoming is not defined by points that it connects, or by points that compose it; on the contrary, it passes between points, it comes up through the middle, it runs perpendicular to the points first perceived, transversally to the localizable relation to distant or contiguous points. A point is always a point of origin. But a line of becoming has neither beginning nor end, departure nor arrival, origin nor destination; to speak of the absence of an origin, to make the absence of an origin the origin, is a bad play

on words. A line of becoming has only a middle. The middle is not an average; it is fast motion, it is the absolute speed of movement. A becoming is always in the middle; one can only get it by the middle.

Aangesien hierdie dus 'n hoofstuk is wat handel oor wording, is die vorm van die hoofstuk nie liniêr van aard nie. Ek pak wording, dit wat tussenin die nodus (knoopplyn of koördinaat) van die komplekse netwerk gebeur en dus tussen individue gebeur, uit. Die eerste deel van die risoom (cf. 5.2 – 5.4) is masjiniestiese geografieë van die Madelief-studente wat op gerasde subjektiwiteite betrekking het. Ek argumenteer dat vaste gerasde subjektiwiteite eerstens blootstelling aan ander vaste gerasde subjektiwiteite moet kry en deeglik moet koppel ten einde gedeterritorialiseer te word. Afdelings 5.2 tot 5.4 dui aan waarom koppeling binne die Madelief-assemblage nie plaasvind nie; wat koppeling moontlik maak; en wat gebeur wanneer gerasde subjektiwiteite begin lostorring. Hierdie afdelings dien as agtergrond vir Afdelings 5.5 en 5.6 wat 'n Deleuze/Guattariaanse kartering is van die #FeesMustFall-beweging, die Uitkontraktering-protosoptogte van 20-26 Oktober 2015 en die Shimlapark-insident van 22 Februarie 2016. Afdelings 5.2 tot 5.4 stel die leser bekend aan die Madelief-studente se milieu. Let op dat die teoretiese lens anders hier toegepas word as in Afdelings 5.5 tot 5.6.

In Afdelings 5.5 tot 5.6 lig ek verskeie gebeurtenisse, die vloeï van affek, deterritorialisering, territorialisering en reterritorialisering uit. Die vorming van 'n vluglyn, wat verskil-in-sigself is, en die mate waarin dit deterritorialisering teweeg bring, wat weer die molekulêre tot stand bring, word aangedui. Hoë die studente se subjektiwiteite fluktureer tussen die molêre en die molekulêre, hoe hul subjektiwiteite territorialiseer of deterritorialiseer, word aangetoon. Gedurende die gesprekke met die studente het ek waargeneem hoe vaste gerasde subjektiwiteite nie meer effektief “werk” nie en eintlik maar net 'n illusie is. Ek het gesien hoe vaste gerasde subjektiwiteite soms angsmeebring en ook hoe vaste gerasde subjektiwiteite ondermyn word. Hierdie waarnemings lig ek uit.

Verder stel ek ondersoek in na hoe gerasde subjektiwiteite word/gebeur. Ek probeer aandui hoe dit gebeur dat gerasde subjektiwiteite stadig en taai word, of hoe dit meer vloeibaar word. Ek dui ook aan dat ras weens fenotipe en materialiteit méér is as slegs 'n sosiale konstruk. Slegs deur die materialiteit van ras te verstaan, kan ons werklik verstaan hoe rassisme gebeur. Dit word gedoen deur mikro-sosiale bewegings tussen subjektiwiteite te beskryf en weer te gee. Op 'n mikro-politiese vlak poog ek om die mikro-fascismes wat rassisme in stand hou, uit te wys.

Voorts word daar gekyk na die sedimentasie van gewoontes wat lei tot vaste gerasde subjektiwiteite, asook die rol wat gesonde verstand hierin speel. Die mate waarin rassisme deel vorm van die “image of thought” wat Deleuze (2004b) kritiseer, die mate waarin rassisme onderhewig is aan “good and common sense”, beeld ek ook in hierdie hoofstuk uit.

Ek wys ook hoe hierdie subjektiwiteite deur middel van taal gevorm word. ’n Masjiniestiese geografie van die liggame binne die Madelief-assemblage wil die bewegings tussen liggame met verskillende gerasde subjektiwiteite verstaan en karteer, ten einde beter te verstaan hoe (ras)sisme werk. Hierdie veelvoudigheid wat ’n assemblage is (wat waargeneem kan word danksy transendentale empirisme, binne die drumpel van Madelief), word oor die volgende etlike aantal bladsye ontplooi. Dit word gedoen deur die skep van ’n kollektiewe assemblage van uitdrukking, bestaande uit uittreksels uit onderhoude (stemme van studente); paragrawe uit Deleuze/Guattari se werke (hul stemme); metodologiese en teoretiese tekste (die stemme van akademici); my waarnemings tydens my vyf jaar as koshuishoof en denke rondom die studie (my stem); die rekenaar waarop ek tik; die kamer in Madelief waarbinne ek my bevind; asook die protesgeluide buite by die Hoofhek waar dienswerkers betoog teen uitkontraktering. Die immanensie van hierdie assemblage kan nie genoeg beklemtoon word nie. *Ek dink, daarom is ek? Nee!* Ek is deel van alles²³, en daarom is ek altyd-wordende-anders:

The dynamics of becoming, described by a **process in which any given multiplicity ‘changes in nature as it expands its connections’** [my beklemtoning], can be considered a distinctive feature of Deleuzian thought: becoming-animal, becoming-woman, becoming-world, always becoming-other and always bordering on the element of minority. It is a minority, surviving on the margins, that serves as a medium of becoming: ‘all becomings are minoritarian’, all becomings are, first and foremost, becoming-minor (Semetsky, 2006: 3).

5.1.1 RIGLYNE VIR DIE LESER

Hou deurentyd in gedagte dat ek die teorie van Hoofstuk 2 en metodologie van Hoofstuk 3 hier koppel met die onderhoude met die studente. Hierdie is die operasionalisering van Deleuze/Guattari se konsepte sodat ’n *ander* manier van waarneem en kyk moontlik gemaak kan word – om *anders* te dink oor vaste gerasde subjektiwiteite en rasse-integrasie.

²³ Deleuze hang ’n monistiese ontologie aan. Monisme is ’n filosofiese doktrine wat aanvoer dat slegs een enkele substans bestaan waaruit alles wat bestaan gevorm word (Roffe, 2010: 305). ’n Monistiese ontologie het etiese implikasies; indien ons almal wesens en dinge is bestaande uit dieselfde substans, beteken dit dat almal en alles verwant is aan mekaar, op presies dieselfde manier. Dit beteken dat daar nie werklik ’n “ander” is waarteen ek myself kan opstel nie (Persoonlike gesprek met Rosi Braidotti op 18 Augustus 2014 te Utrecht, Nederland).

Let asseblief op na die mate waarin identiteitsdenke (goeie en gesonde verstand) en representasie in die pad kan staan van *denke*, in die ware Deleuze/Guattariaanse sin van die woord. Wording kan slegs gebeur wanneer daar 'n skok toegedien word. Die leser word gevra om geduld aan die dag te lê en nie liniêre denke voorop te stel nie. Die genoemde veelvoudigheid ontvou stadig maar seker risomaties. Beskou hierdie hoofstuk dus as 'n gebeurtenis, 'n ontmoeting, 'n botsing – iets wat met die leser gebeur, eerder as 'n teks wat slegs deur een vermoë, naamlik die kognitiewe, verwerk moet word. Hierdie afdeling is 'n risoom:

Principles of connection and heterogeneity: any point of a rhizome can be connected to anything other, and must be. This is very different from the tree or root, which plots a point, fixes an order...A rhizome ceaselessly establishes connections between semiotic chains, organizations of power, and circumstances relative to the arts, sciences, and social struggles (Deleuze & Guattari, 2008: 12-13).

As die leser, laat jousef toe om affektief en nie-liniêr te lees en te wees; groei as't ware saam met die risomatiese ontplooiing en stel jousef oop vir 'n botsing wat die risoom skep. Volgens Deleuze is dit slegs 'n fundamentele botsing wat ons kan dwing om werklik te dink. Slegs deur denke te versteur, kan verskil-in-sigself en wording gebeur, en waargeneem word. Deleuze wil sodoende wegbeweeg van 'n narsistiese beeld van denke na ware skepping en wording:

The conditions of a true critique and a true creation are the same: the destruction of an image of thought which presupposes itself and the genesis of the act of thinking in thought itself. Something in the world forces us to think. This something is an object not of recognition but of a fundamental encounter. What is encountered may be Socrates, a temple or a demon. It may be grasped in a range of affective tones: wonder, love, hatred, suffering. In whichever tone, its primary characteristic is that it can only be sensed. In this sense it is opposed to recognition (Deleuze, 2004b: 176).

In hierdie hoofstuk, wat ook 'n assemblage vorm, word daar nie deurgaans (tradisionele) oorgange tussen die verskillende dele van die hoofstuk bewerkstellig nie. Aangesien ons egter steeds deur die tradisionele denkbeeld wat boomagtig eerder as risoomagtig is, beïnvloed word, sal die leser opmerk dat dié denkwysse tog hier en daar deurskemer:

There exist tree or root structures in rhizomes; conversely, a tree branch or root division may begin to burgeon into a rhizome. The coordinates are determined not by theoretical analyses implying universals but by a pragmatics composing multiplicities or aggregates of intensities. A new rhizome may form in the heart of a tree, the hollow of a root, the crook of a branch. Or else it is a microscopic element of the root-tree, a radicle, that gets rhizome production going (Deleuze & Guattari, 2008: 16).

Die leser sal ook waarneem dat ek eksplisiet na die gerasde subjektiwiteit van die studente verwys. Alhoewel 'n Deleuze/Guattariaanse subjektiwiteitsbeskouing verby die binêre (wit/swart)

identiteitsvorming wil beweeg deur gebruik te maak van 'n risoomagtige denkbeeld, is dit in die konteks van hierdie navorsing belangrik (en selfs verantwoordelik) om nie die gerasde subjektiwiteit van die studente buite rekening te laat nie. Die rede hiervoor is dat die wyse waarop taal en materialiteit verknoop en gerastheid/ras vorm, dus die wyse waarop ras tot stand kom, ondersoek benodig. Benaminge vir gerasde identiteite, bv. wit, swart, bruin, word dan vir die doeleindes van hierdie studie beskou as ordeningswoorde. In *A Thousand Plateaus* (2008: 87) skryf Deleuze/Guattari oor ordeningswoorde:

We call *order-words*, not a particular category of explicit statements (for example, in the imperative), but the relation of every word or every statement to implicit presuppositions, in other words, to speech acts that are, and can only be, accomplished in the statement. Order-words do not concern commands only, but every act that is linked to statements by a "social obligation". Every statement displays this link, directly or indirectly. Questions, promises, are order-words. The only possible definition of language is the set of all order-words, implicit presuppositions, or speech acts current in a language at a given moment. The relation between the statement and the act is internal, immanent, but it is not one of identity. Rather, it is a relation of *redundancy*.

5.1.2 ORDENINGSWOORDE

Die ordeningswoord is 'n funksie van taal wat immanent teenwoordig is en gehoorsaamheid verplig. Taal gee lewensopdragte, wat beteken dat subjekte slegs dit wat aan hulle gekommunikeer word, weergee. Inligting is slegs die minimum voorwaarde vir die oordrag van ordeningswoorde. Ordeningswoorde transformeer liggame. Ten einde ordeningswoorde se impak te verduidelik, gebruik Deleuze/Guattari (2008: 89-90) die voorbeeld van 'n regter se vonnisoplegging wat die beskuldige in 'n gevangene verander. Wat vooraf gebeur (die beweerde misdaad wat die beskuldigde gepleeg het, of na die tyd plaasvind (die uitvoering van die vonnis) is aksies en passies wat liggame affekteer (die liggame van die gevangenes in die tronk). Die onmiddellike transformasie van die beskuldige na 'n gevangene is 'n suiwer onstoflike (*incorporeal*) kenmerk wat inhoudsvorm aanneem in die regter se vonnis. Die regter se vonnis het dus 'n werklike materiële effek op die liggaam van die gevangene. Ordeningswoorde bring transformasies teweeg, wat toegepas word op liggame; die transformasies sigself, is egter onstoflik. Ordeningswoorde is dus altyd verouderd. Geskiedenis doen 'n bestekopname van die aksies en passies van liggame wat in 'n sosiale veld ontwikkel het. Tog dra geskiedenis ook ordeningswoorde oor van een generasie na 'n ander. Dit is belangrik om te noem dat ordeningswoorde funksioneer as eksplisiete opdragte of implisiete voorveronderstellinge. Ordeningswoorde lei tot immanente aksies, asook tot onstoflike transformasies. Voorts lei dit ook na assemblages van uitdrukking. Deleuze/Guattari (2008: 111-

122) vergelyk ordeningswoorde met 'n klein dood, omdat dit verskil-in-sigself en wording territorialiseer. Ordeningswoorde is blokkasies; dit stuit stroming en produseer gestratifiseerde komposisies. 'n Ordeningswoord kan egter ook beskou word as 'n uitroep van waarskuwing of 'n beroep om op vlug te slaan. Dood word hier geles as transformatief en as metamorfies. Nuwe ordeninge word dus moontlik gemaak. Ordeningswoorde moet dan eerder gebruik word as 'n wekroep om ontvlugtingskrag vanuit die gebied van die ordeningswoord te genereer. Dit is tweeledig – dit kan orde afdwing, of dit aanleiding gee tot kreatiewe vernuwing (Conley, 2010: 198-199; Deleuze & Guattari, 2008: 83-122).

In hierdie studie kyk ek dus hoe ordeningswoorde vir ras (swart, wit, bruin) deur herhaling territorialiseer. Ek argumenteer dat ras 'n uitvloeisel van identiteitsdenke is en dus deur gewoonte en gesonde verstanddenke gevorm word. Die rasse-klassifikasie wat onder die Apartheidsregime afdwing is, speel natuurlik 'n groot rol hierin (Posel, 2001). Deur herhaaldelik gebruik te maak van terme soos “wit” en “swart” om na subjektiwiteit te verwys, word hierdie subjektiwiteite gesedimenteer. Dit veroorsaak dat ras gesien word as vanselfsprekend en as essensie. Die geskiedenis het aan ons bewys hoe bepalend hierdie tipe ras-ordeningswoorde is vir die lotsbestemming van 'n subjek, asook die materiële impak van hierdie benaminge. Deur uit te wys waar en hoe die studente in gesprekke hierdie ordeningswoorde gebruik, dui ek aan hoe subjektiwiteit deur materiële-diskursiewe verhoudinge geskep word. Deur die uitwysings van hierdie ordeningswoorde wil ek dus nie die gerasde subjektiwiteite verder territorialiseer nie, maar eerder bewusmaking skep van hoe vanselfsprekend dit in ons alledaagse bestaan in Suid-Afrika gebruik. Ek gebruik terme soos “wit” en “swart” en “bruin” dus om 'n sosiale patologie te diagnoseer en om aan te dui hoe ons taalgebruik deurspek is met die illusie van 'n vaste gerasde identiteit en die essensie van ras:

[It] is as much a mapping of what is impossible, what becomes stuck or fixed, as it is of flux and flow (Coleman & Ringrose, 2014: 9).

Ek verwys dan spesifiek na die gerasde subjektiwiteite ten einde dit moontlik te maak om daarmee te werk. Ons taalgebruik het werklike, materiële gevolge vir die beliggaamde bestaan van ons subjektiwiteit. Die gebruik van [ordeningswoord] mag dalk vir jou as leser steurend wees. Ek gebruik dit egter met opset so dikwels en steurend, ten einde die refrein van gerasde subjektiwiteite te versteur; die vanselfsprekendheid van ras te problematiseer; en die materieël-diskursiewe verhouding waarbinne subjektiwiteit tot stand kom, te bevestig. Elke [ordeningswoord] is 'n herinnering aan die geweld wat die territorialisering van gerasde subjektiwiteite impliseer.

[Orderingswoorde] moet ons herinner aan die banaliteit van Apartheid – ’n stelsel wat ons moreel verwronge gelaat het. Let op dat ek die [orderingswoorde] in die gesprekke met die studente en in my joernaalinskrywings gaan uitwys. In die akademiese tekste en my “analises” waar ek met die tekste en gesprekke koppel, herinner ek die leser nie aan die [orderingswoord] nie, aangesien ek binne hierdie ruimtes die orderingswoord gebruik om verby die “klein dood” daarvan te beweeg ten einde dit te laat metamorfoseer tot iets anders.

5.1.3 TEKSRIGLYNE

Ten einde verskillende stemme uit te beeld, gebruik ek verskillende lettertipes in die hoofstuk. Deur verskillende lettertipes te gebruik wil ek die heterogeniteit en verskeidenheid van die assemblage aandui, en ook wys hoe die risoom kan divergeer en verander. So dui ek dan veelvlakkigheid in die teks/gesprek aan:

[My kommentaar]

... – koppeling tussen gesprekke

* – skuilnaam

Koerantberigte/rubrieke/persverklarings uit UV Nuusargief

Beleidsdokumente

My joernaalinskrywings

Laastens is ek daarvan bewus dat die uittreksels uit gesprekke met die studente taamlik lank is. Na ernstige oorweging, het ek egter besluit om dit so te hou en nie te sny nie. Die doel hiervan is om die platform/imamensievlak vir die vloei van affek en intensiteite so oop en groot as moontlik te hou. Die lengte van die uittreksels dra by tot die gelaaidheid en intensiteit van die subjektiwiteite en subjektivering wat hier uitgebeeld word. Wees asb. geduldig hiermee en koppel met hierdie uittreksels, ongeag hul lengte, sodat dit jou óók affekteer.

5.2 ’N MASJINISTIESE GEOGRAFIE: WAAROM VIND KOPPELING NIE BINNE DIE MADELIEF-ASSEMBLAGE PLAAS NIE?

’n Belangrike vraag om binne hierdie studie te vra, om myself en die leser te rig, is waarom koppeling so belangrik is met die oog op die versteuring van vaste gerasde subjektiwiteite? Waarom is dit

belangrik om te koppel en gekoppel te wees met ander subjektiwiteite? 'n Antwoord sou kon wees dat (gerasde) subjektiwiteite juis deur koppeling geproduseer word en dat koppeling dus *wording* is (Semetsky, 2003: 214). Die fokus verskuif van die node (subjek) na die verbinding (verhouding tussen knooppunte/koördinate/subjekte). Koppeling maak dit vir liggame moontlik om te affekteer en geaffekteer te word. Liggame bots tydens koppeling en affek word geproduseer. Affek kan beskryf word as die veranderinge wat in 'n liggaam se kapasiteit plaasvind. Affek verruim of verklein die beperkinge van wat 'n liggaam of assemblage *kan doen* (Hickey-Moody, 2014: 80). (Gerasde) subjektiwiteit is dan 'n newe-effek van hierdie botsings of koppeling tussens liggame (Oosterling & Thissen, 1998: 24).

Vir (gerasde) subjektiwiteite om te word, om *anders* te word, moet daar dus koppeling plaasvind. Hierdie koppeling het dan die potensiaal om 'n assemblage te deterritorialiseer, sodat (gerasde) subjektiwiteite kan skeur, splits of bars ten einde anders te word. Die potensiaal vir 'n vluglyn ontstaan omdat die koppeling tussen liggame nuwe kragte vrylaat, wat dan weer nuwe kapasiteite laat ontstaan om te kan reageer en tot aksie oor te gaan (Lorraine, 2010: 147). 'n Vluglyn wat geaktualiseer word lei tot die deterritorialisering van 'n gerasde subjektiwiteit. Dit skep dan ruimte vir nuwe ordenings binne hierdie gerasde subjektiwiteit en binne die assemblage.

Binne die konteks van die Madelief-assemblage is koppeling dus noodsaaklik, aangesien vaste gerasde subjektiwiteite nie gaan verander indien koppeling nie plaasvind nie. Braidotti (2011: 288) voer aan dat negatiewe affekte in die pad van koppeling tussen subjektiwiteite staan omdat dit ons verhoed om met mekaar te assosieer:

What is negative about negative affects is not the normative value judgement but rather the effect of arrest, blockage, rigidification, that comes as a result of a blow, a shock, an act of violence, betrayal, trauma, or just intense boredom. **Negative passions do not merely destroy the self but also harm the self's capacity to relate to others – both human and nonhuman others – and thus to grow in and through others** [my beklemtoning]. Negative affects diminish our capacity to express the high levels of interdependence, the vital reliance on others that is key to both a nonunitary vision of the subject and to affirmative ethics...**What is negated by negative passions is the power of life itself – its potential – as dynamic force, vital flows of connections, and becomings** [my beklemtoning]. And this is why they should neither be encouraged, nor should we be rewarded for lingering around them too long. Negative Passions are black holes.

Die potensiaal vir die skep van alternatiewe subjektiwiteite wat deur koppeling tot stand kom, word egter volgens Braidotti (2011: 275) ondermyn deur die hardnekkigheid van bestaande waardes en die korttermyn profyt wat subjekte hieruit kry.

Hoe speel hierdie teoretiese aansprake in praktyk uit? Tydens die gesprekke met die studente wou ek uitvind wat verhoed koppeling binne die Madelief-assemblage. Anders gestel, wat is die struikelblokke wat die integrasie van gerasde subjektiwiteite belemmer? Hier volg 'n paar waarnemings.

Amy* (20, derdejaar, wit, Engels) het as 'n eerstejaar moeilik in Madelief aangepas en gesukkel om te koppel met ander studente binne die koshuis. Haar rede hiervoor is dat die koshuis in daardie stadium oorwegend swart was en nie genoeg sosiale interaksie met wit manskoshuise gehad het nie:

... cause I know that certain people are attracted to certain races, and I am purely attracted to white males [ordeningswoord]. And I am freshly out of high school and wanna meet nice boys, I wanna be friends and stuff. And then you keep...uhm...intering with residences who you're not like, interested in.

Let op hoe identiteitsdenke en die tradisionele denkbeeld wat Deleuze kritiseer, hier deurskemer wanneer Amy by mense wil wees wat dieselfde as sy is:

But perhaps the majority of philosophers had subordinated difference to identity or to the Same, to the Similar, to the Opposed or to the Analogous: they had introduced difference into the identity of the concept, they had put difference in the concept itself, thereby reaching a conceptual difference, but not a concept of difference. We tend to subordinate difference to identity in order to think it [from the point of view of the concept or the subject: for example, specific differences presupposes an identical concept in the form of a genus]. We also have a tendency to subordinate it to resemblance [from the point of view of perception], to opposition [from the point of view of predicates], and to analogy [from the point of view of judgement]. With Aristotle, Philosophy was able to provide itself with an organic representation of difference, with Leibniz and Hegel an orgiastic representation: it has not, for all that, reached difference in itself (Deleuze, 2004b: xiii-xiv).

Amy beskou andersheid en verskil as iets negatiefs, wat kenmerkend is van identiteitsdenke. Sy is aangetrokke tot iemand wat visueel soortgelyk is. Vir Amy was die verskillende "kulture" ook 'n uitdaging:

And what I often say is that for me ... when people say oh you are racist, I say I am not a racist, it's just a culture, for me it's the difference of culture. Like you will get here and you will sit here very quietly, and they will be screaming shouting and jumping up and down.

Binne die Madelief-assemblage vorm sy deel van 'n kollektiewe assemblage van uitdrukking waar sy koppel met mense wat hulself *anders* uitdruk as waaraan sy gewoon is. Hierdie ander manier van

uitdrukking word ook as negatief beskou. Haar kontak met mense van ander kulture en rasse voor sy na Madelief gekom het, was beperk. Hier praat sy oor Petrus* wat in haar ouers se tuin gewerk het:

he wasn't in the same house as us. We didn't share the same toilets, so his way of doing things never really came across into my life. Like, he was on his own, like, outside our garage there is like a house thing there, and he stayed there. Whereas when I came here [to Madelief], I was suddenly witnessing now what their ... they showered in the mornings, how they do things. Like their hygiene or whatever.

Die Madelief-assemblage stel Amy dus vir die eerste keer bloot aan intieme verskille soos wat sy dit sien. In die Madelief-koshuis kry sy die eerste keer die geleentheid om die intieme gewoontes van mense met ander gerasde subjektiwiteite, waar te neem. Amy se ouers het ook beslis 'n invloed op die wyse waarop sy rasse-dinamika sien:

My dad says, they want us to see them as equal, but the way this BEE system works, is making us not ... like ... undermine them even more. Because my dad says like, how many times do you see like a black guy [ordeningswoord] driving a fancy car. My dad jokes, 'hahaha, BEE job'. And he's like, 'You probably got to Grade 12'. You know what I mean. And then those type of things, doesn't make us think of them as equal, it undermines them. Because you would start doubting their qualifications.

Let om die wyse waarop Amy se pa van "them" praat. Dit is die tipe woordgebruik en taal waarmee Amy waarskynlik grootgeword het. Deur taal en herhaling word idees rondom ras – "ons-hulle" – gesegmenteerd en word Amy se subjektiwiteit en haar pa s'n geterritorialiseer. Hierdie tipe woordgebruik is nie onskuldig nie en speel in op die binêre wit/swart kategorisering; die ons/hulle onderskeid. Die impak van ras-kategorieë wat tydens Apartheid gesedimenteer is en vaste gerasde subjektiwiteite tot gevolg gehad het, kan ook nie onderskat word nie. Amy se generasie sukkel (ook) nog grootliks hiermee:

And his roommate ... I don't really understand what is going on there, because Willie said he is coloured [ordeningswoord], but he's black [ordeningswoord]. He's really dark. His name is Bruce Cornelissen. So I think he's got, like one white [ordeningswoord] person deep deep deep down in the line, and the rest are all black [ordeningswoord]. So he's got that Cornelissen surname, but he's black [ordeningswoord], but he's coloured [ordeningswoord]. Even not 'till this day I think he is black [ordeningswoord]. But Fanie say 'Amy, he is coloured [ordeningswoord]' and I was like no, he is black [ordeningswoord].

Dit wil voorkom asof Amy nie buite ras-klassifisering kan dink nie. Sy en haar kêrel raak betrokke in 'n onderonsie omdat hulle verskil oor of Bruce swart of bruin is. Amy voel sterk daarvoor dat sy reg is. Dit is vir haar vanselfsprekend (*common sensical*) dat Bruce swart is. Waarom sal dit vir haar so belangrik wees dat Bruce swart is? Sodat sy haarself teenoor Bruce kan definieer? Volgens Amy is Bruce se fenotipe *bepalend* van wie Bruce *is*. Die streng onderskeid wat sy tref tussen bruin en swart is ook interessant. Wat egter opvallend is, is dat sy moontlik nie vir Bruce self gevra het met watter ras hy identifiseer nie. Hier is 'n gewoontevormende manier van dink oor ras teenwoordig wat inderdaad gerasde subjektiwiteite in stand hou.

Jennifer* (22, vierdejaar, wit, Engels) is ook van mening dat die manier waarop mens grootgemaak word en dit waarin mens glo, in die pad kan staan van die aanvaarding van verskille (en dus koppeling):

I think it's difficult because, first of all we were raised a certain way, so we believe in what we believe in. So it's difficult to change that. And it's difficult to understand why other people don't believe what you believe in. Whether that comes through religion or the way you do your hair, or such things. Like you are almost stubborn about your beliefs and you don't wanna believe someone else's.

Die gesentreerde, rasonale subjek beskou verskil – wat gewoontes en denke betref – as 'n bedreiging. Verskil bring die bestendigheid van hierdie subjek in gedrang. Daarom sal hierdie subjek wat die tradisionele denkbeeld aanhang en dus die illusie van soortgelykheid wil ophou, eerder alle ander subjekte wil verander in soortgelyke subjekte. So 'n manier van dink verhoed natuurlik die koppeling van verskillende gerasde identiteite en is kenmerkend van rassisme.

Esté* (21, derdejaar, wit, Afrikaans) het moeilik aangepas in Madelief, omdat haar blootstelling aan ander kulture en rasse, soos in Amy se geval, beperk was. Sy het nie mense met ander gerasde subjektiwiteite geken nie en het eenvoudig nie geweet hoe om saam met hulle te leef nie. Hierdie gebrek aan ervaring het haar aanvanklik verhoed om te koppel met die studente binne die Madelief-assemblage:

Maar ek dink soos, dit was vir my baie moeilik. Soos, ek het myself, soos enigsins as 'n rassis gesien nie, soos nog nooit soos van kleins af nie. Maar ek het ook nog nooit rêrig, soos, te doen gehad met ander rasse nie ... behalwe nou die coloureds [ordeningswoord] in die Kaap. En, soos, ek dink daar is 'n baie groot verskil in soos, om iemand te, soos te 'endear' teenoor om iemand te aanvaar, soos actually vir wie hulle is. En ek het nog altyd soos, dit was nie vir my 'n

issue nie, ek het nog nooit iets teen iemand gehad nie, maar toe ek hier kom soos toe besef ek, as jy so naby aan mense bly, is dit 'n helemal ander storie. Soos jy moet hulle dan rêrig actually aanvaar vir wie hulle is, en lief wees vir hoe hulle dinge doen en so aan. En dit was vir my 'n aanpassing aan die begin, want ek het net rêrig nie ervaring gehad daarmee nie.

Volgens Zifi* (22, vierdejaar, swart, Xhosa) is hierdie segregasie waarin studente hulself voor universiteit bevind, problematies vir die bewerkstelling van integrasie; so ook die oorweldigende nuutheid van alles wat die koshuislewe meebring:

You see, what was happening, especially in my first year; I felt that the idea was that we always have to integrate the white students [ordeningswoord], because they have never been around so many black people [ordeningswoord]. Not only in Madelief, even in the classes. But I always tell people that I have never been surrounded by so many white people [ordeningswoord] myself ... and we are so different! We are very different. Also, I think I was not ready to be exposed to all of the things that I was exposed to, that happened in the residence...I didn't know there were people called HK's. I didn't know that we would have to go for inters. Everything that was happening, I never thought that was what university was. I never thought I was going to get a curfew. So ... everything that happened was very new for me, and I just felt that the residence was not making me understand why all of these things were happening. It was just happening, and happening very fast.

Volgens Jennifer belemmer die UV se “beheptheid” met ras juis die integrasie-proses. Sy noem ook dat die UV ras voortdurend opbring. Volgens haar is die “geforceerde integrasie” of “visuele integrasie” problematies en bemoelik dit rasse-verhoudinge eerder as wat dit bevorder:

Like, when Prof. Jansen comes and visit here, he's like: 'Ja, I don't like what I see. The black girls [ordeningswoord] aren't sitting next to the white girls' [ordeningswoord] and 'there's no mixing'. It's not 'oh she's black [ordeningswoord], I don't want to sit next to her'. It's just because ... Este is my friend, she's my roommate, we came down together. This is where we're gonna sit. If a black girl [ordeningswoord] sits next to me, it's okay, if she doesn't it's okay. But don't force me to sit next to a black girl [ordeningswoord] just because you want to see the integration. We have the integration, we feel it. Like, don't force it on us.

Chang (2007: 31) se waarneming rakende “gedwonge” integrasie is soortgelyk aan Jennifer s'n:

Too often the process of improving the racial dynamics on some campuses and, with it, race relations is experienced as being more artificial than organic. When this occurs, disgruntled or discouraged campus members raise upsetting questions about

the motives, decision making, commitment, representation, adequacy of resources, transparency, leadership, and goals associated with those efforts.

Zifi is ook oortuig dat integrasie 'n natuurlike proses moet wees:

I generally feel that if we can accept each other's differences and if we can just understand, okay this person is white [ordeningswoord] and focus on the person, that's the way that we can move forward. I always feel like we are pushing this integration thing so much that we forget that it must also be a natural process. So I think as time goes on, if we ... let's not go against the integration, but if we can let it happen more organically, then I think that is the way. Not always stating that students should integrate. It should just happen. If you happen to be white [ordeningswoord] and you are in Madelief, if you are white [ordeningswoord] and you can accept that you stay with black people [ordeningswoord], then you will move on nicely.

Volgens Funi* (23, vierdejaar, swart, Venda) word koppeling binne die Madelief-assemblage ook belemmer weens die wit studente se gebrek aan deelname aan aktiwiteite saam met swart studente:

We didn't really integrate, cause as much as we would like to include them in the singing by including English songs, they would still not want to sing. It was not really about the language, it was about participation. When we participate in something together, we become closer. So they didn't really wanna do that. So that's why we didn't ... click.

Funi is ook van mening dat ekonomiese ongelykheid en armoede integrasie en koppeling bemoeilik:

Ja but, we blame each other for poverty. Cause after Apartheid and during Apartheid, the white people [ordeningswoord] acquired a lot of wealth. That's why today you will find that most of the wealthy, like 60% is white [ordeningswoord], and then 40% is black [ordeningswoord]. So we blame them for taking our riches and making them their own. So that's why we don't embrace each other's differences. 'Cause imagine I come to varsity, I come on my own from Venda, in a bus. And then you get this white girl [ordeningswoord]. Her parents bring her, they bring her with a car. And then you find that there's a rumour going on that she has a trust fund. And you're struggling. It all boils down to how did they get it. They got it 'cause they took my grandmothers riches, my grandfathers this and this and that. So people wouldn't like embracing each others differences, because they blame each other.

Wat kleef aan witheid? Die teenwoordigheid van ouers aan die begin van die jaar wanneer die student by die koshuis afgelaai word, is merkbaar. Haar ouers bring haar met 'n motor. Gerugte doen

die rondte dat sy 'n trustfonds het wat beteken dat sy welaf is. Wat kleef aan swartheid? Funi reis alleen sonder haar ouers, vanaf Venda. Sy reis met 'n bus. Sy arriveer alleen by die koshuis. Die materiële realiteite waarbinne swart gerasde subjektiwiteite en wit gerasde subjektiwiteite sigself onderskeidelik bevind voor hul deel word van die Madelief-assemblage, verskil hemelsbreed van mekaar. Dit wil voorkom asof die verskillende materiële realiteite koppeling binne die Madelief-assemblage verhoed.

Voorts kleef meerderwaardigheid ook aan witheid. Volgens **Gizela* (21, derdejaar, bruin, Engels)** wou sy nie met die wit studente in Madelief koppel nie, omdat hulle 'n meerderwaardige houding gehad het, waar hierdie meerderwaardigheid te doen het met hoeveel geld hulle het:

It's gonna sound racist, but I didn't like white [ordeningswoord] people. I thought they have this thing of keeping them better. And I had this perception that all of them were rich, and that they wouldn't understand if you came from a background that's not so wealthy.

Geld kleef aan witheid. Dit wil voorkom asof ligte fenotipes materiële dinge soos motors, geld en luukshede aantrek. 'n Donker fenotipe trek publieke vervoer, minderwaardigheid en armoede aan.

Sinazo* (23, vierdejaar, swart, Seswati) meen gemaksones keer studente met verskillende gerasde subjektiwiteite om te integreer:

I think we just get comfortable in how we are. And then now if she's gonna come with something that's different, now that means I have to adjust what was working for me all these years...So I think if it was working for me all these years, then why change? Why try something different? Now, because of that, it also like, blocks us from other people, to get to know other people, that are different from us. We just wanna stay in our comfortzone.

Subjektiwiteit as 'n gewoonte, verhoed die verandering van 'n subjek. Die subjek wil slegs binne haar veilige, bekende, gewoontevormende leefwyse bly, waar sy voortdurend haar gewoontes herhaal. Enige iets of iemand wat anders of vreemd is, word as 'n bedreiging vir die subjek beskou. Op hierdie wyse blok gemak en gewoonte die koppeling van subjektiwiteite, en sodoende bly die subjekte geterritorialiseerd. Die taligheid van subjektiwiteite, kan ook op hierdie wyse in die pad van koppeling staan. Volgens **Nthabeleng* (23, vierdejaar, swart, Ndebele/Tswana)** is taal, wanneer dit 'n gemaksones is, 'n struikelblok vir koppeling. 'n Onwilligheid om aan te pas of akkommoderend te wees, is 'n struikelblok vir koppeling binne die Madelief-assemblage:

If that's what you're comfortable with, that's what you will wanna do at varsity. You don't bother to say but hey, let me learn English properly, so that I can speak to Sotho people. Even

when you speak to Sotho people, you can't just speak Afrikaans with me, because that is your comfort zone. And you will hear from me that I can't understand Afrikaans, please speak English. And then it's that thing that they feel embarrassed that they can't speak English properly, but they don't bother to learn how to speak English properly, because they just wanna be stuck in their comfort zone and speak Afrikaans.

Hier kan ons sien hoe 'n taal 'n subjektiwiteit kan territorialiseer, en koppeling met ander subjektiwiteite kan verhoed. Madelief is 'n kollektiewe assemblage van uitdrukking. Madelief is ook 'n multi-kulturele koshuis. Indien affek en intensiteite tussen subjekte wil vloei, moet die studente kan koppel met mekaar; met ander woorde hulle moet kan kommunikeer in 'n taal wat albei verstaan. Begrip vir mekaar kan slegs bewerkstellig word indien hulle mekaar deur middel van taal kan leer ken. Dit blyk egter dat 'n onvermoë of onwilligheid om 'n taal te praat wat deur almal binne die Madelief-assemblage verstaan word, koppeling tussen subjektiwiteite verhoed. Die implikasie hiervan is dat wordingsproses nie voldoende kan plaasvind nie, aangesien wording iets is wat gebeur deur middel van koppeling.

Volgens **Missy* (21, derdejaar, swart, Sotho)** en **Lebo* (21, derdejaar, swart, Sotho)** is dit 'n onbewuste besluit wat veroorsaak dat hulle eerder langs 'n swart meisie in die koshuis sal gaan sit, as langs 'n wit meisie. Sodoende gaan die geleentheid vir koppeling verlore:

Missy: It's also in the mind, miss D. When I see a white [ordeningswoord] girl and a black [ordeningswoord] girl, I am more likely to sit next to the black [ordeningswoord] girl.

Lebo: ... black [ordeningswoord] ... ja ...

Missy: It's not even a decision I make.

Lebo: It's not conscious [Ras-gewoontes].

Missy: It's just ...

Liezl Dick: And why?

Missy: I don't know! It's just ...

Hier kan ons sien hoe geterritorialiseerde, gerase subjektiwiteite deur gewoontevormende en gesonde verstanddenke geproduseer word. Die gerase subjektiwiteite word onbewustelik aangetrek na ander gerase subjektiwiteite wat oor dieselfde fenotipe beskik. Hier kan ons sien hoe Fanon se epidermiese skema (soos bespreek in Afdeling 2.4) werklik neerslag gevind het in die onbewuste van gerase subjektiwiteite.

Nthabeleng sê ook dat die breër Bloemfonteinomgewing en die gebrek aan die integrasie van gerasde subjektiwiteit in die omgewing 'n impak het op die integrasie binne die Madelief-assemblage. Die omgewing produseer vaste gerasde subjektiwiteit wat volgens Nthabeleng nie *wil* deterritorialiseer en koppel nie. Wit gerasde subjektiwiteit wil die status quo handhaaf. Volgens Nthabeleng handhaaf die wit gerasde identiteite ook ras-gewoontes; die manier waarop hulle swartmense hanteer, is problematies, maar die witmense kan nie hierdie gewoontevormende handelinge van hulself insien nie:

*So can you imagine me now having a white friend [ordeningswoord]? Let's say I meet this white person [ordeningswoord] that I like and we connect and what what. Do you think I will feel comfortable if she now says 'Oh, let's go and meet my other friends'. In Bloemfontein it is difficult. I hate this place. **The white people [ordeningswoord] don't see the need to change. They don't see anything wrong. That's the problem, they don't see anything wrong with how they treat black people [ordeningswoord] and how they do things.** They always say: 'It's preference'. Screw preference! They just don't wanna change. If you say: 'Why don't you go to this place?' which is a black place [ordeningswoord], they would say 'no I prefer going to this other place' which is a white place' [ordeningswoord]. You understand? Like, it's always this thing of 'I have to be comfortable', regardless. So then it's like, 'You my friend, is only gonna survive in a white community [ordeningswoord]. If you have to go anywhere else, you're screwed'.*

Nthabeleng se waarneming bevestig die verbintenis tussen assemblages – die Madelief-assemblage koppel altyd alreeds met die Bloemfontein-assemblage, waar hierdie assemblages mekaar beïnvloed. Chang (2007: 34) is van mening dat die wyer omgewing ongetwyfeld 'n impak het op die rasse-verhoudinge in 'n kleiner ruimte:

we need to be mindful of the larger racial context in which campus dynamics and interactions take place. When this broader context is taken seriously, it should affect how a campus approaches integration in some important ways. For one, the gaze of integration would be recast on White students since they tend to be the more privileged and are more likely than other groups of students to come from segregated neighborhoods and continue that pattern of segregation as college students.²⁴

²⁴ Hierdie bron verwys na 'n Amerikaanse konteks. Ten spyte van die feit dat die geskiedenis en konteks met betrekking tot rasseverhoudinge anders is in Amerika as in Suid-Afrika, is daar tog ooreenkomste wat hierdie bron relevant maak vir die studie. Die Apartheidsbeleid het segregasie en wit bevoorregting teweeg gebring.

Deleuze/Guattari (2004: 230) kon net sowel oor die wyer Bloemfontein omgewing en die geterritorialiseerde gerasde subjektiwiteit wat die dorp bewoon, geskryf het in hierdie volgende paragraaf:

We are segmented from all around and in every direction. The human being is a segmentary animal. Segmentarity is inherent to all the strata composing us. Dwelling, getting around, working, playing: life is spatially and socially segmented. The house is segmented according to its rooms' assigned purposes; streets, according to the order of the city; the factory, according to the nature of the work and operations performed in it. We are segmented in a binary fashion, following the great major dualist oppositions: social classes, but also men-women, adults-children, and so on. We are segmented in a circular fashion, in ever larger circles, ever wider disks or coronas, like Joyce's 'letter': my affairs, my neighborhood's affairs, my city's, my country's, the world's ... We are segmented in a linear fashion, along a straight line or a number of straight lines, of which each segment represents an episode or 'proceeding': as soon as we finish one proceeding we begin another, forever proceduring or procedured, in the family, in school, in the army, on the job.

Gerasde subjektiwiteit is dus vasgevang in hierdie gesegmenteerde samelewing waar dit bykans onmoontlikheid lyk om van te ontsnap. 'n Gesegmenteerde samelewing produseer gesegmenteerde subjektiwiteit. Binne so 'n gestratifiseerde samelewing waar gerasde subjektiwiteit geterritorialiseer en gekategoriseer word op grond van fenotipe, is daar min ruimte vir romantiese verhoudinge tussen verskillende gerasde subjektiwiteit. Die volgende dialoog handel oor romantiese verhoudings tussen verskillende gerasde subjektiwiteit. Dit is insiggewend en dui aan hoe van die Madelief-studente hieroor voel. Let op hoe persepsies en aannames aangaande geterritorialiseerde gerasde subjektiwiteit binne hierdie kollektiewe assemblage van uitdrukking in stand gehou word, en hoe daar soms vluglyne ontstaan wat die geterritorialiseerdheid wil deurbreek:

Liezl Dick: But do you see a lot of mixed race couples on campus?

Abigail* (21, derdejaar, swart, Xhosa): I know one girl at res who had a white boyfriend [ordeningswoord].

Pearl* (21, derdejaar, swart, Zulu): When you're with a white guy [ordeningswoord], it's like a taboo or something.

Abigail: It is, it is.

Anzel* (20, tweedejaar, wit, Afrikaans): I think I saw it like once or twice.

Agibail: There was girl in res who had a white boyfriend [ordeningswoord].

Pearl: Oh yes, everyone knows her because she is like, one in a hundred.

Liezl Dick: What do you mean by that?

- Pearl:** There is just a small number of people who are dating [other races], so everybody knows her.
- Abigail:** Ja, so we are all looking like [maak verbaasde gesigsuitdrukking, almal lag]. And I was thinking, goodness it must be so nice! And they were driving in the car and I thought, wow, just imagine! [Die verbasing oor die verhouding dui aan hoe sterk ras-gewoontes is en hoe gestratifiseerd die intieme ruimtes van subjektiwiteit steeds op die kampus is.]
- Liezl Dick:** And Kaylin, why do you think, why doesn't it happen so often?
- Kaylin* (20, tweedejaar, bruin, Afrikaans):** Because people are still racist.
- Pearl:** Especially here in Bloem.
- Abigail:** Especially Bloem people!
- Kaylin:** It's very racist.
- Abigail:** It's better in the other places. Even in Cape Town you would see.
- Kaylin:** Black people [ordeningswoord] are so scared that of dating other races.
- Anzel:** Maybe of what other people would say.
- Kaylin:** Ja, and judge them.
- Abigail:** I don't care what my parents would say. I would date a white guy [ordeningswoord] and I would be *proud* of him. [Hier skep Abigail 'n vluglyn in 'n poging om haar vaste gerasde subjektiwiteit te deterritorialiseer. Sy dui ook aan dat sy wil wegbreek van die ras-gewoontes wat haar ouers vir haar geleer het.]
- Pearl:** Another thing is, his family or your family might have a problem. [Pearl se potensiële deterritorialisering word ingeperk deur haar persepsie van 'n gestratifiseerde samelewing.]
- Abigail:** My parents are not *that* strict, it will be something exciting, like a little bit of drama ... a white guy [ordeningswoord], yeah! [almal lag] You know, it will be entertaining for us, but with the white guy's [ordeningswoord] family, you are not sure how they will feel, 'cause they might look ... down on you ... [Hier verloor Abigail se vluglyn spoed. Die gestratifiseerde, geterritorialiseerde samelewing waarna Pearl verwys, affekteer vir Abigail.]
- Pearl:** And you will have to speak Afrikaans.
- Liezl Dick:** But why would they look down on you?
- Pearl:** Because they want a white girl [ordeningswoord]!

Abigail: They want a white girl [ordeningswoord]. I don't know. They just seems like black girls [ordeningswoord] are beneath them, sort of, you understand? [Let op hoe vanselfsprekend dit is vir Abigail en Pearl dat die wit man 'n wit meisie sal wil hê. Hierdie is 'n voorbeeld van gesonde verstanddenke (*common sense*) en ras-gewoontes.]

Pearl: Or they are not enough. But even in the black family [ordeningswoord], if you bring in a white guy [ordeningswoord], some will be like, "Oh okay, she has a white guy [ordeningswoord], why?"

Abigail: But I really think my family would not mind though. [Abigail se vluglyn is steeds lewendig.]

Hier kan ons sien hoe taal en die vloei van affek binne 'n kollektiewe assemblage van uitdrukking inwerk op gerasde subjektiwiteit. Die subjekte bevind hulle binne 'n ruimte wat so gestratifiseerd is dat 'n inter-ras verhouding beskou word as 'n taboe. Tog speel Abigail met die idee van 'n wit kêrel. Sy eksperimenteer as't ware met die idee van die deterritorialisering van haar gerasde subjektiwiteit. Dit is ook opmerklik hoe vanselfsprekend die studente aanvaar dat verhoudings tussen mense van verskillende rasse/met verskillende gerasde subjektiwiteit, nie die norm is nie. Die geterritorialiseerdheid van gerasde subjektiwiteit word dus as vanselfsprekend aanvaar. Hierdie wyse van dink beperk die koppeling van subjektiwiteit binne die Madelief-assemblage en staan in die pad van rasse-integrasie. Missy maak 'n punt daarvan dat die integrasie-probleem en die gebrek aan koppeling tussen verskillende gerasde identiteite slegs 'n wit probleem is:

Missy: Miss D, now I am thinking that, the whole racial thing, nè, it's only white people [ordeningswoord] who have, like, a problem with it. Like, Nivani's parents, not her, but her parents might have a problem that she was (in) her first year moving in (with a coloured roommate [ordeningswoord]). But my parents are just like 'Oh, okay'. Am I wrong?

Lebo: No

Amy: No, l....l....l...

Maryke* (19, tweedejaar, wit , Afrikaans): No

Missy: Am I wrong?

Amy: Ja

Lebo: No! No you are not wrong.

Missy: The problem lies mostly with ... white people [ordeningswoord], not us.

Chang (2007: 33, 34) is van mening dat wit bevoorregting op kampusse en die mate waarin dit segregasie teweegbring ondersoek moet word:

I maintained that when institutions take on matters of race, they should be prepared to experience aggravated tension between competing interests and confront critically longheld assumptions, values, ideals, expectations, and practices...Much attention has focused on oppositional subcultures, but not enough has focused on the extent to which White privilege contributes to so-called self-segregation or balkanization on campus.

Tot sover dan wat Madelief-studente verhoed om te koppel. Volgende kyk ek na wat hierdie studente wel in staat stel om met mekaar te koppel.

5.3 'N MASJINISTIESE GEOGRAFIE: WAT MAAK KOPPELING BINNE DIE MADELIEF-ASSEMBLAGE MOONTLIK?

Die subjek se etiese ideaal is, volgens Braidotti (2011: 286), om haar vermoë om te koppel met 'n verskeidenheid ander subjektiwiteite te vermeerder. Die subjek se etiese impak is dan die effekte van mag wat haar handeling op die wêreld het. 'n Radikale verbandhoudendheid word voorgestel as dit wat eties goed is, omdat dit ons in staat stel om ongeag verskille, met 'n veelvoudigheid mense in verband te tree en 'n verwantskap te bou. Koppeling en die gepaardgaande vloei van affek en intensiteite is ook die wyse waarop vaste gerasde subjektiwiteite ongedaan gemaak kan word. Wat maak hierdie oomblikke binne die Madelief-assemblage moontlik en wat het dit tot gevolg?

Volgens Amy is koppeling tussen studente met verskillende gerasde subjektiwiteite moontlik, omdat Madelief nie een van die toppresterende koshuise op die Kowsie-kampus is nie. Daaruit kan afgelei word dat daar moontlik minder sosiale en statusangs is binne die koshuis, omdat daar minder druk is om 'n reputasie op te hou:

I think because, for example at Wag-’n-Bietjie. Because they’ve been known for doing so well and whatever, they all have this reputation to uphold. And when you have this reputation to uphold, you often don’t behave as who you really are. And I feel like when you come here [to Madelief], you are who you are. And going into the workplace one day, I am a lot more equipped now, because you’re open to different cultures. You not just restricted [to your own culture]. Ja I am a white English girl [ordeningswoord], but now I know the white Afrikaans culture [ordeningswoord] now. I know people from Lesotho now.

Ons kan hieruit aflei dat die gebrek aan tradisie in Madelief 'n minder gestratifiseerde omgewing teweeg bring. Binne die Madelief-assemblage word die vloei van affek en intensiteite tot 'n mindere

mate beperk deur sosiale verwagtinge en status. Hierdie is 'n belangrike punt aangesien dit aandui dat rasse-integrasie binne die mikro-kosmos van Madelief kan floreer solank as wat sosiale verwagtinge en status-angs afwesig is.

Funi is van mening dat gesamentlike aktiwiteite haar gehelp het om te koppel met studente met wit gerasde subjektiwiteite. Volgens haar moet daar minder gepraat word en meer dinge saam gedoen word om mekaar te affekteer en geaffekteer te word. Deur die vloeï van affek tussen subjektiwiteite kan die geleentheid ontstaan om *anders* te word, meer te word, wat dan weer die subjek se vermoë om te koppel en te aanklank te vind, vermeerder:

Ja so I think, us doing things together, will bring us together. Instead of just talking and saying 'don't be racist, don't be this'. Less talk more action, 'cause the more we talk, the more we ... rip off the bandage from the old wounds, 'cause the more we talk, the more we go back to apartheid and then we all of a sudden get angry, and don't wanna do it anymore. So I think, the most important thing in integrating us, in a higher education institution, is making us do things together. 'Cause as much as I can sit down and talk and say 'no let's not be racist let's do things like this', she still has her own views. But when we do things together, the lady will learn that no, Funi is a nice person. She likes talking, she likes playing, I like her as a person, instead of liking someone else because she's white [ordeningswoord] or not liking me because I am black [ordeningswoord]. When you do things together, you get to know the person. Instead of seeing the outside, and judging from the outside.

Dit is belangrik dat liggame met verskillende fenotipes tyd saam spandeer, in dieselfde ruimtes beweeg en aktiwiteite saam doen ten einde te deterritorialiseer.

Jennifer meen die invloed van die ouerhuis speel 'n bepalende rol in die mate waarin studente binne die Madelief-assemblage kan koppel met mense met verskillende gerasde subjektiwiteite. Indien sy haarself oopmaak om te koppel, vind die vloeï van affek gemaklik plaas, wat dan weer haar subjektiveringsproses gaan beïnvloed en wording meebring:

As soon as you keep your mindset open, that's when it gets good. Ja. That's how it changed for me. My parents said to me, listen, you've got to be positive about this, keep your mind open and see what comes.

Hierdie vermoë om haarself oop te maak vir koppeling impliseer 'n oopheid tot eksperimentering en bevestiging. Deur oopkop te wees oor haar verblyf in Madelief, het Jennifer haar gerasde subjektiwiteit laat deterritorialiseer. Rajchman (2001: 13) bevestig die belang van koppeling wat

slegs kan gebeur indien 'n subjek haarself oopmaak daarvoor. Aangedryf deur 'n begeerte wat produktief funksioneer, word koppeling gemaak wat wording meebring:

keep only what increases connections. For to affirm is not to assert or assume, but to lighten, to unground, to release the fresh air of other possibilities, to combat stupidity and cliché (Rajchman, 2001: 13).

Dit het ook duidelik geword in die gesprekke dat studente in leierskapposities meer gereeld die geleentheid kry om te koppel met studente wat verskil van hulle, wat dus potensieel tot 'n groter mate van deterritorialisering van die (vaste gerasde) subjektiwiteit kan lei. Wat egter interessant en belangrik is om waar te neem, is dat hierdie leiers in die koshuis blootgestel is aan verskeie binne-in gerasde assemblages. Dit het weer gelei tot die vermeerdering van hul kapasiteit om te koppel en het waarskynlik 'n groot impak gehad het op hul wordingsproses. Sinazo vertel:

Well I learned a lot of things about myself, working with people...I don't know if tolerating is the right word. But being able to ... accommodate everyone. Even though most of us were black [ordeningswoord], but it doesn't mean we are the same, because we are from different backgrounds. You're Sotho, I'm Swati. It's Xhosa ... So I just learned to work better with other people, to be able to give other people a chance, because they might not understand what I am trying to say.

Lebo en Amy deel Sinazo se ervaring. Let op na die verskeie wat hulle weens die feit dat hulle in die Madelief-assemblage saamwoon, waarneem:

Lebo: ... and then you *have* to know different people. I mean you will be dealing with lot of people, from different places. Like, I started interacting with coloureds [ordeningswoord] as well, which I didn't do previously. And I started interacting more with other black people [ordeningswoord] who are Xhosa who are Venda. Whereas previously it was just me and my friends. And it's fun! [almal lag] 'Cause you learn different things. And then you learn how people think, how people do things. Like, we were exposed to how white people [ordeningswoord] do their things. They shower at night, they don't shower in the morning. And that we only got to know when we were at the RC camp [Vluglyne vorm weens koppeling, en die deterritorialisering van subjektiwiteit word nou moontlik gemaak].

Amy: Ja. I think a lot of the time you see *your* way of doing things as the way that *everyone* is doing things [Witwees as die norm?]. Even within the white race

[ordeningswoord] I have learned small things like ... what we just said, like showering or do the laundry or how they do things.

Lebo: Yes laundry! They use the washing machine, put everything in there, their panties and clothing. And now when you have to wash, to do your laundry, you find all these things [panties] in there [almal lag], and you can't necessarily touch it! Oh no, miss D. Where as with us, we wash our panties immediately after we showered. So that we don't, you know, have to mix it with our other washing. They are so dirty, these white girls [ordeningswoord]!

Maryke erken dat haar gevoel van meerderwaardigheid haar aanvanklik verhoed het om met die studente met donker fenotipes te koppel. Sy moes haar meerderwaardigheid laat vaar, ten einde met ander mense te koppel:

Maryke: Ek dink net mens moet opbou om mense onder jou te sien, jou trots sluk en ander mense vertrou en uit jou comfort zone klim, want anderste...

Zelda* (20, tweedejaar, wit, Afrikaans): Dis al wanneer mens groei. Jy kan nie groei in jou comfort zone nie.

’n Gemaksone kan ook beskou word as ’n geterritorialiseerde terrein of subjektiwiteit waar die uitleg van die terrein bekend en voorspelbaar is. Meerderwaardigheid is dan ’n gemaksone, aangesien dit die subjek inperk en nie toelaat om te eksperimenteer met subjektiwiteit nie. In lyn met Vice (2010: 327), kan daar geargumenteer word dat wit meerderwaardigheid een van die sielkundige gewoontes is wat wit bevoorregting in stand hou (ander onwillekeurige sielkundige gewoontes wat wit bevoorregting produseer, is onkunde, oneerlikheid, lafhartigheid, gebrek aan verbeelding en empatie, of net gewoon luiheid). Vice (2010: 326) voer aan dat wit bevoorregting ’n gewoonte is en dat hierdie gewoonte die wit persoon se karakter moreel beskadig:

Because of the brute facts of birth, few white people, however well-meaning and morally conscientious, will escape the habits of white privilege; their characters and modes of interaction with the world just will be constituted in ways that are morally damaging.

Ek wil aansluit by Vice en aanvoer dat wit bevoorregting, waar meerderwaardigheid een van die sielkundige eienskappe is wat onwillekeurig op die liggaam en gewoontes van ’n wit persoon neerslag vind, die vaste gerasde subjektiwiteit inderdaad skaad. Meerderwaardigheid en wit bevoorregting hou geterritorialiseerde subjektiwiteite in stand en verhoed koppeling en wording. Maryke is dus by implikasie inderdaad reg: om af te sien van haar meerderwaardige houding gaan

bydra tot haar wording en deterritorialisering van haar vaste gerasde subjektiwiteit. Haar deterritorialisering kan ook die ander subjektiwiteite binne die Madelief-assemblage affekteer. Vir **Sane*** (18, eerstejaar, swart, Zulu) het haar koppeling binne die Madelief-assemblage byvoorbeeld meegebring dat sy nie meer minderwaardig voel teenoor wit meisies nie. Die afbreek van stereotipes het veroorsaak dat sy binne die assemblage met studente met ander gerasde subjektiwiteite kon koppel:

- Sane:** So growing into this diverse environment [vluglyn vorm], it kind of took off those prejudice stereotypes untrue things about other races. So I guess it was cool.
- Liezl Dick:** And what are the stereotypes that were broken down?
- Sane:** That other races are superior to *me* and what not, so I came to learn that we are just all equal. It's like things of the past that kinda like brought up those idea.
- Liezl Dick:** So why was there this stereotype, that some people are superior to you? Where does that come from?
- Sane:** Okay, I am going to make an example with whites and non-whites [ordeningswoorde]. You see, with us, we are born under unprivileged circumstances. But with whites [ordeningswoord], they are privileged in a way. So as we come together, non-whites [ordeningswoord] and whites [ordeningswoord], I had a feeling of no, ha-ah, I shouldn't be here. I don't know. It happens that, I don't know, you lack confidence, because some people have this, and you do not have this. But it's not something that you should keep in mind. 'Cause it kind of deprives you of certain experiences 'cause you always pull back. [Let op hoe teenwoordig die materialiteit van gerasde subjektiwiteite hier is. Die materiële welvaart van die wit studente het Sane minderwaardig laat voel.]
- Liezl Dick:** How did Madelief and your studies change you since you arrived 10 months ago?
- Sane:** Yoh, a lot. I feel that like ever since I came here, I've become a whole new different person. I've learned how to speak. And I've learned how to accommodate people from all walks of life, and I feel that I am now more independent than I was. Ja. And I enjoy everyone's company. [Vluglyn is geskep en 'n mate van deterritorialisering vind plaas.]

Amy meen dat stereotipes oor ras afgebreek kan word, indien vrydenkende studente met vriende met ander gerasde subjektiwiteite, meer vrylik daaroor praat. Deterritorialisering van gerasde

subjektieweite kan dus plaasvind, indien bewuste en onbewuste koppeling plaasvind tussen subjekte. Amy erken die onbewuste denke, wat haar vooroordele oor ras vorm:

And things like that like ... even my sister with her friends; my sister just has, like, black friends [ordeningswoord]. Her black friend [ordeningswoord] lives with us now. So like, with her constantly speaking about, you know, this friend that friend – it indirectly affects your subconscious way of thinking. And I think that indirectly it is a way in which girls that are open minded, should be more expressive about their relationships with maybe cultures or languages, because indirectly that does go into a persons mind.

Volgens Nthabeleng is dit slegs wanneer mense gemaklik is met mekaar, en bereid is om nuwe dinge te ontdek, dat 'n wedersyde koppeling tussen vaste gerasde subjektieweite gemaak kan word:

I think the willingness to explore is important, and to get people comfortable with other people. Obviously you know when I make friends with miss D, she's white [ordeningswoord], I'm black [ordeningswoord]. Almost everything is different. So it's a thing of, oooh, let me see what is on that other side, you know? ... if you give me a chance, and I give you a chance, you find that there are more things in common than we realise. And you can actually learn from each other."

Eksperimentering hier baie belangrik om uit die gemaksone te beweeg en ander gerasde subjektieweite te ontmoet. Braidotti (2011: 269) bevestig dat eksperimentering baie belangrik is ten einde nuwe verwantskappe met ander subjekte te vorm:

This humble yet experimental approach to changing our collective modes of relation to the environment, social and other, our cultural norms and values, our social imaginary, our bodies, ourselves, is the most pragmatic manifestation of the politics of radical immanence.

Zifi sluit aan by wat Nthabeleng sê wanneer sy aanvoer dat belangstelling, nuuskierigheid en eksperimentering belangrik is vir studente binne die Madelief-assemblage om te koppel:

Ja I like it when they come to me, not necessarily get to know me, but sometimes they will ask me things like 'Hey Zifi, what is lobola?' Things like that. I like the fact that they try to get to know why we do things, and not ... 'cause I get offended if they just throw it away. Like at home people use traditional medicines. So if they make comments like 'Ah those things don't work!' I get offended, because I feel everyone has a reason why they do something and they see if you don't believe in something it will never work. So if someone wants to boil a pot and make it happen, and that's the way they think they will heal, it's working for them. I just don't want people disregarding things. So if they ask me 'Why do you guys do that?', I am happy because it gives me an opportunity. Not to change them, but when they go home to their parents that

never bothered asking why people do certain things a certain why, maybe they can share with them, why.

Die deterritorialisering van gerasde subjektiwiteite binne die Madelief-assemblage kan dus moontlik wyer uitkring wanneer daar met ander assemblages gekoppel word. Wat gebeur wanneer subjektiwiteite deterritorialiseer?

5.4 'N MASJINISTIESE GEOGRAFIE: WAT GEBEUR WANNEER GERASDE SUBJEKTIWITEITE DETERRITORIALISEER?

Samelewings, voer Rajchman (2001: 99-100) aan, deel ons lewens op in hiërgarieë en segmente. Geen lewe is egter geheel en al gesegmenteerd en ten volle gestratifiseerd nie. Daar is altyd tussenin ruimtes, spasie vir wordinge. Sels oënskynlike streng disiplinêre ruimtes het dus vluglyne wat deterritorialisering meebring. Indien sosiale bewegings gekenmerk word deur die horisontale en die vertikale, word wording en molekulêre bewegings geken aan die transversale en diagonale, wat weer op hul beurt ander ruimtes en ander bewegings impliseer. Om so 'n ruimte te diagrammatiseer is om hierdie diagonale lyne eksplisiet te maak en die moontlikhede wat dit oopmaak, uit te wys. 'n Kaart eerder as 'n natrekking moet gemaak word om hierdie bewegings te kan verstaan. Dit is belangrik om te besef dat sosiale ruimtes nie slegs uit vaste, Kartesiaanse koördinate bestaan nie. Hierdie insig het 'n invloed op die wyse waarop ons oor subjekte en dit wat tussen subjekte gebeur, m.a.w. subjektiwiteit/verhoudings, dink:

In developing such potentials, we should no longer think in terms of lines going from one fixed point to another, but, on the contrary, we must think of points as lying at the intersection of many entangled lines, capable of drawing out 'other spaces' – a bit as with one of Jackson Pollock's lines, a line that no longer traces a contour, but is itself always bifurcating into others. The problem then become to 'make lines' rather than to 'make a final point' (Rajchman, 2001: 100).

Hierdie lyne is dan wat 'n samelewing oopmaak – nie in 'n Popperiaanse sin nie, maar in 'n Bergsoniaanse sin, aangesien daar onder die amptelike geskiedenis wat verskaf is, nou ander magte blootgelê word wat geaktualiseer word deur ontmoetings, botsings en uitvindings (Rajchman, 2001: 99-100).

Wat gebeur indien die studente wel binne die Madelief-assemblage met mekaar koppel? Wat gebeur tydens hierdie oomblikke van deterritorialisering en hoe gebeur dit? Wat gebeur wanneer deterritorialisering plaasvind? Dit wil voorkom asof daar baie verskille is waarvan die studente bewus word.

Een voorbeeld hiervan, is klaarblyklik die verskillende wyses waarop wit en swart meisies baklei. Luister na hoe Jennifer hierdie verskil verduidelik:

I know that they think we are very judgemental [Oordeel kleef aan witheid²⁵]. Like when we asked them, why is your weave hair all over the show, or why do you scream at each other, they think that we're judging them. But, maybe we are, but we are [also] just really curious. Why don't you just clean your weave hair up afterwards and throw it away, that sort of thing. Especially because we chill in the quad a lot, and Funi and Lerato* and all of them are there all the time as well. And then we will speak to them about a lot. And then we'll find out that they tune white girls [ordeningswoord] for the way white girls [ordeningswoord] do certain things and then we don't understand why they do it like that. And then, like we, not argue it out, but we understand more. Like, it came up with fighting. They said when white girls [ordeningswoord] fight it's like [hoë stem] nanana, pull some hair, scratch each other. With them, like, they break a bottle. They're gonna kill you now. And we're just like ja, but why does it have to be so drastic? Why don't you just pull some hair and walk away and you'll be fine? [almal lag] And they're like 'no, it's not how you fight', sort of thing. A lot of different opinions. I feel the integration in Madelief especially when we chill in the quad.*

Die Vierkant of "quad" is 'n baie belangrike sosiale ruimte van samekoms; 'n drumpel vir die studente. Dit is die rookarea en algemene ontspanningsarea. Gesprekke wat deterritorialisering teweeg bring sal waarskynlik hier plaasvind. Binne hierdie ruimte word die gerasde subjektiwiteit gekonfronteer met verskil. Volgens Saldanha (2004: 19) is dit belangrik om te verstaan hoe hierdie immanente koppeling tussen subjekte gebeur, ten einde te verstaan hoe ras werk:

A machinic geography of bodies asks what immanent connections they forge with things and places, **how they work, travel, fight, write, love** [my beklemtoning] – how these bodies become viscous, slow down, get into certain habits, into certain collectivities, like city, social stratum, or racial formation.

²⁵ Die wit (man) word gesien as die norm, die standaard. Enige iets wat van die wit man (of vrou) verskil, is 'n afwyking van die standaard. Rassisme is die voortsetting van dit wat dieselfde is. Deleuze/Guattari (2008: 197) verwoord hierdie idee goed: "Racism operates by the determination of degrees of deviance in relation to the White-Man face, which endeavors to integrate nonconforming traits into increasingly eccentric and backward waves, sometimes tolerating them at given places under given conditions, in a given ghetto, sometimes erasing them from the wall, which never abides alterity (it's a Jew, it's an Arab, it's a Negro, it's a lunatic ...). From the viewpoint of racism, there is no exterior, there are no people on the outside. **There are only people who should be like us and whose crime it is not to be** [my beklemtoning]. The dividing line is not between inside and outside but rather is internal to simultaneous signifying chains and successive subjective choices. Racism never detects the particles of the other; it propagates waves of sameness until those who resist identification have been wiped out (or those who only allow themselves to be identified at a given degree of divergence). **Its cruelty is equaled only by its incompetence and naïveté** [my beklemtoning]."

Weens hierdie immanente koppeling binne die assemblage, leer die Madelief-studente meer oor mekaar, selfs al is hulle nie altyd seker presies wat hulle besig is om te leer nie. **Este* (21, derdejaar, wit, Afrikaans)** het byvoorbeeld begin sokker speel nadat sy in die Madelief-assemblage kom woon het. Dit het 'n daadwerklike impak op haar gerasde subjektiwiteit gehad:

Este: [lag] Ja, ek love sokker. Ek hou van die span ook. Ek weet nie, soos ek het rêrig baie... mense leer rêrig baie [wording]. En dis nie altyd dat jy lekker verstaan wat jy leer nie, maar jy leer tog.

Betekenisgewing is dus nie alles nie. Die vloei van affek en die vorm van nuwe affektiewe verbindings waar affek op 'n pre-kognitiewe vlak plaasvind, oorskry betekenis. Betekenisgewing word geassosieer met naamgewing, totalisering, beheer, wit, swart. Dit is soms werklik belangrik om nie te weet *wat* jy leer nie, maar wel *dat* jy besig is om iets te leer. Die proses van subjektivering is wat belangrik is, eerder as die subjek as produk.

Este: En veral nou hierdie jaar, soos het ek baie tyd met Boipelo en veral Rethabile spandeer. En ek het net gesien half, want ons het baie soos oor sulke goed gepraat soos waar kom hulle vandaan en hoe was hulle skole gewees en so aan en soos ek het toe ook begin verstaan dat baie van die goed wat ons doen, irriteer hulle ook. Soos hulle verstaan ook nie altyd hoekom ons dinge doen soos wat ons dit doen nie.

Hierdie is 'n goeie voorbeeld van hoe belangrik die drumpel vir verbinding is sodat kontak met die oog op integrasie en deterritorialisering kan plaasvind. Dit bied die geleentheid vir Madelief-studente om te verbind en in verbinding te wees; om te koppel binne die Madelief-assemblage wat uit verskillende gerasde subjektiwiteite bestaan. Hoe meer tyd die studente saam in die vierkant as 'n sosiale ruimte spandeer, hoe meer geleenthede word geskep vir koppeling en deterritorialisering. Integrasie en deterritorialisering kan ook meebring dat subjekte hul veelvoudigheid kan ontdek. Om in veelvoudighede te dink, eerder as in identiteite, is immers 'n Deleuze/Guattariaanse projek:

The question of Deleuze's logic is then what it might mean to think in terms of multiplicities rather than identities or propositions, and so to see ourselves, and our brains, as composed of multiplicities rather than predicates and the propositions into which they enter (Rajchman, 2001: 50).

Vir **Lebo** het die ervaring om saam met subjekte met ander opinies en perspektiewe te leef, hierdie veelvoudigheid vir haar oopgemaak:

You learn a lot. Firstly, you learn a lot about human behaviour. And then you learn about trying to understand things from other people's point of view or perspective. And then you learn about accepting other people's opinions, because if you live in a structured zone, all things you

*see are your own opinions, and nobody would do anything about that. And you won't grow as a person. But you grow, you learn when you start interacting with people from different cultures. It's hard and challenging, but it's nice, because at the end of the day you learned a lot. **And at the end of the day, you are introduced to this side (kind) of person you never knew you were.** I never knew that I would ... uhm ... take other people opinions into consideration, cause it was that kind of thing of where I live my life and you live your life. Whatever you say it's your opinion, and this is my opinion, whether you take it or not. And I was never a person who would interact with other people, but even since I got here, I got a chance to interact with different people. I got a chance to learn a lot of things, and I got a chance to grow as well [wording].*

Lebo se verstaan van transformasie gaan hand aan hand met denke en om verandering te bedink. Deterritorialisering is dus nie noodwendig iets wat vanself gebeur nie, maar iets wat bedink moet word:

*If you transform, mathematically, if you transform something, you move it from...you can do a lot of things. Either you change, like you flip it around and then it's a totally different situation now. The sides are not the same, what you changed in that way. And then you can move it from one point to another. That's also to transform. But in most cases, even if you move it from one point to another, there is still a change, a change in position. So it's a change. The only thing I can associate transformation with, is change. And for you to apply that change, mathematically you have to think. So I think in real life as well, you also have to think. That means you have to change your mind, your state of mind, your state of thinking. **That means your reasoning will change as well. And then when your reasoning change, it's easy for you to apply an effective change.** So ja, I would say transformation, it's change.*

Deterritorialisering van vaste geras subjektiwiteit kan slegs plaasvind indien 'n subjektiwiteit sigself oopmaak vir verandering, en ander subjektiwiteit toelaat om sigself te affekteer. **Amy** stel dit soos volg:

*The only thing that one can do, is to provide them with opportunities to. But whether or not they actually accept the opportunity, and put their effort into it versus, declining or just going there and doing nothing ... at the end of the day, it's up to the person himself. At the end of the day you're your own person. People can try and change you. **They can affect you, if you let them affect you.** Ja, it's just one of those things where you can try your best, but at the end of the day it's up to them.*

Tot sover dan wat die koppeling en deterritorialisering van gerasde subjektiwiteite binne die Madelief-assemblage behels. Tot dusver in hierdie risoom is die alledaagse bestaan van die studente weergegee. Wat gebeur egter wanneer die *status quo* binne hierdie assemblage versteur word?

5.5 #FEESMUSTFALL 20-23 OKTOBER 2015: 'N GEBEURTENIS, 'N ONTMOETING, 'N BOTSING

Hier volg verskeie Madelief-studente se ervarings van die #FeesMustFall-stakings. Let op na die verskillende ervaringswêrelde van studente binne die Madelief-assemblage tydens die #FeesMustFall-protosoptogte. Let ook op na die verskillende gerasde assemblages waarbinne die studente hulself bevind. Wat hier volg, is 'n kollektiewe assemblage van uitdrukking (enunciation).

In die woorde van Deleuze/Guattari (2008: 40-42)²⁶:

There are no individual statements, only statement-producing machinic assemblages. We say that the assemblage is fundamentally libidinal and unconscious. It is the unconscious in person. For the moment, we will note that assemblages have elements (or multiplicities) of several kinds ... There are no individual statements, there never are. Every statement is the product of a machinic assemblage, in other words, of collective agents of enunciation (take "collective agents" to mean not peoples or societies but multiplicities).

Dit is belangrik om te onthou dat subjektiwiteit volgens Deleuze/Guattari (2008: 91-62) geproduseer word deur hierdie masjiniestiese assemblages, en ook deur taal. MacLure (2013: 658-660) herinner ons ook daaraan dat taal slegs een aspek van 'n assemblage is, en dat taal werklike materiële gevolge het. Binne 'n assemblage is taal/diskoers maar een komponent van verskeie komponente wat op gelyke vlak nie-hierargies met mekaar koppel. Woorde bots en koppel met materiële dinge. Dit beteken dat taal nie meer oor die afstand van die wêreld beskik wat dit in staat sou stel om te representeer nie. Dit impliseer dat die de-gesentreerde subjek ook net nog 'n komponent tussen ander komponente binne die kollektiewe assemblage van uitdrukking is. Uitdrukkings kom nie vanuit 'n alreeds gevormde vaste subjek nie. Taal is altyd alreeds kollektief, sosiaal en onpersoonlik. Dit gaan ons vooraf. Wat belangrik is om te onthou vir die volgende deel van die risoom is dat die realiteit van die studente waarmee ek gesprekke gevoer het, geskep word deur die interaksie tussen die materialiteit van hul bestaan (masjiniestiese assemblages), die diskoers en taal wat hulle gebruik (kollektiewe assemblages van uitdrukking) en die beoefening van alledaagse gewoonte. Taal het dus

²⁶ Deleuze/Guattari blameer Freud indirek vir die illusie dat die subjek se stem haar eie, unieke stem is: "We are criticizing psychoanalysis for having used Oedipal enunciation to make patients believe they would produce individual, personal statements, and would finally speak in their own name" (Deleuze & Guattari, 2008: 42).

’n werklike, transformatiewe impak, aangesien dit deel vorm van die immanente wêreld. Diskoers en taal affekteer subjekte op ’n materiële, immanente wyse (Kruger, 2015: 123-125).

Hou dus in gedagte wanneer hierdie stemme saam gelees word: subjektiwiteit is die nuwe-effek van ’n proses van subjektivering wat deur middel van koppeling gebeur. Wat hier volg is dus die stem-sonder-subjek, die stem-sonder-organe:

Phumzile* (19, tweedejaar, swart, Sepedi): ... to some extent, I understand why students are striking, because with us ... how would I say ... as a country; it’s something that we do to express ourselves, it’s labour relations. It’s so that people can actually listen to what they have to say.

...

Mariëtte* (19, eerstejaar, wit, Afrikaans): I thought, okay, the cause of the whole thing was fantastic, great. It was for everybody’s advantage. But the way they did it, running into classes, chasing people out of classes, it doesn’t make sense. Because they say it’s to give you a better education, but then they take you out of a class. So I don’t understand why that had to be done to get their point across. And at the same time, when they were here at the main gate first, I was scared. I was really really scared. It was scary.

...

Liezl Dick: So you were in the strike?

Sne* (23, derdejaar, swart, IsiZulu): Ja, I went to the strike.

Liezl Dick: And what was it like there?

Sne: It was kinda weird...

Rhandzu* (20, tweedejaar, swart, Yoruba): It was exciting!

Sne: [lag] Yes it was exciting.

Rhandzu: Especially last night.

Sne: Ja last night was nice.

Rhandzu: The previous days there was only black people [ordeningswoord]. You’ll get a minimum amount of white people [ordeningswoord]. But last night, white people [ordeningswoord] actually joined us. So for the first time we felt the unity ...

Sne and Phumzile: Ja, ja.

Rhandzu: We were fighting the same cause together.[Deterritorialisering]

...

Liezl Dick: And the complaints from other people, who complained about the protest?

Funi: That really got to me cause...okay, I understand that the exams have been moved, and that has negatively affect other people. I don't know how, but when we have an issue like this, it wasn't just UFS, it was South Africa. When we have an issue that impacts the country, the country that we gonna want to live in for the next 50 years, if we will live that long, we have to stand together. You don't have to oppose. I was talking to this other girl, black [ordeningswoord] as well. She said 'I don't understand why you people are protesting and this and this and that'. I asked her 'who is funding your fees?' She said 'I got a bursary' and I was like, exactly. You have never experienced the pain of getting here in January and you know you don't have registration fee. Because my registration fee is R12 000, and I know that my mother doesn't even earn that much'.

...

Lebo: No, Miss D nè, I doubt that they're gonna get violent. As long as people don't get violent with them, then they won't get violent. So that's how it is. For instance, they were trying to burn tires. But instead of students saying 'Yes, burn them!', they put the fire out. And the students, not even the police, not even the security, you see. And then they ask them 'Guys, if you wanna be heard, why do you have to be violent?' It's fine, they sing those songs, and it's nice there we sing and dance, but they are not violent. That's what I like about it, like it's not as violent as the other universities.

...

Liezl Dick: En hoe het jy gevoel toe [die staking] begin het?

Maryke: Toe hulle gestaak het? Nee ek het gedink dit is bietjie onnodig om so...hulle het dit vinnig na 'n rasse ding toe verander, en ek het nie van dit gehou nie.

Liezl Dick: Hoe het dit gebeur?

Maryke: Uhm, ons het buite die venster [op die stoep] gesit, en dan sal die outjie...ek het in Lebo se kamer gesit, en toe het hy vir haar afgeroep en gesê 'Come down, don't fall under the whites [ordeningswoord] ... something' ... ek kan nie eers onthou nie. Maar 'n ou met 'n speakertjie het gepraat hier onder. En toe is ek, soos hoekom verander jy dit in 'n rasse ding? En dan roep hulle die wit meisies [ordeningswoord] af ondertoe, maar hy het nounet gesê moenie onder die wit whatever verval nie [ordeningswoorde], so obviously gaan daar dan nie witmense [ordeningswoord] soontoe gaan nie. En ek het nie daarvan gehou dat hulle so aggresief gestaak het nie. Soos ek dink hulle kon eerder net geloop het êrens heen, dan sou daar baie meer

mense ook gewees het. Of soos 'n petition geteken het, dat almal soos kon teken, dan sou baie meer mense deelgeneem het aan dit. En ek dink hulle sou 'n groter stem gehad het as wat hulle op die oomblik het.

Liezl Dick: Het jy gepraat met iemand wat gestaak het?

Maryke: Nee gladnie, ek het huistoe gegaan daai tyd [Koppeling tussen subjektiwiteite vind dus nie plaas nie.] En dis ook 'n ander ding; ek het huistoe gegaan want ons was bang dit raak te erg. En die feit dat ons ... soos bv, ek moes iemand af van kampus af gebel het om my te kom haal om my lughawe toe te vat, want ons kon nie af van kampus af gekom het en dan weer teruggekome het nie. Jy kan afkom maar nie terugkom nie.

...

Liezl Dick: And what is your reaction towards people who don't understand why you striked?

Nthabaleng: [Sug erg. Kwaad] It's not that they don't understand miss D. They don't care. You understand miss D, [for example] when I sit with you and I say 'Hey miss D, this is why I'm striking. This and this is happening, and this is happening. I'm striking not only for me, but for you as well'. And then you tell me that it's very barbaric – wow, that will infuriate me!

Nomsa* (20, tweedejaar, swart, IsiXhosa/Seswati): I was so annoyed with the comments they made, like 'If you want to protest, protest, but don't disturb the people who want to study'. You see those comments, it made a lot of us so angry, because now you're making it sound as if we don't care about our academics. But we are there striking so that you can also benefit from this. Because even if we write exams or not – if we are not gonna protest the fees will increase, you know. So that's why I was very annoyed. [Dit is duidelik dat die stakings, ten einde die verhoging van klasgelde te verhoed, 'n werklik materiële bekommernis vir Nomsa en Nthabeleng is.]

...

Pearl: I saw a lot of girls leaving, white girls [ordeningswoord] leaving. Why are they leaving? 'Cause literally a lot of white girls [ordeningswoord], 'cause they mos have cars here at the back [Die besit van motors kleef aan witwees binne die Madelief-assemblage]. Like, with big suitcases! 'Cause if you just go for the weekend, they would took small ones. And then we're like, why are they leaving? Why would they tell them to evacuate? 'Cause it's not safe?

Abigail: Yes, why are they not striking?

Pearl: You know why they are not striking. This other girl is like ‘I am not striking, ‘cause it doesn’t affect me. I can afford it, so why should I then go and waste my time?’ And it was so rude of her! I thought she should just shut up!

...

Pearl: I think it’s still this culture thing that white people [ordeningswoord] think that only black people [ordeningswoord] can strike. [Protesoptrede kleef aan swartwees]

Abigail: I feel like white people [ordeningswoord] think we are hooligans, and now they don’t want to strike. Like they fear for their lives. We’re not gonna kill you! Why do you fear for your life if we are just striking for the fees? We are not even thinking about killing you! ‘Cause I was at Steers, and this white girl [ordeningswoord] was standing next to me when the protesters were passing through. And she was like ‘I’m afraid of them’, and I was like ‘Why are you afraid of them?’

Anzel: Maybe because she thought that the protesters are violent. [Vrees vir swartmense²⁷ kleef aan witwees. Gewelddadigheid kleef aan swartwees]

...

Zifi: Ja, even during Apartheid when people negotiated. It was not just for black people [ordeningswoord] to benefit, it was for all of us to live in harmony. So whenever we go forward, we are still using the same old pattern, that it’s only the black people [ordeningswoord] to strike, but what we are striking for is not only for us, do you understand what I’m saying. But also the consciousness of some of the white students [ordeningswoord] as well; if you can see what’s going on, I am sure they can also reason that [these fees are] too high for us. But they will never get up and do this, because it’s not something done by white people [ordeningswoord]. [Passiwiteit/apatie/gereserveerdheid kleef aan witwees]

...

Al die bogenoemde studente/subjektieweite woon in Madelief. Welkom by die Madelief-assemblage; ’n komplekse netwerk van verhoudinge en perspektiewe.

²⁷ Die Afrikaanse woordverwerkingsprogram wat ek gebruik, gee die volgende boodskap by hierdie woord: “Aanstootlike woord (oorweeg hersiening)”.

5.5.1 GESPREEKKE GEDURENDE #FEESMUSTFALL: NOMSA EN NTHABELENG

Teen die agtergrond van bogenoemde assemblage van uitdrukking, wil ek fokus op Nomsa en Nthabeleng se ervaring van #FeesMustFall en die #FeesMustFall-assemblage aan die hand van hul ervaring. 'n Deleuze/Guattariaanse lens word gebruik om dit van nader, as't ware *anders*, te beskou:

Liezl Dick: And how did you manage to stay [at the protest] for so long? Because then you went back the next day.

Nthabeleng: We went there every day after that [lag].

Nomsa: It was fun! The singing miss D. And the unity, we were so united. And the atmosphere was so welcoming ...

Nthabeleng: Ja, it was weird, because nobody was white [ordeningswoord], and nobody was black [ordeningswoord]. You know when the white people [ordeningswoord] are sitting outside the residence, they are sitting out there they think they are the ish [better than us] [Meerderwaardigheid kleef aan witwees]. So when they get there, it's a thing of, they are part of us now [Deterritorialisering]. So it's no longer a thing of 'Oh she's white, oh I'm black' [ordeningswoord]. We were actually happy that they joined us, because if they felt threatened to go there, because they thought we would be violent towards them. [Gewelddadigheid kleef aan swartwees] So the people who did go there, regardless of their race, we appreciated it.

Nomsa: And at first it wasn't really a big number of ... the other race. It was just like maybe a few of the white people [ordeningswoord], and then the others saw that these ones are joining, they also started coming. And there was a lot Miss D. And when they came, they came as a group, and everybody welcomed them. It was fine like yoh miss D.

In die woorde van Deleuze/Guattari (2008: 79):

An assemblage is necessary for the relation between two strata to come about. And an assemblage is necessary for organisms to be caught within and permeated by a social field that utilizes them ... Assemblages are necessary for states of force and regimes of signs to intertwine their relations.

Vir studente met verskillende gerasde subjektiwiteite om te verbind met mekaar, te koppel, is 'n affektiewe assemblage gelaai met intensiteite en affek wat vloei nodig. Wit gerasde subjektiwiteite, byvoorbeeld, is gesedimenteer en vas. Vir hierdie subjektiwiteite om vloeibaar en iets anders te word, moet dit koppel met swart en bruin gerasde subjektiwiteite, wat dan weer geaffekteer word deur wit gerasde subjektiwiteite. Binne hierdie assemblage gaan dit nie oor wat die liggaam is nie,

maar waartoe die liggaam in staat is en hoe verhoudings met ander liggame die kapasiteit van die liggaam en ander liggame kan vermeerder (Coleman & Ringrose, 2014: 11). Koppeling produseer wording, wat dan weer die subjektiveringsproses skep. Hoe meer dikwels vaste gerasde subjektiwiteite met mekaar binne 'n affektiewe assemblage gelaaid met bevestigende (affirmative) intensiteite koppel, hoe groter is die potensiaal vir die liggaam om *meer* te raak as haar vaste gerasde subjektiwiteit, en dus anders te word. In daardie opsig het die #FeesMustFall-protesoetog 'n vluglyn geskep wat die potensiaal gehad het om die geterritorialiseerde subjektiwiteite van die studente te deterritorialiseer, al was dit in sommige gevalle slegs tydelik. Uit **Nthabeleng** en **Nomsa** se vertelling kan ons aflei dat daar binne die #FeesMustFall-protesoetog effekte van aanvaarding en opwinding gevloei het. Dit wil voorkom asof vaste gerasde subjektiwiteite effens meer vloeibaar geword het binne hierdie assemblage. Let op na die bevestigende toon van die volgende dialoog en hoe die vloeibaarheid van wit gerasde subjektiwiteite waargeneem word:

Liezl Dick: Did our white girls [ordeningswoord] join the protest?

Nthabeleng: Ja the twins went. It was very nice, because I talked to them earlier on, explaining to them like you guys don't need to be scared. We're not gonna attack you. We actually need you guys to be there with us, you understand, so that the management can see that we are united. But now, if they see that we are separated, it's easier for them to be able to convince you guys, and then we are left here. And then later on she joined [Nthabeleng besef die waarde van 'n verenigde front teen 'n burokratiese instelling. Solank as wat subjektiwiteite gestratifiseerd en geklassifiseer word, is dit makliker om hulle te onderdruk.]. There was so many white people [ordeningswoord].

Nomsa: There was *a lot*.

Nthabeleng: The way that they ... they sang ... okay they don't sing, but they move their lips and clapped their hands and did the steps that we did, you understand? Like they enjoyed themselves. It's one thing if you go and stand there, like 'now I am in the protest'. But it's another thing when you join and sing, even though you can't sing. Or you sing, but you don't understand what you're singing. We will explain to them. Like the ones that were close to you, they will ask 'what does this mean?' and then you have to explain. And then when you do a step, you have to show them, hey this is how it's done [smiling]. It was very nice, shame. For once I felt like black and white [ordeningswoorde] is one thing at this varsity, and it was a good experience.

Die wit en swart student het volgens Nthabeleng saam pret gehad tydens die protes. Hulle het saam gesing en dans, wat beteken dat hulle samesyn ervaar het binne hierdie assemblage. Koppeling is gemaak, wat hul proses van wording beïnvloed het. Die bevestigende aspek van die #FeesMustFall-protes by die Hoofhek van die UV en die wyse waarop dit vaste gerasde refreine van subjektiwiteit deurbreek het, kan nie onderskat word nie – al was dit tydelik. Die feit dat dit tydelik gebeur het, wys dat dit moontlik is om *anders* te word en *gesamentlik anders* te word. Wording is altyd wordende-minder, 'n wegbeweeg van die norm, 'n deterritorialisering van die standaard. Die standaard in hierdie geval is die wit, heteroseksuele man wat geassosieer word met onderdrukking en hiërargiese en gestratifiseerde, burokratiese instellings:

Why are there so many becomings of man, but no becoming-man? First because man is majoritarian par excellence, whereas becomings are minoritarian; all becoming is a becoming-minoritarian. When we say majority, we are referring not to a greater relative quantity but to the determination of a state or standard in relation to which larger quantities, as well as the smallest, can be said to be minoritarian: white-man, adult-male, etc...Majority implies a state of domination, not the reverse. It is not a question of knowing whether there are more mosquitoes or flies than men, but of knowing how "man" constituted a standard in the universe in relation to which men necessarily (analytically) form a majority. The majority in a government presupposes the right to vote, and not only is established among those who possess that right but is exercised over those who do not, however great their numbers; similarly, the majority in the universe assumes as pre-given the right and power of man. In this sense women, children, but also animals, plants, and molecules, are minoritarian (Deleuze & Guattari, 2008: 320-321).

Nthabeleng vertel hoe die wit studente wat saam betoog het die woorde van die liedjies geleer het en die bewegings van die danse aangeleer het. Binne hierdie protes-assemblage het die studente gekoppel met ander en weens hierdie koppeling anders geword. Hulle subjektiwiteit is 'n nuwe effek van hierdie wordingsproses. Hulle het wegbeweeg van die norm, wordende-vrou, wordende-anders, wordende-swart, wordende onmerkbaar. Hierdie wordings verwys egter nie na die empiries waarneembare nie. Deleuze gebruik hierdie terme om die mate waarin 'n liggaam gedeterritorialiseer word deur die vloei van affek, kragte en intensiteite aan te dui, ten einde iets anders te word en meer te word as die standaard en norm (Braidotti, 2010: 306-307). Selfs die swart studente moet, ten einde meer te word as wat hulle is, wordende-swart word. Soos Deleuze & Guattari (2008: 321) dit stel:

It is important not to confuse 'minoritarian', as a becoming or process, with a 'minority', as an aggregate or a state. Jews, Gypsies, etc., may constitute minorities under certain conditions, but that in itself does not make them becomings. One reterritorializes, or allows oneself to be reterritorialized, on a minority as a state; but in a becoming, one is deterritorialized. Even blacks, as the Black Panthers said, must become black. Even women must become-woman. Even Jews must become Jewish (it certainly takes more than a state). But if this is the case, then becoming-Jewish

necessarily affects the non-Jew as much as the Jew. Becoming-woman necessary affects men as much as women. In a way, the subject in a becoming is always 'man', but only when he enters a becoming-minoritarian that rends him from his major identity.

Vir die wit student om meer te word en anders te word, moet sy dus wordende-swart, wordende-vrou word. Dit geld ook vir die swart student. Vir subjektiwiteit om meer en anders te word, moet dit wegbeweeg van 'n meerheidheidsbestaan van die wit, heteroseksuele man wat tradisioneel as die norm en standaard beskou is wat kennis en mag betref, na 'n wordende-minder wees. Wordende-minder, wordende-swart, wordende-vrou dui op die ervaring van diegene op die periferie van dit wat nie die norm is nie. In die lig van Deleuze/Guattari se beskouing van wording, was #FeesMustFall die ideale geleentheid vir studente met wit/swart gerasde subjektiwiteite om meer te word as slegs hierdie vaste subjektiwiteite. Met die aanvang van #FeesMustFall het die meeste wit Madelief-studente egter ontruim. Wording kan nie plaasvind indien koppeling nie plaasvind nie. Die vloeï van affek wat 'n verandering in die kapasiteit van 'n liggaam teweegbring, kan nie plaasvind indien daar nie koppeling met ander liggame is nie. Madelief-studente wat die koshuis-assemblage verlaat het, het dus 'n geleentheid waar hulle meer en *anders* kon word (kon koppel), deur hul hande laat glijp. Was Madelief werklik geïntegreerd voor #FeesMustFall? Die wit studente en die swart studente deel 'n koshuisgebou, badkamers, gange en kombuise. Die oomblik toe die swart student egter deelneem aan 'n protesoptog voor die koshuis, verwyder die meerderheid wit studente hulself uit die assemblage. Luister hoe Nthabeleng hieroor voel:

I am at that point, just leave and come back when you feel better, when you feel it's safe. It came back to a thing of white people [ordeningswoord] are just generally scared of black people [ordeningswoord]. [Vrees vir swartmense kleef aan witwees] Like they see me, they see a dangerous person. It's not a thing of trying to get to know me, like the other people who went there. I can understand that, if I had to go to a place where there is a lot of white people [ordeningswoord], I will be scared. But it also doesn't make sense to stay here and be scared of something I don't know, you understand? So I feel like it was the typical people that left, and I don't associate myself with those people. So I felt like, okay let she go home if she wants to go home. If she comes back, she comes back. But she will reap whatever we are sweating for. It's okay. And it's interesting that she doesn't say that she will pay the increased fees, that would have been there. No, she is still enjoying it.

Volgens Colman (2010: 12) is affek 'n ervaringskrag of magsbron wat deur middel van ontmoetings tussen ander liggame deur geaffekteerdheid omsluit word, wat dan daarna neig om 'n idee te word.

Affek kan dus 'n impak hê op kennissisteme, geskiedenis, herinneringe en magsiklusse. Die #FeesMustFall-assemblage was 'n geleentheid waar hierdie ervaringskrag deur middel van die ontmoeting tussen liggame met verskillende vaste gerasde subjektiwiteite binne die protes-assemblage by die UV-hoofhek, 'n nuwe idee kon word. Die studente se ervaring en kennis betreffende ras en verskillende ervarings kon verbreed word. Hierdie geleentheid om te koppel het die potensiaal ingehou om stereotipiese denke rondom ras uit te daag – 'n ervaring van ontmoetings tussen liggame met verskillende vaste gerasde subjektiwiteite wat omsluit kan word deur geaffekteerdheid. Hierdie geaffekteerdheid, hierdie gevoel wat die student binne die #FeesMustFall-assemblage sou gehad het, waar hulle mekaar ervaar, sou 'n ander ervaringsrealiteit kon skep. Die idee en ervaringsrealiteit sou dan stereotipiese idees rondom ras kon weerspreek. Tot 'n mate is dit wel wat gebeur het tydens #FeesMustFall, soos wat Nthabeleng en Nomsa hierbo noem wanneer hulle vertel hoe bly hulle was toe die wit studente by hulle aansluit. Later noem Nthabeleng egter dat sy graag sou wou sien dat haar wit medestudente wat saam met haar in die Madelief-assemblage woon, ook by die protes aansluit. Sodoende kon hulle hul vrese en vooropgestelde idees uitdaag ten einde werklik te koppel en in kontak te kom met swart medestudente. Ons lees ook hierbo hoe frustrerend dit vir Nomsa en Nthabeleng was dat die wit studente nie deelneem aan die protes nie, en ook nie werklik verstaan of omgee waarom hulle protesteer nie. Vir Nomsa en Nthabeleng gaan die protes oor werklike materiële tekorte. Tog baat die wit studente steeds by die 0% verhoging in studiegelde vir 2016 en dit maak Nthabeleng kwaad. Wat het veroorsaak dat die wit studente hulself uit die Madelief-assemblage verwyder het?

Nthabeleng: The one white friend [ordeningswoord] that I made in Res told me she was raised in a house where no black people [ordeningswoord] were allowed in their circle. [Separatisme kleef aan witwees. Apartwees kleef aan witwees. Subjektiwiteite word grootgemaak binne 'n geterritorialiseerde ruimte. Kontak met mense met 'n ander fenotipe is beperk.] So she grows up with this thing of us being dangerous. You know what they usually told them about Apartheid, but they tell them about all the bad things that black people [ordeningswoord] did. [Stereotipering vind in ouerhuise plaas] So she never really got an opportunity to explore the whole story. So when she sees me, she sees that person who do those bad things. Until she came here to Madelief, and then she got a chance to learn, which is not the case with every white person [ordeningswoord] [Die Madelief-assemblage bied dus wel ruimte vir deterritorialisering]. They get here, and they're like 'I have to obey my parents'.

That is understandable, but it's stupid for you to come here and say 'I have to obey my parents', but you don't even bother to be curious about other aspects of ... you know, there is two sides to a story. It's a very few that will say 'But hey, let me learn about these other parts of the story'. You understand? I also came to varsity and was like wow, I'm gonna kill people. You know, cause I was also raised with my mother teaching me about Apartheid and what what what. How the white people [ordeningswoord] did this to us. And I think it was two years before I came here, and I heard about the ladies being forced to drink urine...

Liezl Dick: The Reitz incident.

Nthabeleng: You understand? You hear those things, and in you mind, you put up your shields. So the first thing a white person [ordeningswoord] says to you that you feel is bad, you feel like "I'm gonna fuck you over", you know? It's that thing of, I have to protect myself against these people.

Hier kan die nalatenskap van Apartheid duidelik gesien word. Volgens Nthabeleng word haar wit vriendin in haar ouerhuis geleer dat swartmense gevaarlik is en vertel haar van "all the bad things black people did". 'n Verwonge weergawe van die geskiedenis word van die ouers na die kind oorgedra. Voordat die wit student in Madelief kom woon het sy nie die geleentheid gehad om ander perspektiewe rakende swartmense te ondersoek nie. Sy kom dus by Madelief aan met 'n ideologie wat in haar kop ingeprent is: "swartmense is gevaarlik". Binne die Madelief-assemblage kry sy geleentheid om haar ideologiese stereotipiese idees gebaseer op vooroordeel (en gebrek aan koppeling weens die nalatenskap van Apartheid) uit te daag. Nthabeleng wonder waarom sommige wit student nie nuuskierig is oor die ander kant van die storie nie. Wat keer hulle om die ander perspektiewe ook te leer ken en te bestudeer? Nthabeleng is baie bewus daarvan dat ouers 'n groot invloed op 'n mens se sosialisering met ander rasse het. Sy noem dat sy self 'n produk is daarvan. Dit wil egter vir haar voorkom asof die wit studente nie geïnteresseerd is daarin om "die ander kant van die storie" te leer ken nie. Binne die konnektiewe, affektiewe assemblage van Madelief-koshuis, kan affek wat lei tot verruimde gerasde subjektiwiteite slegs vloei indien daar 'n geïnteresseerdheid in die leefwêreld van andere is. Binne 'n assemblage waar daar egter nie 'n geïnteresseerdheid is in die ander nie, wil dit voorkom asof koppeling nie "voldoende" plaasvind nie. Hierdie studente bevind hulle moontlik binne 'n assemblage waar daar binne-in die mikro-sosiale ruimte merkbare afstand tussen mekaar is. Dit het waarskynlik te doen met die feit dat slegs 'n minderheid studente in Madelief-koshuis is wat kamers deel met meisies met 'n ander fenotipe as hulself. In die mikro-

ruimte van die kamers bestaan daar dus afstand. 'n Baie duidelike boodskap word hierdeur uitgestuur: soortgelyke fenotipes woon saam.

Affekte van woede flikker ook vinning op indien daar 'n vorm van konflik ontstaan tussen mense met verskillende gerasde subjektiwiteite, wat dan koppeling verhoed in mikro-ruimtes. Die nalatenskap van Apartheid skemer orals deur:

Nthabeleng: So it also starts with the parents. I don't blame them. I don't blame racist people at all, you understand? Except when you get here [in Madelief/UV]. When you live here, and you still have that mentality in your first year and your second year, you're stupid [Om geterritorialiseerd te bly, selfs wanneer 'n subjek die geleentheid kry om te koppel en iets anders te word, is volgens Nthabeleng onnosel].

Nomsa: I mean, you don't have your parents around. You are living with the people that are portrayed as dangerous people, but they have never done anything to you. So aren't you curious enough to actually get to know them? [Die stemme van die ouers wat subjekte territorialiseer is dus nie fisies teenwoordig in die Madelief-assemblage nie. Die stemme van die ouers is egter steeds virtueel teenwoordig. Dit beïnvloed steeds die gedrag en ras-gewoontes van die studente. Stem-sonder-organe.]

Nhtabeleng: Ja, this is the one place that you need to explore. [Die Madelief-assemblage is 'n ruimte waar die gerasde subjektiwiteite met alternatiewe subjektiwiteite kan eksperimenteer; hulle kan iets anders word, iemand anders wees, en kan hul gewoontevormende manier van dink omtrent ras uitdaag.]

Rosi Braidotti (2011: 321-323) argumenteer dat die verlies van 'n gewoontevormende manier van dink noodsaaklik is vir transformasie om plaas te vind. Daar sou geargumenteer kon word dat Madelief-studente die assemblage betree met vaste gerasde subjektiwiteite wat gevorm word deur gewoontevormende denke. Hierdie gewoontevormende denke rakende ras kom hulle onder andere teë in hul ouerhuise en sosiale sirkels. Hoe sterker die gewoontevormende manier van dink oor ras is, hoe taaier en meer geterritorialiseerd is die subjektiwiteite. Vice (2010: 323) voer aan dat ten einde rassisme teë te werk, moet hierdie subjektiwiteite wat gedurende die Apartheidsjare op ons afgedwing is, uitgeroei word:

Part of eradicating racism would be to eradicate the forced identification of oneself as a particular public and political product. But how is this realization to be lived and

justified in a strange place like South Africa, in which the self is so thoroughly saturated by histories of oppression or privilege?

’n Baie goeie vraag, Vice. Vice (2010: 325-326) gaan dan voort en vra dan spesifiek hoe wit Suid-Afrikaners met hul witheid, die verlede van die land en hul wit bevoorregting (wat steeds teenwoordig is) leef? Wit bevoorregting kan as ’n onwillekeurige gewoonte beskryf word waar liggame met ligte fenotipes vanselfsprekend, dus weens hul fenotipe, oor sekere voorregte beskik. Dit kan beskryf word as onbewuste fisiese en somatiese gewoontes wat gekonstitueer word deur denkpatrone en fisiese patrone waar interaksie met die wêreld sonder bewuste aandag of refleksie plaasvind. Subjektiwiteit word geskep deur hierdie gedragpatrone en denkpatrone:

White privilege therefore “comes to constitute ways of ‘bodying’ as well as ways of thinking” that mutually implicate each other. It is important to see that privilege in this sense is nonvoluntary in its origins, although of course later on it may be more or less consciously embraced or rejected (Vice, 2010: 325).

Sou ’n betrokke subjek met ’n ligte fenotipe bewus word van haar wit bevoorregting, impliseer dit dat sy iets sal moet doen met hierdie bewuswording. Sy sal dit dan *of aangryp of verwerp*. Die probleem in hierdie sin is egter die woord *bewuswording*; dit verg harde werk ten einde bewus te word van onbewuste en onwillekeurige gewoontes. Bewuswording is ’n pynlike proses, dog ook ’n wordingsproses. Die verlies van ons gesonde verstand en gewoontevormende manier van dink is egter noodsaaklik vir transformasie – vernaamlik die transformasie/deterritorialisering van gerasde subjektiwiteite. In die woorde van Braidotti (2011: 321):

Fear, anxiety and nostalgia are clear examples of the negative emotions involved in the project of detaching ourselves from familiar and cherished forms of identity. To achieve a postidentity or nonunitary vision of the self requires disidentification from established references. Such an enterprise involves a sense of loss of cherished habits of thought and representation and thus is not free of pain. No process of consciousnessraising ever is. The beneficial side effects of this process are unquestionable and in some way they compensate for the pain of loss.

Daar gaan nou aandag geskenk word aan studente met wit gerasde subjektiwiteite binne die Madelief-assemblage en hulle ervarings van die #FeesMustFall-protos.

5.5.2 GESPREKKE GEDURENDE #FEESMUSTFALL: MARYKE EN ZELDA

Maryke was gedurende 2015 ’n derdejaar student en **Zelda** ’n tweedejaar student in Madelief. Die volgende uittreksel is taamlik lank, maar dit is noodsaaklik om ’n goeie begrip kry van hul denkwysse en denkpatroon. Hier vertak die risoom weer:

Zelda: Ek dink net die grootste terugstand van hierdie hele ding [Apartheid] is, uhm, die opinies van ons ouers. Want jy *dink*, soos wat jou ouers met jou praat. Soos my ouers sal so met my daaroor praat, en dis waarom ek my opinie sal uitspreek [**Stemme talm en hang in ruimtes op 'n virtuele wyse. Die stemme van Zelda se ouers vind neerslag in haar denke en word deel van haar uitdrukking/mededelings**]. Waar dit dieselfde met swartmense [**ordeningswoord**] is. Hulle word grootgemaak in hierdie ding van 'Ja jissie die witmense [**ordeningswoord**] het alles gehad, ons het niks gehad nie'. So dit word so ingeforseer in jou deur jou ouers. Maar ja, ek dink dit gaan aangaan. Ek dink r rig nie dit gaan ooit ophou nie. **Ek dink Apartheid gaan terugkom. Ek dink regtig so.**

We can no longer even speak of distinct machines, only of types of interpenetrating multiplicities that at any given moment form a single machinic assemblage, the faceless figure of the libido. Each of us is caught up in an assemblage of this kind, and we reproduce its statements when we think we are speaking in our own name; or rather we speak in our own name when we produce its statement. **And what bizarre statements they are; truly, the talk of lunatics** [my beklemtoning] (Deleuze & Guattari, 2008: 41).

Let op na die geterritorialiseerdheid van Zelda se gerasde subjektiwiteit: alhoewel sy kan insien dat haar ouers en die ouers van haar swart medestudente 'n groot impak het op haar eie gerasde subjektiwiteit, kan sy nie insien hoe dit ooit gaan verander nie. Inteendeel, sy "dink Apartheid gaan terugkom". Hierdie tipe denke maak haar gerasde subjektiwiteit stadig en taai, en laat min ruimte vir deterritorialisering. Haar uitspraak oor Apartheid klink soos 'n ideologie wat deur haar praat, soos die stemme van ouers wat besit neem van haar. Binne hierdie ruimte waar sy haar in 'n assemblage bevind met haar ouers en wyer sosiale omgewing, word haar vaste gerasde subjektiwiteit geproduseer. Let ook op hoe die woorde van haar ouers, 'n werklike materi le impak het. Dit vorm Zelda se denke en taal, wat weer haar interaksie met ander subjekte direk be nvloed

Maryke: Miss D, ek dink eerlikwaar hierdie ding van gevoordeel en goeters, moet ons los. Soos ek s , die beste een moet dit kry. Hoekom ek dit s  is, baie keer as mens aan 'n wond aanhou peuter en aanhou peuter, gaan dit septies raak. En ek dink hierdie is presies soos dit.

Zelda: Dit gaan erg raak ...

Maryke: Ja. Dit is 'n oop wond op die oomblik, en nou wil ons aan hom peuter om hom gesond te maak. En hoe meer salf s  nou maar jy gaan opsmeer, hoe meer septies raak die ding. En ek dink persoonlik dit is presies hoe hierdie Apartheid ding is. Baie keer is

goed net beter as dit gelos word. Ons era kom regtig *baie* goed oor die weg, soos baie baie goed ...

Maryke se oplossing vir rasse-geskille in die land is dat ons dit agter ons moet laat en nie oor wit bevoorregting moet praat nie. Dit veroorsaak volgens haar meer probleme.

Maryke: Ons het nie meer ... en ek en my pa-hulle baklei so verskriklik oor hierdie goed, veral omdat ons ouers so verskriklik rassisties is.

Zelda: Jis ja ...

Maryke: En veral die pa's is baie rassisties. En hy sal nou al so joke-joke met my, want ek is baie erg daaroor. Die lelike woord wat mense hulle mos nou noem is kaffers [Let op na die rol wat hierdie taal in die subjektiveringsproses van die "ander" en "self" speel, asook die gebruik van "hulle"], maar ek voel 'n kaffer is 'n persoonlikheid, dit is glad nie 'n ras nie. Dit is iemand wat dom is, wit, swart, bruin, geel [ordeningswoorde]. Dis nie 'n ding van ras nie, rêrig nie. Ek dink nie so nie. En dan sal hy so met my hap-hap, en dis nie vir my reg nie. Ek hou nie daarvan as mense voorgetrek word nie, want dis wanneer jy kwaad raak. As jy gaan hokkie speel ... en dis eintlik daar waar ek weens my ras te na gekom is ... as jy vir Gauteng gaan hokkie speel ... [Maryke is van mening dat daar nie gepraat moet word oor Apartheid of ras nie, aangesien dit tot gevolg het dat sy, weens haar ras, nie vir die Gauteng hokkiespan gekies word nie]

Zelda: Swartmense [ordeningswoord] kry plek in die span ...

Liezl Dick: Is dit wat jy bedoel met Apartheid gaan terugkom? Of wat bedoel jy met dit?

Zelda: Ekke weet nie, ek dink ... dit kan stupid wees maar ek dink net een of ander witmens [ordeningswoord] gaan kom en al die swartes [ordeningswoord] aan hulle kant kry en sy of hy gaan president word, en dit gaan net weer Apartheid word. Want ek dink regtig nie hierdie gaan ooit uitgesort word nie.

Liezl Dick: Maar wat bedoel jy met dit gaan weer Apartheid [ordeningswoord van alle orde woorde] wees?

Zelda: Ek dink wit Apartheid [ordeningswoord] gaan terugkom ...

Liezl Dick: En dat swartmense [ordeningswoord] onderdruk gaan word?

Maryke: Ek dink dit gaan anderste om wees.

Zelda: Ek dink nie so nie. Ek voel net swartmense [ordeningswoord] is nie intelligent genoeg om dit te doen nie. Ek het nie baie feite om dit te staaf nie ... [Rassisme is 'n affektiewe effek. Nie logies, "ek voel net...". Wit meerderwaardigheid. 'n Hele

koloniale diskoers vibreer deur Zelda se sin. Wat assosieer sy met swartwees/wat kleef aan swartheid?]

Liezl Dick: Dit is net 'n gevoel wat jy het, sê jy.

Zelda: Ja ek voel dit.

Dan spring Zelda skielik na die positiewe ervaring wat sy binne die Madelief-assemblage met haar swart medestudente gehad het.

Zelda: Ek dink ook 'n groot ding wat ook 'n effek daarop het, is ... okay kom ek begin by die begin. Toe ek begin laasjaar hier aangekom het, was ek rêrig 'n baie groot rassis. Toe ek die mense hier sien, toe is ek soos 'O jissie' ... [Meeste studente arriveer in hul eerstejaar by Madelief met erg geterritorialiseerde gerasde subjektiwiteite]

Liezl Dick: En toe jy hier aankom en jy sien hier is baie swart studente [ordeningswoord] ...

Zelda: Ja, toe is ek net soos in yoh, okay ... Want die ding is, ek het regtig in 'n baie rassistiese huisgesin grootgeword. Ons het een of twee swartmense [ordeningswoord] in ons skool gehad, so ek was rêrig 'n baie groot rassis gewees. Toe kom woon ek in Madelief en toe het ek maar besluit, jissie, ek het hierdie awesome mense gekry en toe dog ek nee, dis worth it. En nou, meeste van hierdie swart meisies [ordeningswoord] is soos my beste vriendinne. Hulle is rêrig flippen cool. So ek dink net, dis hoekom ek sê ons ouers ...

Hier wil dit voorkom asof deterritorialisering van die vaste gerasde subjektiwiteit plaasvind. **Zelda** se taai, stadige gerasde subjektiwiteit het meer vloeibaar geword binne die Madelief-assemblage:

Deterritorialization must be thought of as a perfectly positive power that has degrees and thresholds (epistrata), is always relative, and has reterritorialization as its flipside or complement. An organism that is deterritorialized in relation to the exterior necessarily reterritorializes on its interior milieu. A given presumed fragment of embryo is deterritorialized when it changes thresholds or gradients, but is assigned a new role by the new surroundings. Local movements are alterations (Deleuze & Guattari, 2008: 60).

Liezl Dick: Maar jy dink nog steeds nie swartmense [ordeningswoord] is intelligent nie? [Hier probeer ek 'n vluglyn skep]

Zelda: Nee, inteendeel. My eerlike eerlike opinie is ... ek het altyd so kwaad geword as swartmense [ordeningswoord] inkom vir byvoorbeeld Medies of so, maar die meeste van die meisies wat ek sien leer en rêrig hard werk, is swart meisies [ordeningswoord] [Zelda se blootstelling binne die Madelief-assemblage bring mee dat sy vir haarself kan waarneem, eerder as om veralgemenings te glo].

Ek weet meeste van die wit meisies [ordeningswoord] leer nie eers 10% so hard soos wat die swart meisies [ordeningswoord] leer nie. So ek het 'n bietjie van 'n mindshift daarvoor gekry, want meeste van die swart meisies [ordeningswoord] werk r rig hard. [Hier kan Zelda self haar eie deterritorialisering sien. Kan sy egter haar eie geterritorialiseerdheid insien?] Meeste swart meisies [ordeningswoord] sal baie hard werk om 'n beurs te hou, waar meeste wit meisies [ordeningswoord] sal dink 'Ag as ek een vak druipe, dis nie so erg nie'. Maar ek voel dat in die hoer posisies in ons regering, is hulle nie baie intelligent nie.

The function of deterritorialization: Deterritorialization is the movement by which "one" leaves the territory. It is the operation of the line of flight (Deleuze & Guattari, 2008: 559).

Zelda se koppeling binne die Madelief-assemblage het oomblikke van gedeterritorialiseerde subjektivering teweeg gebring waar koppeling haar toegelaat het om te affekteer en geaffekteer te word. Sy kon self met swart medestudente tyd spandeer, gesels en leef. Tot 'n mate het die vloei van affek tussen haar en ander studente iets laat loskom binne haar subjektiwiteit; sy is nou meer oop vir koppeling en het meer begrip. Haar eie ervaring weeg nou op teen die ideologie wat in haar kop ingeprent is, en die stemme van haar ouers en die wyer sosiale omgewing waarin sy haarself bevind wanneer sy die Madelief-assemblage verlaat. Haar subjektiwiteit fluktueer tussen territorialisering en deterritorialisering. Tog beskou sy wit- en swartmense as binere opposisies. Daar is steeds 'n "ons" en "hulle". Saldanha (2004: 20) herinner ons dat 'n masjiniestiese geografie van fenotipe, die Hegeliaanse self/ander skema problematies vind:

The machinic geography of phenotype, however, takes issue with the Hegelian self/other scheme that supports much of this work, and studies instead how certain bodies *stick* to certain spaces, how they are chained by hunger, cold, darkness, mud, poverty, crime, glances full of envy and anxiety. The segregation between colonists and colonised is the *apparently* binary result of many nitty-gritty material processes which, when analysed, render it a lot less binary. This also means race is devious in inventing new ways of chaining bodies. Race is creative, constantly morphing, now disguised as sexual desire, now as *la mission civilatrice*, all the while weaving new elements in its wake. Deleuze and Guattari might say that what defines race is not rigidity or inevitability, but its 'lines of flight'. Race can be as stark as apartheid, but mostly it is fuzzy and operates through something else.

Maryke: Ek dink ook 'n voorbeeld is, hulle het nog nie baie ... soos leierskapsgeleenthede gekry nie, so hulle weet nie hoe om te lei nie. Hulle lei in die verkeerde opsigte deur te dink stakings gaan werk.

Zelda: En dit *doen*. Dit *werk*.

Maryke: Maar op die verkeerde manier.

The question is not: is it true? But: does it work? (Deleuze & Guattari, 2008: xv).

Zelda: Dis die ding. En dit is een ding wat Sili rêrig ... toe sy gepraat het toe vra ek vir haar vra 'Maar hoekom wil julle die hekke toemaak? Mense moet uitgaan?' Toe sê sy net, 'Janee, just thank me when you don't have to pay a lot of money'. Toe sê ek vir haar, jis dit maak sin, want die ding is, wat ek sou wou doen is om eerder te gaan sit by Main building en net rustig rondloop, maar sou die fees dan geval het? Soos, wat hulle gedoen het was erg, maar dit het geval. Die manier waarop hulle dit goed doen, is glad nie appropriate nie. Maar meeste van die kere kry hulle hulle sin.

Maryke: Maar weet jy wat is ook die ding, is: wit en swart [ordeningswoorde] wil nog nie saamwerk nie, in meeste gevalle. En ek dink dis waar die probleem inkom. Sê nou maar 'n swartmens [ordeningswoord] wil begin met die petition, en hy kom koshuise toe en sê 'ons gaan stap van hieraf tot hier, om fees te must fall'; daar gaan seker 'n handvol wit meisies [ordeningswoord] wat gaan saamstap, en meeste mense gaan sê nee, want hulle is nie gewoond aan, hulle is seker nie gewoond om saam met swartmense [ordeningswoord] te werk nie.

Swart en wit studente woon saam, maar hulle kan nie saamwerk nie?

Zelda: Dis baie waar wat jy sê. Ek dink rêrig so. Maar een ding wat ek baie geleer het van van my lewe, is dat die influences wat jy in jou lewe het, maak 'n baie groot ding. Soos met die staking; as jy en Robyn sou gaan staak het, sou ek gedink het "Jissie ja okay, ek moet ook". [Hier kan die ras-assemblage benut word om deterritorialisering teweeg te bring. Dit het egter nie gebeur binne die Madelief-assemblage ten tyde van #FeesMustFall nie.] So ek dink baie keer dit sal dalk begin met so klein groepie witmense saam met die swartmense [ordeningswoord]. Maar sodra jy sien daar is 'n klein bietjie...mens kort net daai sterk mense wat daai eerste stap moet vat, want dan gaan die mense kom. Soos ekke weet dat as ekke gaan loop en staak, sê nou maar ek en jy gaan loop en staak; Belinda* sal maar kom, Suzette* sal kom. [Let op hoe vorm 'n masjiniestiese ras-assemblage, hoe hierdie liggame aan mekaar kleef, na mekaar toe aangetrek word. Hier is die potensiaal vir 'n swart ras-assemblage om klewerig te wees en wit liggame aan te trek.]:

Race must similarly be conceived as a chain of contingency, in which the connections between its constituent components are not given, but are made viscous through local attractions. Whiteness, for example, is about the sticky connections between property, privilege, and a paler skin. There is no essence of whiteness, but there is a relative fixity that inheres in all the 'local pulls' of its many elements in flux.

Emergence and viscosity are complementary concepts, the first pertaining to the genesis of distinctions, the second to the modality of that genesis. Race's spatiality is emphatically *not* about discrete separations between 'races'. Nobody 'has' a race, but bodies are racialised (Saldanha, 2004: 18).

Liezl Dick: En hoekom is dit so moeilik om mekaar se verskille te aanvaar?

Zelda: Ek dink dit is hierdie pre-conceived idea wat jy het oor hulle. Dis *presies* soos toe Miss D my nou vra, maar jy dink nie almal is intelligent nie, maar dit *is so*; ek dink hulle almal is dom, maar as ek nou *mooi* daaraan gaan dink, dan dink ek, jissie, baie van hierdie meisies in die koshuis, hulle is *rêrig* intelligent. Soos Phumzile en Lebo. Ek sal soos *rêrig* ... as hulle iets sê, dan vat ek hulle opinie, soos ek *dink* daaroor. [Deterritorialisering teweeg gebring deur vluglyn vraag?] So ek dink dis maar net hierdie preconceived idea wat 'n mens het van ... wat in jou ingeforce word. Of veral die mense wat jy jouself mee omring, ek dink dis die ding.

Sien Zelda hier haar eie vooroordele raak? Sy spring op 'n vluglyn soos 'n trein, wat lei tot deterritorialisering van haar vaste gerasde subjektiwiteit, wat die produk van nie-denke en vooropgestelde, stereotipiese idees is. Tog is dit duidelik dat haar subjektiwiteit voortdurend fluktueer tussen territorialisering en deterritorialisering. Alles is in vloeiing, en vaste subjekte bly 'n illusie Toon **Zelda** hier insig in die produsering van haar subjektiwiteit, wanneer sy die invloed van haar ouers besef?:

He could have spoken in his own name only if the machinic assemblage that was producing particular statements in him had been brought to light (Deleuze & Guattari, 2008: 42).

Zelda: Ek dink ook 'n groot ding wat 'n groot impak het op die wit/swart ding [ordeningswoorde]. Soos byvoorbeeld Emma wat vir my vertel het van die mediese fakulteit by UCT. Ek het nooit gaan kyk of dit die waarheid is nie, of dit feite is nie. So ek kan na Maryke gaan en sê 'Jissie, ek het aansoek gedoen vir hierdie beurs, en toe het die swart meisie [ordeningswoord] dit gekry en ek nie'. En dit kan 'n leuen wees, en so kan ons mekaar so opwerk [Hierdie is 'n voorbeeld van hoe gerasde subjektiwiteite deur ander gerasde subjektiwiteite geterritorialiseer word. Hier kan ons sien hoekom wit liggame aan ander wit liggame kleef, en subjektiwiteit stadig en taai word]. So dalk moet mens net eers die moeite gaan doen om die feite te kry voordat jy ander mense opwerk daarvoor.

Liezl Dick: En om nie te veralgemeen nie.

Zelda: Ja. Dis wat ek baie gedoen het [om te veralgemeen].

Hier kan die werking van rassisme gesien word, soos wat dit uitspeel binne die Suid-Afrikaanse konteks. Ras-assemblages raak taai, stadig en klewerig, omdat hulle hulle ore uitleen, en nie vir hulself kan dink nie. Hieroor het Deleuze/Guattari die volgende te sê:

We believe that narrative consists not in communicating what one has seen but in transmitting what one has heard, what someone else said to you. Hearsay (Deleuze & Guattari, 2008: 85).

Maryke: Wel, wat ek in die koshuis geleer het: ek het geleer om swartmense [ordeningswoord] te vertrou, in sekere opsigte. Eerstens, in hokkie sou ek nooit 'n swart meisie [ordeningswoord] vertrou het nie. Ek weet dit klink lelik, maar ek sou nie vir haar 'n bal gepass het nie, ek sou haar eers baie mooi uitgekyk het. En nou sal ek vir Nomsa 'n ball pass, want ek weet sy sal iets daarmee doen. Ek weet sy sal my nie teleurstel nie. Tweedens, toe ek begin sokker speel het. Dis daar waar ek begin sien het ... veral as hulle vir jou die bal pass, dan sien jy net soos: as hulle jou kan vertrou, hoekom kan jy hulle dan nie vertrou nie? En dit kan ek op enige iets ander toepas. My kamerdeur sluit ek nooit nie. Hy is altyd oop. En daar is altyd geld in my kamer. En my laptop ook ... hierdie mense wat so sê hier word gesteel, dis swartmense [ordeningswoord] wat steel – toe begin ek my kamerdeur ooplos om die vibes te toets, en later het ek lui geraak en daar is nog nooit enige iets van my gesteel nie, nog nooit ooit iets gesteel nie [Steel kleef aan swartwees]. En die ander ding is, ek sou met ons bediende Liesbeth gespeel het en 'n drukkie gegee het so, maar ek sou nooit langs haar op 'n bed gaan lê het en 'n drukkie gegee het nie. Waar ek saam met Lebo op 'n bed sal lê en 'n movie kyk. En Nthabeleng en Nomsa en almal. Dit is nie meer vir my 'n velkleur nie, dit is vir my vriende. Dit is jou persoonlikheid en my persoonlikheid wat goed meng, so nou is ons vriendinne.

Let op hoe koppeling binne die Madelief-assemblage vir Maryke gehelp het om 'n meer vloeibare gerasde subjektiwiteit te produseer, alhoewel haar subjektiwiteit voortdurend fluktueer tussen geterritorialiseerd en gedeterritorialiseerd en haar vooroordele teenoor swartmense voortdurend op die voorgrond is. Dit wil voorkom asof die koppeling binne mikro-sosiale ruimtes binne die Madelief-assemblage sodanige deterritorialisering van gerasde subjektiwiteite meebring, dat studente se uitkyk van ras permanent verander is op 'n diepliggende vlak. Of is dit werklik die geval? Waarom is dit vir Maryke nodig om nie meer Nomsa en Nthabeleng se velkleure (hul fenotipe dus) te sien ten einde vriende met hulle te wees? Waarom wil sy ras transendeer ten einde haarself en

Nomsa en Ntabeleng slegs as persoonlikhede te sien? Waarom moet fenotipe misgekyk word om vriende te kan wees? Die feit dat fenotipe misgekyk moet word, dui daarop dat hul velkleur steeds vir Maryke 'n probleem is.

What is relevant here is not just the irony that the loud calls for abandoning the term of race in fact perpetuate it. **What needs to be examined is precisely the uneasiness about the term** [my beklemtoning] ... More often than not, the imagination of a transcendent realm beyond human difference betrays the material privileges and epistemological biases of those who are doing the imagining (male, healthy, mobile, English-speaking, access to Internet, and usually white). It is the very invocation of transcendence that sets some apart from others (Saldanha, 2004: 13-15).

Liezl Dick: So dink julle as julle eendag kinders het ... soos julle sê, wanneer julle huis toe gaan is julle ouers nog baie rassisties. As julle kinders eendag huis toe kom met swart of bruin vriende [ordeningswoorde], dink julle dit sal anders wees? [Lees: gaan hierdie deterritorialisering van vaste gerasde subjektiwiteite dierend wees en gaan Maryke se kinders anders grootgemaak word weens haar blootstelling binne die Madelief-assemblage?]

Maryke: Miss D, vriende sal ek nie omgee nie, maar as my meisietjie of seuntjie 'n ander ras date, dink ek nie ek sal daarvan hou nie. Eerlik. Ek dink daar is nog te veel kultuurverskille wat die kinders van daai kinders bietjie deurmekaar kan maak. Of ek dink daar is ek nog bietjie closed minded, maar ek sal glad nie daarvan hou nie. Vriende is glad nie vir my 'n probleem nie, waar in 'n verhouding te tree in daai opsig, seksueel en daai goeters, is vir my nog nie reg nie.

Tog vind die territorialisering van Maryke se gerasde subjektiwiteit weer plaas wanneer sy ras essensialiseer. 'n Teruggrype na die illusie van 'n vaste gerasde subjektiwiteit vind hier plaas. Deterritorialisering en territorialisering loop hand aan hand. Die vraag ontstaan dan hoe suksesvol/diepliggend is integrasie in UV-koshuise werklik?

5.6 DIE SHIMLAPARK-INSIDENT, 22 FEBRUARIE 2016: DIE SEDIMENTERING VAN GERASDE SUBJEKTIWITEITE

Tragic events at Shimla Park – Attacks at rugby game strikes at heart of UFS

The attack on students and workers, protesting at a rugby match in Bloemfontein on Monday night, has struck at the heart of a university that is trying to shake off its racist past. Reporters from *The Journalist* reflect on developments in the last few days.

Rector and Vice-chancellor of the University of the Free State (UFS), Professor Jansen, has strongly condemned the vicious attack on protesters at Monday night's campus rugby game. "Nobody, I repeat

nobody, has the right to take the law into their own hands,” he said. “While the protests were illegal and disruptive, it did no harm to the physical well-being of the spectators,” he said.

His statement came a day after the tragic events at the Varsity Cup rugby match between NMMU (FNB Madibaz) and UFS (FNB Shimlas) in Bloemfontein where spectators beat up a group of students and striking workers. The images of white spectators kicking black protesters went viral and struck at the heart of a university that has proudly struggled to shake off its racist past.

Protesting students and workers had invaded the field about 19 minutes into the game and brought the match to a halt. Reporter Linda Fekisi witnessed the events and describes what she saw on these pages.

Professor Jansen was seated on the stadium benches and the protesters were hoping to bring to his attention the seriousness of their campaign. At the same time, they knew that they were also courting the possibility of widespread media attention since the event was televised nationally. They were aggrieved that the vice-chancellor had time to attend the rugby match but no time to meet with them. Jansen said no stone would be left unturned to find those who acted so violently. It is understood that a group of white students, some of them from the residence, Vishuis and older spectators were involved in the beatings. This will only become clearer once the university completes its investigation into the tragic event. “I cannot over-emphasise our level of disgust and dismay at the behaviour of the spectators,” he said. “It is NOT what the University of the Free State (UFS) is about and we are working around the clock to gather evidence on the basis of which we will pursue both charges and, in the case of students, also disciplinary action on campus.”

These events transformed the protests for insourcing of workers into something else. They touched a raw nerve bringing painful memories to the surface, leaving many enraged. Recognising this, Jansen said it “not only opened old wounds, it trampled, literally and figuratively on the dignity and humanity of human beings.”

He did not leave the protesters off the hook. “At the same time, the invasion of the pitch is also completely unacceptable and we will seek evidence on the basis of which we will act against those who decided to disrupt an official university event,” he said.

The SRC President, Lindokuhle Ntuli, took the unprecedented step of writing an intensely worded letter to all deans spelling out the implications of these events for race relations. He was one of the protesters who disrupted the game on Monday. Last night, his voice rang out in song as students gathered in protest at the residence, Tswelopele situated across the main entrance to the university. At the entrance, a crowd of worshipers gathered at the same time and prayed for peace at the university. They were members of the Christian Revival Church of Bloemfontein. This morning, another group of Christians will pray at a side gate near the Roosmaryn residence.

After the protests at the rugby stadium, black students regrouped on the campus and emptied litter onto the food court of the campus. They threw stones breaking windows of Vishuis. They then went onto the main building where they threw litter at the door. Eventually the university called in the police to stave off a further confrontation between black and white students. They formed a barrier between the two groups.

A racially mixed group of students then arranged themselves at the side of the two opposing groups and started praying intensely. It was quite a sight. The police fully armed, students praying, university staff hovering as they tried to keep the peace and an array of students who were spectators. Then came some stones from the upper floor of Vishuis into the black group and they started running in all directions. At that moment police shots rang out and they chased the students away from Vishuis. While this was going on, the white group drew back and started singing the old South African Anthem, *Die Stem*.

Running confrontations between the police and protesters continued way past midnight on Monday. By Tuesday, with all classes suspended for two days, a few students managed to topple the statue of CR Swart, who was president of South Africa at the time Nelson Mandela was arrested and charged with treason.

Members of campus media – IrawaPost, Kopsie FM and Kopsie TV combined with the The Journalist’s Free State circle to tell stories of the ongoing protests (*The Journalist*, 2016: online).

Liezl Dick: So what was the difference between this protest and #FeesMustFall?

Nthabeleng: Well it’s obvious. With #FeesMustFall it was a thing of all students ganging up against the system, the varsity. It was not a black and white thing [ordeningswoorde]. This one didn’t start out as a black and white thing [ordeningswoorde] too, but then after the Shimla Park incident, it became a black and white thing [ordeningswoord]. It was like, oh okay, it’s me against them [Shimlapark-insident territorialiseer gerasde subjektiwiteite].

Nomsa: Ja even with #FeesMustFall, even though it took time for the white people [ordeningswoord] to join us, they did eventually join us because we all wanted the same thing. But now it’s you’re black, you’re black [ordeningswoord]. You’re white, you’re white [ordeningswoorde]. You stick with your own people, because of what happened at Shimla park [Gerasde subjektiwiteite word taai en stadig. Soortgelyke fenotipes trek mekaar aan].

22 Februarie 2016:

Ek, Michael en Angelo het vanmiddag gaan kos koop by die studentesentrum. Die studente wat ter ondersteuning van die kontrakwerkers staak, het verbygekom en die deure van die restaurantjie waar ek kos bestel het en vir my bestelling gewag het, toegemaak. Al die deure van al die restaurantjies. Die meisie langs my het begin huil. Haar vriend het geargumenteer met die staker. Nee, seg die staker, julle moet luister na wat ons sê. Maar ek soek my kos! Nee, sê die staker, en hou sy voet op die handvatsel van die deur. Vanaand hoor ek die stakers het die Varsity Cup wedstryd onderbreek. Vriende op whatsapp vertel van vreeslike ontstellende videomateriaal. Een se vriendin is deur 'n random stranger deur die gesig geslaan toe sy gedraf het. Studente kom na my en sê gerugte doen die rondte dat die stakers Madelief-studente se karre se ruite gaan kom uitslaan. Op whatsapp verneem ek stoele word op die rooi plein verbrand en Vishuis se venters is uitgegooi. Ek staan buite op die koshuisstoep. Skielik ry daar twee wit outjies [ordeningswoord], kaalbolyf met iets wat lyk soos teikens agter op hulle rue, in 'n beach buggy Mad Max Vigilante style verby – duime vraend na bo gegooi vir die wit damesstudente [ordeningswoord] wat buite staan. Kondi sê studente steek mekaar op teen mekaar. Hulle sê die lyn in die sand is nou getrek: dit is wit teen swart [ordeningswoorde]. 'n Swart persoon [ordeningswoord] wat saam met 'n wit persoon [ordeningswoord] gesien word, is in die moeilikheid.

01:23: Ek staan saam met Nomsa en Tswelopele ouens voor Madelief en gesels. Een outjie is 'n joernalis wat die hele staking heel dag al cover. Dinge het begin escalate toe die polisie die vroue-skoonmakers gemanhandle het vroeër die dag in Nelson Mandela ave. Een outjie dring aan dat ek die onstellende videomateriaal sien van die stakers wat op die rugbyveld geskop en geslaan word. “You have to see this Miss D, you have to see how black people [ordeningswoord] are being treated on this campus.” Dis laat en koel, maar ek wil buite wees en connected voel. Ons gesels oor Eusebius McKaiser se nuwe boek en 'n artikel van Tanehisi Coates wat ek moet lees, pyn, woede en wat more kan gebeur.

Die wyse waarop ras-assemblages gevorm het tydens die Shimlapark-insident en die gevolglike intensivering van die vorming van gerasde-assemblages op kampus daarna, is die moeite werd om te bespreek. Saldanha (2004: 18) is van mening dat die materialiteit van ras slegs verstaan kan word indien die konsep van ontluiking (*emergence*) betrek word. Hy gebruik dan die voorbeeld van die bestaan van 'n slymswam om te verduidelik hoe ras as 'n ontluikende gebeurtenis vorm. Ek wil hierdie voorbeeld van die slymswam gebruik om te verstaan wat gebeur het tydens en na die

Shimlapark-insident waar gerasde assemblages of slymswamme van rassisme, in oënskynlik 'n oogwink ontstaan het. Johnson (in Saldanha, 2004: 17) beskryf 'n slymswam soos volg:

The slime mold spends much of its life as thousands of distinct single-celled units, each moving separately from its other comrades. Under the right conditions, those myriad cells will coalesce again into a single, larger organism, which then begins its leisurely crawl across the garden floor, consuming rotten leaves and wood as it moves about. When the environment is less hospitable, the slime mold acts as a single organism; when the weather turns cooler and the mold enjoys a large food supply, 'it' becomes a 'they'. The slime mold oscillates between being a single creature and a swarm.

Voordat die ooreenkoms tussen 'n slymswam van rassisme in die konteks van die Shimlapark-gebeure en wat gebeur het in die week daarna bespreek word, gaan ek hierdie gebeure karteer met 'n spesifieke fokus op die materialiteit van ras. Dit word gedoen om die gesonde verstanddenke rondom ras uit te lig.

Die stakers het in die negentiende minuut van die spel op die veld gegaan. Die groep het werkers van die universiteit ingesluit, asook studente wat in solidariteit by die werkers aangesluit het. Let daarop dat die stakers daar was om aan te dring op beter salarisse. Hulle belange was dus *materieel* van aard. Die stakers gaan dus op die rugbyveld en versteur 'n rugbyspel wat as *vermaak* beskou kan word. Die toeskouers, meestal wit, storm toe op die rugbyveld. Eers een, toe twee, toe nog. Hulle val die stakers en studente aan. Sommige stakers en studente hardloop weg, maar word agterna gesit deur die toeskouers. Die stakers word uiteindelik oortuig om die veld te verlaat *en die rugbyspel duur voort*. Die stakers beweeg na Huis Abraham Fischer (Vishuis) wat bekend staan as 'n rugbykoshuis. Hier word voertuie beskadig en vensters uitgegooi. In 'n stadium is daar 'n groep swart en wit studente wat dreigend teenoor mekaar staan. Na bewering word die groep swart studente verwilder met traangas, terwyl die groep wit studente gevra word om te loop. Hierdie was dus die aanloop tot die slymswamme van rassisme wat die week na hierdie insident op die UV-kampus ontstaan het. Geterritorialiseerde gerasde subjektiwiteite wat nou nog weergalm in die subjektiwiteite van die studente, het gedurende daardie week tot stand gekom. Die volgende risoomuitgroei wil probeer verstaan *hoe* dit gebeur het. Hoe *werk* slymswamme van rassisme?

It is not difficult to affirm the rhizomatic, the nomadic, and the creative potential of the world. The trick is to explain how, *even then*, we are faced with the slime molds of racism, sexism, capitalism, and what have you (Saldanha, 2004: 18).

23 Februarie 2016:

Vandag was rof. Al my wit studente [ordeningswoord] is uit die koshuis uit. Hulle het of huis toe gegaan of by vriende van kampus af gaan slaap. Van my swart studente [ordeningswoord] sing en dans tans buite aan Tswelopele se kant. Vroeër vanaand was ek buite, het gesels met Chacha en Hlume. Die mense vra is ek nie bang nie. Nee, ek is nie bang nie. Ek is banger vir die Afriforum-ou met die nuckle-busters wat gisteraand op my koshuis se stoep was. Vandag op die koshuis se stoep was wel intens. It was open season on white males [ordeningswoord] today. Jennifer en haar Karee boyfriend is ingejaag deur die betogers. Haar boyfriend se kar se bande is met 'n mes stukkend gestee en duike gestamp in die kar. Die girls het my kom roep, ek moet kom, daar is moeilikheid. Gaan toe uit op die stoep. Sien die SRC praat met die betogers. Hlume kom na my en sê die ou moet binne bly, die betogers gaan hom slaan. Iemand vra wie het die sleutel. Nog iemand wys na my. Die volgende oomblik is so 30 betogers om my. "We demand that you bring that guy out, or we will trash this residence! I was hit last night by 50 whites [ordeningswoord]! They called me fokken kaffir!" "I am sorry about that", seg ek. "Whhooaaaa!" seg die groep. Soveel intensiteit en woede. Ek begin bewe. So dit is wat die vloei van affek is? Wanneer ek die woede van die protester kan voel, my liggaam binnedring. Die woede van geweld teen die swart liggaam [ordeningswoord], wat geprojekteer word op my met 'n wit liggaam [ordeningswoord]?²⁸ Ek weet nie, ek vra. Wat is die waarde van Braidotti se radikale verbandhoudendheid in 'n konteks soos hierdie? "Hello Liezl." Volgende oomblik is Chacha langs my, gee my 'n hug. Ek hoor iemand sê: "No, don't hurt this beautiful lady!". Dit help die situasie defuse. Hlume is ook daar om die ouens kalm te hou. Ek besef egter dat ek niks hier gaan kan uitrig nie, dat ek nie met my wit vel [ordeningswoord] simbolies samehorig kan wees buite nie, en loop na binne. Volgende oomblik gooi die polisie traangas, en die protesters spat uitmekaar, soos 'n **slymswam** wat uitmekaar beweeg. Dit is nou donker, en nou sing en dans die kids buite Tswelopele. Hulle is bang Afriforum gaan hulle kom skiet, sê hulle. Ek sien vir Bongani, die protester wat my vanmiddag op die stoep konfronteer het. Hy staan en gesels en lag met mense.

So as die wit man die molêre, die norm en die standaard is, is wat vandag gebeur het een sterk vluglyn wat die norm deurbreek het? Dit was beslis 'n botsing, 'n gebeurtenis, 'n "event". Tydens protesoptogte vind koppeling meer intens plaas aangesien intensiteite en affek sterker vloei as

²⁸"No matter how genuine a liberal's motivations may be, he has to accept that, although he did not choose to be born into privilege, the blacks cannot but be suspicious of his motives" (Steve Biko in Vice, 2010: 326).

onder rustiger omstandighede binne die assemblage. Wat sê dit dan van die Madelief-assemblage indien elke lieue wit student die koshuis verlaat het? Dit beteken dat die studente nie werklik met mekaar in verbinding tree nie, dat hul opsies van/vir wording dus beperk is en dat die mate waarin hul bevestigend kan leef, nie optimaal benut word nie. Dit dui ook aan dat die integrasie van gerasde subjektiwiteite nie diepgaande genoeg is om werklike transformasie te bewerkstellig nie. Ervaringswêreld van wit en swart studente is steeds letterlik wêreld verwyder van mekaar. Is dit omdat swart en wit studente grootliks steeds nie kamermaats is nie? Vandag het hulle gekoppel deur vrees en intimidasie, en die wit studente het hulself uit die assemblage, uit die drumpel van Madelief verwyder. Wat het vandag aan wit gerasde subjektiwiteite gekleef? Motors, mobiliteit, vrees, paniek. Wat het aan swart gerasde subjektiwiteite gekleef? Woede, knopkeries, planke, sing en dans, vrees. Hierdie protes is anders as #FeesMustFall. Die belang van radikale verbandhoudendheid is ononderhandelbaar. Werklike koppeling, konneksies en verhoudings is al wat volhoubare integrasie tussen gerasde subjektiwiteite gaan aanhelp.

Liezl Dick: Tell me what happened that day to you and Peter.

Jennifer: Peter lives in Karee. And apparently on Monday during the day, the protesters were walking past Karee. And one of the first years threw an egg to the protesters and called them a kaffir²⁹. So that obviously aggravated the protesters, and the protesters said they're coming for Karee. So the Karee boys were told to evacuate. So Peter came to stay with me off campus. And then on Tuesday Maryke asked me if she could get a lift with me to the au pairing, because she couldn't get her car out of the basement parking. So we said it's fine, 'cause we had got messages from UFS saying campus is secure and there's nothing to worry about. And then while we were on campus, we stopped outside Karee and we saw there was trouble already. The police had formed a line in front of Karee. And the protesters were going at the police, and the police were going at the protesters. So Peter said no, he doesn't want to come to Madelief anymore. 'Cause he said they are gonna come for him if he goes to Madelief. And then his mom phoned saying she can't get hold of his sister, who lives in Madelief as well. So we decided we are gonna go and then we get Nivani and his sister in one go. So we stopped here, and nothing happened. Then we climbed the staircase, came to the front of res. And as we came to the front, we heard them all cheering. So we

²⁹ Die Afrikaanse woordverwerkingsprogram wat ek gebruik, gee die volgende boodskap by hierdie woord: "Aanstootlike woord (oorweeg hersiening)".

walked back to the car and we saw they had let down his tires. They punctured his tires. And I walked there and looked at it. And as I was standing there, Peter was walking around the car, looking at the car. And he did nothing, he didn't even make eye contact with them. And this one guy that was wearing this vest kept shouting at him: "Do something about it! Come, I dare you. Do something about it! Aren't you gonna do something about it?" So Peter just put up his hands and said 'I'm not gonna do anything about it bra, I don't want trouble. Like, please leave us alone.' And then the guy went crazy, like he *lost* it. And then he started going for Peter, and then another black guy [ordeningswoord] stood between Peter and that guy. And the guy pulled a kerie out of someone else's hand and started hitting Peter, like here on the side. And while this was happening, someone standing at the back was throwing rocks at Peter. And two black guys [ordeningswoord] was standing with me, like pulling me away from Peter. So then they said 'Listen, just get away he is a racist, get into the Res'. So we came in and Nivani swiped us into Madelief. And we were sitting in the gazellie. And then the next moment all the HK's came running and said 'Go into your rooms and lock the doors'. And we went to Chriszaan's room and just sitting there. And then we heard the protesters are on the porch and they want Peter. So that's what happened. My fellow Liefies [inwoners van Madelief] were there when it happened, and none of them tried to help me or Peter in any way. They just stood there and kind of observed like, oh this is interesting. They were there outside next to us when it happened. And they were taking selfies on the porch like nothing was wrong, and laughing at us when we had to evacuate, like they thought this was the biggest joke in the world. And we were just like, jis, have *some* respect for us. Like, this isn't fun for us. Don't laugh at us on top of it. [Wat is die stand van rasse-integrasie in Madelief-koshuis werklik? Is dit 'n weerspieëling van wat op die kampus aangaan? Of in die wyer Bloemfontein-konteks?]

Maryke:

Daar was drie goed wat ek wou vat van die hele ding. Toe ek Peter se gesig sien toe hulle inkom. As ek dink hoe *bang* hy was. Want ek het nie die ouens buite gesien nie. Ek het net gesien toe hulle hom weer gesoek het. Soos hoe bang Peter was, en die haat wat hulle gehad het in hulle ... om hom te kry. En hy het niks aan hulle gedoen nie. Ek meen, mens kan nie net iemand haat wat niks aan jou gedoen het nie. Nie as jy by 'n universiteit is wat geïntegreerd is nie. Jy kan nie. Dan 'n ander ding wat baie erg op my hart lê. Ek en Lebo het ook daarvoor gepraat, en toe vra ek vir haar: 'As hulle

my aangeval het, sou jy my beskerm het?’ Want sy is my beste vriendin. Sy is een van drie beste vriendinne wat ek in die koshuis het. Toe het sy gesê nee, sy sal nie, want hulle sal haar gaan doodmaak. So dit hang af van hoe erg dit was. Soos as hulle my begin doodmaak, soos in *dalk* dan. En vir haar om te sê dalk, ek meen Lebo is baie open minded en baie eerlik oor sulke goeters. So dit het my baie bang gemaak dat, as ’n beste vriendin jou nie eers vir my sal opkom nie ... dit was vir my horrible om te hoor. En nog ’n ding; hoe dit binne die koshuis was. Binne in die koshuis is hulle soos ‘is julle okay’, maar buite die koshuis wil hulle nie eens met ons praat nie of in ons rigting kyk nie. En dit het my gepla dat so ’n issue ewe skielik ’n koshuis kon skeur. En veral ’n koshuis wat geheg was, soos Madelief. Wit en swart [ordeningswoorde] het nie ’n probleem gehad met mekaar nie. Veral ons jare, ek meen dalk die eerstejaars wat nog nie so ferm bond met die ander ras nie. Maar ons het nie ’n probleem met hulle nie, en hulle het nie ’n probleem met ons nie. En dit het net ewe skielik geskeur.

[Immanensie, wat te doen het met die spesifiekheid of enkelvoudigheid van ’n ding, gebeur wanneer ’n skeuring in die assemblage plaasvind. Immanensie speel ’n belangrike rol hier, aangesien immanente prosesse van wording gebeur wanneer ’n (ras)assemblage versteur word. Die status quo word nie meer gehandhaaf nie. Die assemblage word gedeterritorialiseer, en strome van affek en intensiteit verander, wat op hul beurt die nodus/subjektiviteite/knooppunt van die assemblage affekteer. Die skeuring van ’n assemblage, maak dus nuwe ordeninge, en wordings, moontlik.]

Liezl Dick: En Maryke, hoe beweeg mens vorentoe?

Maryke: Ek het nie ’n antwoord nie. Ek het gedog as mens soos mense kan leer ken en beste vriendinne met hulle raak, maar dit gaan nie werk nie. Dit gaan werk as hulle uit townships uit kan kom en die geleerde mense, die mense wat bietjie meer open minded is. Soos ja dalk sal Lebo-hulle ons nie help nie, maar as hulle na plekke soos Centurion trek en hulle kinders in plekke soos dit grootmaak en nie in townships grootmaak waar jy moet veg vir jou lewe nie. Ons is *glad nie* gewoond aan dit nie. Ons is nie gewoond aan mense steek mekaar en steek tires en sulke twak nie. Ek meen dis nie wie ons is nie en hoe ons grootgemaak is nie. Maar ek dink om kinders buite ’n townshipsituasie groot te maak, dit is al hoe dit gaan beter word. Met die geletterde mense wat uit die townships uit kom. [Let op die verskillende leefwêreld. Maryke se oplossing vir die gewelddadige stakings: laat die township mense Centurion toe trek. Hier is dit duidelik hoe materialiteit aan gerasde subjektiviteite kleef. Ook hoe sekere gerasde subjektiviteite aan

sekere sosiale ruimtes kleef. Swart = township. Wit = Centurion. Volgens Maryke kleef gewelddadigheid aan townships.]

24 Februarie 2016:

’n Ene Karin, ouer vrou verbonde aan Afriforum, bel my studente en sê alle wit studente [ordeningswoord] moet onmiddellik ontruim en al hul besittings saamneem. Hulle moet vir die koshuishoof ook sê sy moet ontruim, want vanmiddag word ’n groot gemors verwag. Ek bel haar terug, verduidelik dat alles op kampus onder beheer is. Nee, dring sy aan, sy het inligting van Landbouwetenskap ontvang dat hierdie ’n groot ding kom. Dankie mevrou, maar alles is tans kalm by die hoofhek.

Baie soortgelyke gerugte doen die rondte. Sodoende word die kampus wat ’n affektiewe assemblage is, gelaai met vrees. Polarisering gebeur en gerasde subjektiwiteit word weer eens stadig en taai. Passiewe en binêre opposisies. **Vrees** verhoed koppeling, wat weer wording en die vervorming van subjektiwiteit verhoed.

We can guess what fear is. We are always afraid of losing. Our security, the great molar organization that sustains us, the arborescences we cling to, the binary machines that give us a well-defined status, the resonances we enter into, the system of overcoding that dominates us—we desire all that. ‘The values, morals, fatherlands, religions and private certitudes our vanity and self-complacency generously grant us are so many abodes the world furnishes for those who think on that account that they stand and rest amid stable things; they know nothing of the enormous rout they are heading for ... *in flight from flight*.’ We flee from flight, rigidify our segments, give ourselves over to binary logic; the harder they have been to us on one segment, the harder we will be on another; we reterritorialize on anything available; the only segmentarity we know is molar, at the level of the large-scale aggregates we belong to, as well as at the level of the little groups we get into, as well as at the level of what goes on in our most intimate and private recesses. Everything is involved: modes of perception, kinds of actions, ways of moving, life-styles, semiotic regimes. A man comes home and says, "Is the grub ready?", and the wife answers, "What a scowl! Are you in a bad mood?": two rigid segments in confrontation. The more rigid the segmentarity, the more reassuring it is for us. That is what fear is, and how it makes us retreat into the first line **[die gesegmenteerde lyn]** (Deleuze & Guattari, 2008: 250).

26 Februarie 2016:

Ligging: Bloemfontein Hoofkampus, steeds. #FeesMustFall lyk soos 'n kinderkranspartytjie teen wat op die oomblik op kampus gebeur. Die onluste polisie is vandag op kampus losgelaat. Ek moes verskeie studente – ouens en meisies – in my koshuis wegsteek vir die polisie, wat almal wat buite was voor die voet gearresteer het. Angsbevange studente wat pas op kampus gestap het om vir vriende te kom kuier, is gearresteer en in vangwaens gegooi. Twee Hippos vol. Voor Tswelopele hordes onluste polisie. Wat suggestiewe bewegings maak aan my girls wat by hul kamervensters staan en kyk wat aangaan. Macho staatsapparaat in aksie. Twee van die Institute se outjies is ook gearresteer. Tswelos outjies is uit hulle kamers uit gedwing met pepper spray soos kokkerotte. Klomp studente gearresteer. Ek kan nie sien hoe hierdie vinnig gaan beter raak nie, veral nie indien topbestuur herhaaldelik die frustrasies van studente met geweld beantwoord nie. Vanoggend is 'n ontbyt gehou vir koshuishoofde. Daar het dit weereens duidelik geword dat topbestuur glo geweld en onderdrukking is die antwoord. Ek was verbyster deur die outoritêre aard van die ontbyt – baas praat en klaas moet luister. Net luister en saamstem. Dit was verskriklik ontstellend, die gebrek aan insig om te sien dat die oordrewe militarisering meer bygedra het tot reaksies as gehelp het. Ook die wyse waarop topbestuur eenvoudig aanvaar het dat daar een storie is en een regte manier om dit te hanteer. Hoe kan hulle besluite neem as hulle nie op kampus is en sien wat aangaan nie? Vluglyne, wat die protesters sedert Maandag geskep het, om die geterritorialiseerde terrein van die UV te deterritorialiseer en iets anders te laat word, is keer op keer met geweld en polisie-optrede weer in lyn van segmentasie verander. Hoe kan vaste gerasde subjektiwiteite ongedaan gemaak word binne 'n terrein waar die molêre in stand behou word? Molekulêre bewegings van verandering het dan geen kans nie. Die staatsapparaat word versterk deur diegene in mag. Klassifikasie en betekenisgewing vier hoogty. Maar die oorlogsmasjiene sal nie ophou om die terreine op molekulêre vlak te deterritorialiseer nie. 'n Trop sal vorm: “Elias Canetti distinguishes between two types of multiplicity that are sometimes opposed but at other times interpenetrate: mass ('crowd') multiplicities and pack multiplicities. Among the characteristics of a mass, in Canetti's sense, we should note large quantity, divisibility and equality of the members, concentration, sociability of the aggregate as a whole, one-way hierarchy, organization of territoriality or territorialization, and emission of signs” (Deleuze & Guattari, 2008: 37). Die massa kan gesien word as die molêre, majeur bestel waarvan Madelief-koshuis, wat onder Behuising val, deel vorm: “Among the characteristics of a pack are small or restricted numbers, dispersion, non decomposable variable distances, qualitative metamorphoses, inequalities as remainders or crossings, impossibility of a fixed totalization or hierarchization, a Brownian variability

in directions, lines of deterritorialization, and projection of particles” (Deleuze & Guattari, 2008: 37).

[Die trop kan gesien word as die betogers, die mineure, molekulêre wat vluglyne skep.]

“Doubtless, there is no more equality or any less hierarchy in packs than in masses, but they are of a different kind. The leader of the pack or the band plays move by move, must wager everything every hand, whereas the group or mass leader consolidates or capitalizes on past gains. The pack, even on its own turf, is constituted by a line of flight or of deterritorialization that is a component part of it, and to which it accredits a high positive value, whereas masses only integrate these lines in order to segment them, obstruct them, ascribe them a negative sign” (Deleuze & Guattari, 2008: 37).

Tog, die betogers is nie gesiglose hooligans wat vir absoluut geen rede gewelddadig raak nie. Die betogers is my studente saam met wie ek in Madelief woon, en oor jare heen verhoudings mee gebou het.

There is no question, however, of establishing a dualist opposition between the two types of multiplicities, molecular machines and molar machines; that would be no better than the dualism between the One and the multiple. There are only multiplicities of multiplicities forming a single assemblage, operating in the same assemblage: packs in masses and masses in packs. Trees have rhizome lines, and the rhizome points of arborescence (Deleuze & Guattari, 2004: 38).

17:20: Die Tswelopele outjies wat gisteraand in hegtenis geneem is, het pas onder luide gejuig teruggekeer na die koshuis. Ek sien daar is mense besig om die heining rondom die universiteit met barb wire te omring. Die Tswelos outjies loop honend en uitdagend nader aan die heining.

Whatsapp-boodskap aan my vriend Dewald in Taiwan, 15 Maart 2016:

Strikes en protests hier was hardcore. Veral omdat dit my studente was/is. Ek het nie meer opinies/reg/verkeerd nie. Slegs perspektiewe a la Nietzsche. Daar was tye wat die kampus werklik 'n warzone was. Wit mans [ordeningswoord] was getarget deur protesters. Swart studente [ordeningswoord] getarget deur polisie. Volgende oomblik hide ek protesters/studente in my koshuis wat vlug van die onluste polisie. Jy weet, daai polisie in David teen Goliat gear. Net jammer Goliat was in die geval een moerse illusie van vrees in die koppe van meestal topbestuur. Wat van een hotel na die ander “vlug” vir hul lewens (lees: kak praat en sjampanje drink) terwyl ek, die voetsoldaat, besluite moet neem wat die lewens van 180 studente wat in my koshuis woon beïnvloed. Met bitter min inligting tot my beskikking en doodse stilte van my lynhoofde. Ek dink dit het my geknak. Om te sien hoe diegene in mag nie KAN goeie besluite neem nie, omdat hulle nie DAAR was nie. Ook: hoe skaars oomblikke van regverdigheid werklik is. Hoe geweld-in-reaksie-op-geweld werklik nie

die oplossing is nie. Hoe my utopiese ideale een vir een by die venster gevlieg het, vas in die Njala en Hippos buite my koshuis waar hulle studente gearresteer het.

...

Liezl Dick: And did you speak to some of the white girls [ordeningswoord] about the Shimla Park incident?

Nomsa: I did speak to them. And yesterday I was actually chilling with white people [ordeningswoord]. And it was so awkward miss D! Because we had like different views of what happened. They said that the protesters were wrong to shut down the rugby game. So they think it was like defence ... they understand why the white people [ordeningswoord] attacked them because rugby is like the famous sport for white people [ordeningswoord], so they got angry. They said that the black people [ordeningswoord] were asking for it, actually.

Liezl Dick: So they are justifying it?

Nomsa: They are justifying it! They say they were asking for it, because you can't just go there and sing while it's a game. What do you expect the spectators to do?

Die vanselfsprekende en gesonde verstand aspek van denke moet hier ondersoek word – die narratief wat lui “dit is vanselfsprekend en logies dat toeskouers mense sal aanval wat die spel onderbreek”. Hoekom so vanselfsprekend en logies? Asof geregverdig? Die stakers is daar om werklike materiële behoeftes onder die aandag van die UV bestuur te bring. Rugby is ’n sport, ’n luukse, vermaak. Hierdie optrede herinner aan wat Vice (2010: 325) skryf dat wit bevoorregting beskryf kan word as gedrag en bestaan in die wêreld as ’n onbewuste gewoonte:

I take it that some account of white privilege as habitual must be correct and I propose to accept the broad account given by Shannon Sullivan in *Revealing Whiteness*. We may disagree with the particular way that she understands the genesis of these habits, but the broad project of understanding patterns of white privilege in terms of habit is plausible. Sullivan thinks of white privilege as unconscious psychical and somatic habits, constituted by “mental and physical patterns of engagement with the world that operate without conscious attention or reflection”; our very identities are constituted by these patterns of behavior. White privilege therefore “comes to constitute ways of ‘bodying’ as well as ways of thinking” that mutually implicate each other.

Deleuze skryf in *Difference and Repetition* (2004b) dat die tradisionele denkbeeld verkeerdelik berus op algemeen aanvaarde, vanselfsprekende aannames, wat nie bevraagteken word nie. Hy (Deleuze,

2004b: 165) sê egter dit is die filosoof, die denker se plig om wel dinge wat algemeen aanvaar word te bevraagteken, en gesonde verstanddenke uit te daag:

Everybody knows, no one can deny, is the form of representation and the discourse of the representative ... The philosopher takes the side of the idiot as though of a man without presuppositions ... it is a question of someone – if only one – with the necessary modesty not managing to know what everybody knows, and modestly denying what everybody is supposed to recognise. Someone who neither allows himself to be represented nor wishes to represent anything.

Nthabeleng: And the weird thing about it is, everything is just so misinterpreted. The idea of them going there, was not to attack or fight anybody. They were saying ‘join us’, because we could clearly hear from the video that Lindo, when he spoke, when they were there, he clearly said: ‘We are not here to fight. And we are not gonna fight anybody’. That’s why they ran. Can you think how many people would have been beaten up if it was a thing of ‘oh okay, we are gonna fight’. We had weapons *every time*. We could have injured people, we could have hurt people, but that wasn’t the aim. But still, they got beaten up. And when they got beaten up, they didn’t fight back. They ran away. That should *tell* you something! We didn’t go there to fight in the first place. It’s like, if I wanna fight with you, I will fight with you. But if I run away, that means like I wasn’t here to fight. Why now the necessity of running after them and still kick them and catch them and beat them up? You understand? I don’t care about a rugby game. You can’t tell me that if you go to a soccer game and you disrupt it, that I’m gonna beat you up, just because it’s a famous sport for black people [ordeningswoord]. That doesn’t make sense to me. So that made me *very angry* as well. Like, if we can beat people up because we don’t want something like this be disturbed, then let’s just beat everybody up! Let’s just beat up each other. That’s why I actually went to the protest the next day. I’m like, let them come then. Let’s fight fairly. Let it be a fair ground, because what happened at Shimla park wasn’t fair. And our mothers are not there now! I am there as their child to represent them. So let’s fight to see if you can do what you did then. I was really angry.

Hier kan gesien word waarom die gebrek aan volhoubare, deeglike integrasie tussen studente ’n probleem is: wat kleef aan swart? Uitkontraktering, protesoptogte, werke soos skoonmaker en tuindienste. Lae inkomste. Wat kleef aan wit? Arrogansie – “dis my rugby game, wie is jy om dit te onderbreek” – aggressie.

Nomsa: And I was actually there when the whole thing happened. I was there, with the protesters. I was about to go on the field, but then I saw the spectators coming. So I stay in the stand, I didn't go up. But ja miss D, it was so sad, because an old guy, a grandpa, one of the workers, running away. Like he doesn't wanna fight you. But you still run after him and kick him even! And then after that, you carry him like a child and throw him outside the field!

Nthabeleng: What about the mothers [die swart studente noem die vroue-skoonmakers "mothers"]?

Nomsa: The pregnant woman that was there. You could see the scratches all over her body. It was sad miss D. *Then* it was that I got so angry. Because, you *see* they are running away from you. And you can *clearly* see this is not a student. Why are you fighting her? It's a woman! She's pregnant, you can *see* she's pregnant. She's old, but you're kicking her? [Wat kleef aan wit? Gebrek aan respek, geweld?]. And after that *the rugby game continues*. That's what made people even more angry. Things just happened, people got beaten up. You were there, you're the vice-chancellor, you're watching and then you're like 'okay, they [the protesters] are gone. Let's continue with the game *like nothing happened*. So that got people really, really angry.

Die Shimlapark-insident en die afloop daarvan het 'n radikale impak gehad op verhoudinge tussen studente in die koshuis. Nthabeleng verwoord haar frustrasie en woede soos volg:

Nthabeleng: Yoh! So you can imagine the anger. I have never been so angry. I saw this one post from this girl that I thought stayed in res. I literally went around res looking for her. I was gonna beat her up. She used to stay here. And she was racist, we knew that. We never talked to her. But for her to outright say it that we deserved it, they should have kicked us even harder.

Nomsa: Imagine!

Nthabeleng: Miss D I was gonna beat her up, I swear. The twins stopped me, because I was just so angry after seeing that post. I don't understand how you can say this.

Gerasde subjektiwiteit is geterritorialiseer deur die Shimlapark-insident. Ras-gewoontes wat voor die insident gedeterritorialiseer was, het weer gevorm. Gerasde subjektiwiteit het stadig en taai geword. Hierdie insident het wel interessante, insiggewende en eerlike gesprekke rakende ras tot gevolg gehad. Ek het weer eens bewus geword van hoe ver die leefwêreld van die studente met verskillende fenotipes binne die Madelief-assemblage van mekaar is verwyderd is:

- Jennifer:** So I feel like those guys that came attacking, I feel like they don't have that ability to reason and to listen and to speak in an educated way, telling you my opinion and why I am angry. They rather would show you: 'Look, I'm gonna smash everything and look how mad I am.' You can respect the person that can talk to you, and not the one breaks everything down just to show you how angry they are.
- Liezl Dick:** [Hier probeer ek 'n vluglyn skep]. But then again, the SRC president said we must remember that it's not whites [ordeningswoord] that we are fighting, it's the system that oppresses black people [ordeningswoord]. So he encouraged the white people [ordeningswoord] to also question the system. Because if you benefit unnecessarily from a system and black people [ordeningswoord] do not, it demoralizes you as a white person [ordeningswoord]. So his focus was on a system, and not on a race.
- Jennifer:** But miss D, I would like to know what system is in place that belittles or oppresses the black people [ordeningswoord]. The system that they talk so much about that I have no idea what's going on. Because I have read a lot about the university policy and how blacks [ordeningswoord] feel oppressed and they feel repressed because there is a white person's name [ordeningswoord] on a building. But there are laws in place that give them the advantage over us. Such as UCT's medicine faculty – 75% of them must be black [ordeningswoord]. Your marks can be lower than a white person's [ordeningswoord], you're still gonna get accepted over them. So you don't see us rioting about that. So I would like to know what is this 'system' that they feel so oppressed about. And every time I ask one of them, I don't get an answer and they can't tell me and I am racist and how can you even ask that and what are you talking about and how do you not know? And I'm like I *don't* know, that's why I am asking you! So nobody can give me an answer, what is this system that is oppressing them so badly that they feel the need to vandalize and intimidate and traumatise. Like, I don't get this system they are talking about.
- Liezl Dick:** [Hier probeer ek die vluglyn lewendig hou] Well what I gather is that it's things that are still happening in the microspaces. So it's not the official things like the laws or the policies that is the problem, but the things happening in the microspaces. For example, what they said is that now that we all must show our staff or students cards to access campus; when a black student [ordeningswoord] doesn't have a student card he or she is not allowed in. But when a white student [ordeningswoord] comes in without a student card, security let them in. That kind of privilege, where a white

person [ordeningswoord] is not really doubted, but a black person [ordeningswoord] will be doubted. Those are the experiences that they share, so it's more the practise or the little things that happen in between the very concrete laws and policies.

Jennifer: I understand that miss D, but the question that I wanna ask is first of all...I got turned away when I didn't have my personnel card on me. So I don't know if they have actually seen it happen, where a white person [ordeningswoord] get in without a card, or are they assuming that it has happen? I would like to know if they have seen it or if they're assuming? And second of all, after what the black people [ordeningswoord] did last week, of course there's gonna be more doubt in our minds when it comes to a black person [ordeningswoord] than with a white person [ordeningswoord]. 'Cause it was the black people [ordeningswoord] terrorising and hurting and vandalising. And the white people [ordeningswoord] just left. So, it's sort of to be expected [gesonde verstanddenke], that's what's gonna happen if you build yourself up as that type of person, then that's the type of person that we are gonna see you as. Whereas if you build yourself up as the other type of person, then they are not gonna doubt you when you walk into the gate. It is who you represent yourself as, and it is who your people represent you as.

Kyk hoe kleef opinies aan kleur. Argumentering kleef aan wit/swart. Ook 'n gebrek aan empatie is baie duidelik. Studente verstaan nie mekaar se leefwêreld nie, miskien omdat hulle nie werklik die materialiteit van ras en die groot impak wat fenotipe het op wat aan dit kleef, besef nie. **Jennifer** is van mening dat die swart betogers kies om gewelddadig te wees, sonder om die invloed van 'n stelsel op hul gedrag te sien of om te sien dat dit in reaksie is op 'n stelsel wat hulle as onregverdig ervaar. Hierdie onbegrip is gevaarlik; gevaarlik nie slegs omdat dit haar verder verwyder van haar swart medestudente nie, maar ook omdat die geweld van suiwer identifikasie so problematies is. Volgens Rajchman (2001: 102-106) problematiseer Deleuze "suiwer" identifiserings en die gepaardgaande geweld daarvan. Deleuze bring dan die "probleem van subjektiwiteit" in verband met die geweld van identifisering. Subjektiwiteit word problematies wanneer die self nie meer as 'n gegewe beskou word nie, maar eerder ontstaan weens die verbandhoudendheid tussen gewoonte en geheue, en dus weens die "konvensies" van 'n samelewing. Die gewoonte om "ek" te sê, is 'n voorbeeld van so 'n konvensie. Deur Hume voer Deleuze aan dat ons moet kyk na hoe subjekte gevorm word en hoe hierdie konvensies dus tot stand kom. Konvensies, argumenteer Hume, kom tot stand danksy, deur en weens die spesifieke groepe waarbinne ons onself bevind (Rajchman, 2001: 102-106).

Die probleem wat Hume dan postuleer vanuit 'n naturalistiese standpunt, is die probleem van partydigheid (*partiality*) wat ons handhaaf teenoor die spesifieke groep waarbinne ons onself bevind. Partydigheid moet hier verstaan word as 'n goedgesinde, gunstige vooroordeel. Ons is dus irrasioneel goedgunstig teenoor die groep waarbinne ons onself bevind. Indien dit aan sigself oorgelaat word, sal ons identifisering met familie, stam, nasie of gemeenskap tot verskriklike geweld lei. Die probleem van partydigheid kan nie deur 'n rasonele rangskikking van belange of keuses opgelos word nie, aangesien partydigheid nie rasoneel is nie. Ons partydigheid teenoor 'n groep het te doen met affekte en passies wat hierdie bestaanswyses onderlê. Die probleem is dat identiteit en dus subjektiwiteit as sulks gewelddadig is – daar is geweld (barbaarsheid) in die konstituering van onself as “subjekte” of “selwe”, en daarom moet ons ons idees rondom (sosiale) kontrak en instellings deeglik deurdink (Rajchman, 2001: 102-103).

Kom ons veronderstel dat Jennifer identifiseer met 'n groep wat dieselfde fenotipe as sy het. Indien Jennifer haar dus sou omring met 'n groep mense met wie sy 'n fenotipe deel, gaan sy partydig wees teenoor hierdie groep. Die wyse waarop sy gaan identifiseer, wat haar gaan konstitueer as subjek, gaan bepaal word deur die groep en hul fenotipe. Die groot gevaar van so 'n suiwer identifisering is dat Jennifer nie genoeg blootstelling kry aan subjektiwiteite met ander fenotipes nie. Soos reeds genoem, kleef sekere materiële en nie-stoflike dinge aan fenotipe. Sekere fenotipes is ook verbind aan sekere woonruimtes. Fenotipe bepaal mobiliteit en geleenthede. Die liggaam se beweging en koppeling word as't ware bepaal deur fenotipe. Jennifer se gebrek aan blootstelling aan ander fenotipes bring mee dat sy nie verstaan hoe 'n subjektiwiteit met 'n donkerder fenotipe in die wêreld koppel, beweeg en leef nie. Dit is dan die geweld en gevaar van suiwer identifikasie waarna Deleuze verwys.

Liezl Dick: Nthabeleng, and the incident with Peter and Jennifer. Were you downstairs?

Nthabeleng: No, I was in my room. But I could see when the guy was throwing things at Peter. It was first Donae that ran inside. And then it was Jennifer and Peter. I didn't see the whole thing. I just remember going into the mens gazellie and seeing Peter crying like a little girl.

Liezl Dick: And how did it make you feel?

Nthabeleng: I was scared! And mind you, I am the prime. So the protesters said: 'Prime come out and open, let us in to get this guy.' And they even knew my name. And later on they were like: 'Yeah you let white people [ordeningswoord] in there. We can't believe

you'. So *that* was very dangerous for me as well. You understand? I am just counting on the fact that I am black [ordeningswoord], they won't hurt me. [Hoe kan vaste gerasde subjektiwiteit meer vloeibaar word in 'n ruimte waar fenotipe bepaal of jy veilig is of nie?] But they were mad that I let him in.

Liezl Dick: Nthabeleng and how do you feel about the fact that he (Peter) almost got beaten up and his tires slashed?

Nthabeleng: I didn't care, really.

Liezl Dick: You felt that he deserved it?

Nthabeleng: Not that he deserved it. Because I know him personally it was a thing of, they can't do this, he is a nice guy. We know him. But I was also just like 'Ag fok, he's white' [ordeningswoord]. If they can beat up my mom and throw her outside the field, where she falls on her back and she's flippen old, then this guy can take a beating. [Let op die verskillende stemme wat hier geuiter word. Die een stem is 'n stem van 'n gedeterritorialiseerde gerasde subjektiwiteit wat koppel met ander subjektiwiteite, ongeag die fenotipe. Die ander stem is die stem van 'n geterritorialiseerde subjektiwiteit wat vergelding soek vir die geweld wat aan subjektiwiteite met 'n soortgelyke fenotipe aangerig is.]

...

Maryke: Miss D het nou gepraat van emosies wat oopgemaak word, en gesê dat mens geskiedenis moet gaan lees. En ek voel mens moet dit nie gaan doen nie. Want die hele geskiedenis rondom swartmense [ordeningswoord] is ongelooflik hartseer, dit is scary wat gebeur het daai tyd. En die ding is, as ons weer gaan lees, en ons doen dit op skool, ons leer intensief daarvoor, en dit gaan baie oor die swartmense [ordeningswoord] se seerkry in geskiedenis op skool. En dit krap die swartmense [ordeningswoord] se emosies oop, en dit bring die witmense [ordeningswoord] se kwaad terug. En dan word die swartmense [ordeningswoord] weer kwaad en die witmense [ordeningswoord] se wonde word oopgekrap, want nou kry jy nie 'n beurs nie, nou word jy nie ingesluit in die hokkiespan nie. Nou kom jy nie in vir medies nie. So ek voel nou dat daai hele geskiedenis ding moet geskrap word. En ons moet fokus op dit wat ons al klaar saam geachieë het en ons klaar saam gebou het en meer dit gaan lees om te wys *saam* gaan ons beter doen en *saam* opgestaan het teen die verkeerde ras ... of eerder party, teen die verkeerde party...

Maryke se oplossing vir 'n beter toekoms is meer onkunde en ontkenning. Sy wil nie haar bevoorregting wat weens haar fenotipe, 'n wit vel [ordeningswoord], tot stand gekom het, konfronteer nie. Volgens haar sal kennis omtrent die geskiedenis van Suid-Afrika, slegs almal se “wonde oopkrap” en integrasie belemmer. Let op na haar gerasde “Freudian slip” wanneer sy praat van die “verkeerde ras”, maar eintlik “verkeerde party” bedoel, waarskynlik met verwysing na die ANC.

...

Liezl Dick: So what should the white kids [ordeningswoord] do for things to get better?

Nthabeleng: Well, they don't even see the problems. For me, personally, those spectators who attacked people, should get arrested. And the students involved should be expelled! Why do they get to be covered up, just because there were a lot of people? If you say you can't spot the white people [ordeningswoord] on the video, but you can spot the one guy with the dreads, that doesn't make sense to me. If you can get something done to one person, you can get something done to the other. And the fact that the lecturer didn't get penalized for hitting a protester ... wait ... nobody is doing *jack* here! So if those people don't get persecuted or arrested, we will have to beat them up! If the system doesn't protect us, what is the point of maintaining the law? [Hierdie stem is belangrik om te hoor. Die onregverdigheid van die stelsel teenoor die swart liggaam. “I am overdetermined from without. I am the slave not of the `idea' that others have of me but of my own appearance” (Fanon, 1986: 95)].

Nthabeleng: So they think that they are scaring us by arresting and shooting. But what they are actually doing, is getting us together. It's not a thing of oh these protesters are a nuisance. It's gonna be all the black girls from Madelief [ordeningswoorde], all the black people from Tswelos, Kayalami [ordeningswoorde]. Even the ones from Wag- 'n-Bietjie will get together and say: ‘Okay, it's a race thing. Stand by your people.’ So they are actually making it worse rather than making it better. [Let op na die effek van oordrewe militarisering op rasse-verhoudinge op kampus. Dit bring verdere polarisering mee. Gerasde subjektiwiteite word verder geterritorialiseer weens oordrewe militarisering.]

Liezl Dick: So in terms of integration in residences, what does it mean for integration?

Nthabeleng: Oh, fuck it.

- Liezl Dick:** But how are we as leaders gonna manage it? Because I can understand that you in your personal capacity, want to hit white people [ordeningswoord]. But how are you as the Prime, gonna maintain the clarity of mind?
- Nthabeleng:** Well the first step that we took, was joining the prayer. So us being there means, Marinda and Joné being there, it is to say okay shit is going down, but we are still the same people. So it is the little things you're gonna do. Like you will be a normal person. You don't go on Facebook or whatsapp status and take sides. That's what I told the ladies, don't take sides, be careful of what you post. Like we know you have your opinions, but *don't* say them out loud. Everybody is taking sides. But don't let the ladies see that you are taking sides. Because you are also indirectly encouraging them to take sides. For me it's like, just be normal. Push the normal agenda. Hopefully it works, because when you do something and you are not sincere, somehow people can see it. So I am doing my job, but my heart is just saying something else. So now, I am not going to preach transformation. I am not gonna do it. I am not gonna be a normal prime like I usually do. I will leave it to the RC's who usually deal with those things. Honestly miss D, at this point I am just ... I am *gatvol*. [Let op hoe haar subjektiwiteit in vloeiing is. Aan die een kant is sy die leier wat 'n voorbeeld moet stel, maar aan die ander kant voel sy diep verontreg deur wat gebeur het op Shimlapark.]
- Nthabeleng:** So for me it was like, what if I beat up a white girl [ordeningswoord] so bad, very bad, so that we also grab the attention. They feel what we are feeling. That's the aim right now! They must understand what they *did* to us. They can't just tell us that we are always pulling the race card, while people have been badly injured. So if I would do what you just did to me, how would you feel? I think at this point they need to understand this! And the only way that they are going to understand this, is if they feel what we feel right now. You understand? Imagine how the kids of those service workers are feeling. It's crazy. So it's like, cut somebody up, chop their head off. I swear the next day after the Shimla Park incident it was like, I need to hurt somebody ... [Sterk emosies van woede, vernedering en pyn wat deurkom. Dit is baie duidelik dat die protesoptogte simptome was, en nie bloot irrasionele, onnadenkende geweldpleging nie.]
- Nomsa:** ... people must die ...

Nthabeleng: ... at least one corpse. That's what people were saying, at least one corpse. A white person corpse [ordeningswoord], that will be a warning to them. Peter was gonna be the corpse though. [Sterk affekte en intensiteite wat te voorskyn gekom het tydens hierdie insidente, hierdie week van chaos op kampus.]

Nomsa: Ja shame Peter. I felt bad for him.

Nthabeleng: I swear miss D. Did you see the people were holding knopkieries and spears and shit?

Liezl Dick: I was there.

Nomsa: It was dangerous.

Nthabeleng: He was gonna *die*. Not even get beat up.

...

We're a little lost now. There is so much going on in these retorts (Deleuze & Guattari, 2008: 53).

...

Maryke: En toe ons in die kar is, toe is Karabo ook by. En ek sê toe vir haar, dit en dit en dit is nie vir my reg nie. En toe sê Karabo 'Jis, dankie dat jy eerlik is', want sy is so moeg vir mense wat nie eerlik is met haar oor die goed nie maar agter haar rug dinge sê. En ek het ook gevoel Magda sê net die regte dinge omdat Karabo by is. Maar baie mense doen dit. Voor die swart meisie [ordeningswoord] is hulle soos, ja maar dit is nie reg nie, en agter hulle rug is dit swart [ordeningswoord] is dit en dat. En ek het ook vir Lebo gesê iets wat my van myself pla, en ook menslik is; sodra ek in 'n kar ry, en daar ry 'n swart ou [ordeningswoord] verkeerd in die pad, is ek maklik om te sê 'Jis jou flippen kaffer' [Let op na die geweldpleging van hierdie molêre, territorialiserende uitspraak]. Ek meen, want so kwaad raak jy. En dan is ek soos, dis nie eens wie ek is nie. Ek is nie 'n rassis teenoor hom nie, maar mens is so maklik om sulke goed te sê, soos in jis dis omdat jy swart [ordeningswoord] is [Ras-gewoontes. Hierdie is 'n refrein wat waarskynlik herhaaldelik deur ander subjektiwiteite binne Maryke se ras-assemblage, herhaal word.]. En tog is ek nie 'n rassis nie, maar dis kwaad wat ek op daai oomblik is. En ek weet nie hoe mens daarvanaf gaan wegkom nie, ek weet nie. En dis nooit voor hulle nie, ek sal dit *nooit* voor hulle sê nie. Maar kyk as ek alleen in my kar is, hoe vinnig kan my brein na dit toe val. En ek dink ook nie dis reg nie. Dis baie eerlik gesê nou, maar dis eerlik wat gebeur, met meeste van ons.

...

How does one keep from being fascist, even (especially) when one believes oneself to be a revolutionary militant? How do we rid our speech and our acts, our hearts

and our pleasures, of fascism? How do we ferret out the fascism that is ingrained in our behavior? (Foucault in die Voorwoord van *Anti-Oedipus: Capitalism and Schizophrenia*, 2003: xiii).

Foucault se vraag is 'n vraag wat diegene wat werk met rasse-integrasie binne 'n HO-koshuis, hulself moet afvra. Hoe raak mens ontslae van die fascisme en rassisme wat deel geword het van ons alledaagse bestaan, wat ingebed is in ons taalgebruik? Maryke worstel met hierdie vraag. Sy is bewus van haar vooroordeel, en hoe onregverdig en verkeerd dit is. Tog voel sy haar vooroordeel teenoor ander gerasde subjektiwiteite gebeur amper onwillekeurig. Maryke is na 1994 gebore. Twee-en-twintig jaar nadat die oorgang van 'n minderheidsregering na 'n demokrasie gemaak is, sukkel Suid-Afrikaners steeds om verby hul eie en ander se gerasde subjektiwiteite te sien, en te leef. Maryke *dink* klaarblyklik nie veel anders oor ras as haar ouers se generasie nie.

Deleuze/Guattari (in Rajchman, 2001: 103-105) skryf oor 'n tipe geweld wat "buite" die staatsapparaat bestaan; dus 'n geweld van kragte wat geen staat vooruit kan beheer of rasionaliseer nie, en wat dikwels op die periferie van stede te voorskyn kom, bv. in townships/informele nedersettings/lokasies/eKasi. Vir die doeleindes van die argument kan dit "die geweld van die problematiek van die buitekant" genoem word. Hierdie geweld wat die staat nie kan vasvang nie (en dus probeer vasvang), is allerhande strominge, minderhede en wordinge. Die probleem met die sosiale kontrakbenadering van Hobbes en Hegel is dat dit vooraf hierdie soort geweld probeer uitsorteer en uitkanselleer: Hobbes deur die geweld aan die soewereiniteit van die staat te gee, en Hegel deur dit te sublimeer tot die politieke vorme van die *Rechtstaat*, dus deur middel van die dialektiese werk van geskiedenis. Deleuze wil egter argumenteer (met behulp van Spinoza en Hume) vir 'n ander tipe politieke filosofie; 'n ander siening van die verband tussen politiek en filosofie wat hierdie tipe "geweld van die buitekant" sal toelaat en vrae sal toelaat wat uit dit ontstaan. Sodra die filosoof hierdie probleme van "die Buitekant" begin formuleer, is sy nie meer 'n publieke professor (soos Hobbes) wat sigself besig hou met die regverdiging van die staat nie. Nee, die filosoof begin dan te werk met hierdie geweld wat nie deur die staat vasgevang kan word nie; dit wat die rasionaliteit van die moderne nasie-staat ontsnap. Die geweld van hierdie kragte wat van staatsinstellings ontsnap, kan gesien word in die hardnekkigheid waarmee dit ruimtes binnedring en vrae vra wat nie inpas by die bestaande bestaanswyses, *status quo* of bepaalde politieke filosofieë nie. Hierdie is dus geweld wat ons dan **dwing om anders te dink**. Hierdie vorme van geweld kan dan onderskei word van die "makgemaakte" vorme van geweld wat deur die staat geïnkorporeer word; dit wat voorspel, verduidelik en beheer kan word. Daar is nie 'n regering wat

hierdie vorme van geweld heeltemal kan uitsluit of stilmaak nie. Hierdie geweld moet egter nie as struikelblokke beskou word wat verwyder moet word nie, maar as ruimtes waarbinne nuwe wordinge en dus alternatiewe subjektiwiteite, tot stand kom, en **nuwe maniere van dink ontstaan**. Die Mei 1968-studente-opstande in Parys kan as voorbeeld gebruik word vir so 'n vorm van geweld, die "geweld van problematiek van die buitekant". 'n Beweging soos Mei '68 het ontstaan weens nuwe vrae wat ontstaan het rakende vroueregte, minderhede, seksualiteit, die omgewing, ens. Die geweld van hierdie problematiek het nuwe kragte laat ontsluit wat verandering teweeg gebring het. Die vraagstukke rondom byvoorbeeld minderheidsregte het vrae gestel wat nie in 'n politiese teorie ingeskryf kon word nie. Teorie is gedwing om die problematiek te inkorporeer. Die weerstand wat die Struggle-beweging gedurende Apartheid gebied het teen Apartheidswetgewing, en die geweld van die problematiek wat geopper is, kan as 'n vorm van hierdie geweld van die buitekant beskou word. (Rajchman, 2001: 103-105).

Die protesoptogte wat plaasgevind het na die Shimlapark-insident kan ook beskou word as 'n geweld van die problematiek van die buitekant. "Buitekant" kan hier ook geografies gebruik word. Die kontrakwerkers wat betoog het vir beter salarisse en wat ingekontrakteer wou word, woon meestal op die periferie van Bloemfontein. Selfs verder, in Botshabelo. Die betogers/stakers moet soos ons almal, die kapitalistiese stelsel maandeliks oorleef. Die verskil is dat hulle salarisse aansienlik laer is as ons s'n. Hierdie materiële behoefte en ongelykhede, en die problematiek van hierdie behoeftes binne ons huidige ekonomiese en politiese klimaat, laat sekere kragte vry wat manifesteer in geweld wanneer dit bots met die *status quo* en staatsapparaat. Ons moet seker maak dat hierdie kragte en problematiek ons *anders* laat dink, ten einde nuwe vorme van wording en subjektiwiteit in Suid-Afrika oop te maak. Ons moet dus koppel met hierdie kragte en toelaat dat dit ons affekteer. Indien ons *nie* gaan koppel met die geweld van die problematiek nie, gaan ons nie kan byhou by die veranderende tye nie. Ons moet koppel met die problematiek van die buitekant, luister en begrip ontwikkel. Ons moet die geweld – en die kragte wat met die geweld gepaardgaan – dus produktief gebruik, dit toelaat om ons denke te stimuleer ten einde iets anders te word en alternatiewe subjektiwiteite te vorm. *Hoe* ons dit gaan doen en *wat hierdie* subjektiwiteite gaan behels, is iets waaraan ons ernstig moet begin dink *en* werk. Deleuze/Guattari kan ons help hiermee. In *A Thousand Plateaus* (2008: 381) skryf hulle van "a people yet to come". Indien ons wil sien dat volgende generasies oor andersoortige subjektiwiteite beskik, moet ons nou begin werk aan die assemblage of stelsel wat hierdie subjektiwiteite produseer. Subjektiwiteit is iets wat gebeur wanneer dit beoefen word, wanneer dit *uitgevoer* word. Hierdie is die soort denke wat binne 'n

multi-kulturele dameskoshuis neerslag moet vind, ten einde iets anders te word as net vaste gerasde subjektiwiteite. Dit is egter ook die tipe denke wat in ouerhuise moet neerslag vind. Hoe bewerkstellig mens so 'n alternatiewe wyse van dink oor ras en subjektiwiteit? Die wyse waarop ons onself tans oriënteer, is duidelik problematies; ons klou vas aan ons gerasde subjektiwiteite, en beskou ras as iets essensieels aan 'n subjek. Deleuze/Guattari se skisofreen gee ons 'n leidraad vir die tipe subjektiwiteite wat geskep moet word – 'n subjektiwiteit wat kreatief met ras omgaan, ten einde 'n ander verstaan van ras teweeg te bring:

"I love to invent peoples, tribes, racial origins ... I return from my tribes. As of today, I am the adoptive son of fifteen tribes, no more, no less. And they in turn are my adopted tribes, for I love each of them more than if I had been born into it." People say, After all, schizophrenics have a mother and a father, don't they? Sorry, no, none as such. They only have a desert with tribes inhabiting it, a full body clinging with multiplicities (Deleuze & Guattari, 2008: 34).

Die skep van 'n andersoortige subjektiwiteit, kan dus begin deur waar te neem wat aan jou fenotipe kleef, en wat aan ander fenotipes kleef.

HOOFSTUK 6: 'N VERTAKKING VAN DIE RISOOM

Language is not life; it gives life orders. Life does not speak; it listens and waits. Every order-word, even a father's to his son, carries a little death sentence – a Judgement, as Kafka put it.
- Deleuze & Guattari (2008: 84-85)

What is ethics, then? Ethics is a thin barrier against the possibility of extinction. It is a mode of actualizing sustainable forms of transformation. This requires adequate assemblages or interaction: one has to pursue or actively create the kind of encounters that are likely to favour an increase in active becomings and avoid those that diminish one's potential. It is an intensive ethics, based on the shared capacity of humans to feel empathy for, develop affinity with, and hence enter into relation with other forces, entities, beings, waves of intensity. This requires dosage, rhythms, styles of repetition and coordination, or resonance.
- Braidotti (2011: 317)

6.1 GEBOORTE VAN 'N SKISO

Hierdie vertakking van die risoom moet eintlik handel oor die woord “ek” – hoe territorialiserend dit is en hoe dit 'n subjektiwiteitstruktuur voorveronderstel. Deur te praat van “ek” en “jy” word vaste punte – nodusse binne die assemblage – beklemtoon. Binne-in hierdie nodusse/knooppunte/koördinate is rasionele, gesentreerde subjektiwiteite vasgevang; dus geterritorialiseerde gerasde subjektiwiteite. Deur te praat van “ek” en “jy” vat ons die strominge van affekte, intensiteite, begeerte, passies, verskil-in-sigself en knoop dit. Ons noem dan hierdie punt waar die strominge geblok word 'n subjek. Ons verbeel onself dan dat hierdie knoopsubjek 'n essensie het en staties is.

Dan verbeel ons ons verder dat die ander knoopsubjekte ook staties is en met behulp van verskeie ander illusies, patologieë, gewoontes, gewoontevormende denke en 'n goeie dosis gesonde verstand(!) en oënskynlike ekwilibrium, word elke greintjie lewe uit die lewe geterritorialiseer en gekategoriseer. Dit is wat gebeur wanneer ons 'n gewoonte daarvan maak om te praat van “ek” en “jy”. As 'n mens gelukkig is en wording jou maat maak, kom daar 'n dag wat jy voel hoe die strominge van affekte en intensiteite deur die netwerk van bestaan pomp en die kragte daarvan jou verknoping laat loskom. 'n Bewuswording van jou verbandhoudendheid gebeur dan; jy voel jou verwantskap met ander en hoe ons almal altyd alreeds gekoppel is, affekteer en geaffekteer word, en wonder wat is hierdie “ek-illusie”. Hierdie bewuswording is die geboorte van die Skiso – die een wat weet en *voel* dat ons altyd alreeds gekoppel is met mekaar. Die een wat eerlik genoeg is om te praat van “ons” in plaas van “ek”, wat 'n subjektiwiteit van veelvoudigheid omhels, wat dink in terme van

veelvoudighede en nie identiteite nie. Die Skiso is die eerlike veelvoudigheid wat nie anders kan as om sosiale verantwoordbaarheid ernstig op te neem nie, want die Skiso is eerstens sosiaal, en daarna is dit alles anders. Die Skiso se patrone van persepsie is versteur en waarnemings vind nie plaas in terme van kategorieë nie. Die Skiso help ons om nie-liniêr en nie-logies te dink ten einde die kompleksiteit van ons bestaan te bedink. Die Skiso *is* die andersoortige subjektieweitsbeskouing wat weet dat binne 'n monistiese ontologie is daar nie 'n "ander" nie; almal en alles bestaan uit dieselfde substans. Die Skiso is altyd alreeds verantwoordbaar – antwoordend, reagerend, vatbaar, deelnemend, simpatiek, responsief ... Dit kom vanself, want die Skiso is altyd ingekoppel in wording. Die Skiso *is* wording. Die assemblage beïnvloed die Skiso en die Skiso beïnvloed die assemblage en *is* ook 'n assemblage.

Kousaliteit en die liniêre kan nie geassosieer word met die assemblage nie. Dit is waarom die idee van ontluiking so belangrik is – iets ontluik uit die assemblage, waar hierdie ontluiking dan weer inspeel op die assemblage en dit beïnvloed. Die assemblage help ons om interaksie eerder as essensie te bedink – die interaksie tussen die knoosubjekte wat altyd alreeds gebeur. Dit help ons om die tussenin, dit wat tussen my en jou is, te bedink. Verhoudings is wat belangrik is hier, dit wat tussen my en jou en jou en jou en tussen ons gebeur. *Tussen* ons. Want as ons kan beseft dat koppeling wording is, en wording eksperimentering is, dan is ons besig om binêre teenstellings soos ek/jy, wit/swart te deurbreek. Hoe banaal is dit om te praat van witmense en swartmense en bruinmense? Tydens 'n uitruilprogram na Nederland waar ek 6 maande spandeer het om aan my M in Filosofie te werk, het iemand een aand op 'n plein in Antwerpen, België, gevra hoekom ek praat van "swartmense". Effens uit die veld geslaan het ek vir haar gesê maar hulle is dan swart. Jy kan maar net praat van mense, het sy gesê. Ek het nie geweet waar om my konteks te begin verduidelik nie. Jare later raak ek gefrustreerd met my studente se eng begrip van ras. Onregverdig seker, aangesien ek ook altyd steeds moet wegbreek uit my eie geterritorialiseerde gerasde subjektieweiteit. Is dit dan hoekom ek so ongeduldig raak met die studente? Ek kan die morele bo-grond/morele molshoop betree en aanvoer dat ek nie deel wil wees van 'n assemblage waar ek voortdurend gekonfronteer word met rassisme nie. Ek wil nie deel wees van 'n ras-assemblage waar mense gekategoriseer word op grond van hul fenotipe nie. Dit is waar. Gelukkig het Deleuze/Guattari ons gewys dat dit nie *of* die een *of* die ander hoef te wees nie. *Nog* 'n rede vir my ergerlikheid kan dus wees dat my studente se geterritorialiseerde gerasde subjektieweite my herinner aan my eie geterritorialiseerde gerasde subjektieweiteit. Dat die deterritorialisering daarvan nooit 'n afgehandelde eindproduk gaan wees nie – die proses duur voort.

Daar is geen kaart vir hierdie proses van deterritorialisering nie en daar kan met geen sekerheid gesê word wat die volgende stap, wat nog te sê die eindpunt gaan wees nie. Trouens, die eindpunt bestaan nie. Al wat ons het, is wording. En eksperimentering. En koppeling. En die middel en tussenin. Risoomagtige denke wat onvoorspelbaar vergroei en vertak. Ons het eintlik baie. Ons is 'n veelvoudigheid.

6.2 VEELVOUDIGHEID

Gedurende hierdie navorsingsproses is ek dikwels gekonfronteer met my eie veelvoudigheid. Ek is koshuishoof – 'n molêre posisie waar ek binne 'n magshiërgie rapporteer aan 'n lynhoof en binne die koshuis die hoogste vorm van gesag is. Ek stel grense, gee leiding, is mentor, behartig dissiplinêre verhore en pas reëls toe. Ek is ook 'n navorser – 'n molekulêre posisie waar ek die bril van die gesentreerde ego afhaal en deur 'n Deleuze/Guattariaanse lens kyk na die Madelief-assemblage se interaksie, vluglyne probeer skep en deterritorialisering aanmoedig. Dit was soms werklik moeilik om die veelvoudigheid te handhaaf ... en dan nog met 'n eie geterritorialiseerde gerasde subjektiwiteit.

Tog, as mens vir so lank Deleuze/Guattari se konsepte en gedagtes probeer verstaan, begin jy jouself as iets tussen nodusse sien, die feit dat jy nie net 'n knoosubjek is nie. 'n Mens leer jouself om alles as 'n assemblage te sien en waar te neem hoe affek vloei in die persoonlike tussenruimtes van jou bestaan. Ek het as't ware binne-in my eie eksperiment gewoon waar ek met my eie subjektiwiteit geëksperimenteer het. Die wonderlike aspek van hierdie studie was die toepassing van die teorie, met ander woorde die operasionalisering van Deleuze/Guattari se konsepte en idees. Ek het eers werklik 'n gevoel en 'n mate van begrip hiervoor ontwikkel toe die konsepte geoperasionaliseer is – 'n nuwe dimensie het in die teorie oopgegaan weens die toepassing, waar hierdie dimensie dan weer teruggevoer is na die teorie en dit in 'n nuwe lig geplaas het. In Deleuze/Guattariaanse taal het alles op dieselfde immanensievlak gebeur en geen "nuwe" dimensies het oopgegaan of ontstaan nie. Koppeling tussen teorie en praktyk, binne die navorsings-assemblage, het nuwe dinge, wording, teweeg gebring. Nadat die teorie op die praktyk toegepas is, het ek die teorie dus anders verstaan en anders *gelees*. Hierdie verrykende ervaring het aan my die belang van 'n begrip soos immanensie getoon; slegs deur die teorie op 'n immanente wyse met die praktyk te koppel, kon ek sien hoe die wisselwerking tussen Deleuze/Guattari se konsepte en die Madelief-assemblage mekaar beïnvloed en vorm. Immanensie maak dit vir ons moontlik om iets te *doen* met teorie – ons kan

eksperimenteer met konsepte om ons leefwêreld te beïnvloed en deur ons leefwêreld beïnvloed te word. Deleuze/Guattari (2004) rus ons toe met die vermoë om onself te sien as deel van 'n veelvoudigheid, waar ons iets konkreet kan doen met filosofiese konsepte:

Who speaks and who acts? It's always a multiplicity, even in the person that speaks or acts. We are all groupuscles. There is no more representation. There is only action, the action of theory, the action of praxis, in the relations of relays and networks.

Sodoende breek Deleuze/Guattari (2004: 166-167) weg van 'n impotente, passiewe Westerse filosofie waar die filosoof en sy "gesonde verstand" implisiete voorveronderstellinge maak in denke, en dan aanvaar dat almal vanselfsprekend veronderstel is om implisiet te weet wat dit beteken om te dink. Deleuze sê, kom ons speel *nie* hierdie banale spel wat die Westerse filosofie speel nie en neem nie hul voorveronderstellinge as vanselfsprekend aan nie. Die filosoof, en in my geval die navorser, moet dan wees soos die idioot en 'n mens word wat sonder enige voorveronderstellinge leef. Die navorser-as-idioot moet dan iemand wees

with the necessary modesty not managing to know what everybody knows, and modestly denying what everybody is supposed to recognise. Someone who neither allows himself to be represented nor wishes to represent anything" (Deleuze, 2004: 165),

want om werklik te dink, is eintlik verskriklik moeilik, seg Deleuze! Deur 'n kritiek op die tradisionele, boomagtige denkbeeld, ontwikkel hy en Guattari 'n alternatief – risoomagtige denke – waar wording (en nie bestaan nie) vooropgestel word. Hul hele filosofie wil aksie en wording vooropstel. Hul verskaf 'n gereedskapskis vol konsepte en sê: daar is dit nou. Gaan maak iets moois. Hierdie mededeelsaamheid is nie te bespeur by veel ander filosowe nie.

6.3 'N IDIOTIESE NAVORSER

Toegerus met hierdie gereedskapskis het ek dus die Madelief-assemblage betree; 'n idiotiese navorser met slegs die skisofreen as bondgenoot – waar die patrone van persepsie/waarneming deurmekaar gekrap is (persepsie word 'n gewoonte, wat dan die voorwaardes vir skepping bepaal) – en boonop as koshuishoof. Dit was die begin van my eie ontrasting/deterritorialisering, waar ek geleer het om *ontologies anders* te kyk na alles. Hoe meer tyd ek in die koshuis saam met die meisies spandeer het, hoe meer geleenthede was daar vir die ontstaan van vluglyne en deterritorialisering. Die vluglyne was aanvanklik bewerig. Ek moes leer om dit soos 'n nuwe besemstok te bemeester, want die nuutheid en andersheid en onsekerheid van die onbekende is oorweldigend. Dit moes sekuur gestuur word deur die terrein van die psige waar deterritorialisering kan plaasvind. Vluglyne is per definisie iets wat gevaarlik voel omdat dit versteur – gewoonte, 'n gesonde verstand en

identiteitsdenke voel ongesond veilig. Dit sal jammer wees as 'n vrees vir die onbekende 'n mens verhoed om nuwe terreine binne jou eie psige te ontdek. Ons "gesonde verstanddenke" wat aanvoer dat dit wat dieselfde is veilig is, verhoed 'n kreatiewe, eksperimentele bestaan waar ons *meer* kan wees as wat aan ons toegeskryf word. Gerasde subjektiwiteit is een van hierdie toegeskrewe aspekte. Om volgens Deleuze/Guattari werklik te dink, moet ons uitbreek uit hierdie aangeleerde gewoontevormende manier van dink en bestaan, en meer word.

Binne die Madelief-assemblage het ek dus geleentheid gekry om soos die idioot al my voorveronderstellinge omtrent ras af te skud en sonder aannames te kyk en te dink. Ek het 'n kans gekry om die (tradisionele) denkbeeld wat onderliggend is aan wit-bevoorregtig, te ontmasker. Ek het ook die geleentheid gekry om soos die skisofreen deel van die Madelief-assemblage te word, dog altyd op die periferie weens die aard van my posisie as koshuishoof en navorser. In *A Thousand Plateaus* vertel Deleuze/Guattari (2008: 32) ons van Franny se skiso-droom. Hierdie droom is 'n goeie aanduiding van hoe ek dikwels gevoel het in my veelvoudigheid as onder andere koshuishoof en navorser:

'There is a desert. Again, it wouldn't make any sense to say that I am in the desert. It's a panoramic vision of the desert, and it's not a tragic or uninhabited desert. It's only a desert because of its ochre color and its blazing, shadowless sun. There is a teeming crowd in it, a swarm of bees, a rumble of soccer players, or a group of Tuareg. *I am on the edge of the crowd, at the periphery; but I belong to it, I am attached to it by one of my extremities, a hand or foot.* I know that the periphery is not the only place I can be, that I would die if I let myself be drawn into the center of the fray, but just as certainly if I let go of the crowd. This is not an easy position to stay in, it is even very difficult to hold, for these beings are in constant motion and their movements are unpredictable and follow no rhythm. They swirl, go north, then suddenly east; none of the individuals in the crowd remains in the same place in relation to one another. So I too am in perpetual motion; all this demands a higher level of tension, but it gives me a feeling of violent, almost vertiginous happiness.' A very good schizo dream. To be fully a part of the crowd and at the same time completely outside it, removed from it: to be on the edge, to take a walk like Virginia Woolf (never again will I say, *'I am this, I am that'*).

Hierdie proses duur voort. Hoe kan ons wegbeweeg van hierdie geterritorialiseerdheid van ons veelvoudigheid: "ek is wit", "hy is bruin"? Ons is vas oortuig dat *blootstelling* aan mekaar, *koppeling* met mekaar en *tyd* vir dit om plaas te vind, van kardinale belang is vir die deterritorialisering van gerasde subjektiwiteit. Ons kan nie wag vir 'n regering of selfs 'n instelling om dit te bewerkstellig nie. Ons gaan self uit ons gemaksones moet klim en met mekaar moet koppel, en assemblages skep wat nuwe subjektiwiteit skep. Ons moet self werk met die skade wat die Apartheidswette aan ons samelewing aangerig het. Om sosiaal verantwoordbaar te wees, beteken dus dat ek binne hierdie

konteks aktief moet werk aan die deterritorialisering van my gerasde subjektiwiteit. Ons moet dus integrasie *leef*, want in die woorde van Nthabeleng:

when you do something and you are not sincere, somehow people can see it.

6.4 DIE IMMANENSIE VAN BESTAAN

Rasse-integrasie is nie iets wat mens kan preek vir die studente as jy nie self geïntegreerd leef nie. Sosiale verantwoordbaarheid impliseer ook in hierdie konteks, dat ek vluglyne moet skep wat kan aanleiding gee tot die deterritorialisering van die Madelief-studente se gerasde subjektiwiteite. Binne die Madelief-assemblage het ek gesien dat gerasde subjektiwiteit langs en tussen mekaar kan bestaan sonder om te deterritorialiseer. Dit het #FeesMustFall aan my uitgewys. Intimiteit tussen wit en swart en bruin is steeds afwesig. Ek het gesien hoe studente 'n parallelle bestaan kan voer met ligte, oppervlakkige koppeling. Tye wanneer gerasde subjektiwiteite maksimaal gedeterritorialiseer het, was tydens krisistye wanneer iemand siek geword het of seergekry het of tydens feesvieringe. Tydens sulke insidente kon die stroming van affek en intensiteite meer vloeibare subjektiwiteite tot gevolg hê. Ek het egter ook waargeneem hoe die stemme en gewoontes van ouers besit neem van hul kinders en hoe studente hierdie ras-gewoontes onnadenkend voortsit. Ek het ook gesien hoe donker fenotipes ander donker fenotipes aantrek, en ligte fenotipes ander ligte fenotipes aantrek. Intimiteit vind plaas tussen soortgelyke fenotipes, maar nie sommer tussen 'n wit vel en 'n swart vel nie.

Ek het ook na die Shimlapark-insident gesien en beleef dat denke werklik nie subjektief is nie. Denke word geproduseer deur massas. Denke is verbandhoudend (relational), dit is 'n stroming wat ons met 'n verskeidenheid Buitekante verbind. Denke bedink *ons* en nie andersom nie. Die ander is altyd teenwoordig in my innerlike landskap in die vorm van denke – ander en andersheid is dus deel van die mees intieme gedeelte van my! Taal is ook iets wat my apories voorafgaan en terselfdertyd gevorm word deur my tong, my stembande; deur my liggaam. Taal gaan dus subjektivering vooraf en is ook deel van die intiemste dele van die subjek. Daar is 'n radikale verbandhoudendheid aan taal wat my verbind aan alle tipes strukture. Die wyse waarop subjektiwiteite deur aksies en taal gedurende die week van die Shimlapark-insident geterritorialiseer is was werklik angswekkend. Hierdie waarnemings het my laat besef dat Rosi Braidotti (2011: 313) reg is wanneer sy beklemtoon dat ons bewus moet word van ons immanente verbintenisse met mekaar:

An ethical life pursues that which enhances and strengthens the subject without reference to transcendental values but rather in the awareness of one's interconnection with others.

Ons *moet* besef ons het mekaar nodig. Ons is komponente binne-in 'n assemblage. As wording gebeur wanneer koppeling plaasvind en subjektiwiteit bloot 'n newe-effek van hierdie proses is, moet ons onself afvra: watter tipe subjektiwiteite is ons besig om met/in hierdie assemblage te skep? Wie is ons besig om te word? Is ons besig om Penny Sparrows, Steve Hofmeyrs, Hlaudi Motsoenengs en Tina Joemat-Petersons te skep? Hierdie is inderdaad ekstreme voorbeelde, maar as ons saam met Deleuze dink wat die implikasies van monistiese ontologie is, impliseer dit dat genoemde subjektiwiteite met ons binne die Suid-Afrikaanse assemblage koppel. Ons is ook meer onmiddellik besig om Maryke's en Nthabeleng's te skep.

Ons sosiale verantwoordbaarheid is dus oorweldigend. Ons moet ons eie gerasde subjektiwiteite deprogrameer – 'n kartografie maak van wie ons is en waar ons subjektiwiteite vandaan kom, vóór ons besluit wie ons wil word. Weet Maryke hoe dit is om swart te wees in Suid-Afrika? Een manier om haar gerasde subjektiwiteit te deterritorialiseer, is om uit te vind hoe dit is om swart te wees deur werklik te koppel en intiem te leef saam met haar swart medestudente. Ons moet ons ontologiese afhanklikheid van mekaar erken: ek is nie die oorsprong van myself nie; ek is een komponent van vele binne 'n assemblage. Ek is nie spesiaal nie. Ons het mekaar nodig om te weet wie ons is – verbandhoudende selwe: sekere aspekte van ons subjektiwiteit is versteek vir onself – ons kan slegs toegang tot dit kry deur interaksie met mekaar.

Kan 'n mens iemand leer dink in terme van assemblages? Kan 'n mens in 'n wêreld van binêre teenstellings konstant dink in terme van assemblages, of word ons altyd teruggedruk in kategorieë? Miskien moet ons nie probeer wegdoen met kategorisering nie. Miskien moet ons net 'n ander perspektief kry op kategorieë en verstaan hoe dit *werk*. Eers as ons afstand gekry het van kategorieë en verstaan hoe dit gebruik word, kan ons daarmee begin werk. *Dan* kan ons kategorieë deurmekaar krap en nuwe assemblages vorm. Subjektivering moet plaasvind deur koppeling en argumente en nuwe vaardighede. Ander subjektiwiteite kan slegs geskep word, indien ons eksperimenteer binne assemblages. Koppeling is eksperimentering, is wording.

6.5 WAT NOU?

Ten einde *anders* en *meer* te word, moet ons waak teen die tirannie van die gesonde verstand. Nietzsche noem dit skaap-moraliteit. Deleuze het met die opkoms van fascisme gesien hoe gesonde verstand sterk geword het. Die tirannie van gesonde verstanddenke is terug! Luister maar na die sentimente van Donald Trump. Hoe veg jy teen gesonde verstanddenke binne 'n demokrasie? Die

gesonde verstanddenke van die massas kan nie vertrou word nie. Dit is wat Deleuze argumenteer in *Difference and Repetition*: ons kan nie berus op die goedheid van die massas nie; hulle beoefen nie denke te goeder trou nie, en bedink nie verskil-in-sigself nie. Hoe veg 'n mens teen die vernietigende effekte van populisme sonder om heeltemal asosiaal en vernietigend te wees? Deur nuwe assemblages te vorm; nuwe bewerkinge te skep waar grense verdwyn sodat samesmelting belangriker word as begrensing en identiteit. Ons moet nuwe vorme van verbandhoudendheid skep met mekaar. Deleuze se monistiese ontologie maak dit moontlik om verbandhoudend te dink: ek is deel van alles, en *daarom* is ek. Binne 'n assemblage is "ons" eerste, want "ek" en "jy" is maar net komponente onder komponente binne die assemblage. Wat kan ons word deur nuwe verbindings te skep? Watter subjektiwiteite kan ons vorm wat anders is as die gerasde subjektiwiteite wat die geskiedenis geproduseer het? Ons moet nuwe, dus ander subjektiwiteite begeer. In die woorde van Rosi Braidotti (wat grootliks gehelp het om bogenoemde gedagtes te formuleer):

Take care of the intensities and forces in you that don't have a place yet. That is what Higher Education should do (Utrecht Summer School, Augustus 2014).

en

The point of ethics is to explore how much a body can do, in the pursuit of active modes of empowerment through experimentation ... (Braidotti, 2011: 308).

Die koördinate waarvolgens ons onself oriënteer is aan't verander. Denke is nie logies, liniêr en subjektief nie, maar verwickeld, wordend en kompleks. Om eties te leef moet ons hierdie kompleksiteit en gesamentlike wording erken, bedink en leef. Ons het 'n etiese verpligting om op te leef na die kompleksiteit van ons wêreld. Dinge is nie eenvoudig nie. Dit is ons plig teenoor onself om iets anders te word as ons gerasde subjektiwiteite. Watter soort subjekte wil ons wees? Wat kan ons word?

Tydens my studieverlof vir die voltooiing van hierdie studie, ontvang ek 'n sms van Sane (met wie ek op p. 132 'n gesprek voer):

Hi Miss D. Hopefully you're doing great that side. I haven't been well but I feel better now, I have Maryke and Zelda on my side. They are so supportive. Yoh I have never seen nor experienced such love. They are amazing. Anyway, bye.

Droom ek is by 'n partytjie. Baie mense van my skooldae en ook random mense van universiteit is daar. Ek loop deur die mense, hulle speel met rakette en balle. Dan is ek skielik voor 'n spieël, en sien ek is 'n beeldskone swart meisie met Noord-Afrika- en Xhosa-gelaatstrekke. Ek het 'n fyn plat neus met vol lippe en my hare is in dreads. Ek probeer dit vleg, maar ek kan nie want dit is te dik. Die punte van my hare is rooi en swart...

VERWYSINGSLYS

- Anker, W. P. P. (2007). *Die nomadiese self: skisoanalitiese beskouinge oor karaktersubjektiviteit in die prosawerk van Alexander Strachan en Breyten Breytenbach*. Ongepubliseerde Doktorale proefskrif. Universiteit van Stellenbosch.
- Barthes, R. (1975). *The pleasure of the text*. New York: Hill and Wang.
- Bell, J. A. (2010). Assemblage + Architecture. In A. Parr (Ed.), *The Deleuze Dictionary - Revised Edition* (pp. 19–21). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Berg, B. L. (2001). *Qualitative research methods for the social sciences*. Boston: Allyn and Bacon.
- Bitzer, E., & Wilkinson, A. (2009). Higher Education as a field of study and research. In E. Bitzer (Ed.), *Higher Education in South Africa: A scholarly look behind the scenes* (pp. 369–408). Stellenbosch: Sun Press.
- Blackman, L., Cromby, J., Hook, D., Papadopoulous, D., & Walkerdine, V. (2008). Creating subjectivities. *Subjectivity*, 22, 1–27. <http://doi.org/10.1057/sub.2008.8>
- Boundas, C. V. (2010). Individuation. In A. Parr (Ed.), *The Deleuze Dictionary - Revised Edition* (pp. 131–133). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Braidotti, R. (2010). Woman. In A. Parr (Ed.), *The Deleuze Dictionary - Revised Edition* (pp. 306–308). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Braidotti, R. (2011). *Nomadic Theory. The Portable Rosi Braidotti*. New York: Columbia University Press.
- Chang, M. J. (2007). Beyond Artificial Integration: Reimagining Cross-Racial Interactions Among Undergraduates. *New Directions for Student Services*, (120), 25–38. <http://doi.org/10.1002/ss>
- Cloete, H. (2008). Oorlog tussen Wit en Swart - Rassespanning bereik breekpunt op UV-kampus ná walgvideo. *Volksblad*, p. 1. Bloemfontein.
- Coleman, R., & Ringrose, J. (2014). Introduction. In R. Coleman & J. Ringrose (Eds.), *Deleuze and Research Methodologies* (pp. 1–22). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Colman, F. J. (2010). Affect. In A. Parr (Ed.), *The Deleuze Dictionary - Revised Edition* (pp. 11–13). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Conley, T. (2010). Molar. In A. Parr (Ed.), *The Deleuze Dictionary - Revised Edition* (pp. 175–177). Edinburgh: Edinburgh University Press.

- Conley, V. (2010). Order-words. In A. Parr (Ed.), *The Deleuze Dictionary - Revised Edition* (pp. 198–199). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Delaney, T., & Madigan, T. (2014). *Beyond Sustainability: A Thriving Environment*. New York: McFarland.
- Deleuze, G. (2004a). *Desert Islands and Other Texts 1953-1974*. (D. Lapoujade, Ed.). New York: Semiotext(e).
- Deleuze, G. (2004b). *Difference and Repetition*. Londen: Continuum.
- Deleuze, G., & Guattari, F. (2008). *A Thousand Plateaus - Capitalism and Schizophrenia. A Thousand Plateaus*. London: The Continuum Publishing Company.
- Deleuze, G., & Parnet, C. (2007). *Dialogues II*. New York: Columbia University Press.
- Denzin, N. K. (2013). The Death of Data? *Cultural Studies↔Critical Methodologies*, 13(4), 353–356. <http://doi.org/10.1177/1532708613487882>
- Department of Education (DoE). (1997). Education White Paper 3: A Programme for the Transformation of Higher Education. Pretoria: Government Printers.
- Fanon, F. (2004). *The wretched of the earth*. New York: Grove Press.
- Fanon, F. (2007). *Black Skin, White Masks*. New York: Grove Press.
- Ferreira, T. (1999). Karee split immanent. *Irawa*, p. 1.
- Foucault, M. (2003). Voorwoord in Anti-Oedipus: Capitalism and Schizophrenia. In *Anti-Oedipus: Capitalism and Schizophrenia*. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- Genosko, G. (2010). Guattari, Pierre-Félix (1930-1992). In A. Parr (Ed.), *The Deleuze Dictionary - Revised Edition* (pp. 121–123). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Guattari, F. (1984). *Molecular revolution, Psychiatry and Politics*. New York: Penguin.
- Guattari, F. (1995). *Chaosmosis: an ethico-aesthetic paradigm*. Bloomington: Indiana University Press.
- Guattari, F. (2000). *The three ecologies*. London: The Athlone Press.
- Guattari, F. (2009). *Soft Subversions: Texts and Interviews 1977-1985*. Los Angeles: Semiotext(e).
- Guttorm, H. (2015). “Do the next thing”: an interview with Elizabeth Adams St. Pierre on post-qualitative methodology. *Reconceptualizing Educational Research Methodology*, 6(1), 15–22.
- Hesse-Biber, S. N., & Leavy, P. (2006). *The practice of qualitative research*. London: Sage

Publications.

- Hickey-Moody, A. (2014). Affect as Method: Feelings, Aesthetics and Affective Pedagogy. In R. Coleman & J. Ringrose (Eds.), *Deleuze and Research Methodologies* (pp. 79–95). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Honan, E. (2014). Disrupting the habit of interviewing. *Reconceptualizing Educational Research Methodology*, 5(1), 1–17.
- Honan, E., & Bright, D. (2016). Writing a thesis differently. *International Journal of Qualitative Studies in Education*, 1–13.
- Honderich, T. (Ed.). (1995). *The Oxford Companion to Philosophy*. Oxford: Oxford University Press.
- Jackson, A. Y. (2014). Data-as-machine: A Deleuzian becoming. In R. Coleman & J. Ringrose (Eds.), *Deleuze and Research Methodologies* (pp. 111–124). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Jackson, A. Y., & Mazzei, L. A. (2013). Plugging One Text Into Another: Thinking With Theory in Qualitative Research. *Qualitative Inquiry*, 19(4), 261–271. <http://doi.org/10.1177/1077800412471510>
- Janesick, V. J. (2011). *“Stretching” exercises for Qualitative Researchers* (Third Edit). California: Sage Publications.
- Johansson, L. (2015). Post-qualitative line of flight and the confabulative conversation: a methodological ethnography. *International Journal of Qualitative Studies in Education*, 29(4), 445–466.
- Journalist, T. (2016, February). Tragic events at Shimla Park - Attacks at rugby game strikes at heart of UFS. *The Journalist*. Retrieved from <http://www.thejournalist.org.za/spotlight/tragic-events-at-shimla-park> (1 Maart 2016).
- Kruger, F. J. (2015). *Mapping peace and violence in the TESOL classroom. Ongepubliseerde Doktorale Proefskrif*. Universiteit van Pretoria.
- Lazenby, J. A. A., & Radebe, K. (2011). Students’ perceptions about institutional transformation at the University of the Free State. *African Journal of Business Management*, 5(14), 5766–5774.
- Livesey, G. (2010). Assemblage. In A. Parr (Ed.), *The Deleuze Dictionary - Revised Edition* (pp. 18–19). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Lombard, M. (2009). Beleid lok vrae uit. *Volksblad*. Retrieved from <http://152.111.11.6/argief/berigte/volksblad/2009/05/26/VB/1/kampusshoof.html> (23

September 2013).

- Lorraine, T. (2010). Lines of flight. In A. Parr (Ed.), *The Deleuze Dictionary - Revised Edition* (pp. 147–148). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- MacLure, M. (2013). Researching without representation? Language and materiality in post-qualitative methodology. *International Journal of Qualitative Studies in Education*, 26(6), 658–667. <http://doi.org/10.1080/09518398.2013.788755>
- Marais, W., & De Wet, J. C. (2009). The Reitz video: inviting outrage and/or pity? *Communitas*, 14, 27–42.
- Masny, D. (2013a). Becoming Thousand Little Sexes: This is not my Father's Paradigm. In D. Masny (Ed.), *Cartographies of Becoming in Education - a Deleuze/Guattari perspective* (pp. 221–236). Rotterdam: Sense Publishers.
- Masny, D. (2013b). Rhizoanalytic Pathways in Qualitative Research. *Qualitative Inquiry*, 19(5), 339–348. <http://doi.org/10.1177/1077800413479559>
- Massumi, B. (2002). *Parables for the virtual*. Durham&London: Duke University Press.
- Massumi, B. (2008). Translator's Foreword: Pleasures of Philosophy. In *A Thousand Plateaus - Capitalism and Schizophrenia* (pp. ix–xvi). London: Continuum.
- May, T. (2003). When is a Deleuzian becoming ? *Continental Philosophy Review*, (36), 139–153.
- Mazzei, L. a. (2013). A voice without organs : interviewing in posthumanist research. *International Journal of Qualitative Studies in Education*, 26(6). <http://doi.org/10.1080/09518398.2013.788761>
- Mazzei, L. A. (2014). Desire Undone: Productions of Privilege, Power and Voice. In R. Coleman & J. Ringrose (Eds.), *Deleuze and Research Methodologies* (pp. 96–108). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Mazzei, L. A. (2016). Voice Without a Subject. *Cultural Studies ↔ Critical Methodologies*, 16(2), 151–161. <http://doi.org/10.1177/1532708616636893>
- Mazzei, L. A., & Jackson, A. Y. (2012). Complicating Voice in a Refusal to “Let Participants Speak for Themselves.” *Qualitative Inquiry*, 18(9), 745–751. <http://doi.org/10.1177/1077800412453017>
- Ministry of Education. (2001). National Plan for Higher Education. Pretoria: Government Printers.
- Molatuli, D. (1999). Separate development alive at Karee. *Irawa*, p. 2.
- More, S. (1997). On the sidelines. *Irawa*, p. 3.

- More, S. (1998). Kowsies on the sidelines - Interver: A sudden reminder. *Irawa*, p. 2.
- Nesbitt, N. (2013). Pre-face: Escaping Race. In A. Saldanha & J. M. Adams (Eds.), *Deleuze and Race* (pp. 1–5). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Oosterling, H., & Thissen, S. (1998). *Chaos ex machina - Het ecosofisch werk van Félix Guattari op die kaart gezet*. (H. Oosterling & S. Thissen, Eds.). Rotterdam: Het Centrum voor Filosofie & Kunst.
- Opondo, S. O. (2013). Cinema-Body-Thought: Race-habits and the ethics of encounter. In A. Saldanha & J. M. Adams (Eds.), *Deleuze and Race* (pp. 247–268). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Parr, A. (2010). Deterritorialisation/Reterritorialisation. In A. Parr (Ed.), *The Deleuze Dictionary - Revised Edition* (pp. 69–72). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Patton, P. (2010a). Deterritorialisation + Politics. In A. Parr (Ed.), *The Deleuze Dictionary - Revised Edition* (pp. 72–74). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Patton, P. (2010b). Freedom. In A. Parr (Ed.), *The Deleuze Dictionary - Revised Edition* (pp. 117–119). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Portfolio Committee on Education. (2008). Report of the Portfolio Committee on Education: an oversight visit to the University of the Free State on 16-17 March 2008.
- Posel, D. (2001). Race as common sense: Racial classification in twentieth-century South Africa. *South African Studies Review*, 44(2), 87–113.
- Protevi, J. (2010). Creative transformation + Biology. In A. Parr (Ed.), *The Deleuze Dictionary - Revised Edition* (pp. 161–163). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Rajchman, J. (2001). *The Deleuze Connections*. Cambridge: The MIT Press.
- Ramahlele, B. (2014). *Account of the transformation process at the University of the Free State*.
- Reddy, T. (2004). Higher Education and Social Transformation - South Africa Case Study. Council of Higher Education.
- Renold, E., & Mellor, D. (2014). Deleuze and Guattari in the Nursery: Towards an Ethnographic Multi-sensory Mapping of Gendered Bodies and Becomings. In R. Coleman & J. Ringrose (Eds.), *Deleuze and Research Methodologies* (pp. 23–41). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Republiek van Suid-Afrika. (1996). Die Grondwet van Suid-Afrika Nr. 108 van 1996. Cape Town: Government Printers.

- Republiek van Suid-Afrika. (1997). Higher Education Act 101 of 1997. Cape Town: Government Printers.
- Ringrose, J. (2011). Beyond Discourse? Using Deleuze and Guattari's schizoanalysis to explore affective assemblages, heterosexually striated space, and lines of flight online and at school. *Educational Philosophy and Theory*, 43(6), 598–618. <http://doi.org/10.1111/j.1469-5812.2009.00601.x>
- Ringrose, J., & Coleman, R. (2014). Looking and Desiring machines: A Feminist Deleuzian Mapping of Bodies and Affects. In R. Coleman & J. Ringrose (Eds.), *Deleuze and Research Methodologies* (pp. 125–144). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Roffe, J. (2010). Whole. In A. Parr (Ed.), *The Deleuze Dictionary - Revised Edition* (pp. 304–305). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Ross, A. (2010). Desire. In A. Parr (Ed.), *The Deleuze Dictionary - Revised Edition* (pp. 65–67). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Saldanha, A. (2004). Reontologising race: the machinic geography of phenotype. *Environment and Planning D: Society and Space*, 24(1), 9–24. <http://doi.org/10.1068/d61j>
- Saldanha, A. (2010). Skin, affect, aggregation: Guattarian variations on Fanon. *Environment and Planning A*, 42(10), 1–13. <http://doi.org/10.1068/a41288>
- Saldanha, A. (2013). Introduction: Bastard and mixed-blood are the true names of race. In A. Saldanha & J. M. Adams (Eds.), *Deleuze and Race* (pp. 6–34). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Saldanha, A., & Adams, J. M. (2013). *Deleuze and Race*. (A. Saldanha & J. M. Adams, Eds.). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Sellers, M. (2015). ...working with (a) rhizoanalysis...and working (with) a rhizoanalysis. *Complicity: An International Journal of Complexity and Education*, 12(1), 6–31.
- Semetsky, I. (2003). The problematics of human subjectivity: Gilles Deleuze and the Deweyan legacy. *Studies in Philosophy and Education*, 22, 211–225.
- Semetsky, I. (2006). *Deleuze, Education and Becoming*. Rotterdam: Sense Publishers.
- Smith, D. W. (2010). Gilles Deleuze. In A. D. Schrift (Ed.), *The History of Continental Philosophy. Volume 6: Poststructuralism and Critical theory's second generation* (pp. 91–110). Durham: Acumen.

- Soudien, C. (2008). *Report of the Ministerial committee on transformation and social cohesion and the elimination of discrimination in Public Higher education institutions*. Retrieved from http://www.vut.ac.za/new/index.php/docman/doc_view/90-ministerialreportontransformationandsocialcohesion?tmpl=component&format=raw2012/10/08 (12 September 2012).
- Soudien, C. (2010a). Initiating Debate: Affirmative action and admissions in higher education. *South African Journal of Higher Education*, 24(2), 221–223.
- Soudien, C. (2010b). Who takes responsibility for the “Reitz four”? Puzzling our way through higher education transformation in South Africa. *South African Journal of Science*, 106(9/10), 1–4. <http://doi.org/10.4102/sajs.v106i9/10.429>
- St. Pierre, E. A. (1997). Methodology in the fold and the irruption of transgressive data. *International Journal of Qualitative Studies in Education*, 10(2), 175–189. <http://doi.org/10.1080/095183997237278>
- St. Pierre, E. A. (2011). Post qualitative research. The critique and the coming after. In N. K. Denzin & Y. S. Lincoln (Eds.), *The Sage handbook of qualitative research* (pp. 611–625). A Thousand Oaks, CA: Sage.
- St. Pierre, E. a. (2013). The Appearance of Data. *Cultural Studies & Critical Methodologies*, 13(4), 223–227. <http://doi.org/10.1177/1532708613487862>
- St. Pierre, E. A. (2014). A Brief and Personal History of Post Qualitative Research - Toward “Post Inquiry.” *Journal of Curriculum Theorizing*, 30(2), 2–19.
- Stagoll, C. (2010a). Becoming. In A. Parr (Ed.), *The Deleuze Dictionary - Revised Edition* (pp. 25–27). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Stagoll, C. (2010b). Transcendental Empericism. In A. Parr (Ed.), *The Deleuze Dictionary - Revised Edition* (pp. 288–289). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Stengers, I. (2008). Experimenting with Refrains: Subjectivity and the Challenge of Escaping Modern Dualism. *Subjectivity*, 22(1), 38–59. <http://doi.org/10.1057/sub.2008.6>
- Surin, K. (2010a). Materialism and philosophy. In A. Parr (Ed.), *The Deleuze Dictionary - Revised Edition* (pp. 160–162). Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Surin, K. (2010b). Micropolitics. In A. Parr (Ed.), *The Deleuze Dictionary - Revised Edition* (pp. 164–166). Edinburgh: Edinburgh University Press.

- Taylor, C. A. (2014). Mobile sections and flowing matter in participant-generated video: Exploring a Deleuzian approach to visual sociology. In R. Coleman & J. Ringrose (Eds.), *Deleuze and Research Methodologies* (pp. 42–60). Edinburgh.
- Tight, M. (2012). *Researching Higher Education*. Berkshire: Open University Press.
- Universiteit van die Vrystaat. (2015). *Progress at the University of the Free State to combat racism and advance transformation*. Bloemfontein.
- Universiteit van die Vrystaat (UV). (2005). Strategiese Plan 2006-2008. Retrieved from http://www.ufs.ac.za/dl/userfiles/Documents/00000/82_afr.pdf (15 Julie 2013).
- Universiteit van die Vrystaat (UV). (2006). *Van sink tot sandsteen tot graniet: Die Universiteit van die Vrystaat se eerste 100 jaar*. Bloemfontein: Die Universiteit van die Vrystaat.
- Universiteit van die Vrystaat (UV) Nuusargief. (2007, June 8). New guidelines to increase diversity in student residences at the UFS. Retrieved from <http://www.ufs.ac.za/templates/archive.aspx?news=672&cat=1> (15 Julie 2013)
- Universiteit van die Vrystaat (UV) Nuusargief. (2008a). Diversity targets in most residences reached, says UFS Rector. Retrieved from www.ufs.ac.za/templates/news-archive-item?news=875 (23 Julie 2013)
- Universiteit van die Vrystaat (UV) Nuusargief. (2008b, February 21). Student protest against integration of the Main Campus residences. Retrieved from <http://www.ufs.ac.za/templates/archive.aspx?news=898&cat=1> (17 September 2013)
- Universiteit van die Vrystaat (UV) Nuusargief. (2008c, February 27). Video made by a student residence - Statement by the Rector and Vice-Chancellor of the University of the Free State (UFS), Prof. Frederick Fourie. Retrieved from <http://www.ufs.ac.za/templates/archive.aspx?news=902&cat=1> (18 Oktober 2012)
- Universiteit van die Vrystaat (UV) Nuusargief. (2008d, May 27). UFS announces the closure of Reitz Residence and the establishment of an institute for diversity. Retrieved from <http://www.ufs.ac.za/templates/archive.aspx?news=996&cat=1> (18 Oktober 2012)
- Universiteit van die Vrystaat (UV) Nuusargief. (2008e, June 6). UFS Council appoints agency to assist with its residence integration policy. Retrieved from <http://www.ufs.ac.za/templates/archive.aspx?news=1003&cat=1> (20 Oktober 2012)
- Verschoor, T. (2014). *Mapping of Reitz (Ongepubliseerd)*.

Vice, S. (2010). "How Do I Live in This Strange Place?" *Journal of Social Philosophy*, 41(3), 323–342.

<http://doi.org/10.1111/j.1467-9833.2010.01496.x>

BYLAE A: ETIESE KLARING



Faculty of Education

30-Jun-2015

Dear Miss Liezl Dick

Ethics Clearance: The integration of interracial identities within the context of an undergraduate female residence of a higher education institution: A Deleuze/Guattariaanse perspective

Principal Investigator: Miss Liezl Dick

Department: School of Higher Education Studies (Bloemfontein Campus)

With reference to your application for ethical clearance with the Faculty of Education. I am pleased to inform you on behalf of the Ethics Board of the faculty that you have been granted ethical clearance for your research.

Your ethical clearance number, to be used in all correspondence is:

UFS-HSD2015/0298

This ethical clearance number is valid for research conducted for one year from issuance. Should you require more time to complete this research, please apply for an extension.

We request that any changes that may take place during the course of your research project be submitted to the ethics office to ensure we are kept up to date with your progress and any ethical implications that may arise.

Thank you for submitting this proposal for ethical clearance and we wish you every success with your research.

Yours Sincerely

A handwritten signature in black ink, appearing to be 'M.M. Nkoane', written over a circular scribble.

Dr. M.M. Nkoane
Chairperson: Ethics
Committee Faculty of
Education

BYLAE B: TOESTEMMING DEUR STUDENTEDEKAAN



1

01 June 2015

Faculty of Education
University of the Free State

Dear Ms. Dick

SA Research Committee: Study approval and registration

With reference to your application for approval by registration with the Student Affairs (SA) Research Committee of your study, *Die integrasie van gerasde identiteite binne die konteks van 'n voorgraadse dameskoshuis aan 'n Hoëronderwysinstelling: 'n Deleuze/Guattariaanse perspektief*, submitted on 31 2015, I am pleased to report committee approval granted for your study to engage the student population for the purposes of the research.

Your study is registered with the SA Research Desk for its full duration, which desk is appointed to offer you support in further detailing access to and data collection among students. Please note that, Dr. WP Wahl in his capacity as Assistant Director: Residence Life is assigned as your primary contact person for your study and you are requested to make contact with him as soon as is practicable.

Kindly also note to schedule the submission of the required report of findings to the Research Desk upon completion of the study, as reflected in the research timeline you provided for the study.

Please do not hesitate to contact Mr. Vhugala Nthakheni, SA Secretary, with further queries or requests for support.

Yours sincerely,

C Faasen, (Acting) Dean of Student Affairs

CC: Dr. A le Roux
Dr. F van Tonder
Dr. WP Wahl
Dr. L Lange
Mr. V Nthakheni

OFFICE OF THE DEAN: STUDENT AFFAIRS
T: +27(0) 51 401 2852
F: +27(0) 51 444 6718
E: sewsankera@ufs.ac.za

STUDENT LIFE CENTER
Thakaneng Bridge
1st floor, Internal Box 4
Bloemfontein 9301
South Africa/Suid-Afrika

205 Nelson Mandela Drive/Ryalaan, Park West/Parkwes
Bloemfontein 9301, South Africa/Suid-Afrika
PO Box/Posbus 339
Bloemfontein 9300
South Africa/Suid-Afrika
www.ufs.ac.za



BYLAE C: TOESTEMMINGSVORM – STUDENTE

29 May 2015

Researcher: Liezl Dick

Madelief Residence

Cell: [0722521228](tel:0722521228)

Email: liezldick@gmail.com

INFORMED CONSENT:

Dear Participant

I would like to invite you to take part in the following research project:

The integration of racialized identities in the context of a undergraduate female residence at a Higher Education institution: a Deleuze/Guattarian perspective.

The focus of the study is the way in which racialized identities are being fixed or challenged, within the context of a female residence at a Higher Education institution. Your contribution would be of profound value, seeing that you are a resident of a female residence, who consciously or subconsciously deals with racialized identities when interacting with your fellow residents. The reason I am doing this study is because I think that fixed racialized identities are preventing South Africans from really connecting and experiencing difference. With the help of the thoughts of Deleuze and Guattari, I believe that questioning certain habits and “common sense” notions regarding race, will loosen the strong grip that our problematic history regarding race has on us.

A possible risk in taking part in this study, is that your identity might become known while participating in the focus group discussions. However, the participant will be asked to respect the privacy of the other participants.

I hope that you will benefit from this study by having the opportunity to share your experiences, listening to the experiences of other participants, and having the opportunity to reflect about your own racialized identity.

While I greatly appreciate your participation in this important study and the valuable contribution you can make, your participation is entirely voluntary and you are under no obligation to take part in this study. If you do choose to take part, and an issue arises which makes you uncomfortable, you may at any time stop your participation with no further repercussions.

If you experience any discomfort or unhappiness with the way the research is being conducted, please feel free to contact me directly to discuss it.

Should any difficult personal issues arise during the course of this research, I will endeavour to see that a qualified expert is contacted to assist you.

Yours sincerely,

Liezl Dick

Please fill in and return this page. Keep the letter above for future reference

Study: The integration of racialized identities in the context of a undergraduate female residence at a Higher Education institution: a Deleuze/Guattarian perspective.

Researcher: Liezl Dick

Name and Surname: _____

Age: _____

Contact number: _____

- I hereby give free and informed consent to participate in the above mentioned research study.
- I understand what the study is about, why I am participating and what the risks and benefits are.
- I give the researcher permission to make use of the data gathered from my participation, subject to the stipulations she has indicated in the above letter.

Signature _____

Date: _____

BYLAE D: TOESTEMMINGSVORM – PERSONEEL

29 May 2015

Researcher: Liezl Dick

Madelief Residence

Cell: [0722521228](tel:0722521228)

Email: liezldick@gmail.com

INFORMED CONSENT:

Dear Participant

I would like to invite you to take part in the following research project:

The integration of racialized identities in the context of a undergraduate female residence at a Higher Education institution: a Deleuze/Guattarian perspective.

The focus of the study is the way in which racialized identities are being fixed or challenged, within the context of a female residence at a Higher Education institution. Your contribution would be of profound value, seeing that you are a staff member at UFS, who consciously or subconsciously deals with racialized identities when interacting with staff and students. The reason I am doing this study is because I think that fixed racialized identities are preventing South Africans from really connecting and experiencing difference. With the help of the thoughts of Deleuze and Guattari, I believe that questioning certain habits and “common sense” notions regarding race, will loosen the strong grip that our problematic history regarding race has on us.

A possible risk in taking part in this study, is that your identity might become known while participating in the focus group discussions or interviews. However, the participant will be asked to respect the privacy of the other participants.

I hope that you will benefit from this study by having the opportunity to share your experiences, listening to the experiences of other participants, and having the opportunity to reflect about your own racialized identity.

While I greatly appreciate your participation in this important study and the valuable contribution you can make, your participation is entirely voluntary and you are under no obligation to take part in this study. If you do choose to take part, and an issue arises which makes you uncomfortable, you may at any time stop your participation with no further repercussions.

If you experience any discomfort or unhappiness with the way the research is being conducted, please feel free to contact me directly to discuss it.

Should any difficult personal issues arise during the course of this research, I will endeavour to see that a qualified expert is contacted to assist you.

Yours sincerely,

Liezl Dick

Please fill in and return this page. Keep the letter above for future reference

Study: The integration of racialized identities in the context of a undergraduate female residence at a Higher Education institution: a Deleuze/Guattarian perspective.

Researcher: Liezl Dick

Name and Surname: _____

Age: _____

Contact number: _____

- I hereby give free and informed consent to participate in the above mentioned research study.
- I understand what the study is about, why I am participating and what the risks and benefits are.
- I give the researcher permission to make use of the data gathered form my participation, subject to the stipulations she has indicated in the above letter.

Signature _____

Date: _____